AFRIKANERVROUE SE POLITIEKE BETROKKENHEID IN HISTORIESE PERSPEKTIEF MET SPESIALE VERWYSING NA DIE WOMEN'S NATIONAL COALITION VAN 1991 TOT 1994

deur

Loraine Maritz

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte
aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. Albert M Grundlingh

Stellenbosch

Desember 2004

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van ‘n graad voorgelê het nie.

_____ _____

Handtekening Datum

Abstrak

Toe die onderhandeling vir ‘n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika na 1990 begin is, het dit ‘n tydperk ingelei waar talle kwessies oor menseregte na vore gekom het. Ook vroue het die geleentheid aangegryp om vrouesake en gender-verhoudings op die nasionale agenda te plaas in ‘n poging om die onregverdighede van die verlede aan te spreek. Die *Women’s National Coalition* (*WNC*) is in 1992 amptelik gestig uit vrees dat vroue van die belangrike politieke prosesse wat die toekoms van Suid-Afrika sou bepaal, uitgesluit sou word. Die doelwitte van die *WNC* was om inligting oor vroue se behoeftes en aspirasies in te samel en dit in ‘n Vrouehandves saam te vat wat uiteindelik ‘n integrale deel van die nuwe grondwet van Suid-Afrika sou word.

Die *WNC* was ‘n inisiatief van die *African National Congress Women’s League (ANCWL).* Die swart vrou in Suid-Afrika se onderdrukking was drieledig: sy was onderdruk as vrou, deur patriargie en deur apartheid. Sy het polities aktief geraak toe haar familiestrukture bedreig is en het teen paswette, swak behuising, en uitsetttingsaksies van die regering, geprotesteer. Tydens die 1980’s het swart vroue wat aan die noodtoestand blootgestel is, se politieke betrokkenheid verander en sy het ‘n rewolusionêre vryheidsvegter geword. In die buiteland het die swart vrou wat in die bevrydingstryd betrokke was geleidelik erkenning in die *ANC* gekry. Hierdie vroue was ná 1990 gedetermineerd dat hul verwagtinge vir totale gelykberegtiging in die demokratiese Suid-Afrika sal realiseer.

In hierdie proefskrif val die soeklig veral op die Afrikanervrou en -vroueorganisasies wat by die *WNC* aangesluit het. As Afrikanernasionalis was haar politieke betrokkenheid in die verloop van die geskiedenis marginaal. Met geïsoleerde aktivistiese optrede soos die vroue-optogte van 1915 en 1940, asook die militantheid van die vakbondvroue, het Afrikanervroue hoofsaaklik die veilige ruimte van die liefdadigheidsterrein gebruik om hul politieke voorkeure uit te leef.

Afrikanervroue se betrokkenheid in die stemregbeweging was op aandrang van die mans en by insinuasie ook die optogte van 1915 en 1940. Met die magsoorname van die *Nasionale Party* het die Afrikanervrou polities onbetrokke geraak. Haar funksie was hoofsaaklik die van moeder en vrou en ondersteunend van die heersende ideologie. Met die aftakeling van apartheid is talle tradisionele Afrikanersimbole bevraagteken. Meer as 40% van die Afrikaner het by die meer regse partye aangesluit. Hierdie gebeure het die Afrikanervrou aan die begin van die 1990's sonder 'n spesifieke identiteit gelaat.

Met die onderhandelings vir die toekomstige demokratiese bestel 'n werklikheid, was die Afrikanervrou in 'n onbenydenswaardige identiteitskrisis gedompel. Sy wou apolities bly, maar is deur Afrikanerintelligentsia en politici aangesê om die politieke wêreld te betree. Aan die anderkant wou Afrikanerkultuurorganisasies die Afrikanerkultuur inklusief beveilig.

Die Afrikanervroue het moeilik by die *WNC* aangepas. Daar was talle praktiese probleme, maar dit was veral haar gebrek aan politieke vernuf, en die vyandigheid van swart vroue wat die vergaderings van die *WNC* domineer het, wat haar betrokkenheid in die wiele gery het. Die gedagte het ook by feitlik al die Afrikanervroue ontstaan dat die *WNC* 'n politieke rookskerm was vir die *ANC* om sy magsbasis te versterk. Die spanninge van die Veelparty-onderhandelinge het ook na die *WNC* oorgespoel en vertragings en opskorting van lidmaatskap tot gevolg gehad.

Daar was Afrikanervroue wat hul belewenis van die *WNC* as volkome positief ervaar het, wat dit as geleentheid gesien het om by vrouebemagtiging en politieke onderhandelinge betrokke te raak. Die meerderheid van vroue wat by hierdie ondersoek betrek is, was egter onseker en het die negatiewe aspekte van hul belewenis hulle die ondervinding laat bevraagteken. Daar was selfs vroue wat slegs die vyandigheid onthou het. Uiteindelik het Afrikanervrou nie heeltmal aangepas by die *WNC* nie en was ook nie werklik betrokke nie.

Abstract

When negotiations for a new democratic dispensation in South Africa started in 1990, a new era was entered into where numerous issues on human rights came to the fore. Women also used this opportunity to put women's issues and gender-relations on the national agenda in an attempt to redress the injustices of the past. The *Women's National Coalition* (*WNC*) was officially founded in 1992 when it became a reality that women could be excluded from the political processes that would determine the future of South Africa. The aim of this organisation was to gather information on women's needs and aspirations, and to draw up a Women's Charter that would become an integral part of the new South African constitution.

The *WNC* was an initiative of the *African National Congress Women's League* (*ANCWL*). The subordination of black women in South Africa was three-fold: they were subordinated as women, through patriarchy and by apartheid. Black women became politically active when their family structures were threatened and they protested against pass laws, poor housing and housing evictions by the government. During the 1980's black women were confronted with the state of emergency, their political involvement evolved and they became revolutionary struggle fighters. Black women who were involved in the freedom struggle abroad, gradually gained recognition from the *African National Congress* (*ANC*). These were the women who were determined after 1990 that their aspirations to be equally empowered were realised.

This dissertation concentrates on the Afrikaner woman and Afrikaner organisations that joined the *WNC*. As Afrikaner nationalist, her political involvement was marginal. There were isolated activist incidents like the women's marches of 1915 and 1940, and the militancy of women in the trade unions. Afrikaner women preferred the relative safety of welfare organisations to expose her political preferences. Men, who supposedly were also behind the marches of 1915 and 1940,

instigated her involvement in the franchise campaign. When the *National Party* took over power the Afrikaner woman became politically uninvolved. Her function was mainly as mother and wife and to support the reigning ideology. With the dismantling of apartheid, many traditional Afrikaner symbols became suspect. More than 40% of Afrikaners joined the right wing parties. These events left the Afrikaner woman in the beginning of the 1990's without a real identity.

With the negotiations for a future democratic dispensation a reality, the Afrikaner woman was thrown into an unenviable identity crisis. She wanted to stay apolitical, but was told by Afrikaner intelligentsia and politicians to become more politically involved. On the other hand the Afrikaner cultural organisations wanted to protect an inclusive Afrikaner identity.

Afrikaner women found it difficult to adapt to circumstances in the *WNC*. There were numerous practical problems, but it was really her lack of political expertise together with the animosity of the black women who dominated the meetings, that interfered with her involvement. There was also the belief amongst Afrikaner woman that the *WNC* was actually a political ploy of the *ANC* to strengthen their support base. The tensions of the Multi-Party Negotiations spilt over to the *WNC* and caused delays and the suspension of membership by some groups.

There were indeed Afrikaner women who saw the *WNC* as a positive experience. These women used it as an opportunity to become involved in women empowerment and the political negotiations. The majority of women who were involved in this research were uncertain; the negative aspects encountered clouded their viewpoint. There were even some women who can only remember the animosity that they experienced. Ultimately the majority of Afrikaner women did not really fit into the *WNC* and were not really involved.

Voorwoord

"Die *Women's National Coalition* was 'n alliansie van 98 Suid-Afrikaanse vroueorganisasies wat in April 1992 gestig is om vir vroueregte te beding en wat in Februarie 1994 'n Vrouehandves publiseer het." Toe hierdie inligting in 1996 aan my voorgestel is as 'n moontlike navorsingsonderwerp was ek verstom, want as sogenaamd "polities bewus" was ek onbewus van die bestaan van hierdie organisasie.

Tot 'n groot mate was hierdie politieke onbewustheid ook die geval van die Afrikanervroue wat by die veelrassige, maar hoofsaaklik swart koalisie in die vroeë 1990's aangesluit het. Hulle was onvoorbereid op wat op hulle sou wag. Ek self sou as voorbeeld kon dien van die Afrikanervrou wat my studieonderwerp geword het. My aanvanklik reaksie was aansporing genoeg om meer van hierdie vroue te wete te kom.

My navorsing het oor baie verrykende jare gestrek en het my in aanraking met wonderlike vroue gebring sonder wie my lewe veel armer sou wees. Hul wysheid, entoesiasme en vriendelikheid was eienskappe wat vir die navorser 'n groot bron van krag en inspirasie was. Ek wil al die vroue bedank wat in die bronnelys aangedui word met wie ek die laaste paar jaar kontak gemaak het. Sonder hul bydrae was die navorsing nie moontlik nie.

Sommige van hulle het ek beter leer ken en wil hulle graag uitsonder. Vir Amanda Botha omdat sy altyd bereid was om geduldig en vriendelik tyd aan my af te staan. "Onderhoude" in die teekamer van die Mount Nelson-hotel is hoogtepunte wat ek altyd sal onthou! Jenny Malan het 'n magdom dokumente, wat nie in die Mayibuye-sentrum is nie, aan my gestuur - daarsonder sou my navorsing veel armer gewees het. Dioné Prinsloo het die hele pad vanaf Pretoria na die Kaap, met drie lywige volumes van die *Women's National Coalition* se navorsingsverslag as

handbagasie, gereis. Dankie ook vir die tik van ellelange lyste met kontaknommers, wat definitief gehelp het om my telefoonrekening op te jaag. Estelle Jordaan was net ‘n kliek van die muis ver - sy het feitlik onmiddellik elke e-pos beantwoord! Truida Prekel het alles in haar vermoë gedoen om my met die regte persone in aanraking te bring.

Professor Grundlingh was die ideale studieleier. Hy het met goedgekose woorde, om sodoende nie die brose gemoed van die student te beskadig nie, vermaan, en het met wyse raad die weifelende student op koers gehou. Corinne Harmse van die Geskiedenisdepartment het my altyd bemoedig, veral daardie dae wat ek wou tou opgooi. Vir dr. Joep Joubert moet ek uitsonder wat nie net my proefskrif oorgelees het en aanbevelings gemaak het nie, maar my ook verseker het dat hy die taak só geniet het dat hy dit nie kon neersit nie. Ek het hom graag geglo!

Dankie aan al my vriende wat met belangstelling en ondersteuning my gefokus gehou het. Laastens die drie mans in my lewe, Ernst, Jaco en Phillip – baie dankie vir die liefde en aanmoediging en vir die heeldag en aldag se luister na vrouestories.

Loraine Maritz

Inhoudsopgawe

Abstrak

Abstract

Voorwoord

		Bladsy
Inleiding		i-xix
Hoofstuk 1	**Die politieke agtergrond van die Afrikanervrou**	
1.1	Die Hollands/Afrikanervrou se politieke belewenis tot ongeveer 1902	2
1.2	Tot 1940: Die Afrikanervrou as aktiewe nasionalis?	8
1.2.1	Die "Volksmoeder": Manlik gemanipuleerd of vroulik geïnisieerd?	8
1.2.2	Die Afrikanervrou in die stemregbeweging	15
1.2.3	Die vroue-optog van 1915: eerste vrouebeweging of politieke set?	18
1.2.4	Die *Nasionale Vroueparty*: nasionalistiese vrouebeweging of stemregbeweging?	20
1.2.5	Afrikanerfabriekswerkers skep 'n spesifieke Afrikanerwerkersklas identiteit	27
1.2.6	*Afrikaanse Christelike Vroueverenigin*g: feministiese Afrikaner-nasionaliste	36
1.2.7	Die vroue-optog van 1940: vrouebeweging of "volksmoeder-in-opdrag"?	40
1.3	Ná 1940: Die Afrikanervrou as onbetrokke nasionalis?	44
1.3.1	"Dis nog maar 'n manswêreld"; of word dit patriargie genoem?	46
1.3.2	Die beklemtoning van vroulikheid of die beklemtoning van die verskille tussen man en vrou	48
1.3.3	"Agter elke man …" Die Afrikanervrou agter die skerms	51
1.3.4	Die vrou se rol as bewaker van die volk	52
1.3.5	Ekonomiese welvaart hou die Afrikanervrou in die rol van moeder en huisvrou	56
1.3.6	Die rol van die kerk	60
1.3.7	Afrikanervroue is polities onverantwoordelik	62
1.4	In die vroeë 1990's was die Afrikanervrou verward en op soek na identiteit	64
1.4.1	Wie moes gevolg word?	65
1.4.2	Was daar nog 'n vyand?	67
1.5	Samevatting	68

Hoofstuk 2 Politieke bewustheid van die swart vrou lei tot die stigting van die WNC

2.1 Politieke skoling van die swart vrou 72
2.1.1 Die vrou se posisie in pre-kapitalistiese swart gemeenskappe 72
2.1.2 Die rol van die Christendom in die swart vrou se lewe 74
2.1.3 Swart vroue betree in 1913 die politieke arena 75
2.1.4 Swart vroue in die *Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party* 78
2.1.5 Vakbonde was die teelaarde vir swart vroueorganiseerders 81
2.1.6 Voedselkomitees politiseer swart huisvroue 84
2.1.7 Die stigting van die *African National Congress Women's League* (*ANCWL*) 85
2.1.8 Die *Federation of South African Women* (*FSAW*), 'n "vrouebeweging" 86
2.2 Politieke aksie van vroue na 1960 91
2.3 Rewolusionêre feministe 93
2.4 Die aanloop tot die WNC 97
2.5 Samevatting 105

Hoofstuk 3 Afrikanervroueorganisasies wat lid was van die *WNC*

3.1 Bepalings vir lidmaatskap van die *WNC* 108
3.2 Klassifikasie en ontleding van Afrikanervroueorganisasies 111
3.2.1 Afrikanerkultuurorganisasies 112
3.2.1.1 *ATKV-DAMES* 112
3.2.1.2 *Dames Aktueel* 114
3.2.1.3 *Jong Dames Dinamiek* 116
3.2.1.4 *Die Dameskring* 117
3.2.2 Welsynsorganisasies 119
3.2.2.1 *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF)* 119
3.2.3 Opvoeding- en opleidingsorganisasies 124
3.2.3.1 *Vroue Landbou-unie* (Suid-Afrikaanse en Transvaalse) 124
3.2.4 Kommunikasiegroepe 127
3.2.4.1 *Kontak* 127
3.2.4.2 *Vroue vir Suid-Afrika* (*VVSA*) 128
3.2.5 Werk en ekonomiese lewe 131
3.2.5.1 *Women's Outreach Foundation* 131
3.2.6 Geslagsgelykheid 133
3.2.6.1 *Vroueburo van Suid-Afrika* / *Women's Bureau of South Africa* 133

3.2.7 Politieke partye 135
3.2.7.1 Die *Nasionale Party Vroueaksie* 137
3.2.7.2 *Demokratiese Party Vroueforum* (*Women's Forum*) 139
3.3 Ontleding van die Afrikanervroueorganisasies wat wel deelgeneem het 142
3.3.1 Kultuurorganisasies: die krag van Afrikanervroueorganisasies 142
3.3.2 Die leemte in Afrikanervroueorganisasies 149
3.3.3 Netwerkorganisasies 152
3.3.4 Afrikanervrouekrag was in die hande van 'n paar vroue 153
3.4 Samevatting 154

Hoofstuk 4 Die rol en ervaring van die Afrikanervrou in die *WNC*

4.1 Die eerste vergadering, 27 September 1991 157
4.2 Voorbereidingsperiode, September 1991 tot April 1992 164
4.3 Stigting van die *Women's National Coalition*, 25 tot 26 April 1992 170
4.4 Aanpassingsprobleme wat Afrikanervroue ervaar het 173
4.4.1 Ongerieflike vergaderplekke en -tye 175
4.4.2 Swak georganiseerde vergaderings 177
4.4.3 Taalkwessies 178
4.4.4 Die houding van swart vroue teenoor die Afrikanervroue 179
4.4.5 Hantering van Christelike sienswyses 183
4.4.6 Vergaderingstyl en -prosedure 184
4.5 Faktore wat Afrikanervroue se graad van betrokkenheid beïnvloed het 189
4.5.1 Teenkanting van die *Nasionale Party*, die pers, die kerk en die huis 189
4.5.2 Die aard en omvang van leierskap onder Afrikanervroue 193
4.5.3 Beperkte visie en organisatoriese problematiek 194
4.5.4 Verskille tussen Afrikaner- en swart vroue 196
4.6 Die *WNC* as positiewe ervaring 199
4.6.1 Die waarde van die *WNC*-ervaring vir die Afrikanervrou en haar organisasie 200
4.6.1.1 Afrikanervroue se visie is verbreed 200
4.6.1.2 Politieke bewusmaking van die Afrikanervrou 205
4.6.1.3 Afrikanerorganisasies se betrokkenheid by die projekte van die WNC 207
4.6.2 Die waarde van die WNC as organisasie soos gesien deur die Afrikanervrou 209
4.7 Afrikanervroue se siening van hul eie en ander Afrikanervroue se betrokkenheid 213
4.8 Samevatting 217

Hoofstuk 5 Die politieke gebeure vanaf 1990 tot 1994 en die invloed daarvan op die Afrikanervrou en die WNC

5.1 Die *WNC* as ’n politieke “rookskerm”? 222
5.2 Die politieke gebeure as agtergrond vir die verloop van die *WNC* 227
5.3 Wetgewing teen die diskriminasie van vroue 241
5.4 Die *Nasionale Party* en die doelwitte van die *WNC* 250
5.5 Politieke spanning beïnvloed die rol van die Vrouehandves 252
5.6 Die finale fase van onderhandeling 259
5.7 Die verhouding tussen die *ANC* en die *Nasionale Party* bereik breekpunt 261
5.8 Samevatting 267

Gevolgtrekking 269

Addendums

A Lys van lidorganisasies
B Vraelys
C Verkorte weergawe van CEDAW
D Vrouehandves vir effektiewe gelykheid (*WNC*)
E Vroue-manifes (*VVSA*)
F Verklaring van verantwoordelikhede (*VVSA*)
G Speech by Frene Ginwala at the National Workshop, 25-26 April 1992
H *WNC*-grondwet

Bronnelys

Inleiding

Toe die onderhandeling vir ‘n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika na 1990 begin is, het dit ‘n tydperk ingelei waar talle kwessies oor menseregte na vore gekom het. Ook vroue in Suid-Afrika het die geleentheid aangegryp om vrouesake en gender-verhoudings op die nasionale agenda te plaas in ‘n poging om die onregverdighede van die verlede aan te spreek. Die *Women’s National Coalition* (*WNC*) is in 1992 amptelik gestig nadat die vrees ontstaan het dat vroue van die belangrike politieke prosesse wat die toekoms van Suid-Afrika sou bepaal, uitgesluit sou word. Die feit dat die belangrikste politieke partye nie vroue by hul spanne op die Veelparty-onderhandelings ingesluit het nie, het hierdie vrese bevestig. Die doelwitte van die organisasie was om inligting oor vroue se behoeftes en aspirasies in te samel en dit in ‘n Vrouehandves saam te vat. Hierdie dokument sou die gelykheid van vroue in die grondwet van Suid-Afrika verskans.[1]

(a) Keuse van onderwerp

My aanvanklike onderwerp was om te toets of die *WNC* sy doelwitte bereik het. Tydens die bestudering van die dokumente het die gebrek aan betrokkenheid van Afrikanervroue feitlik dadelik opgeval. Toe ek egter op lukrake wyse leiersfigure gekontak het, het die uiteenlopende reaksie van juis die Afrikanervroue my belangstelling geprikkel. Verskeie vrae het onstaan. In hoe ‘n mate was Afrikanervroue en -organisasies werklik betrokke? Waarom het Afrikanerorganisasies betrokke geraak? Was die motief vir die Afrikanervrou se deelname vrouebemagtiging of/en moontlik polities gemotiveerd? Hoe het die Afrikanervroue dit ervaar? Uiteindelik sou die onderwerp van my studie die Afrikanervrou se betrokkenheid by die *WNC*

[1] *The origins, history and process of the Women’s National Coalition, research report on the Women’s National Coalition*, vol.1 (Women’s National Coalition, Johannesburg, 1994), pp. 18-19.

word. Ten einde die Afrikanervrou in die 1990's in die politieke milieu van die *WNC* te verstaan, was dit nodig om haar in historiese perspektief geplaas.

Die Afrikanervrou se betrokkenheid by die WNC word net tot 1994 nagevors. Die aanvanklike mandaat van die *WNC* was die opstel van 'n Vrouehandves waarna die *WNC* sou ontbind. Dié taak is in Februarie 1994 afgehandel. Reeds tydens 'n Nasionale Raadsvergadering in Januarie 1994 is die moontlikheid van die voortbestaan van die *WNC* geopper.[2] Met die oorgrote aantal geaffilieerde organisasies ten gunste daarvan is op die Nasionale Raadsvergadering in Junie 1994 besluit dat die *WNC* sou voortbestaan om vir die "effektiewe gelykheid" van vroue te veg.[3] Die besluit is nie deur almal goedgekeur nie en gevolglik het sommige organisasies, byvoorbeeld die *ANCWL*[4] en die *Suid-Afrikaanse Landbou-unie*,[5] hul verbintenis met die *WNC* verbreek. Vir hierdie organisasies en baie ander was die werk van die *WNC* met die oorhandiging van die Vrouehandves aan president Mandela op 8 Augustus 1994 en die Parlement op 9 Augustus 1994, afgehandel. Dit is dan ook die einde van die *WNC*-periode wat deur hierdie proefskrif gedek word.

(b) Metodologiese ondersoek

(i) Onderwerp

Van die begin af was dit duidelik dat die onderwerp 'n drieledigheid bevat, eerstens die Afrikanervrou, tweedens die *WNC* en derdens die politieke agtergrond. Die *WNC* as organisasie was ook onlosmaaklik gekoppel aan die swart vrou se politieke strewes, dus het die swart vrou ook deel van die studie uitgemaak. Om hierdie aspekte in een tesis te omvat was problematies.

[2] MCH 100 3.1.8: Minutes, National Council meeting. 15-16 January 1994.

[3] MCH 100 3.1.12: New brief of the *WNC*, 17-19 June 1994.

[4] Vir 'n meer volledige bespreking oor die onttrekking van die *ANCWL*, sien p. 224.

[5] Sien p. 126.

Waar die *WNC* aanvanklik die hooffokus van die navorsing was, het die Afrikanervrou nou die sentrale plek ingeneem.

(ii) *Women's National Coalition*-dokumente

Die ongeordende *WNC*-dokumente is aan die Mayibuye-sentrum, Universiteit van Wes-Kaapland, geskenk vir bewaring. Hoewel daar meer as twee jaar lank gesloer is met die ordening, is die dokumente tog tydens die ordeningsproses tot my beskikking gestel. Omdat personeel na die nuutgestigte Robbeneiland-museum verskuif is, het die ordening van dokumente in studente se hande beland. Die dokumenteversameling is 'n mynveld vir die argivaris en die navorser, aangesien die benaminge vir die strukture van die Hoofkantoor en van al 14 streekskoalisies dieselfde was. Dit kan en het dit tot groot verwarring gelei. Die dokumente is uiteindelik, hoewel uiters onbevredigend, aan die einde van 1999 klaar georden.[6] My aanvanklike navorsing van die *WNC*-dokumente was nie werklik van toepassing op die finale onderwerp nie, maar sou blyk waardevol te wees aangesien dit nie net 'n geheelbeeld van die organisasie verskaf het nie, maar ook verhoed het dat ek mislei kon word deur foutief-geordende dokumente.

Alhoewel daar 'n beroep gedoen is op lede dat alle dokumente aan die Mayibuye-sentrum gestuur moes word, is dit nie gedoen nie en is verskeie dokumente, vermoedelik duplikate, by die *WNC*-hoofkantoor in Johannesburg gestoor. Toe ek egter insae wou kry in die dokumente was die *WNC*-hoofkantoor reeds permanent gesluit en die dokumente elders gebêre. Talle versoeke deur myself, Amanda Botha en Truida Prekel, om toegang tot die gestoorde dokumente te verkry, is deur die Nasionale Koördineerder geïgnoreer.

[6] Mayibuye-sentrum, Universiteit van Wes-Kaapland, Katalogus, no. 22; The papers of the Women's National Coalition (MCH100).

(iii) Probleme met die identifisering van Afrikanervroue en -organisasies

Die term Afrikaner verwys in hierdie proefskrif na wit Afrikaanssprekendes. Daar word onderskei tussen Afrikanervroue en -vroueorganisasies, aangesien tweetalige organisasies waar Afrikanervroue ‘n rol gespeel het, ook ingesluit gaan word.

Om Afrikaner vroueorganisasies te identifiseer is eerstens die dokumente van die *WNC* geraadpleeg. In die *WNC* se brosjure *Breaking the Silence*, verskyn op die agterblad ‘n lys van die 98 organisasies wat lid was van die *WNC*. Op hierdie lys verskyn die name van sewe vroueorganisasies in Afrikaans nl: *ATKV-Dames*, *Dames Aktueel*, *Jong Dames Dinamiek, Kontak, Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, Transvaalse Landbou-unie en Vroue Diens* [sic]. Die name van politieke partye, en selfs *Vroue vir Suid-Afrika* is in Engels vertaal.[7]

Tweedens het ek my laat lei deur respondente wat ‘n vraelys[8] ingevul het waarin spesifiek gevra is dat hulle Afrikanervroueorganisasies en -vroue wat ‘n rol in die *WNC* gespeel het, moet noem. Derdens het die persone met wie ek persoonlike en telefoniese onderhoude gevoer het, ook name van Afrikanervroue en -organisasies wat betrokke was, verskaf. Vierdens het K. Menell en M. Jobson in *Women’s rights in South Africa, a guide to national organisations with a gender focus*, duidelik in hul gids aangedui watter organisasies Afrikaans was.[9]

‘n Probleem met die identifisering van Afrikanerorganisasies is dat ‘n hele paar in die laat-1980’s en die vroeë-1990’s ‘n meer tweetalige beeld uitgestraal het, bv. *Kontak* en *Vroue vir Suid-Afrika*.

---

[7] *Breaking the silence, an introduction to the Women’s Charter for effective equality* (Women’s National Coalition, no date). Sien addendum A.

[8] Sien addendum B.

[9] K. Menell and M. Jobson, *Women’s rights in South Africa, a guide to national organisations with a gender focus* (Pretoria, HSRG Uitgewers, 1995).

Aangesien die aanvanklike inisiatief vir die stigting van die organisasies van Afrikaanssprekendes uitgegaan het, is hulle as Afrikanervroueorganisasies geklassifiseer.

Om individue te identifiseer was net so problematies. Daar was ‘n hele paar gevalle waar individue, wat na bewering ‘n belangrike rol gespeel het, gekontak is en deelname ontken het. Verduidelikings was onder andere dat die persoon óf net een vergadering bygewoon het, óf dat haar rol onbeduidend was, óf in die uiterste gevalle dat sy nooit betrokke was nie en ook nie Afrikaanssprekend was nie! Die teenoorgestelde scenario was ook aanwesig, naamlik dat sommige vroue aangedui het dat hulle by die *WNC* was, op komitees gedien het en rolspelers was, maar dit nooit bevestig kon word nie.

Soos reeds genoem is daar swaar gesteun op name wat verkry is van vroue wat by die *WNC* betrokke was. Die navorser het egter ook self vroue geïdentifiseer wat in die loop van die navorsing wat reeds in 1996 begin het, teëgekom is. Die risiko bestaan dat vroue wat wel ‘n bydrae gemaak het, nie in hierdie navorsing ingesluit is nie. Daar bestaan ‘n moontlikheid dat vroue wel in streekskoalisies waardevolle werk gelewer het, sonder dat hulle in die annale van die *WNC* opgeteken is. Hulle het dalk agter die skerms gewerk en is om redes wat later bespreek sal word, nie op komitees verkies nie. Daar is ook verskeie Afrikanervroue wat wel rolspelers was, maar nie met die navorser kon of wou saamwerk nie. Van sommige van hulle kon ek inligting by ander en in die dokumente kry, maar by ander moes ek voor dooiemansdeur omdraai. Baie vroue het beloftes gemaak dat hulle wel sou saamwerk, maar dit het nie gerealiseer nie. Frene Ginwala, sameroeper van die *WNC*, is na herhaalde pogings, nog tot ‘n week voor die inhandigingsdatum van hierdie proefskrif gekontak om haar opinie oor Afrikanervroue se betrokkenheid te kry – dit was egter onsuksesvol.[10]

[10] Frene Ginwala, e-pos, 13 September 2004.

(iv) Mondelinge bronne en korrespondensie

Feitlik al die inligting wat van Afrikanervroue verkry is, was deur middel van mondelinge en telefoniese onderhoude, korrespondensie en voltooide vraelyste. Hierdie inligting was uiters noodsaaklik vir die laaste drie hoofstukke van hierdie proefskrif, wat die kern van die Afrikanervrou se betrokkenheid by die *WNC* gevorm het. Hierdie bronne het waardevolle inligting verskaf wat anders nie opgeteken sou word nie en het die Afrikanervrou wat nie in die dokumentasie van die *WNC* opgeneem is nie, die geleentheid gegee om haar stem te laat hoor.

Die betroubaarheid van hierdie tipe bronne sal, is soos in die geval van mondelinge getuienis, altyd onder verdenking wees. Subjektiwiteit, onakkuraatheid, die verdraaiing van feite en die onbetroubaarheid van die individuele geheue wat ook ná die gebeure deur veranderde perspektief beïnvloed kan word, is van die aanklagte wat gemaak word.[11]

Die akkuraatheid van persoonlik-verskafte inligting veroorsaak probleme, maar tog ook interessante insigte, soos deur die volgende illustreer word. Aangesien die *WNC* maar minder as tien jaar gelede gefunksioneer het, behoort die meeste geheues redelik betroubaar te wees. Dit was egter eerstens duidelik dat sommige vroue selektiewe geheues het en dat hulle net wou onthou wat hulle gepas het. Tweedens is dit verstaanbaar dat hulle beter sal onthou uit die omgewing van waar hulle die *WNC* beleef het, óf dit nou as Bestuurskomitee-lid was, óf deel van ‘n streekskoalisie, óf betrokkenheid by ‘n fokusgroep. Derdens is dit ook net logies dat alle lede nie dieselfde waarnemingsvermoë as ander het nie. Wat die een raaksien, gaan by die ander verby. So het Joan Hunter van die *Nasionale Party* gemeen dat slegs *ATKV-Dames* “aanvanklik” by die *WNC* betrokke was en dat die ander Afrikanervroueorganisasies nie verteenwoordig was

[11] Marietjie Oelofse en Derek du Bruyn, “The importance of oral history in a transforming South Africa”, *Joernaal vir eietydse geskiedenis*, vol. 29, no. 1, Junie 2004, pp. 157-158.

nie. Hunter se waarnemingsvermoë of haar geheue, het haar in die steek gelaat, want Estelle Jordaan, van *ATKV-Dames*, was saam met haar by die oorhandiging van die Vrouehandves in Oktober 1994 aan adjunk-president De Klerk teenwoordig. Annamarie Nutt en Francis Bosman, beide Afrikanervroue, was ook teenwoordig. Die vraag ontstaan dan of so ‘n persoon se opinie dan werklik objektief is? In watter mate was die persoon betrokke? Het sy regtig geweet wat aangaan?

Soos aangedui is hierdie probleme tipies van die aard van mondelinge getuienis en kan slegs opgelos word deur bronne krities te toets deur inligting teen mekaar op te weeg en met mekaar te vergelyk. Dit was dikwels moeilik, want as die inligting nie in die amptelike dokumente was nie, kan dit net met ‘n ander persooonlike bron vergelyk word en die vraag wat ontstaan is: Wie moet geglo word?

‘n Verdere probleem is vroue wat wel inligting verskaf het, maar nie genoem wou word nie. Wat dit egter bevestig is dat al lê hierdie gebeure reeds tien jaar in die verlede, is hulle steeds ongeneë om hul opinie te lug. Daar is ook voorbeelde van “sensuur” wat deur die navorser self toegepas is. Dit het gebeur in gevalle waar die navorser verlei is deur inligting, wat dalk tog interessante insigte verskaf het, maar persoonlik kwetsend of rassisties van aard was. Dit is egter in beide gevalle tot die minimum beperk.

Daar moet inderdaad met Oelofse en Du Bruyn saamgestem word dat ten spyte van die genoemde beperkinge, wat dikwels ook ten opsigte van ander bronne geld, mondelinge bronne ‘n belangrike bydrae kan lewer. Juis in ‘n transformerende Suid-Afrika kan mondelinge bronne, omdat dit ‘n wyer perspektief op menslike ondervindings plaas, ‘n fasiliterende rol speel wat tot groter begrip

sal aanleiding gee.[12] Hierdie navorsing kon slegs met die hulp van mondelinge bronne die eiesoortigheid van die Afrikanervrou se belewenis by die *WNC* herskep. As voorheen bevoordeelde Suid-Afrikaner, was die Afrikanervrou in die vroeë 1990's in 'n onbenydenswaardige posisie. In die laat-1980's het Afrikanernasionalisme en die ideologie van apartheid in duie gestort, die veranderende landspolitiek, tesame met die spesifieke aard van die Afrikanervrou se politieke bewussyn, was van die faktore wat haar aanpassing by die *WNC* sou beïnvloed. Tydens hierdie navorsing het Afrikanervroue die geleentheid gekry om hulle kant van die verhaal te vertel, wat nie met meer lig op die *WNC* as organisasie werp nie, maar ook tot groter begrip vir die Afrikanervrou tydens 'n spesifieke tydvak van die geskiedenis, sal lei.

(c) Bronnebespreking

(i) Literatuur oor die *WNC*

Literatuur oor die *WNC* wat geraadpleeg is, kan in vier kategorieë ingedeel word, naamlik die dokumente van die *WNC*,[13] akademiese bronne, artikels in tydskrifte wat direk of indirek oor die *WNC* handel en amptelike verslae van die *WNC*.

Akademiese werke

Die belangrikste werk wat verskyn het, was die navorsing van S. Kristine Abrams, *Fighting for women's liberation during the liberation of South Africa: the Women's National Coalition*.[14] Abrams bespreek die *WNC* vanaf konseptualisering tot in 1994 en besluit of die aanvanklike doelwitte van die koalisie, naamlik om vroue te verenig, te mobiliseer en te bemagtig en terselfdertyd 'n Vrouehandves daar te stel, bereik is. Abrams kom tot die slotsom dat die *WNC*

[12] Oelofse en Du Bruyn, "The importance of oral history in a transforming South Africa", pp. 168.

[13] Die *WNC*-dokumente is reeds onder Metodologiese ondersoek, bespreek.

[14] S. Kristine Abrams, *Fighting for women's liberation during the liberation of South Africa: the Women's National Coalition* (unp. M.A. thesis, Wadham College, Oxford, 2000).

nie sy visie bereik het nie, maar dat twee afsonderlike roetes gevolg is, naamlik eerstens die Vrouehandvesveldtog en tweedens die pogings om die grondwetlike onderhandelings te beïnvloed. Sy beklemtoon die rol van politiek en meen dat vrouepolitici hul politieke netwerke gebruik het om partye en ander vroue te beïnvloed. Alhoewel sy raak aan die gedagte dat die probleem van diversiteit veroorsaak het dat ‘n gesamentlike standpunt nooit ingeneem kon word nie, word die punt nie volledig nagevors nie.

Darryl Gershater het in ‘n kort opdragwerk van die Sentrum vir Beleidstudies (Centre for Policy Studies), ‘n onafhanklike navorsingsinstituut, gekyk of die *WNC* daarin geslaag het om demokrasie te verbreed en te verdiep deur sy interne strukture en prosesse te gebruik om vroue se belange aan formele instansies voor te lê. Haar bevinding was dat die *WNC* aanvanklik ‘n betekenisvolle bydrae tot demokrasie in die vorm van die Vrouehandves, gelewer het. Die onvermoë van die *WNC* om ná die Vrouehandvesveldtog in ‘n vrouebeweging om te skakel het sy toegeskryf aan die verskille tussen vroue wat te groot was om hulle as hoofsaaklik vroue te verenig. Gershater het nie die wesenlike verskille tussen vroue ondersoek nie, maar eerder die probleem by leierskap, kontak met streke en gebrek aan donateurs gesoek.[15]

‘n Volgende studie is die van Jennifer Lemon, van die Instituut van Genderstudies aan *UNISA*, wat gekyk het na die *WNC* as “vrouebeweging”, meer spesifiek hoe dit opweeg teen die ontwikkelingstadia van maatskaplike bewegings, naamlik Skepping (Creation), Kollektiwiteit (Collectivity), Formalisering (Formalisation) en Uitbreiding van Struktuur (Expansion of Structure). Sy het tot die slotsom gekom dat die *WNC* in die laaste twee stadia probleme opgetel

[15] Darryl Gershater, *Sisterhood of a sort: the Women’s National Coalition and the role of gender identity in South African civil society*, Research report no. 82, social policy series (Centre for Policy Studies, Johannesburg, 2001).

het aangesien leiers in die post-Vrouehandves stadium oorwerk en elders betrokke was en omdat dit *WNC* nooit werklik gedesentraliseer het nie, kon die organisasie ook nie op daardie stadium sy invloedsfeer uitbrei nie.[16]

Amptelike verslag van die *WNC*

Die *WNC* het ‘n verslag opgestel wat in drie volumes vervat is. Die doel hiervan was hoofsaaklik om aan die borge bewys te lewer van die werk wat gedoen is. Dit bevat ‘n kort opsomming van die geskiedenis, asook ‘n uiteensetting van die struktuur van die *WNC*. Die klem val egter op die Vrouehandvesveldtog. Daar word volledig beskryf hoe die veldtog benader is, onder andere word die navorsingsproses en die metodologie wat gevolg is, bespreek. In volume twee is daar voorbeelde van al die verskillende vraelyste wat aan vroue uitgedeel en ingevul is. Die verslag is nie analities nie en is dus vir hierdie navorsing nie werklik insiggewend nie, slegs informatief.[17] Wat wel interessant is, is dat daar erken word dat die fokusgroepe tè min Afrikaanssprekende vroue betrek het.[18]

Tydskrifartikels

Vanaf 1992 is daar heelwat oor die *WNC* in tydskrifte gepubliseer. Hierdie was meestal tydskrifte wat die mondstukke van organisasies was, soos *Sash* van die *Black Sash*-beweging, asook artikels in joernale wat aktuele en politieke kwessies hanteer, soos *Transformation* en *Africa Insight*, onder andere. Verskeie artikels is net vóór of ná die stigting van die *WNC* deur persone geskryf wat op een of ander wyse by die *WNC* betrokke was. Sheila Meintjes, professor in Politieke

---

[16] Jennifer Lemon, “Is there a woman’s movement in South Africa?” *Siren news*, 2000, vol. 8, no 1.

[17] *The origins, history and process of the Women’s National Coalition, research report on the Women’s National Coalition*, summary report and research reports, volumes one and two (Women’s National Coalition, Johannesburg, 1994).

[18] *The origins, history and process of the Women’s National Coalition*, volume 1, p. 49.

Studie aan die Universiteit van die Witwatersrand, en later voorsitter van die navorsingskomitee van die *WNC*, het in "Dilemmas in Difference" die nuutgestigte organisasie bekendgestel.[19] In dieselfde tydperk het Gertrude Fester, Feroza Adams, en Pat Horn, die belangrikste streekskoalisies bespreek.[20] Pat Horn, vakbondverteenwoordiger, het die agenda van die *WNC* uiteengesit en twee jaar later twee artikels waarin sy onderskeidelik bespiegel het oor die toekoms van die *WNC*, en die inhoud van die Vrouehandves bespreek het, geskryf.[21] Bea Roberts, verteenwoordiger van *IDASA*, het 'n euforiese verslag oor die stigtingsnaweek gelewer.[22] Steyn Speed en Pregs Govender, laasgenoemde projekbestuurder van die Vrouehandvesveldtog, het albei artikels oor die waarde van die Vrouehandves geskryf. [23] Martha Funk Bridgman het na 'n onderhoud met Govender 'n artikel oor die sterk- en swakpunte van die *WNC* geskryf.[24] Ook in *Mayibuye* het Chief Twala die werk van die *WNC* geprys.[25] Carolyn Baker het in 'n artikel in *Agenda* oor die toekoms van die koalisie bespiegel.[26] Daar is 'n hele paar werke waar die *WNC* as uitgangspunt gebruik word om sekere genderkwessies soos byvoorbeeld "sisterhood" en vroue in

[19] Sheila Meintjes, "Dilemmas in difference", *Work in progress*, April 1992, 81.

[20] Gertrude Fester, etc., "The Women's Alliance", *Agenda*, 1992, 13.

[21] Pat Horn, "A gender agenda, the new *Women's Coalition*", *Indicator South Africa*, 1992, 9:3; "Whither the *WNC*?", *Agenda*, 1994, 23; "Sisters are doing it for themselves", *Indicator South Africa*, 1994, 11:2.

[22] Bea Roberts, "A 'minor' process where people – not power – count", *Democracy in action*, 1992, 6:3.

[23] Steyn Speed, "A charter for all women", *Mayibuye*, August 1993;
Pregs Govender, "Breaking the silence, *Women's National Coalition*", *Agenda*, 1993, 16.

[24] M. Funk-Bridgman, "Breaking the culture of silence", *Sash*, 1994, 36:3.

[25] Chief Twala, "*Women's Coalition* charters the way forward", *Mayibuye*, May/June 1994.

[26] Carolyn Baker, "Charting the future", *Agenda*, 1994, 21.

die parlement, te bespreek.[27]

(ii) Literatuur oor die Afrikanervrou

Nadat ek besluit het om die Afrikanervrou in die *WNC* te bestudeer, en meer spesifiek in ‘n politieke opset, was dit noodsaaklik om die Afrikanervrou se politieke bydrae in die verlede te beskou ten einde die nodige historiese perspektief te verleen. In die loop van hoofstuk 1 word die bestaande literatuur oor die Afrikanervrou se politieke bydrae, veral vanaf 1920 tot 1960, wel bespreek. Hier kan egter opgemerk word dat die Afrikanervrou nie ‘n prominente rol in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika gespeel het nie. Die paar verwysings is terloops en dit is veral tydens die herontwaking van Afrikanernasionalisme dat die vroue in die historiografie deur manlike historici in die rol van “volksmoeder” gegiet is: die vrou en moeder wat alles feil vir haar volk gehad het; fisies swak, maar ook dapper. Saam verweef met hierdie beeld was die Afrikaner se Christelike-nasionalisme ideologie, wat ook sterk patriargaal gefundeerd is.[28]

In die meer resente geskiedenis, het veral vroulike historici die vrou as uitgelewer aan die man of manlik-gemanipuleerd, geskets. Dit het dan beteken dat die vroue se politieke rol ook deur mans bepaal is. Dit is veral die navorsing van Elsabé Brink en Marijke du Toit wat hierdie sienswyse

[27] Van die belangrikste is: “Great Expectations, women’s rights and the 1994 election”, bylae by *Work in progress*, 1994, 96; Fidela Fouche, “Sisterhood?”, *Sash*, January 1994; asook “Overcoming the sisterhood myth, *Transformation* 23, 1994; Victor Southwell, “The case of the invisible woman, essentialism, intersectionality and marginalisation in feminist discourse, *Comparative and international law journal of Southern Africa*, 1994, 27:3; Y. Sadie and M. van Aardt, “Women’s issues in South Africa, 1990-1994”, *Africa insight*, 1995, 25:2.

[28] Sien hoofstuk 1, p. 7.

ondersteun.[29]

Nuwe vertolkings verwys na die Afrikanervrou as aktiewe agent vir Afrikanernasionalisme en het dus ‘n politieke agenda gehad. Dit is veral Louise Vincent wat met die bestudering van die *Vroue Nasionale Party* en die *Klerewerkersunie* hierdie standpunt ondersteun.[30] Die Afrikanervrou word dus as “volksmoeder” geteken wat aandadig was in die groei van Afrikanernasionalisme en dan uiteindelik ook goedkeurend teenoor apartheid was. Bewyse vir hierdie mening is min en grootliks geforseerd. Daar was wel tekens van onafhanklike denke by sommige vroue aanwesig, maar dit was nie tekenend van ‘n groep nie. Ook die mening dat die *Nasionale Vroueparty* aanvanklik pro-stemreg vir vroue was, word weerlê.

Na 1940 het Afrikanervroue van die politieke toneel verdwyn. Helen TerreBlanche maak die stelling dat diskoerse soos “volksmoeder” en “Afrikanernasionalisme” tyd en plek gebonde is en dat die volksmoeder as tema in die laat vyftiger jare verdwyn het en met die magsoorname van die *Nasionale Party*, het die nasionalistiese diskoers ook verdwyn het. Sy ondersteun hierdie stelling met die ontleding van Afrikaanse vrouetydskrifte tot 1958. As daar egter na die simposium van die *Nasionale Party* in 1974 gekyk word, is dit duidelik dat die diskoers van die

---

[29] Elsabé Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder", Cherryl Walker (ed.): *Women and gender in Southern Africa to 1945* (David Philip, Cape Town, 1990);
Marijke du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: a social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870 - 1939* (unp. D.Phil. dissertation, University of Cape Town, 1960).

[30] Louise Vincent, “Bread and honour: white working class women and Afrikaner nationalism in the 1930's”, *Journal of Southern African studies*, vol. 26, no. 1, March 2000;
Louise Vincent, “A cake of Soap: the ‘volksmoeder’ ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote”, *The international journal of African historical studies*, vol. 32, I (1999).

"volksmoeder" as ondersteuner van Afrikanernasionalisme, nog baie werklik was.[31] Dit is dan ook die referate wat op hierdie simposium gehou is wat ek as spilas gebruik het om 'n beeld te vorm van die Afrikanervrou in die periode wat 1990 voorafgegaan het. Politici soos ministers N. Diederichs en Connie Mulder spel onomwonde uit wat hul verwagting van die Afrikanervrou op die politieke terrein was. Afrikanervroue soos Alba Bouwer en Martina Botha verskaf weer die vroueperspektief.

Die verdeling in Afrikanermag en stuwende swart nasionalisme het baie politieke spanning in Suid-Afrika vanaf die 1980's veroorsaak. Aangesien daar geen akademiese studie is wat die Afrikanervrou se politieke bewustheid na 1958 dek nie, was dit moeilik om 'n feitelik gefundeerde beeld van die Afrikanervrou se politieke bewussyn in die vroeë 1990's te kry. Navorsing is nodig oor die Afrikanervrou se belewenis van apartheid, vanuit uit verskeie perspektiewe, byvoorbeeld as vrou en moeder en ook uit 'n Christelike perspektief. Hoe het die Afrikanervrou, as vrou en as moeder reageer op die eise wat die diensplig van hul mans en seuns, ook aan haar gestel het? Het die Afrikanervrou as moeder en as Christen werklike empatie gehad met die nood van swartes? Hierdie vrae behoort beantwoord te word ten einde 'n meer volledige prentjie van die Afrikanervrou te kry.

Historici het in die twintigste eeu grootliks die Afrikanervrou as "volksmoeder", hetsy geforseerd of uit eie keuse, uitgebeeld. Deborah Gaitskell maak die stelling dat historici die Afrikanervrou net as moeders van die volk uitgebeeld het, met ander woorde hulle is oordraers en herproduseerders van nasionalisme. Sy vra die vraag of die Afrikanervrou self nie nasionalisme

[31] Helen TerreBlanche, "*Ideologies affecting upper and middle class Afrikaner women in Johannesburg, 1948, 1949 and 1958*" (unp. M.A. thesis, UNISA, 1997), p. 127.

kan verteenwoordig nie. Sy pleit ook vir ‘n hersiening van die Afrikanervrou in die historiografie.[32] Selfs hervertolkings van die Afrikanervrou se rol in die diskoers het haar nog steeds ‘n agent van Afrikanernasionalisme gemaak.[33] Volgens my mening moet die Afrikanervrou nou as produk van nasionalisme in die apartheidsjare en ook as verwyderd van nasionalisme soos toenemend in die 1980’s gemanifesteer is, bestudeer word. Laasgenoemde vrou gaan nie op die politieke podium en in die raadsale gekry word nie, maar moet geteken word as miskien welaf, vertwyfeld, kerklos, of as moeders en vroue wat al meer of minder met “die Afrikaner” identifiseer.

(iii) Literatuur oor die swart vrou

Vir die periode tot 1960 is daar hoofsaaklik op die werke van Cherryl Walker[34] en Iris Berger[35] gesteun. Cherryl Walker se navorsing word skynbaar nog steeds as die mees gesaghebbendste op die gebied van vroueweerstandsbewegings beskou. Berger se werk wat vroue in vakbonde behandel, se tydperk oorvleuel gedeeltelik met Walker, maar strek oor ‘n langer tydperk, tot die 1980’s, en verskaf terselfdertyd ook ‘n heel ander perspektief. Daar is ook talle ander bronne bestudeer. Vir die periode ná 1960 word ‘n verskeidenheid werke geraadpleeg waarvan die

---

[32] Deborah Gaitskell et al, “Historiography in the 1970’s: a feminist perspective” (unp. paper, Conference: Southern African Studies, restrospect and prospect, University of Edinburgh, 1983), p. 5.

[33] Sien voetnoot no. 30 van hierdie hoofstuk asook:
Marijke du Toit, “ ‘Die bewustheid van armoed’; the *ACVV* and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928”, *Social Dynamics*, 18(2), 1992 en Marijke du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: a social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870 - 1939* (unp. D.Phil. dissertation, University of Cape Town, 1960).

[34] Cherryl Walker, *Women and resistance in South Africa*, second edition (Cape Town, David Philip, 1991).

[35] Iris Berger, *Threads of solidarity: women in South African industry, 1900-1980* (Bloomington, Indiana Press, 1992).

artikels van Tessa Marcus[36] en Shireen Hassim[37] die mees insiggewende was. J.M. Rantete se werk oor die *African National Congress* en die onderhandelingsproses is ook intensief benut.[38]

(d) Die waarde van hierdie navorsing

Hierdie navorsing poog om die Afrikanervrou se optrede in ‘n bepaalde tydsgreep, die kort periode vandat die *Nasionale Party*-regering besluit het om politieke mag oor te gee tot net na die eerste verkiesing, na te gaan. Daar word ook gepoog om die Afrikanervrou in ‘n bepaalde plek, binne die raamwerk van ‘n alliansie van vroueorganisasies, en ook teen die agtergrond van die grondwetlike onderhandelinge tussen al die belanghebbende politieke partye in die land, te vertolk. Omdat die kern van die tesis die Afrikanervrou in die *WNC* is, was ‘n groot gedeelte van die bronne dus resent, post-2000, en mondeling, telefonies en onderhoude. Daar is gepoog om met die seleksie van inligting uit hierdie bronne ‘n getroue weergawe te skep. My hipotese van die skynbare onbetrokkenheid van die Afrikanervrou word deur die analise en sintese van die bronne uitgebou. Uitsonderings op hierdie veronderstelling verskaf ‘n meer genuanseerde siening van die Afrikanervrou. Die politieke gebeure van die vroeë 1990’s het ‘n baie spesifieke uitwerking op die Afrikanervrou by die *WNC* gehad, maar om die tema volledig te begryp, moet dit in historiese perspektief van die vroeëre hoofstukke gesien word.

Hierdie navorsing maak ‘n bydrae tot die historiografie oor die *WNC*. So ver my kennis strek is dit die eerste studie van ‘n bepaalde groep binne die *WNC*. Waar die dokumente van die *WNC* die

---

[36] T. Marcus, “The women’s question and national liberation in South Africa”, M. van Diepen (ed.), *The national question in South Africa* (London, Zed,1988).

[37] Shireen Hassim, “ ‘A conspiracy of women’: the women’s movement in South Africa’s transition to democracy”, *Social research*, vol. 69, no. 3 (fall 2002).

[38] J.M. Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa* (Pretoria, Van Schaik,1998).

notules, verslae en korrespondensie bevat, verskaf hierdie proefskrif ‘n blik op ‘n groep vroue wat eintlik nie daarin vervat is nie - ‘n stil groep binne die *WNC*. Die studie van die Afrikanervrou toets terselfdertyd die deursigtigheid en integriteit van die *WNC* – was die organisasie inderdaad wat dit voorgegee het om te wees?

‘n Probleem is dat die geskiedenis van die Afrikanervrou in die laaste paar dekades van die twintigste eeu dalk nog met te min afstand geskryf is. Probleme eie aan die skryf van kontemporêre geskiedenis, naamlik die gebrek aan objektiwiteit en perspektief, kan dalk as gevolg van die navorser se gevoelens van empatie en simpatie ontstaan. Die voordeel is egter dat omdat die navorser binne die historiese gebeure gestaan het en dit gevolglik beter kan vertolk, die emosies beter kan verstaan en ook bewus kan wees van vooroordele. Toe ek aanvanklik teenoor prof André Odendaal, van die Mayibuye-sentrum, erken het dat ek nooit van die *WNC* gehoor het nie, was sy lakoniese opmerking: "Miskien nie in die kringe waarin jy beweeg nie." Watter kringe was dit? Blank, middelklas, dit sou uiteindelik die Afrikanervrou wees. Juis as gevolg van my eie gebrek aan kennis, moes hierdie navorsing gedoen word. Ek sou vir myself die dubbele taak van die historikus oplê, naamlik om trou te wees aan my bronne, in hierdie geval spesifiek die Afrikanervrou, en tweedens die taak om die lesers omtrent hierdie navorsing in te lig.[39]

Hierdie studie gaan nie bestaande feministiese teorieë toets nie. Aangesien die *WNC* as organisasie hoofsaaklik gemik was op vrouebemagtiging en derhalwe sterk feministies gefundeerd was, is dit nodig om kennis te neem van die belangrikste feministiese denkwyses. Feminisme as ideologie verwys na idees wat deur vroue verskaf word met die doel om die posisie en ondervinding van vroue binne kontemporêre gemeenskappe te verander, aldus Andrienetta

[39] Arthur Marvick, *The Nature of History* (London, Macmillan, 1985), p. 151.

Kritzinger.[40] Liberale feminisme glo dat vroue as ‘n groep deur manlik gedomineerde sosiale en politieke stelsels domineer word en van liberale waardes soos gelykheid, vryheid en geregtigheid ontneem word. Liberale feministe glo dat die oplossing anti-diskriminerende wetgewing sal wees. Die aanvanklike doelwit van die *WNC*, naamlik dat die Vrouhandves by die grondwet van Suid-Afrika aangeheg moes word om sodoende vroueregte grondwetlik te beskerm, was liberaal feministies. Radikale feminisme daarenteen redeneer dat vroue se geslag, naamlik seksualiteit en voortplantingsfunksie deur mans gebruik word om hulle te onderdruk. Vroue eis dus dat hul beheer oor hul eie liggame moet verkry, soos byvoorbeeld om self oor aborsie te kan besluit.[41] ‘n Volgende feministiese denkskool is die van swart feministe wat, volgens Amanda Gouws, glo dat onderdrukking spruit uit die gebrek aan erkenning van die eiesoortigheid van swart vroue. Swart feministe blameer hoofsaaklik die wit middelklas feministe wat swart vroue marginaliseer.[42] Die Afrikanervrou, wat self nie sterk feministies is nie, is midde die *WNC* as feministiese beweging, wat sekerlik meer as een van bogenoemde denkwyses akkommodeer het, geplaas. Aan die einde van hierdie navorsing sal sekere aspekte van feminisme soos deur die Afrikanervrou in die *WNC* beleef is, weer evalueer word.[43]

Die navorsing oor die Afrikanervrou was interessant en selfs opwindend. Die inligting wat van die uiteenlopende groep vroue verkry is, het heelwat nuwe fasette van die Afrikanervrou na vore gebring. Die vrou wat nie meer net “volksmoeder” is nie, maar op pad na moontlik ‘n nuwe identiteit. Die navorsing is relevant, want dit verskaf ‘n blik op die redelike onlangse verlede, die

---

[40] Andrienetta Kritzinger, “The status of feminism and feminist theory” (ongep. referaat, Universiteit van Stellenbosch, 2004), p. 1.

[41] Ibid., pp. 2-3.

[42] Amanda Gouws se klassifikasie van feminisme, in Marijke du Toit en Antjie Krog, “ Op pad na ‘n inheemse feminisme”, *Die Suid-Afrikaan*, nr. 50, Oktober 1994, pp. 22-23.

[43] Sien p. 276.

Afrikanervrou van die laat-twintigste eeu, wat in die meeste gevalle nog steeds die Afrikanervrou van vandag is. ‘n Nuwe diskoers behoort oor die Afrikanervrou geskep te word, genaamd die “identiteitslose”-Afrikanervrou wat van toepassing gemaak word op die laaste twee dekades van die 20 ste eeu. Dit is die Afrikanervrou wat voor ‘n identiteitskrisis te staan gekom het en onbemagtig en met ‘n gebrekkige ideologie na die *WNC* gegaan het.

Hoofstuk 1 Die politieke agtergrond van die Afrikanervrou

Aan die begin van 2003 het Hermann Giliomee se *The Afrikaners*, die lig gesien - 'n reuse stuk navorsing wat die Afrikaner van oorsprong tot in die 1990's nagevors het.[1] Hierdie navorser het ook, uit die aard van hierdie onderwerp, dadelik die indeks bestudeer op soek na verwysings na die Afrikanervrou en daarmee ook in die slaggat getrap. Die slaggat is dat vroue 'n verwysing in die indeks is, soos Christina Landman dit verwoord: " 'Women' is 'n kategorie agter in die indeks, 'Men' is nie so 'n kategorie nie, hulle is die standaard. 'Women' 'n soekpunt in die indeks, 'n soekpunt met min inskrywings."[2] Vroue is 'n subteks in die geskiedenis van die Afrikaner wat oor 350 jaar strek. Giliomee kan krediet gegee word dat hy dit in die inleiding erken dat die rol van die Afrikanervroue in die geskiedskrywing verwaarloos is.[3] Hy het 'n paar maande na die verskyning van sy boek dit meer volledig probeer verduidelik in 'n praatjie genaamd, "The rise and fall of Afrikaner women." Hy maak dan ook die stelling dat vroue in al die belangrike politieke ontwikkelings van die Afrikaner se geskiedenis 'n rol gespeel het.[4]

Vir hierdie navorsing is dit nodig om bogenoemde rol na te speur ten einde die Arikanervrou wat in die polities-gelaaide atmosfeer van die vroeë 1990's by die *Women's National Coalition* (*WNC*) betrokke geraak het, se optrede te verstaan. Daar gaan nie gepoog word om 'n nuwe diskoers oor die Afrikanervrou te verskaf nie, daar gaan wel probeer word om antwoorde te kry op vrae wat uit die aard van hierdie navorsing ontstaan het. Die belangrikste vraag is of die Afrikanervrou wel 'n politieke rol gespeel het? Ander vrae wat hiermee verband hou is wat was

---

[1] Hermann Giliomee, *The Afrikaners, biography of a people* (Cape Town, Tafelberg, 2003).

[2] Christina Landman, "Tussen 'n breinaald en 'n koeksister", *Insig*, Desember 2003, http://www.boekwurm.co.za.

[3] Giliomee, *The Afrikaners*, p. xvi.

[4] Hermann Giliomee, "The rise and fall of Afrikaner women", 2 Augustus 2003, http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp.

die aard van betrokkenheid en wat was die faktore wat haar politieke betrokkenheid of onbetrokkenheid veroorsaak het?

Die hoofstuk word breedweg in vier periodes verdeel, naamlik 1706 tot 1902; 1902 tot 1940; 1940 tot 1990; 1990 en daarna. Die begindatum, 1706, is die jaar waartydens Hollands/Afrikaanse vroue die eerste aanduiding van politieke betrokkenheid getoon het. Die periode tot 1902 kan gesien word as die vorming van ‘n aparte Afrikaneridentiteit soos gemanifesteer in die stigting van die twee noordelike republieke en die uiteindelike ondergang daarvan. Alhoewel marginaal, het Afrikanervroue tog in hierdie periode ‘n rol gespeel. Die periode tot ongeveer 1940 word gekenmerk deur die mobilisasie van Afrikanernasionalisme met die stigting van die *Nasionale Party* in 1914 met sy Christelik-nasionale beginsels, die Rebellie van 1914 tot 1915 en die erkenning van Afrikaans as een van die amptelike landstale in 1925 as kernmomente. In hierdie tydperk het Afrikanervroue spesifieke rolle gespeel wat sou bydra tot die versterking van Afrikanernasionalisme. In die periode ná 1940 het Afrikanermag verstewig en is met die magsoorname van die *Nasionale Party* in 1948, gekonsolideer. In dieselfde periode het die Afrikanervrou se politieke rol verminder. Ten slotte word gekyk hoe die snelveranderende landsituasie in die 1990’s die Afrikaner en dan spesifiek die Afrikanervrou, beïnvloed het.

1.1 Die Hollands/Afrikanervrou se politieke belewenis tot ongeveer 1902

“ ‘Die vrou se plek is haar huis.’ Dit was die leuse van die Afrikanervrou voor 1900.”, aldus A.P. van Rensburg.[5] In ‘n sekere sin is hierdie woorde waar, maar daar is vele insidente waar vrouens tóg die politieke arena betree het en vir regte geagiteer het. Reeds in 1706 het Hollandse vroue nie geskroom om saam met hulle mans afkeur aan die korrupte regering van goewerneur W.A. van der Stel, aan landdros Starrenberg op ‘n baie verbale wyse te laat geskied nie. Starrenburg het aan

[5] A.P. van Rensburg, *Moeders van ons volk* (Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1966), p. 98.

die Goewerneur rapporteer: "… de wijven zijn alsoo gevaarlijk als de mans, en zijn niet stil."[6] Die Kaapse Patriotte het in die periode 1784 tot 1785 in hul stryd om meer burgerregte en vryhede en afkeur aan die Kompanjie se bewind, dokumente opgestel wat onderteken is deur "voornaamste burgeren van de kaap de goede Hoop …'s Volks Representanten." Onder hierdie handtekeninge was dié van 'n aantal vroue.[7]

Wat belangrik is in konteks van die proefskrif is die bewering dat teen die einde van die agtiende eeu die Hollands/Afrikaanse gemeenskap aan die Kaap een van die mees godsdienstige gemeenskappe in die wêreld geword het. Volgens Giliomee was teen 1790 negentig persent van die volwasse vroulike burgers van die groot Stellenbosche gemeente aangenome lidmate van die kerk. Die mans het spoedig in die vroue se voetspore gevolg. Die verklaring hiervoor is dat kerklidmaatskap, wat slegs tot wittes beperk was, die wit gemeenskap van die slawe en ander bediendes wat die nie-wit gemeenskap uitgemaak het, onderskei het. Omdat bloedvermenging redelik algemeen aan die Kaap was, is die kinders wat daaruit gebore is, in die slaweregister opgeteken en kon hulle nie aanspraak maak op die boedel van die familie nie en is die rasse apart gehou. Op hierdie manier sou die Europese vrou haar posisie in die gemeenskap versterk.[8] Daar kan argumenteer word dat die Afrikaner se godsdienssin ekonomies gedrewe was.

Godsdiens was ook een van die dryfvere van die Hollands/Afrikaanse vroue om die Kaapkolonie te verlaat. Waar die algemene vertolking vir die oorsake van die Groot Trek as die gebrek aan arbeid as gevolg van Ordonansie 50 en die bevryding van slawe, die gebrek aan grond en sekuriteit, gesien word, was rassegelykstelling ook 'n oorsaak. Anna Steenkamp, niggie van Piet

---

[6] A.J.H. van der Walt e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2de uitg. verwerk deur D.W. Kruger (Kaapstad, Nasou, geen datum), p. 82.

[7] Van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 111.

[8] Giliomee, "The rise and fall of Afrikaner women", pp. 7-8.

Retief, het die gelykstelling van slawe met wittes as teenstrydig met die wette van God en die natuurlike onderskeid tussen ras en godsdiens gesien. Die pioniers, en dan ook die pioniersvroue, het teen die sosiale gelykstelling van mense wat aan verskillende statusgroepe behoort het protesteer, soos in die geval van meester en bediende, die wat as Christene gebore is en bekeerdes, diegene wat geboer het en die land beskerm het en nie-burgers. Die pioniers se geloof was op Calvinisme gebaseer, naamlik dat as ‘n groep mense daarvan oortuig is dat hulle Christelike oortuigings en gewoontes onderdruk word, mag onderdane die juk van die regering afwerp, aldus D.J. Kotzé. Rasse-eksklusiwiteit, gebaseer op Christelike oortuigings, was die dryfveer agter die begeerte om weg te beweeg van die Britse regering en hulle self te regeer. Sommige getuienisse was selfs van mening dat vroue meer vasbeslote as mans was om te trek. [9]

‘n Deputasie van Voortrekkervroue in Natal het in Augustus 1843, kort na die anneksasie van die Republiek van Natalia, onder leiding van Susanna Smit, vrou van eerwaarde Erasmus Smit, die kommissaris Henry Cloete besoek. Weer eens onder Britse heerskappy het die vroue nie net die welbekende dreigement gemaak dat hulle eerder kaalvoet oor die Drakensberge sou loop as om hulle aan Britse gesag te onderwerp nie, máár hulle het ook aangedui dat hulle politieke mag wou hê. Dit wil voorkom asof die Voortrekkers aan hul vroue medeseggenskap in staatsake beloof het, maar dat die Volksraad, wat slegs uit mans bestaan het, dit geweier het. Hierdie vroue het gevoel dat hulle net soveel die reg het om deel te wees van die politieke toekoms van hulle gebied as die mans. Cloete was verstom oor die vroue se eise en het aan hulle gesê dat "… such a liberty ... had never been recognised in any civil society.” Hy het later aan die Goewerneur rapporteer, “ ... and that however much I sympathised in their feelings ... I considered it a disgrace on their husbands to allow such a state of freedom." Hy was ook bekommerd dat “… from this state of phrenzy

[9] Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 14;
D.J. Kotzé, *Nasionalisme: Geskiedenis en pan-nasionalistiese bewegings*, Nasionalisme as historiese faktor, deel 2 (Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers, 1970), p. 22.

(sic)" hulle ook ander sou beïnvloed.[10] Alhoewel Susanna Smit in die Afrikanergeskiedenis voorgehou word as 'n voorbeeld van die onafhanklike gees van die Afrikanervrou, het sy in werklikheid met hierdie besoek aan Cloete haar en die ander vroue se teleurstelling dat hulle nie politieke seggenskap gekry het nie, oorgedra. Sy het dan ook tot met haar dood in Pietermaritzburg gebly.[11] Die vroue se politieke aspirasies het hulle hier teen die patriargie vasgeloop - Cloete se siening dat die openbare rol van die vrou deur haar man goedgekeur moet word, was nie net tipies vir die tyd nie, maar het 'n 150 jaar later in baie gevalle nog gegeld. Die vraag kan gevra word of hierdie groep selfgeldende vroue die eerste agitasie vir vrouestemreg in Suid-Afrika was; 'n stemregbeweging-in-die-kleine?

Twaalf jaar later, in 1855, het vroue in die Zuid-Afrikaansche Republiek politieke regte gekry. 'n Volksraadsbesluit het soos volg gelui: "Wanneer een manspersoon als Burger van dezen Republiek erkend is, zal zijne vrou daardoor ook als Burgeres van dezen Republiek erkend worden en blijven." Alhoewel sommige skrywers hierdie besluit van die Transvaalse Volksraad as die verlening van stemreg vertolk, sê Stockenström in 1944, dat dit slegs burgerskap beloof het en definitief nie stemreg ingesluit het nie. Stockenström vertolk die "erkenning" as die gevolg van die "grootse werk" van vroue wat "hierdie land saam met die manne vir die nasate bewoonbaar gemaak het en van rassevermenging met die inboorlinge gevrywaar het." Met die lees van sy navorsing is dit duidelik dat Stockenström onoortuigd was oor die wysheid van die

[10] Cherryl Walker, *Women and resistance in South Africa*, 2nd edition (Cape Town, David Philip, 1991), p. 10;
Van Rensburg, *Moeders van ons volk*, pp. 111-112.

[11] Christina Landman, *The piety of Afrikaans women, diaries of guilt* (Pretoria, University of South Africa, 1994), pp. 60-64.

verlening van die vrouestemreg - dit kon dalk sy vertolking beïnvloed het. Die wet, wat in 1901 verval het, was net van toepassing op getroude vroue wie se mans burgers was.[12]

As Olive Schreiner geglo moet word, was die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) vrou-gedrewe. Nie net het Afrikanervroue in die Transvaal hul mans en seuns aangemoedig om te gaan veg en aan te hou veg nie, maar ook in die Kaapkolonie het Afrikanervroue hul mans aangespoor om die Transvaalse Republiek te gaan help.[13] Vrouens het ook tydens die Anglo-Boereoorlog hul mans probeer oorreed om nie oor te gee nie. Helen Bradford verskaf vele bewyse van Afrikanervroue wat die ruggraat van republikeinse opposisie gevorm het. Hierdie begeerte van Afrikanervroue wat, ten spyte van groot leed en swaarkry, wou hê dat hul mans nie moet tou opgooi nie, het beide die mans en die Britte verbaas. Die rede vir hierdie ongebreidelde en amper onverklaarbare patriotisme van die Afrikanervroue is opsigself ‘n studie werd. Was dit patriotisme, Afrikanernasionalisme of Britse haat? Bradford argumenteer dat die dryfveer was “ ‘Khaki’ men from above and ‘Kaffir’ men from below.” Vroue het redeneer dat hulle nog ‘n man kan kry, maar nie nog ‘n “racist republic” nie.[14]

D.J. Kotze beweer dat die twee vryheidsoorloë “Boerenasionalisme” aansienlik versterk het en baie daartoe bygedra het om algemene Afrikanernasionalisme te ontwikkel, want Kaapse

---

[12] Kintie Malan (samesteller), *Die vrou en die politiek*, ‘n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1975), p. 4. Malan stel dit pertinent dat stemreg aan vroue verleen is;
E. Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930* (ongep. D.Phil.-verhandeling, US, 1944), p. 46. Sien ook p. 17 van hierdie proefskrif.

[13] Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, pp. 15-16.

[14] Helen Bradford, “Gentlemen and boers. Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African war”, Greg Cuthbertson, etc. (eds), *Writing a wider war, rethinking, gender, race and identity in the South African war, 1899-1902* (Claremont, David Philip, 2002), pp. 47-51, 58.

Afrikaners het nou met hul noordelike volksgenote gesimpatiseer.[15] M.E. Rothmann het self ‘n opwelling van Afrikanernasionalisme ervaar. As 21-jarige student aan die Universiteit van Kaapstad, met ‘n algehele Engelse skoolopvoeding, met slegs Engelse as medestudente en huismaats, was sy ten spyte van haar Afrikaanse ouerhuis, Engelssprekend en Engelsdenkend. “Van kleins af het duisend (sic) drukkinge dit op my gestempel dat wat Engels is, goed is; wat Afrikaans is, minder goed; ek het geleer glo aan British fairplay, British justice, British honour…” Sy beskryf dat sy en ‘n klasmaat kort na die mislukte Jameson-inval in 1896 die volgende “mistieke” ervaring gehad: “Ons het albei, vaag en ver, in daardie Engelse omgewing die voorouers se gees in ons gevoel roer.” Haar verklaring jare later was dat die invloed van haar huistaal, wat Afrikaans was, en die Swellendamse Afrikaner-gesinsleefwyse nooit uitgewis is nie, “… en dit het deur die Jameson-inval gewys waar ek as kind van my volk my plig moes sien en aanvaar.”[16]

Aan die einde van die 1870’s is heelwat jong meisies in die Kaapprovinsie aan seminaries, soos die Hugenote-seminarie, as onderwyseresse opgelei. Dit was in die seminaries en godsdienstige verenigings waar vroue hul vaardighede geslyp het. Baie het op protesvergaderings teen die oorlog in die noorde as sprekers opgetree. Hulle was bekend met plaaslike politieke kwessies, die geskiedenis van die Boererepublieke en het op ‘n bekwame manier Afrikanernasionalisme verdedig.[17]

Gevolglik was daar teen die einde van die 1800’s duidelike bewyse dat baie Afrikanervroue van die tradisionele geslagsrolle wegbeweeg het en ‘n openbare politieke ruimte vir hulself opgeeïs

[15] Kotzé, *Nasionalisme*, p. 59.

[16] M.E. Rothman, *My beskeie deel, ‘n outobiografiese vertelling* (Kaapstad, Tafelberg, 1972), pp. 91-95.

het. Volgens Marijke du Toit het hierdie skoling van jong meisies nog steeds binne ‘n raamwerk plaasgevind waar dit as ‘n verlenging van hul moederlike en godsdienstige pligte en rolle gesien is. Die Vroue-Sendingbond, met evangelisasie as hoofdoel, is in 1889 deur Hollands/Afrikaanse vroue gestig en het binne die raamwerk van die N.G. Kerk funksioneer. Kerkmanne het nie nagelaat om gereeld te vermaan dat die manlike outoriteit en vroulike onderdanigheid ‘n goddelike opdrag was nie.[18] In die 20ste eeu sou manlike en goddellike outoritieit die Afrikanervrou verder manipuleer.

In hierdie periode is daar enkele voorbeelde aangedui waar die Hollands/Afrikaanse vrou haar op die politieke toneel begeef het. Afgesien van die, grootliks onsuksesvolle, pogings tydens die Anglo-Boereoorlog om mans te motiveer, was die vrou se politieke rol minimaal, eerder anekdoties as instrumenteel. Die vrou se politieke rol was ondersteunend - van uit die huis.

1.2 Tot 1940: Die Afrikanervrou as aktiewe nasionalis?

1.2.1 Die “Volksmoeder”: Manlik gemanipuleerd of vroulik geïnisieerd?

Die “volksmoeder” as moeder-in-diens-van-die-Afrikanervolk óf die vrou as moeder-van-die-Afrikanervolk, hoe daar ook al na verwys word, word gebruik om die Afrikanervrou se rol in die samelewing in die 20ste eeu te verklaar. Hier word gedink aan haar aandeel in die versterking van Afrikanernasionalisme en met die oog op hierdie navorsing, haar politieke rol. Was hierdie rol in opdrag van Afrikanermans of was dit die keuse van die Afrikanervrou self?

---

[17] Marijke du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: a social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870 - 1939* (unp. D.Phil. dissertation, University of Cape Town, 1960), pp. 350-351.

[18] Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, p. 350;
Cherryl Walker: *The woman's suffrage movement in South Africa*, Communications no. 2, Centre for African Studies, University of Cape Town, 1979, p. 22.

Die aanklag dat dit ‘n manlik gemanipuleerde rol is, word ondersteun deur Elsabé Brink wat beweer dat mans die skeppers van die “volksmoeder”-ideologie was en dat dit saamgeval het met die herlewing van Afrikanernasionalisme.[19] Vir die Afrikaner was nasionalisme in sy godsdiens gefundeer, wat beide die man en die vrou se rol bepaal het. Die vergelyking tussen die Afrikaner en die Bybelse volk, Israel, is bekend.[20] Dit was dan juis die lotgevalle van die volk van Israel wat vir die Afrikaner belangrik was. Afgesien van die feit dat die Bybel androsentries is, naamlik manlik gesentreerd, was Israel ‘n patriargale gemeenskap: die God van Israel was die God van Abraham, Isak en Jakob - gevolglik was patriargale onderwerping van die vrou deur die man, die wil van God.[21] Christina Landman meen dat die patriargale, nasionalistiese teologie deur Afrikanermans verskaf is wat in Nederland gaan studeer het en onder die invloed van die ultra-konserwatiewe patriargale teologie van Abraham Kuyper gekom het.[22]

Wat behels ‘n patriargale struktuur? Die eenvoudigste verklaring vir patriargie is ‘n lewe onder die reëls van die vader, of ‘n sosiale struktuur waar die manlike ouer die hoof van die familie is. Dit word verder uitgebou as die organiseer van die wêreld waarvolgens die man besit neem van alles en die vrou een van die besittings is. Meer ekstreem is patriargie ‘n instelling wat manlike oorheersing oor vroue in die huis en in die gemeenskap bepaal. Dit kan ook beskou word as ‘n gesigspunt wat manlike belangstellings en gesag voorkeur gee en rolle hiërargies organiseer sodat dit die tipies manlike rol begunstig.[23]

---

[19] Elsabé Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder", Cherryl Walker (ed.): *Women and Gender in Southern Africa to 1945* (David Philip, Cape Town, 1990).

[20] Vir ‘n meer uitgebreide vergelyking sien: Dunbar T. Moodie: *The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion* (Berkeley, University of California Press, 1975).

[21] Carol Elizabeth Lombard, *Feminist Anthropology: a new model for a changing society*? (unp. M.A. dissertation, US, 1992), p. 43.

[22] Landman, *The piety of Afrikaans women*, p. 15. Sien ook p.18 van hierdie proefskrif.

Die Afrikanerpatriarg se rol is gesien as die beliggaming van die “hoogste geestelike waardes” van die “Afrikaner nasie” wat onder andere die “innerlike kultuur van die volk, sy geestelike adel, godsdienstigheid, sedelikheid, volkstrots, rassebewustheid … en wat daar ook al skoon en edel en mooi en goed in die karakter van die jong nasie was.” Die patriarg was ook “die beliggaming van die strenge konserwatisme … Hy het die nuwerwetse en die volksvreemde afgeweer.”[24] Afrikanerpatriargie was as instelling só diep verskans dat dit in die politieke, sosiale en ekonomiese lewe verweef is.

As beide die manlik en die vroulike rol dan goddellik gefundeerd is, vanwaar dan die aanklag van die Afrikanervrou as “man-made”?[25] Generaal Hertzog, deel van Louis Botha se *Suid-Afrikaanse Party* en kabinet, kon hom nie met die versoeningsbeleid van die party vereenselwig nie. Hertzog het in 1912 toesprake gehou wat versoening teengestaan het en Afrikanernasionalisme aangewakker het en is gevolglik aan die einde van daardie jaar deur Botha gevra om uit die kabinet te bedank. Hertzog het in 1914 die *Nasionale Party* gestig, ‘n party wat aanvanklik Suid-Afrikaanse nasieskap en uiteindelik Afrikanernasionalisme sou verteenwoordig.[26] Daar word geargumenteer dat mans wat deur Afrikanernasionalisme meegevoer is, vroue gebruik het om hul nasionalistiese ideale te bereik en sodoende die beeld van die vrou gemanipuleer het. ‘n Voorbeeld is die oprigting van die Vrouemonument. Brink beweer dat die Vrouemonument uiteindelik nie aan die oorspronklike doelwit, naamlik om die kinder- en vrouesterftes tydens die Anglo-Boereoorlog te herdenk, voldoen het nie, maar eerder aan nasionalistiese Afrikaners 'n simboliese oorwinning gegee het oor daardie Afrikaners wat versoening voorgestaan het. Cloete en Landman bou voort op hierdie siening en wys veral op die totale afwesigheid van vroue-insette

---

[23] Lombard, *Feminist Anthropology*, pp. 39 en 42.

[24] G. Cronje, “Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling”, P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968), p. 102.

[25] Aldus, Elsabé Brink, “Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder".

tydens die hele proses: die beplanning van die monument is deur mans gedoen, die verrigtinge tydens die inhuldiging in 1913 is deur mans gelei en generaal De Wet se boodskap het boonop ‘n gedempte politieke ondertoon gehad. Die stelling word gemaak dat die Vrouemonument onteenseglik ‘n simbool van manlike sukses is; met selfs die absurde aanklag, dat die monument in die vorm van ‘n obelisk, ‘n falliese simbool is.[27] Albert Grundlingh verskaf ‘n meer gebalanseerde siening deur uit te wys dat vroue van die tyd, soos Tibbie Steyn en Emily Hobhouse, dit wel as ‘n huldeblyk aan die vroue en selfs vir die vroue wêreldwyd, gesien het. Hy meen ook dat Afrikanernasionalisme op daardie stadium nog gedemp was en dat daar spesiale moeite gedoen is om aan die verrigtinge ‘n gewyde atmosfeer te gee.[28]

Volgens Brink het manlike Afrikanerhistorici, soos Willem Postma in 1918 in *Die Boervrouw, Moeder van Haar Volk*, en Eric Stockenström in *Die Vrou in die Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Volk*, die Afrikanervrou as “volksmoeder” histories fundeer. Alhoewel die Afrikanerman se rol primêr was omdat hy die instrument was wat die wil van God implementeer het, is die Afrikanervrou, alhoewel onderdanig, veredel en gesien as die bron van morele versterking. Deur veral na die Voortrekkervrou en die vroue in die Boereoorlog te verwys, is die vrou met teenstrydige kwaliteite voorgehou: aan die een kant was sy sterk met ‘n veggees en uithouvermoë, maar aan die ander kant het sy eienskappe soos weerloosheid, delikaatheid en verfyndheid besit. Sy het reinheid simboliseer en saam daarmee ook rassesuiwerheid bewaar en krag en dapperheid tydens moeilike tye openbaar. President Steyn het tydens die opening van die Vrouemonument verwys na die “krag van swak vroue wat sulke heldinne kon oplewer.” Sy was

---

[26] Giliomee, *The Afrikaners* , pp. 369-370 en 394.

[27] Brink, “Man-made women”, p. 279;
E. Cloete, “Afrikaner identity: culture, tradition and gender”, *Agenda*, 13 (1992), pp. 49-50;
Landman, *The piety of Afrikaner women*, pp. 3-4.

[28] Albert Grundlingh, “The National Women’s Monument. The making and mutation of meaning in Afrikaner memory of the South African war”, Cuthbertson, *Writing a wider war*, pp. 24 and 28.

die vrou aan wie God die taak om Afrikanerkinders groot te maak, toevertrou het; en om die jonger geslag met die liefde vir hul taal en kultuur te inspireer. Die ideale vrou sou ook haar volk, netsoos ‘n moeder haar kind, koester.[29] Die “volksmoeder” is deur Afrikanernasionalistiese historici veredel – ‘n beskrywing wat inderdaad nie vergesog is nie, want tydens die vrouestemregkwessie is dit weer deur Afrikanermans gebruik om hul afkeur te regverdig.[30]

Verstedeliking en die armblanke-kwessie het 'n Afrikanervrou opgelewer wat ver verwyderd van die geïdealiseerde “volksmoeder” was. Die stedelike milieu, armoede, loonarbeid en blootstelling aan ander kultuurgroepe het onder andere daartoe bygedra dat die geïdealiseerde “volksmoeder” moes aanpas en verander. Baie van hierdie vroue het ook polities opgetree. Reeds met Uniewording het Hertzog die groot aantal Afrikanervroue in die gehoor opgemerk wat sterk nasionalisties was: hulle was ernstig oor die behoud van hul taal, morele waardes en tradisies. Tydens die Rebellie het hy die volgende opmerking oor Afrikanervroue gemaak: “Miskien is hulle die grootste rebelle”, asook “As mens die stem van die Afrikanervrou ignoreer, sal ons die land in ‘n politieke hel laat beland.” Volgens Giliomee was Afrikanervroue uit die werkersklas baie prominent tydens die militante stakings van 1922.[31] Vrouekommando's het gereeld aan optogte en selfs aan aanvalle op terugkerende werkers en polisie deelgeneem.[32] Afrikanerleiers het uit vrees vir hierdie vroue se morele en kulturele verval, die “volksmoeder” as rolmodel vir hierdie nuwe geslag vroue voorgehou.[33]

---

[29] Moodie: *The rise of Afrikanerdom*, p. 17;
Cloete, “Afrikaner identity”, pp. 48-49.

[30] Sien p. 18.

[31] Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, p. 17.

[32] Iris Berger, *Threads of Solidarity: women in South African Industry, 1900-1980* (Bloomington, Indiana Press, 1992), pp. 39-40.

[33] Brink, “Man-made women”, p. 279.

Die manlik gemanipuleerde rol van die vrou insinueer dat die vrou passief was in die nasionalistiese strewe van die Afrikaner en slegs op voorskrifte van die man reageer het. Christina Landman as teoloog is verdoemend teen hierdie patriargale voorskriftelike siening van die vrou deur historici, waarvolgens die dominante kultuur die Afrikanervrou in ‘n onderdanige subkultuur geplaas het. Haar beswaar is veral dat die godsdienssin van die Afrikanervrou in terme van ‘n manlike ideologie beskryf en voorgeskryf word en gevolglik nasionalisme en moralitieit as die hoofkomponente van die vrou se godsdienssin sien.[34]

In meer resente navorsing word die “goedkeurende” hand van die vrou in die diskoers gesien: sy het dit aanvaar en daarop voortgebou. Daar is ook die vertolking dat sy dit self geskep het. Louise Vincent ontleed die *Nasionale Vroueparty* en die *Klerewerkersunie* om te bewys dat Afrikanervroue aktiewe agente van nasionalisme was.[35] Ook Marijke du Toit en Brink self, het bewys dat welsynsvereningings soos die *Afrikaanse Christelike Vrouevereniging* (*ACVV*) en die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* (*SAVF*) wat tradisioneel nie as “polities” beskou is nie, deur Afrikanervroue tot voordeel van die groei van die Afrikanervolk gebruik is, en dus as polities gesien kan word. Hulle het die Afrikanervrou se rol as moeder polities en etnies tot die “volksmoeder”-model omvorm. Alhoewel Afrikanervroue, spesifiek die *ACVV*-vroue, hulle volgens Du Toit versigtig van die stemregbeweging distansieer het, het hulle wegbeweeg van die tradisie dat die vrou in die huis moet bly, en hul plek in die publieke arena bevestig.[36]

---

[34] Brink, “Man-made women”, pp. 279-280;
Landman, *The piety of Afrikaner women*, p. 8.

[35] Louise Vincent, *Mothers of invention: gender, class and ideology of the “volksmoeder” in the making of Afrikaner nationalism, 1918-1939”* (unp. D.Phil. dissertation, Oxford, 1997). Sien veral hoofstukke 5, 6 en 7. Vincent het hierdie hoofstukke ook in gelyknamige artikels gepubliseer wat in afdeling 1.2.4 en 1.2.5 in hierdie proefskrif behandel word.

[36] Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, pp. 352-353.

Du Toit beweer dat M.E. Rothman en ander Afrikaanse joernaliste en skryfsters gehelp het om die diskoers van die Afrikanervrou as "volksmoeder" te vestig. Rothman het in haar rubriek "Vrouesake" in *Die Burger* 'n wye reeks onderwerpe behandel. Sy het lesers ingelig oor hoe vroue in ander lande die maatskaplike beleid en wetgewing help vorm het. Deur die werk van die *Nasionale Vroueparty* en die *ACVV*, politiek en welsyn, te oorvleuel, is 'n maternalistiese diskoers ontwikkel wat 'n aktiewe rol aan vroue in die "staatshuishouding" gegee het – op daardie manier is die publieke en private sfeer van die vrou se lewe vervaag.[37]

Lou-Marie Kruger se gevolgtrekking is meer gebalanseerd. Sy meen dat dit in die belang van Afrikanernasionalisme was dat mans sekere identiteite en rolle vir Afrikaanse vroue geskep het ten einde belangrike funksies te vervul. Terselfdertyd was vroue, beïnvloed deur Afrikanernasionalisme, aktief in die vorming van Afrikanernasionalisme. Terwyl hulle onderworpe aan die anti-feministiese diskoers van Afrikanernasionalisme was, was hulle mobiel in die diskoers, en het hulle altyd nuwe moontlikhede geskep. Sy ontken dus dat vroue in die diskoers passief was, maar voer aan dat hulle aandadig was in die vorming van hul eie en identiteite en rolle. Hierdie rolle het egter altyd binne 'n groter sosiale realiteit gebly, naamlik binne die perke van die patriargale diskoers van Afrikanernasionalisme en kon nooit enige werklike bevryding of bemagtiging aan die vrou beloof nie.[38] Daar moet met Grundlingh saamgestem word dat die konsep "volksmoeder" vloeibaar is, dat dit inderdaad nie in yster gegiet is nie. Wat seker is, is dat toe Afrikanernasionalisme gedurende die 1930's stoom opgetel het, dit die vrou se stem verdoof het en sy ingeperk is in die rolle wat Afrikanerpatriargie gepas het.[39]

---

[37] Ibid., pp. 353-354, 358.

[38] Lou-Marie Kruger, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931* (unp. M.A. thesis, UCT, 1991), p. 338.

[39] Grundlingh, "The National Women's Monument", p. 32.

1.2.2 Die Afrikanervrou in die stemregbeweging

In Kaapland het baie Afrikaner predikants- en ander Afrikanervroue aan die *Matigheidsbond*, meer bekend as die *Women's Christian Temperance Union (WCTU)*, wat in 1889 gestig is, behoort. Dit was 'n Protestantse organisasie waarvan die lede middelklas en werkende vroue van alle rasse was. Die leiers was prominente Kaapse vroue, kapitalisties en imperialisties en dus pro-Brittanje gesind. Die organisasie het drie hoofdoelwitte gehad. Die eerste was Matigheid (Temperance) wat probeer het om die samelewing van alkohol, dwelms, tabak en middelmisbruik te bevry. Tweedens was daar 'n Sosiale Reinheidsbeweging (Social Purity Campaign) wat hulle beywer het vir gelyke morele standaarde vir mans en vroue. Die derde komponent was Evangelisasie wat soveel as moontlik mense vir die Christendom wou bekeer.[40] Afrikanervroue kon gemaklik met hierdie doelwitte assosieer.

Die *WCTU* het gou besef dat hulle doelwitte net bereik sou kon word deur vroue in die parlement te kry en dit sou slegs moontlik wees deur stemreg vir vroue te verkry. Die gevolg was dat hulle in 1895 'n Stemregdepartement gestig het. Alhoewel hulle hul vir die stemreg van alle rasse beywer het, was dit 'n gekwalifiseerde stemreg: slegs die stem van opgevoede vroue óf van vroue wat eiendom besit het.[41]

McKinnon beweer dat die *WCTU* in Kaapland meer ondersteuning van bruinvroue as van Hollandssprekende- of Afrikanervroue gekry het. Vermoedelik het baie Afrikanervroue hulle, met die stigting van die stemregdepartement, van die WCTU gedistansieer, want tot in 1920 het die

[40] June McKinnon, *Women's Christian Temperance Union: aspects of early feminism in the Cape, 1889 to 1930* (unp. M.A. thesis, UNISA, 1995), pp. (i), 1 and 2.

[41] Ibid., pp. 2-3.

Nederduits Gereformeerde Kerk (NG Kerk) die vrouestemregbeweging as on-Bybels gesien.[42] ‘n Ander rede was dat die *Women's Enfranchisement Association of the Union* (*WEAU*) wat in 1911 gestig is, baie meer inklusief was en het vroue van alle gelowe, ateïste, selfs vroue wat nie matigheidsgesind was nie, asook vroue van alle rasse, verwelkom.[43] *WEAU* sou vir twintig jaar die belangrikste vrouestemregorganisasie in Suid-Afrika wees.

Die stemregveldtog is hoofsaaklik deur Engelssprekende vroue aangevoer, maar daar was tog heelwat Afrikanervroue wat voorstanders vir vrouestemreg was. 'n Voorbeeld is die vroue in die familie van president M.T. Steyn. Die familie se verblyf in Europa kort na die Anglo-Boereoorlog het hulle aan progressiewe invloede blootgestel. Tibbie Steyn was in aanraking met feministe soos Emily Hobhouse en dr. Aletta Jacobs van Nederland, wat aktiewe propagandiste vir vrouestemreg was. Die gevolg was dat die Steyn-dogters, Gladys en Emmie, hulle reeds op vroeë ouderdom, Gladys reeds op 11-jarige ouderdom, met die vrouestemregbeweging vereenselwig het.[44] Dit was egter 'n progressiewe houding onder Afrikanergeledere, want die meer konserwatiewe Afrikanervrou het op daardie stadium nog gewillig by die sterk partriargale strukture van die Afrikanersamelewing, waar die man die vrou se voog was en dus vir haar moes stem, ingepas. Hierdie vroue het geglo dat die die parlement nie die plek was om euwels te bestry nie, maar wel die huis. Volgens hierdie vroue was "...die vrou se ware lewenskrag haar huis... haar goddellike roeping moederskap!" Die heersende standaarde vir ‘n dame was destyds, volgens Tibbie Steyn, "...completely leisured, completely ornamental, completely helpless and dependent."[45]

---

[42] Ibid., p. 3.

[43] McKinnon, *Women's Christian Temperance Union*, pp. 119 en 173;
Walker, *The woman's suffrage movement in South Africa*, p. 101.

[44] Truter, Elbie, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn, 1865-1955: haar lewe was haar boodskap* (Kaapstad, Human en Rousseau, 1997), p. 107.

[45] Ibid., pp. 12, 107 -108.

Die vrouestemregbeweging het baie teenkanting gekry. Van partypolitieke kant was daar verdeelheid oor die vrouestemregkwessie. Alhoewel *WEAU* se amptelike beleid nie-polities was, het die feit dat hulle hoofsaaklik Engelssprekend was, veroorsaak dat hulle met die *Suid-Afrikaanse Party* (*SAP*) en die *Unioniste Party* vereenselwig is.[46] Die *SAP* self was oor die vrouestemreg verdeeld; die *Nasionale Party* was heeltemal daarteen gekant, dit was slegs die *Arbeidersparty*, met sy sterk sosialistiese beleid, wat die vrouestemregbeweging wat in wese baie konserwatief was, ondersteun het.[47]

Volgens Stockenström het die mans wel erken dat om stemreg aan vrouens te verleen, die tendens van die tyd was en dat elke deel van die bevolking sy regmatige aandeel in die regering behoort te kry. Daar is ook kennis geneem van welaf vroulike grondbesitters en oor die ongelyke besoldiging vir dieselfde werk van manlike en vroulike onderwysers. Daar was egter talle besware geopper.[48]

‘n Leser het in *Die Burger* die volgende donker prentjie geskets: “In die huislike kring word die deugdelike vroue, wat kosteliker is as robyne, gevind. Die agiteerders vir vrouestemreg gaan die vrou van die ereposisie beroof. Die vrou gaan … uithuisig word, wat in die gesinslewe moeilikheid gaan maak … Die vrede en saligheid wat sy in die stille, huislike kring kon geniet, sal wyk as sy in die harwar van die politieke lewe kom. Die huidige vrouebeweging gaan op die voetspoor van die ongelowige rewolusie-gees om alles onderstebo te keer. Nie meer God soewerein, God bo almal nie, nee, die volkswil moet geld. Sodra ons nou begin met die man nie die hoof en regeerder te laat nie, maar die regering deur die vroue wil laat geskied, weet dan dat

[46] Walker, *The woman's suffrage movement in South Africa*, p. 94.

[47] Walker, *Women and resistance in South Africa*, p. 22.

[48] Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg*, pp.174 en 420.

‘n ander orde aan die kom is. Wat ‘n weedom gaan die suffragette, die stemregjuffer, die ontaarde vrou, bevorder.”[49]

Die Gereformeerde Kerk het ‘n groot rol gespeel om ‘n negatiewe beeld van die vrouestemreg te skep. Afrikaanse predikante, beïnvloed deur Abraham Kuyper, was van mening dat dit onnatuurlik was vir die vrou om ‘n individuele stem uit te bring, want volgens die Bybel moet die man as die hoof van die huis, vir die hele familie stem. Gevolglik het die driemankommissie, met ondere andere ds. J.D. du Toit (Totius) as lid, wat deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aangestel is om die vrouestemreg en die kerk te ondersoek, in 1920 die Sinode geadviseer “om altyd te protesteer teen Vroue Stemreg (sic) op grond van Gods Woord.” Die verslag van die sinode is na die parlement gestuur om ook die regering teen die vrouestemreg te waarsku.[50]

Alhoewel kritiek teen die stemreg uiteenlopend was, het dit hoofsaaklik op twee hoofbesware neergekom. Eerstens die “pedestal” (voetstuk) -gedagte, dat die vrou ‘n verhewe posisie beklee het en dat toetrede tot die openbare lewe haar daarvan sal laat tuimel. Tweedens die Bybelse verklaring dat die vrou as moeder onderdaning moet wees. Hierdie besware het veroorsaak dat die meeste Afrikanervroue nie vir politieke regte gevra het nie.

1.2.3 Die vroue-optog van 1915: eerste vrouebeweging of politieke set?

Dit was die eerste massabeweging van Afrikaanse vroue. In die woorde van mev. Joubert, die eggenoot van genl. Piet Joubert: “De dochters van Zuid-Afrika zijn ontwaakt!”[51] Die rebellie wat tussen 1914 en 1915 plaasgevind het, het politieke spanning en verdeeldheid tot gevolg gehad. Die inhegtenisneming van die rebelleleiers het die simpatie van vroue dwarsoor die land

[49] *Die Burger*, 19 Junie 1920, soos aangehaal in Stockenström, p. 247.

[50] Landman, *The piety of Afrikaans women*, pp. 110-111 en 119.

[51] Van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 115.

aangegryp. ‘n Dameskomitee is in Pretoria gestig om rebelleleiers, wat in die Sentrale Gevangenis opgesluit was, by te staan en hul lot sover moontlik te versag. Hierdie komitee het op aandrang van mev. Joubert besluit om ‘n vroue-optog te reël om vir die loslating van die rebelleleiers te pleit. ‘n Oproep is in koerante gemaak dat elke dorp ‘n komitee moet stig om afgevaardigdes te kies en petisies vir ondertekening te sirkuleer. Die resultaat was oorweldigend.

Op 4 Augustus 1915 het 6 000 afgevaardigdes, wat 65 000 vroue uit alle dele van die land verteenwoordig het, en gewapen met 40 000 handtekeninge, na die Uniegebou gestap. ‘n Versoekskrif is aan die Goewerneur-generaal voorgelê, maar hy het nie die konstitusionele mag gehad om op te tree nie. Die rebelle se strawwe is later verminder: generaal De Wet is reeds in Desember op parool vrygelaat en die ander politieke gevangenes binne ‘n jaar. In watter mate die vroue-optog gehelp het om die strawwe te verkort is onduidelik aangesien die eerste minister, Louis Botha, as voormalige Boeregeneraal, baie simpatie met die rebelleleiers gehad het. Volgens Tibbie Steyn het Louis Botha die vroue-optog as ‘n politieke set gesien, waaruit die Nasionale Party “politieke munt” geslaan het.[52] Daar is dus reeds deur tydgenote vermoed dat vroue as “volksmoeder” ‘n politieke rol vir die Afrikanersaak vertolk het.

Voortspruitend uit die vroue-optog was die *Helpmekaarbeweging* wat in 1915 deur ondersteuners van die Rebellie gestig is om die boetes en siviele eise wat teen die rebelle ingestel is, te betaal. Vroue het hulle volle gewig by die fondsinsameling ingegooi en sommige dorpe het selfs afsonderlik vrouetakke gehad. In die Kaapprovinsie is ‘n *Nasionale Vroueweldadigheidsgenootskap* gestig en in Natal die *Nasionale Vroue Helpmekaar-vereniging*. Die surplusinkomste is vir die opvoeding van Afrikanerkinders gebruik.[53] Hierdie is ‘n geval

[52] Truter, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn*, p. 139;
Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 42.

[53] Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 42-43.

waar ‘n noodleningsfonds uiteindelik dwarsoor die land ter bevordering van die Afrikanersaak aangewend is.

1.2.4 Die *Nasionale Vroueparty*: nasionalistiese vrouebeweging of stemregbeweging?

Voortspruitend uit die vroueoptog van 1915 was die stigting van die *Nasionale Vroueparty* (*NVP*). Dit is moeilik om uit die bestudeerde bronne agter te kom wat die dryfveer vir die stigting van die party was. Die een bron beweer dat tydens die stigting van die Kaaplandse *Nasionale Party* in September 1915 het beide die sprekers, F.W. Beyers en D.F. Malan, die vroue se optrede as die ontwaking van Afrikanernasionalisme gesien. Malan het gesê dat die vroue-optog die antwoord was op die groot vraag of die Afrikaner ‘n volk moes bly - die vroue het onteenseglik “Ja “ geantwoord. Hierdie leiers het ‘n beroep op die vroue gedoen vir voortgesette steun vir die *Nasionale Party*.[54] Ander beweer dat die reëlingskomitee van die vroue-optog besluit het om ‘n vereniging te stig waardeur hulle hul politieke strewes, naamlik Afrikanernasionalisme, sou kon voortsit. Hierdie groep moes egter uitvind dat die *Nasionale Vroueparty* reeds in Johannesburg onder leiding van Johanna Brandt gestig is. Die twee groepe het in April 1916 saamgesmelt en het as die *Vrouwen Nationale Partij* van Transvaal bekendgestaan.[55]

Alhoewel nie aktief betrokke in die formele politiek nie, het die vroue deur sorgvuldige seleksie van hul projekte die Afrikanersaak gesteun. ‘n Voorbeeld is die Moederfonds wat gestig is omdat hierdie vroue bekommerd was oor die aantal Afrikanerkinders wat tydens geboorte gesterf het. Die vroue was ook betrokke by “praktiese politiek” en het byvoorbeeld vir rasseskeiding, tweetaligheid en meer werksgeleenthede gepleit. Hul taak was ook welsynswerk, delging van

[54] Jan van Rooyen, “Vroue in die politiek”, C.P. van der Merwe & C.F. Albertyn (reds.), *Die vrou*, deel 5 (Stellenbosch, C.F. Albertyn Eiendoms Beperk, 1972), p. 347.

[55] Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 44-45.

rebelle-skuld en “om te waak oor die nasionale opvoeding van ons kinders”. Hulle het ook ‘n verkiesingsfonds ter ondersteuning van die *Nasionale Party* gehad.[56]

Die *Nasionale Party* het in 1919 na die Eerste Wêreldoorlog, ‘n afvaardiging na die vredeskonferensie gestuur om te vra vir volkome staatkundige onafhanklikheid vir die hele Unie. Indien dit nie toegestaan kon word nie, sou hulle pleit dat die Transvaal en die Vrystaat hul republikeinse status terugkry. Die *Nasionale Vroueparty* se nasionalistiese strewe het ook gemanifesteer in hul ondersteuning van die vryheidsdeputasie en het hulle onder andere ‘n telegram aan pres. Wilson van die VSA gestuur.[57]

As daar gekyk word na die ondersteuning wat hierdie vrouepartye geniet het, was daar ‘n wesenlike behoefte by vroue om aan ‘n politieke party te behoort. In 1922 was daar alreeds 85 takke in die Transvaal, en slegs in Vrededorp, ‘n voorstad van Johannesburg, was daar 700 lede. Vrededorp dien ook as bewys dat mindergegoede Afrikanervroue in die politiek belanggestel het. Daar was *Nasionale Vroueparty*-takke op verskeie plekke in die land, selfs voordat daar mannetakke gestig was. Vroue kon nie stem nie, maar het hul stem laat hoor.[58]

Dat die *Nasionale Vroueparty* as hulp vir die *Nasionale Party* opgetree, is sonder twyfel waar. Louise Vincent maak die stelling dat die *Nasionale Vroueparty* ‘n stemregorganisasie was. Die *Nasionale Vroueparty* was egter nie aanvanklik ‘n stemregbeweging nie. Politieke bewussyn onder die Afrikanervrou het geleidelik toegeneem, met die gevolg dat in Transvaal was daar mettertyd druk om op die gebied van praktiese politiek meer seggenskap te kry en het die vroue

---

[56] Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 45;Van Rooyen, “Vroue in die politiek”, p. 348.

[57] Van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 116.

[58] Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg*, p. 292; Van Rooyen, “Vroue in die politiek”, p. 349.

hulle in ‘n sekere mate met die vrouestemregbeweging begin versoen.[59] Vincent skep ook die indruk dat M.E. Rothman ‘n vegter vir die vrouestem was.[60] Die volgende aanhaling plaas dit in perspektief:

> “Afrikanervroue het van die hele ding opsy gestaan. Dit was nie omdat hulle teen die stemreg was nie, maar om ander redes – veral om ‘n rede wat ons reeds meer as 150 jaar beïnvloed het, naamlik dat die beweging Engels van oorsprong en instelling was. Verder kon ons nie eintlik sien dat dit van dringende belang was nie; ons was besig met ons taalstryd, onse stryd teen verarming en agteruitgang, met ons hele stryd van rehabilitasie; vrouestemreg het ons nie voorgekom as ‘n belangrike faktor in hierdie stryd nie.
>
> “Maar die *Nasionale Party*leiers het die saak anders gesien. Hulle het berekenings gemaak en gevind dat die byvoeg van die vroue die Nasionale-stemkrag sou verhoog. Vrouestemreg is ook reeds in die parlement bespreek, maar by sulke tye het die Nasionaliste dit as ‘n SAP-voorstel geopponeer…
>
> “Maar nou was die borde aan verhang word!…
>
> “Die eerste stap was die vorm van die *Nasionale Vroueparty* in Kaapland. In Transvaal en Vrystaat was dit al klaar gevorm; voorbereiding vir die vrouestemreg, want so het die mans ons verseker, vrouestemreg moet kom.”[61]

Met die lees van bostaande is dit duidelik dat die mans in die *Nasionale Party* die vroue in die vrouestemregveldtog voorgegaan het. Dit word ook beaam deur die woorde van Marie du Toit:

> “Hoe treurig en pynlik vir ‘n vrou om te moet erken dat die meerderheid van haar eie geslag geen belang stel [sic], geen aandag wy, aan die loop van sake in verband met die vrouebeweging, of liewer die vrouevraagstuk soos dit reeds solank al voor die aandag van die wêreld is… Die meeste meisies en ouere vroue vra nie eens hulle selwe af nie: ‘Wat is nou eintlik feminisme?’ of ‘Waarom sou die vroue nou stemreg begeer?’ ”

Du Toit was ontevrede nie net met haar geslagsgenote se belangeloosheid nie, maar ook met die kerk se posisie oor die vrouestemreg wat sy as sosiale stereotipering en onsensitiwitet beskryf het.[62] Individue soos Marie du Toit wou stemreg vir vroue hê, maar die oorgrote groep het eers

---

[59] Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg*, p. 292.

[60] Louise Vincent, “A cake of Soap: the ‘volksmoeder’ ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote”, *The international journal of African historical studies*, vol. 32, I (1999), pp. 7-8.

[61] M.E.R., *My beskeie deel*, pp. 226-227.

[62] Marie du Toit, *Vrou en feminis, of iets van die vrouevraagstuk* (Bloemfontein, De Nasionale Pers, Beperkt, 1921), p. 24.

nadat die *Nasionale Party* in 1923 op hulle ‘n beroep gedoen het om tot die aktiewe politiek toe te tree, reageer.

Die Eerste Wêreldoorlog het die vrouestemregbeweging versnel. Afrikaanssprekende vroue het na die stede gestroom waar hulle die tekort in mannekrag aangevul het en sodoende 'n Afrikaanse vrouewerkersklas gevestig het. Baie vroue het ook die hoër onderwys betree. Hierdie vroue het daarvan bewusgeraak dat hulle dieselfde werk as die mans doen, maar sonder om stemreg te hê.[63]

Gedurende die 1920's het ook die *Nasionale Party* se houding teenoor die vrouestemreg verander. Internasionaal was dit ook die tydsgees om vrouestemreg te verleen. Suid-Afrikaanse leiers is gerusgestel deur die feit dat in die Europese lande waar vroue wel stemreg gekry het, die sosiale orde nie omvergewerp is nie.[64] Dit was egter die politieke taktiek van die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog, om die Wetsontwerp op Naturelle-verteenwoordiging deur te voer, wat die deurslag gegee het. Hy wou Kaapse swartes van die algemene kieserslys verwyder, maar omdat swart stemreg in die Kaapkolonie verskans was, kon dit slegs deur 'n twee-derdemeerderheid van beide huise in die Parlement verwyder word.[65] Met die toekenning van vrouestemreg sou die kieserskorps verdubbel en sou die twee-derdemeerderheid behaal kon word. Dit kon wees dat dit die *Nasionale Party* se doel was om vroue polities voor te berei. Dit kon ook wees om hulle te verhoed om by die hoofsaaklike Engelssprekende stemregbewegings aan te sluit, in plaas daarvan om dit eerder onder die nasionalistiese sambreel te doen.

Op aandrang van die *Nasionale Party* is die *Nasionale Vroueparty* van Kaapland in Maart 1923 gestig. Op die eerste kongres is so ‘n wye verskeidenheid van landsake bespreek dat *Die Burger*

---

[63] Walker, *The woman's suffrage movement in South Africa,* p. 15.

[64] Walker, *Women and resistance in South Africa,* p. 22.

[65] Giliomee, *The Afrikaners,* pp. 412-413.

rapporteer dat dit soos "'n klein parlementjie" gelyk het. Die doelstellings was onder andere: die grondige ondersoek van politieke vraagstukke, nasionale opvoeding van kinders en die verbetering van landswette wat oor drankhandel, sedes en Sabbatsontheiliging gehandel het. Die vrouestemregkwessie is ook aangeroer.[66] Ook in die Vrystaat en in Natal is in 1923 'n *Nasionale Vroueparty* gestig. In die Vrystaat was, behalwe fondsinsameling vir die *Nasionale Party*, die opdrag: "interesseer ons vroue in die politiek, maak hulle wakker vir die gevare van 'n voortdurende *SAP*-regering en berei ons voor vir die dag wat vroue stemreg kry, met kennis en organisasie."[67]

Vanaf 1924 was die hele hoofbestuur van die *Nasionale Vroueparty* ten gunste van stemreg en het hulle nie net orals takke gehad nie, maar het ook met die bestaande vrouestemregorganisasies geskakel. Om Afrikaanse vroue landswyd te oortuig dat die stemreg vir vroue wenslik was, was nie 'n maklike taak nie. Met die eerste kongres van die Kaaplandse *Nasionale Vroueparty* was daar mosies ingedien van takke op Burgersdorp, Mosselbaai, Parow, Aliwal-Noord, Loxton, Unionskraal, Victoria-Wes, Dordrecht en Indwe wat daarop aangedring het dat die organisasie sy invloed teen die vrouestemreg moet gebruik. Daar is ook insidente gerapporteer waar die organiserende sekretaresse vyandig ontvang is en selfs rondgestamp is – vermoedelik deur mans wat teen vrouestemreg was.[68]

Die stemregveldtog het egter onder die Afrikanervroue begin veld wen. Toe Petronella van Heerden op die Kaapse Kongres van die *Nasionale Vroueparty* in Desember 1926 voorgestel het

---

[66] Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 48;
Van Rensburg, *Moeders van ons volk*, p. 117.

[67] Aldus Aletha Swart, die moeder van die voormalige staatspresident C.R. Swart. Soos aangehaal in: Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 50.

[68] Vincent, "A cake of soap", pp. 7-8.

"dat dit hoog tyd is dat vroue stemreg kry", is die voorstel eenparig aanvaar.[69] In 1929 is die *Nasionale Party* met 'n groot meerderheid herverkies; in Maart 1930 het Hertzog die vrouestemreg wetsontwerp geloods en op 19 Mei 1930 het dit wet geword.[70] Dit is ironies dat Hertzog aanvanklik nie die stemreg aan wit vroue wou gee nie, omdat hy dit dan ook aan die swart vroue sou moes gee, maar uiteindelik het hy dit aan wit vroue gegee sodat hulle die verskanste swart stem kon uitstem!

M.E. Rothman was van die begin af skepties oor vroue se langdurige rol in die politiek. D.F. Malan se beloftes dat vroue medeseggenskap moes hê in byvoorbeeld, opvoeding, gesondheid, behuising, armblankekwessie, was in haar woorde, “tog te skone vooruitsig.” Maar toe die *Nasionale Party* aan die bewind gekom het, is die “Kieswet” passeer waardeur alle liefdadigheids- of maatskaplike werk deur politieke partye verbied is. Volgens Rothman, het die *Suid-Afrikaanse Party* byvoorbeeld verpleegsters in die platteland aangestel en “stemme daardeur gevang.”[71] Van Malan se beloftes het dus niks gekom nie, want politieke partye kon nie meer vrouekiesers, veral op die maatskaplike terrein, bevoordeel nie.

Na die toekenning van die stemreg aan vroue was daar die voorstel dat die Manne- en Vroueparty moet saamsmelt - die vroue was onwillig. Alet van der Merwe, hoofbestuurslid, het op die volgende wyse die vroue se vrese verwoord: “Ons Hoofbestuurslede het, nie sonder rede nie, gevrees dat die vroue maar net weer die houthakkers en waterdraers van die party sou wees.” In die Transvaal het die vroue vir drie dae debatteer totdat hulle uiteindelik onder druk van Hertzog geswig het. Hy het aan die vroue verduidelik dat dit tot skeuring in die party sou lei, want tydens verkiesings sou die vroue veg vir hul eie kandidaat en die mans vir die ander kant “… en ek weet

[69] Walker, *The woman's suffrage movement in South Africa*, p. 49.

[70] Van der Walt, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 522.

[71] M.E.R., *My beskeie deel*, pp. 227-228.

voor my siel dat die vrouens sal wen." Baie vroue het gevoel "…dat die mans net agter ons geld aan was, want hulle was altyd platsak." In die Vrystaat is die vroue "omgekoop" met beloftes dat daar volle gelykheid vir mans en vroue op hoofbestuur-, afdelingsbestuur- en takbestuurvlak sou wees. As die man voorsitter is, moet 'n vrou ondervoorsitter wees en andersom, asook gelyke verteenwoordiging op besture. Hierdie kompromis is ook in die ander provinsies gehandhaaf. Daar is na die "huwelik" tussen die twee partye verwys en gepraat van 'n "onwillige bruid" asook van 'n "ryk bruid en die arm bruidegom". Uiteindelik het al die provinsies se vroue geswig, en moes hulle hul "geliefde organisasie" ten koste van die *Nasionale Party* opoffer.[72]

Die vrouestemregbeweging het feminisme bevorder, maar die werklike sukses vir Afrikanervroue was dat dit 'n bewusmakingsproses was. Omdat so baie vroue in afgeleë dele van die platteland deur *Nasionale Vroueparty*-organiseerders bereik is, het hierdie vroue deel van die politieke proses geword. Vroue het geweet van die "naturelle vraagstuk" en die belangrike rol wat die vrouepartye in die "oplossing" sou speel.[73] Die *Nasionale Vroueparty* het ook probeer om vroue bloot te stel aan sake wat nie noodwendig die huisvroubeeld gepas het nie. Die kwartaalblad *Die Burgeres*, het byvoorbeeld "… artikels van politieke belang – geen resepte, breipatrone of vervolgverhale nie, net pitkos", geplaas.[74]

In 1934 is die Afrikaner op partypolitieke vlak tussen die *Suid-Afrikaanse Party* onder Hertzog en die *Gesuiwerde Nasionale Party* onder D.F. Malan, verdeel. Vermoedelik het die kompromis met vroue verval toe die *Gesuiwerde Nasionale Party* in 1934 gestig is. Volgens Rothman was, ten spyte van politieke verdeeldheid onder die Afrikaner, "nasionalisme … sterk of sterker as tevore" onder die vroue. Volgens haar was nasionalisme vir vroue "'n eenvoudige ding … Liefde vir die

[72] Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 50-53, 62.

[73] Vincent, "A cake of soap", p. 9.

[74] Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 48.

eie volk en ‘n begeerte om daarvan ‘n gesonde, intelligente en eerbare volk te maak; weemoed oor agterlikheid op enige gebied waar hierdie drie eienskappe behoort te regeer…”[75]

Tot in 1923 het die stemlose lede van die *Nasionale Vroueparty* hulle beywer vir die bevordering van Afrikanernasionalisme deur die *Nasionale Party* te ondersteun. Toe die Afrikanerleiers die vrouestem nodig gehad het, het die vroue ook hul gewig agter die stemregveldtog ingegooi. Die mans het vir die vroue besluit en die meeste was maar te bereid om te luister.

1.2.5 Afrikanerfabriekswerkers[76] skep ‘n spesifieke Afrikanerwerkersklas identiteit.

In 1952 het Solly Sachs, algemene sekretaris van die *Klerewerkersunie van Suid-Afrika* die volgende gesê:

> “For reasons which the writer is unable to explain the Afrikaner women have proved themselves in many respects far superior than their menfolk. In the past twenty years most of the struggles among workers for higher standards and a better life were carried on by women … The daughters of the Voortrekkers have consistently displayed a much finer spirit of unity, militancy and courage than have the Voortrekker sons.”[77]

Bogenoemde scenario klink amper onmoontlik as die gedrag van die Afrikanervrou in daardie stadium teen die agtergrond van die geïntegreerde Afrikanernasionalisme, patriargie en Calvinisme beskou word.

Soos die Carnegie-kommissie bevind het, was daar al vir ‘n paar geslagte lank ‘n Afrikanerwerkersklas in die stad, maar dit is veral vanaf 1915 tot 1920 dat die getal wit Afrikanervroue in die vervaardigingsbedryf verdubbel het. Waar die vervaardigingsbedryf tydens die oorlogsjare en kort daarna gebloei het, het dit in die vroeë twintigerjare ‘n insinking beleef en

---

[75] M.E.R., *My beskeie deel*, p. 229.

[76] Die Afrikanervrou as fabriekswerker is goed gedokumenteer in die navorsing van Elsabé Brink, die volledige verslag van die Carnegie-kommissie, Iris Berger, E.S. Sachs, Louise Vincent en Amanda Lourens. Sien bronnelys vir volledige verwysings.

het stadig tot en met die Groot Depressie van 1929, wat in Suid-Afrika tot 1932 gevoel is, herstel. Dit wil voorkom asof met die afdanking van mans en die afname in salarisse in die flukturerende vervaardigingsbedryf, dit die toename van vroue gestimuleer het. Die verklaring was dat vroue uit nood, byvoorbeeld in gevalle waar die man nie kon werk nie, na die eerste beste plek gegaan het om werk te soek en dit teen enige besoldiging aanvaar het. Dit was maklik vir ongeskoolde vrouens om in fabrieke werk te kry, want hulle kon die nodige vaardighede gou aanleer, soos in die geval van die klerebedryf. Die klerebedryf het sowat 50% van alle vroue in die vervaardigingsektor in diens gehad en ongeveer 90% van hierdie vroue was Afrikaanssprekend. Teen 1930 was sowat 5 000 vroue in die klerebedryf werksaam.[78]

Vroue is swak betaal en het in treurige omstandighede en vir baie lang ure gewerk. Die Loonraad en werkgewers het erken dat lone nie genoeg was sodat enkellopende vroue hulself kan onderhou nie. Hulle het vrouewerkers as deel van 'n familie-ekonomie, wat die natuurlike steun van hul ouers of mans gehad het, gesien. Verder is daar ook ten opsigte van ras/klas onderskei: 'n klerevervaardiger het opgemerk: “I do not think a decent girl over 18 years of age could live on 10s. a week, but the minimum is intended to apply to the other class; they can live on less, living as they do.”[79]

Hierdie vroue en hul families het gewoonlik in die armste dele van die stad saamgetrek. In Johannesburg het hulle byvoorbeeld in Vrededorp gebly, ‘n voorstad wat soos volg beskryf is:

---

[77] E.S. Sachs, *The choice before South Africa* (London, Turnstile Press, 1952), p. 202.

[78] Elsabé Brink, “ ‘Maar ‘n klomp “factory” meide’: Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920’s”, Belinda Bozzoli (ed.), *Class, community and conflict* (Johannesburg, Ravan Press, 1987), pp. 179-182;
J.F.W. Grosskopf, “Plattelandsverarming en plaasverlating”, *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, verslag van die Carnegie-kommissie* (Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery,1932), pp. 208 en 210.

[79] Berger, *Threads of solidarity*, pp. 31-32 and 54-56.

"… one of the worst slum areas in existence harbouring as it does in its sea of iron shanties the flotsam and jetsam of low class Coloured peoples, Chinese, Indians and Natives – many of purely criminal class." Behuisingstoestande was uiters swak. In klein gehuurde agterkamers het vier werkers dikwels saamgewoon en 'n bed gedeel.[80] Daar is baie gevalle opgeteken van arm Afrikaners in die stad in die twintigerjare wat feitlik geen hulp van welsyns- of kerkorganisasies gekry nie. Die rede was, volgens Vincent, dat hierdie fabriekwerkers in middelklas Afrikanerkringe as moreel verdag beskou is. Sy som dit soos volg op: "Recently urbanized young women living in slum conditions in the backyard of Johannesburg's suburbs and removed form familial ties were seen as a threat tot the idealogical and racial 'purity' of the *volk*."[81]

Solly Sachs, 'n Jood en sosialis, het in 1928 die leierskap van die *Witwatersrand Tailors Association* oorgeneem. In 1930 het hy die naam van die vakbond na die *Klerewerkersunie*, (*Garment Workers' Union*) verander. Met "simpatieke leierskap" het Sachs vanaf 1930 die vakbond begin herorganiseer en in belang van die lede opgetree. Kwessies soos onderbetaling, viktimisasie en swak werkstoestande in die fabrieke is aangespreek. Afgesien van die verbetering van werksomstandighede, het die unie ook in die jong meisies se huislike lewe belanggestel, hulle gehelp om huisvesting te kry en sosiale aktiwiteite soos danse en pieknieks gereël.[82]

In 1934 het die *Klerewerkersunie* van die mans geskei en was die vakbond in die hande van vroue.[83] Die belangrikste poste is deur Afrikanervroue gevul: Anna Scheeprs het in 1938, op 24-

---

[80] Brink, " 'Maar 'n klomp *factory* meide' ", p. 190.

[81] Louise Vincent, "Bread and honour: white working class women and Afrikaner nationalism in the 1930's", *Journal of Southern African Studies*, vol. 26, no. 1, March 2000, pp. 66-67.

[82] Brink, " 'Maar 'n klomp *factory* meide' ", pp. 191-192;
Amanda Lourens, "Afwesig uit die kanon: die prosageskrifte van die Klerewerkers", http://www.sun.ac.za/afrndl/tna/972/Lourens.html, pp. 5-6.

[83] Berger, *Threads of solidarity*, p. 104.

jarige ouderdom, president van die unie geword, ‘n pos wat sy effektief tot haar aftrede in 1984 gehou het. Maggie Kruger was vise-president, Johanna Cornelius nasionale organiseerder en haar suster, Hester, was sekretaris van die Germistontak, om net ‘n paar te noem.[84]

Die *Klerewerkersunie* is op ‘n veelrassige grondslag georganiseer, sodat wit en bruin werkers saam kon optree wanneer gemeenskaplike belange ter sake was. Die werkers is gewaarsku teen rassehaat en opgeroep tot ‘n breë demokratiese strewe, soos verwoord in die *Klerewerker* in 1939: “My mede-Volksgenote, verenig en red ons land. Hou die duiwel van Nazisme en Rassehaat uit Suid-Afrika uit en sien dat elke mens in ons land genoeg sal hê om te lewe.” As linksgesinde vakbond met ‘n oorheersend Afrikaanssprekende ledetal, was die vakbond inderdaad ‘n rare verskynsel.[85] Aanpassing was nie maklik nie. Johanna Cornelius het gesê dat “dit vir haar jare geneem het om gewoond te raak aan die gedagte dat die Engelse – wat nog te sê die swartes – mense was.” Slegs deur vasberadenheid het Cornelius en ander hul houdings omtrent die verlede oorbrug.[86]

Dit is dus logies dat hierdie vroue vir Afrikanernasionalisme ‘n groot probleem was. Aan die eenkant het nasionaliste die vroue met hul assosiasie met ‘n sosialistiese-kommunistiese en nie-rassige vakbond verwerp, maar aan die anderkant wou hulle die vrouewerkers se stemme werf. Afrikanernasionaliste het na die swak 1938-verkiesingsuitslae van die *Nasionale Party* alles in die stryd gewerp om die Afrikanerwerker se stem te kry. Bygestaan deur die *Reddingsdaadbond*, die *Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge* en die *Blankewerkersbeskermingsbond* het hulle

---

[84] Vincent, “Bread and honour”, p. 63. Vir meer inligting oor die bydrae van Afrikanerwerkers sien: Sachs, *The choice before South Africa*, pp. 202-206;
Sunday Times, 21 November 1999. Artikel met die afsterwe van Anna Scheepers.

[85] Soos aangehaal in: Lourens, “Afwesig uit die kanon”, p. 6.

[86] *Sunday Times*, 21 November 1999.

kragte gekombineer en veral ‘n aanval op die kommunistiese verbintenis van die vakbonde gemaak. D.F. Malan het ‘n petisie aan die parlement voorgelê om kapsie te maak teen kommunisme, liberalisme en die georganiseerde Jodedom. Sachs beweer dat enige iemand wat genoemde ideologieë ondersteun het as “Kafferboeties” afgemaak is. Hy beskuldig ook die nasionalistiese pers wat die *Klerewerkersunie* as ‘n “Joods-kommunistiese organisasie wat van Moskou beheer word” bestempel het. Die NG Kerk het van die kansel teen die gevare van kommunisme gepreek.[87] As gevolg van Sachs se kommunistiese agtergrond en die *Klerewerkersunie* se sosialistiese siening, het die *Nasionale Party* die verband tussen rassevermenging en kommunisme en dan natuurlik al die ander assosiasies wat daarmee saamhang, beklemtoon. Afrikanernasionalisme het teenstrydige eise aan die vroue se politieke en ideologiese simpatieë gestel.[88]

Daar is verskeie voorbeelde van die Afrikanergemeenskap se ostrasisme teenoor die fabriekswerksters. Een so ‘n geval is die van Bettie du Toit. Du Toit wat in die vroeë veertigerjare in die Kaap was om die tekstielwerkers in ‘n vakbond te organiseer, het haar in die Paarl gevestig. Toe die NG Kerk agterkom dat sy besig is om ‘n vakbond te organiseer, was hul reaksie heftig. Tydens die prediking is sy as ‘n kommunis bestempel, beskuldig dat sy in vrye liefde glo, dat sy teen persoonlike eiendomsbesit gekant is en dat sy die moraliteit van die “Afrikanerdogters” sou vernietig. Sy is uiteindelik heeltemal deur die gemeenskap verwerp en het Kaapstad toe getrek.[89] Vincent noem ook ‘n voorval waar dieselfde Bettie du Toit op ‘n geldinsamelingsfunksie met ‘n bruin vakbondlid gedans het. Geskokte Afrikanerwerkers het gesê dat sy nie wit kon wees nie,

---

[87] Sachs, *The choice before South Africa*, pp. 166 en 173;
“Class & colour in South Africa, 1850-1950”, http://www.liberation.org.za/docs/books/ccsa22.php.

[88] Vincent, “Bread and honour”, p. 73.

[89] Nancy van Vuuren, *Women against apartheid: the fight for freedom in South Africa, 1920-1975* (Palo Alto, R & E Research Associates, 1979), p. 34.

want ‘n wit meisie sou nooit so opgetree het nie - talle het uit die vakbond bedank om hulle afkeur te wys.[90]

“…Julle is maar ‘n klomp ‘factory’ meide” – was die skeltaal wat ‘n polisieman teenoor ‘n groep stakende klerewerkers gebruik het.[91] Die feit dat hierdie polisiemanne hulself verhewe gevoel het bo die fabriekswerkers is volgens Kannemeyer ‘n aanduiding van die “felle teenstellings en innerlike spanninge in die Afrikaner van die tyd, tussen platteland - stad, boer - fabriekswerker, welgestelde burger - bywoner, intellektueel – massamens.”[92] Die fabriekswerkers is deur militante regse Afrikanernasionaliste geterroriseer. Sachs maak melding van indringers op vergaderings wat met stokke en fietskettings gewapen was - een van die aanvallers was ‘n NG Kerk-predikant. Talle werkers is ernstig aangerand en, volgens Sachs, het die aanwesige polisie nie opgetree nie.[93]

Sachs het probeer om ‘n alternatief vir die vroue te bied wat beide klas (werkersklas) en ‘n etniese dimensie sou verskaf. Hy wou hê dat werkers as klas moet verenig teen pogings om hulle op rassegronde te verdeel, maar het terselfdertyd probeer om die Afrikaner se etniese identiteit te erken. Dit was in skrille teenstelling met die vereistes van Afrikanernasionalisme wat geheel en al teen rassevermenging was. Om sy saak te sterk het Sachs vir Malan en die nasionalistiese leiers as Nazi’s bestempel en daarmee volgens Vincent sy hand oorspeel. Die ultra-regse Afrikaners het militante groepe gevorm, soos byvoorbeeld die *Suid-Afrikaanse Christelik Nasionaal Sosialistiese-beweging* of die *Gryshemde* en die *Ossewabrandwag*, wat sterk ooreenkomste met

---

[90] Vincent, “Bread and honour”, pp. 72-73.

[91] Brink, “ ‘Maar ‘n klomp *factory* meide’ ”, p. 177.

[92] J.C. Kannemeyer soos aangehaal in: Lourens, “Afwesig uit die kanon”, p. 15.

[93] Sachs, *The choice before South Africa*, p. 177;
Van Vuuren, *Women against apartheid*, pp. 25-26.

Hitler se nasionaal-sosialisme in Duitsland gehad het. Giliomee ondersteun Vincent deur op die verskille tussen Afrikanernasionalisme en bogenoemde fascistiese en radikale regses te wys.[94]

Die tweetalige vakbondpublikasie die *Garment Worker / Klerewerker* het letterkundige bydraes van die lede geplaas. Deur die ontleding van die prosabydraes wat deur die vroue gelewer is, het Amanda Lourens tot interessante gevolgtrekkings gekom. Hester en Johanna Cornelius, reedsgenoemde vakbondleiers en andere het prosa, poësie, vertalings en toneelstukke geskryf. Lourens sê dat daar in hierdie werke dikwels gefokus is op die aanpassingsprobleme van die Afrikaners in die stad en word hul landelike herkoms geïdealiseer. Die uitbuiting en onderdrukking van die werker deur kapitalisme teenoor Sowjet-Rusland as werkersparadys is van die temas wat aandag gekry het. Soos Lourens dit opsom: “Deur die uitbeelding van die ekonomiese werklikhede van Afrikanerwerkers sowel as die lyding teweeggebring deur klasseverskille word ‘n ideologiese en ervaringsruimte volkome vreemd aan die hoofstroomtradisie van dié tyd voorgehou … Op merkwaardige wyse word nasionalisme egter oor die boeg van sosialisme gegooi wanneer kapitalisme as die vernaamste onderdrukkende mag in Suid-Afrika geïdentifiseer word.” ‘n Ander aspek in die literatuur is dat die vrou in die tekste vooropgestel is. Ook die rol van die vrou in die vakbond word as selfstandig en gelyk aan die van die man uitgebeeld. “Hierdie feministiese inslag kontrasteer eweneens sterk met die hoofstroomtradisie se patriargale posisionering van die vroue in die rol van onder meer muse, minnares en moeder.”[95]

Alhoewel sommige van die leiers sterk sosialisties- en kommunistiesgesind was, het die meeste gewone lede nie sosialisme ondersteun nie en het byvoorbeeld nie vir die *Arbeidersparty* gestem,

---

[94] Vincent, “Bread and honour”, pp. 72-73;
Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 441- 444.

[95] Lourens, “Afwesig uit die kanon”, pp. 7-13.

nie. Al het die vakbond aan hulle materiële behoeftes voldoen, was hulle in hul wese nog steeds Afrikanernasionalistiesgesind. Hierdie vroue is gemarginaliseer, maar het geweier om dit te aanvaar. In plaas daarvan om terug te val op die vakbond as ‘n ideologiese alternatief het die fabriekswerkers aangedring op aanvaarding en begrip deur mede-Afrikaners. Vincent verskaf verskeie voorbeelde van werkers wat na hulself as deel van die Afrikanervolk verwys en hul swaarkry en veggees met die Voortrekkers vergelyk het. Johanna Cornelius, geharde aktivis, het verklaar dat sy die kultuur en die tradisies van die Afrikanervolk liefhet en dat sy haarself as ‘n beter Afrikaner sien as die geleerdes wat haar veroordeel en niks doen om haar lot te verbeter nie. Haar suster, Hester, was van mening: “… dat hulle as werkers en huisvroue, moet saamveg … Ons is eerlike werkers en ons arbeid is tot voordeel van die land en ons volk…”[96]

Toe die klerewerkers met die Eeufeesherdenking in 1938 aangedring het om as ‘n groep tydens die verrigtinge op te tree, het hulle aanvanklik baie teenstand gekry. Besware was onder andere dat dit ‘n bespotting van nasionale tradisies sou wees as die vakbondlede as ‘n klas optree.[97] Die werkers is egter toegelaat om deel te neem. Van die toneelstukke wat deur die Corneliussusters geskryf is, het 'n sterk nasionale karakter gehad. Die klerewerkers het hulle stryd in die industriële omgewing met die stryd van die Voortrekkers vergelyk. Deur hulself te sien as opvolgers van die heroïse tradisie van die Voortrekkervrou, het hulle aanspraak gemaak op 'n deel van die Afrikaner se kultuurerfenis.[98] Al wou hulle as Afrikanernasionaliste deel wees van die fees, was dit vir hulle belangrik om as klas deel te neem. Die vakbond het ‘n ander vorm van samehorigheid by hulle wakker gemaak, naamlik ‘n “sisterhood” van Afrikanerwerkers.

[96] Vincent, “Bread and honour”, pp. 66-68. J. Cornelius vry vertaal.

[97] Ibid., pp. 76-77.

[98] Brink, “Man-made women”, pp. 289-290.

Die lede en leiers was ten spyte van hul alliansie met Afrikanernasionalisme, geharde vakbondlede. Johanna Cornelius het die eerste algemene staking van werkers in 1932 georganiseer. Sy en Bettie du Toit is verskeie kere gearresteer en het ook gevangenisstraf uitgedien. Cornelius is in 1934 na Sowjet-Rusland afgevaardig en in 1935 tot president van die *Klerewerkersunie* verkies. Cornelius en Scheepers was gedurende die 1943-verkiesing onsuksesvol as *Arbeidersparty*-kandidate. Cornelius het ook op die uitvoerende raad van die *Arbeidersparty* gedien. Cornelius was in die 1970's nog sekretaris van die *Klerewerkersunie* en algemene sekretaris van die *Garment Workers' Unions Consultative Committee*, wat meer as 55 000 lede verteenwoordig het. In 1973 dien sy nog op 'n paneel wat vir die afskaffing van die Loonwet en vir die gelykberegtiging van alle werkers gepleit het. Sy is in 1937 deur Anna Scheepers as president van die *Klerewerkersunie* opgevolg. Anna Scheepers en Sachs het saam die unie deur ontstuimige tye gelei en was daarom ook in 1952 organiseerder van 'n protesmars teen sy verbanning deur die regering. Sy het ook dekades lank probeer om die vakbond van apartheidswetgewing te bevry. In 1974 is sy as lid van die *Verenigde Party* tot die Senaat toegelaat. In daardie stadium het sy nog steeds op vakbonde vir swartes aangedring. Alhoewel 'n vurige vakbondaktivis het Anna Scheepers die parlementêre politiek as 'n vuil spel bestempel. Bettie du Toit was deel van die versetveldtog van die 1950's en is in 1953 deur die regering van haar posisie in die vakbond ontneem. Joey Fourie het in 1945 as *Kommunistiese Party* kandidaat sitting op Kaapstadse stadsraad gekry.[99]

Dit was inderdaad so dat die fabriekswerkers in die klerebedryf teen die laat 1930's die hoogsbesoldigste vrouewerkers in die industrie was. Afrikanermeisies het belangrike posisies in 'n militante vakbond ingeneem en die tradisionele konsep van vrouwees geïgnoreer. Vroue het

[99] Van Vuuren, *Women against apartheid*, pp. 25- 26, 35, 37, 48, 50 en 95;
Sunday Times, 21 November 1999.

geleer om selfgeldend op te tree en op verandering aan te dring.[100] Met hierdie optrede het hulle direk in opstand gekom teen die patriargale konsep van die man as die broodwinner, want in sommige gevalle was hulle selfs die enkelbroodwinner. Deur tydens verskeie geleenthede hulself met die veggees van die Voortrekkervroue te vergelyk, het hulle indirek die "volksmoeder"-ideologie herskryf, die eens onderdanige vrou het 'n vegter vir eie behoud geraak.

1.2.6 *Afrikaanse Christelike Vrouevereniging* (*ACVV*): feministiese Afrikaner-nasionaliste.

Marijke du Toit maak die stelling dat: "… the *ACVV* demonstrates that women were not simply the "*volksmoeder"* figure-heads of Afrikaner nationalism, but actively participated in its construction."[101] Die vraag wat ontstaan is: Hoe het die vroue van die *ACVV*, 'n Christelike welsynsvereniging, "politieke werkers" geword?

Met die stigting van die *Afrikaanse Christelike Vrouevereniging (ACVV)* en die *Suid-Afrikaanse Vroue-Federasie (SAVF)* in 1904 het die klem op welsynswerk, wat op die Bybel geanker was, geval. Die feit dat die *Zuid-Afikaanse Christelike Vrouwen Vereeniging* in 1906, kort na hul stigting, hul naam na die *Afrikaansche Christelijke Vrouwen Vereeniging* verander het, word deur Du Toit vertolk as 'n stap waarmee formele uitdrukking aan hul etniese karakter verleen is.[102] Du Toit toon aan dat die welsynsorganisasies van die begin af tussen die verskillende Afrikanernasionalismes onderskei het. So het die *SAVF* aanvanklik 'n openlike politieke verbintenis met Louis Botha en die *Het Volk Party* gehad, maar daarteenoor het die *ACVV* in

[100] Brink, " 'Maar 'n klomp "factory" meide' ", p. 198.

[101] Marijke du Toit, " 'Die bewustheid van armoed'; the *ACVV* and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928", *Social Dynamics*, 18(2), 1992, p. 19.

[102] Du Toit, "Die bewustheid van armoed" p. 4.

Kaapland, alhoewel oënskynlik streng apolities, ‘n baie meer enge omskrywing van die Afrikaner en sy nasionalistiese aspirasies gehad.[103]

Opgevoede (of “geleerde”) Afrikaners het ‘n leidende rol in die vormingsperiode van Afrikanernasionalisme gespeel - dit was ook so in die geval van die *ACVV*. Uitvoerende lede van die stedelike en plattelandse takke was die vrouens van predikante, onderwysers en akademici. Die groei van die *ACVV* het ook parallel met die groei van Afrikanernasionalisme en veral die groei van die *Nasionale Party* geloop, met die gevolg dat van hierdie vroue ook stigterslede en aktief in die *Nasionale Vroueparty* van Kaapland was.[104]

Alhoewel die lede feitlik almal lid van die NG Kerk was, is daar nie onderskei tussen Afrikanerkerke vir welsynswerk nie. Enkele gevalle wat wel voorgekom het, is vanaf bestuursvlak tereggewys. Du Toit dui aan dat die *ACVV* van die begin af gekonsentreer het om verarmde Afrikaners op te hef en hulle by die *ACVV* se ondersteuningsnetwerke, soos byvoorbeeld die NG Kerk, in te trek. Omdat hulle geglo het dat opvoeding ‘n teenmiddel vir armoede was, het die *ACVV* vir arm kinders se opvoeding betaal en ook huishoudskole vir arm dogters opgerig. Die organisasie was ook ‘n kampvegter vir die taal en het deur middel van petisies die regering gereeld oor die status van die Hollandse taal getakel.[105]

Die *ACVV* se teikengroep was die Afrikaner, maar die identifisering van die behoeftige Afrikaner op grond van huistaal en velkleur was dikwels problematies, want in die stede het baie “volksgenote” begin Engels praat en dikwels met nie-wittes huise gedeel. Die toestand van sake

---

[103] Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, p. 352.

[104] Du Toit, “Die bewustheid van armoed”, p. 3.

[105] Du Toit, “Die bewustheid van armoed” pp. 4, 10 en 12;
Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, pp. 351-352 en 356.

was so ‘n groot bekommernis vir die Kaapstad-tak dat hulle probeer het om wittes uit die “gemengde” agterbuurtes te verwyder – op hierdie wyse het die *ACVV* ook by residensiële segregasie betrokke geraak. Hulle het ook ouers aangemoedig om kinders uit die “verderwende omgewing” te red en in inrigtings te plaas.[106] Vroulike fabriekswerkers wat saam met bruin vroue gewerk het, was ook ‘n bron van kommer en die *ACVV* het probeer om hierdie meisies van geskikte verblyf te voorsien. Deur middel van sosiale klubs het hulle probeer om die fabrieksmeisies tot Afrikaners te hervorm. Die *ACVV* het ook die *Gesuiwerde Nasionale Party* ondersteun in ‘n poging om “skadelike volksvoortplanting” te keer deur gemengde huwelike te kriminaliseer en het selfs die gedagte gehad om meisies wat daardie “geneigdheid” gehad het, onder dwang te steriliseer.[107]

Die *ACVV* het gedurende die tydperk toe ekonomiese transformasie die sosiale samestelling van die Afrikanergemeenskappe bedreig het, daarin geslaag om Afrikaanssprekendes in vroue-ondersteunende en kerkgesentreerde gemeenskapstrukture in te trek. Op daardie manier sou hulle meer toeganklik vir nasionalistiese invloede in die openbare arena wees. Met die organisasie se uitgebreide netwerk oor Kaapland het *ACVV*-vroue ‘n belangrike rol in die transformasie van die armblanke tot “ware Afrikaners” gespeel.[108]

Hierdie vroue het geglo dat hulle ‘n bydrae kon maak tot Afrikanernasionalisme terwyl hul organisasie onafhanklik van manlike beheer, of die patriargale gemeenskap, gebly het.[109] Die *ACVV* se finansies en strukture was van die begin af onafhanklik van die NG Kerk, maar die kerk het toenemend druk op die vrouevereenigings geplaas om onder die sinode se beheer te kom. Die

[106] Du Toit, “Die bewustheid van armoed”, p. 18.

[107] Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, pp. 357-358.

[108] Du Toit, “Die bewustheid van armoed”, p. 19.

[109] Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, p. 361.

ACVV-leiers het dit ervaar as ‘n poging van Afrikanermans om beheer oor vroue uit te oefen. Hul teenkanting is soos volg verwoord: “Ons *ACVV* is nie ‘n vegtende groep nie, en tog kom dit my voor dat ons hier te doen het met ‘n diepgewortelde beginsel, en dat die eer van die Afrikanervrou op die spel is. Nou sal ons maar moet veg deur lydelike verset … tot die bitter einde… Hulle kan ons tog nie voor die Sinode sleep nie!… Die *ACVV* wil onder suiwer vroue-leiding bly.”[110]

In 1927 het Rothman gedink dat die era waar Afrikanermans en -vroue gelyke vennote sou wees, naby was. Sy was verkeerd. Tydens die Afrikaner Volkskongres van 1934 het die afvaardiging van die *Federale Vroueraad*, dit is die gekombineerde raad van die welsynsorganisasies van die toenmalige vier provinsies, onder andere voorgestel dat alle welsynswerk in Suid-Afrika, hetsy regerings, kerklik, plaaslik of professioneel van aard, asook die Afrikaanse vroue-welsynsorganisasies, moet koördineer en dat vroue op bestuursvlak daarby betrokke moet wees. Hul raad is gevolg: manlike politici, met insette van die NG Kerk, het wel ‘n afsonderlike departement van volkswelsyn gestig, maar sonder vroue aan die hoof - vroue kon welsynswerkers word, maar is nie toegelaat om by staatsbeleid inspraak te hê nie.[111] Die feit dat Afrikanermans, toe dit goed gegaan het met Afrikanernasionalisme, vroue opsy geskuif het, het die vroue-“volksbeweging” volgens M.E. Rothman, gekelder. Die vroue was nie meer nodig om Afrikanernasionalisme te bevorder nie en terselfdertyd is die onafhanklikheid van die vrou ook aan bande gelê, soos in die geval van die *ACVV*.

[110] Marijke du Toit en Antjie Krog, “Op pad na ‘n inheemse feminisme”, *Die Suid-Afrikaan*, 10 Oktober 1994, p. 22.

[111] *Die Burger*, 11 Januarie 1927, soos aangehaal in: Du Toit, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism*, p. 362; ook pp. 359-360.

1.2.7 Die vroue-optog van 1940: vrouebeweging of "volksmoeder-in-opdrag"?

"In een kragtige daad het die Boerevrou haar wil kenbaar gemaak." - dit was die woorde van een van die deelnemers aan die optog.[112] Die optog was oënskynlik op vroue-inisiatief gereël as protes teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog as deel van die Geallieerde Moondhede. Was dit werklik die geval?

Met die 1938 eeufeesvierings van die Groot Trek, wat Afrikanernasionalisme geweldig gestimuleer het, nog vars in die geheue, was baie Afrikaners ontevrede met Suid-Afrika se deelname aan die oorlog in Europa. Afrikaners as groep het nie die oorlog geboikot nie, want meestal aangespoor deur geldelike oorwegings, was ongeveer die helfte van die aktiewe magte Afrikaners. Afgesien daarvan om aan die kant van Engeland te veg, was daar verskeie besware van Afrikanerkant. Die feit dat die regering begin dwang toepas het om sogenaamde vrywilligers te werf deur byvoorbeeld te dreig met ontslag, verplasing, of gedurige viktimisasie, het baie met geen ander keuse gelaat as om te gaan veg nie. Ander besware was die verengelsing van die staatsdiens en petrolrantsoenering.

Afrikanerreaksie op oorlogdeelname was egter uiteenlopend. Hertzog het feitlik dadelik, as gevolg van 'n gebrek aan steun, as Eerste Minister bedank en die *Verenigde Party* verlaat. Hy is deur genl. Smuts, wat ten gunste van deelname aan die oorlog was, as Eerste Minister opgevolg. Samewerking tussen Hertzog en sy ondersteuners en D.F. Malan se *Nasionale Party* het tot die vorming van die *Herenigde Nasionale Party* in Januarie 1940 gelei. Ideologiese verskille, waarvan die vurige republikeinse strewe van die Malan ondersteuners die belangrikste was, het daartoe gelei dat Hertzog reeds aan die einde van dieselfde jaar as leier van die *Herenigde Nasionale Party* bedank het. Anti-oologsbewegings, deur Afrikaners wat simpatiek teenoor die

[112] *Die vroue-optog, 22 Junie 1940*, opgestel deur die reëlingskomitee (Johannesburg, Afrikaanse Pers, ongedateerd`), ongepagineer.

Duitse oorlogspoging gestaan het, het uitgeloop op die stigting van die nasionaal-sosialistiese *Nuwe Orde* en die semi-militante *Ossewa Brandwag*.[113] En dan was daar die vroue-optog…

Op 22 Junie 1940 het altesaam 9 800 vroue in gelid na die Uniegebou geloop waar aan die Eerste Minister ‘n versoekskrif oorhandig sou word – nog 3 968 vroue het telegramme gestuur en nog 3 829 vroue se handtekeninge is op petisies ontvang. Die redes vir die optog is reeds genoem, maar die vroue het dit as volg verwoord in ‘n brief wat deur mev. H.E.C. Armstrong, een van die organiseerders, aan genl. Smuts geskryf is:

> “Daar is tye wanneer God uit die brandende braambos spreek tot ‘n mens. Daar is tye wanneer God uit die brandende braambos spreek tot ‘n volk. So ‘n tyd was 1838, toe ons klompie Voortrekkers, kort tevore verdeeld, één geword het in hulle God-gewyde taak. So ‘n tyd was 1881, toe die burgers van een Afrikaanse Republiek, kort tevore kerklik en politiek verdeeld, één geword het in hulle God-gewyde stryd vir ‘n eie, vrye bestemming. So ‘n tyd was 1899-1902, en so’n tyd is nou weer 1940. Vandag weer spreek die God van ons vaders tot ons uit die brandende braambos van die tyd.
>
> “Die Afrikanervrou, Hoogedele, was nog nooit onwillig om haar hoogste offer te lê op die altaar van die mensheid nie. Maar dan het sy dit altyd gedoen in die diepe geloof dat haar stryd ‘n kruistog is vir reg en geregtigheid. Hierdie oorlog - ons sê dit in alle beskeidenheid, maar met al die erns waartoe ons moederharte in staat is - hierdie oorlog, wat begin is met die mees verbitterde tweedrag onder ons volk, hierdie oorlog waartoe ons strydbare manne teen hulle heiligste beginsels gedwing word, soms deur die hongernood van vrou en kind, hierdie oorlog het ons nie in die naam van God begin nie, en ons sal dit nie tot eer van God beëindig nie.”

Armstrong het die vroue se optrede as ‘n goddellike opdrag gesien en bevestig dit ook deur historiese parallelle aan te dui waar in opdrag van God Afrikanerversoening bewerkstellig is. Volgens Armstrong sien hierdie vroue hul optrede as geregverdig, want hulle reageer nie net op die stem van God wat “uit die brandende braambos” spreek teen ‘n oorlog wat “nie in die naam van God begin” is nie, maar dit is ook hul plig as Afrikanermoeders en -vroue. Na die ouer dames, wat per motor aan die optog deelgeneem het, is as “volksmoeders” verwys. Dit plaas dus die optog in die middel van die “volksmoeder”-diskoers.

---

[113] Giliomee, *The Afrikaners*, pp. 441- 443.

Daar word beweer dat die optog spontaan gereël is – dat in die kort tydjie vanaf die eerste vergadering op 17 Junie, tot die optog self op 22 Junie, alle reëlings met die hulp van die Afrikaanse pers getref is. Daar is beklemtoon dat die betoging totaal ontbloot moes wees van enige politieke kleur en in ‘n gewyde atmosfeer moes plaasvind.

Die reaksie[114] teen hierdie optog was uiteenlopend. Die koerante van die Nasionale Pers, naamlik *Die Burger*, *Die Transvaler* en *Die Volksblad*, het die optog met gloeiende retoriek ondersteun en die regering se behandeling van die vroue gekritiseer. *Die Burger* van 26 Junie 1940, skryf byvoorbeeld: “Die Afrikanervrou het meermale beledigings en verguising verduur, maar dit het steeds die vuur van nasieliefde en nasiediens helderder by haar laat brand. Onder hoon en spot het sy nog steeds geweet hoe om haar met karakteristieke waardigheid en kalmte te gedra. Die hooggeagte Regering het dit nietemin goedgedink om 500 konstabels, wat die vroue in bedwang moes hou, na Pretoria te stuur.”

Daar was ook baie kritiek teen die optog. Die motiewe van die optog is bevraagteken. Die spontane aard van die optog was onder verdenking en ‘n aanklag van “politieke knoeiery” (*Die Suiderstem,* 27 Junie 1940) is gemaak. Die Afrikaanse koerant, *Die Volkstem* van 22 Junie 1940, het berig: “Ons weet dat die prikkeling oor die lengte en breedte van die land aan die gang was lank voordat die *Nasionale Party*-blaaie - dit was ‘n bloot party-politieke gebaar - openlik tot so’n demonstrasie begin aanmoedig het. Dit was nie ‘n spontane (!) en ook nie ‘n oortuigende gebaar nie.” Die Eerste Minister se reaksie was blykbaar dat “… party-politieke propaganda in stryd met

[114] In die bladjie, *Die vroue-optog, 22 Junie 1940,* wat deur die organiseerders opgestel is, het hulle onder die opskrif: “Reaksie van die pers”, volledig positiewe en negatiewe beriggewing opgeteken. Die negatiewe reaksie is met “regstellende” kommentaar gevolg. Die feit dat die negatiewe kommentaar ook publiseer is, dui daarop dat hulle onwrikbaar oortuigd was dat hulle reg was en dat hul kritici verkeerd was. Die samestellers het sommige van die Engelse berigte vertaal en ander onvertaald geplaas.

die aangenome landsbeleid" was, aldus *Die Burger* van 26 Junie 1940. Die hand van die Afrikanerleiers was egter onmiskenbaar. Toe Mabel Malherbe, een van die weinige vroue wat 'n Lid van die Volksraad was, na die samesmelting van die *Nasionale Party* en *Suid-Afrikaanse Party* by die nuwe *Verenigde Party* aangesluit het, het haar weë van die meer "suiwer" Afrikanernasionaliste soos Verwoerd, wat by Malan se *Gesuiwerde Nasionale Party* aangesluit het, geskei. Toe Malherbe gevra is om die vroue in die optog te lei, het Verwoerd ingegryp. Dit was bekend dat Malherbe en Verwoerd nie langs dieselfde vuur gesit het nie, en daarom het laasgenoemde gesê dat onder geen omstandighede so 'n "kontroversiële politieke figuur" toegelaat moet word om dit te doen nie. Sy is gevra om terug te staan. Malherbe het nog steeds deelgeneem, maar het agter geloop.[115]

Daar was ook beswaar teen die gewyde stemming. Die *Rand Daily Mail* van 24 Junie 1940, berig soos volg: "Die sterk Godsdienstige kleur wat die verrigtinge gekenmerk het, was heeltemal misplaas. Eerstens omdat dit die politieke doel van die betoging moes verhul en tweedens omdat dit die vrede voorgestel het met 'n nasie wat die Kristendom uit 'n groot deel van Europa verban het." Dit is egter die snedige opmerking in die *Pretoria News* wat opval: "Divine discontent was on every face. I am not surprised. Most of them have been looking at themselves in the mirror."

Dit is baie moeilik om agter die werklike dryfveer van die vroue-optog van 1940 te kom. Het hierdie duisende vroue gedweë in gelid gestap op bevel van die mans of was hulle selfgedrewe? Hierdie blatante politieke optrede, waarin so 'n groot getal vrouens in 'n protesoptog deelgeneem het, het weinig vermelding in die geskiedenisboeke gekry. Wat sal die rede wees? Vir die Afrikanervroue was dit 'n voortsetting van die vrouebeweging wat in 1915 begin het – weer eens 'n beweging teen die onregmatige en tirannieke optrede van die regering. Die feit dat Hertzog-

[115] Kruger, *Gender, community and identity*, p. 14.

ondersteuners, soos Mabel Malherbe, ook deelgeneem het, kan vertolk word dat dit ‘n Afrikanervrouebeweging was. Was dit ‘n herlewing van Afrikanervroue se politieke bewussyn? Die optog bevat al die elemente wat Julia Wells as kenmerkend van moedersentriese bewegings sien, naamlik dat dit ontstaan het omdat vroue die oorlewing van hul families as bedreigd ervaar het; dit plaas vroue in die openbare oog op ‘n abnormale wyse vir ‘n spesifieke tyd en konteks en dit geniet buitengewone wye en spontane ondersteuning wat met hoë vlakke van emosies, entoesiasme en energie gepaardgaan.[116] Hiermee toon die vroue-optog sterk ooreenkomste met die anti-pasveldtogte wat deur swart vroue vanaf 1913 gevoer is.

Aan die einde van hierdie periode, 1902 tot 1940, is daar inderdaad tekens van vroue wat ‘n politieke rol gespeel het. Met geïsoleerde aktivistiese optrede van die vroue-optogte van 1915 en 1940, asook die militantheid van die vakbondvroue, het Afrikanervroue hoofsaaklik die veilige ruimte van die liefdadigheidsterrein gebruik om hul politieke voorkeure te laat geld. Afrikanervroue se betrokkenheid in die stemregbeweging was op aandrang van die mans en by insinuasie ook die optogte van 1914 en 1940. Alhoewel die Afrikanervrou se politieke stem gehoor is, het dit selde gebeur en het gedemp voorgekom.

1.3 Ná 1940: Die Afrikanervrou as onbetrokke nasionalis?

Die vroue-optog van 1940 was die laaste openlike politieke verset van die Afrikanervrou. Veertien jaar nadat die stemreg aan vroue verleen is, het Stockenström opgemerk dat die vrese van die teenkanters van die vrouestemreg nie bewaarheid is nie. Inteendeel, die vrou se politieke bydrae was teleurstellend en die vrouebeweging, waarin die Afrikanervrou slegs ‘n baie klein rol gespeel het, het feitlik van die toneel verdwyn.[117] Die oes was inderdaad skraal. Tussen 1933 tot

[116] J. Wells “The rise and fall of motherism as a force in black women’s resistance movements” (unp. paper, Conference on women and gender in Southern Africa, University of Natal, 1991), p. 3.

[117] Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg*, pp. 440- 441.

1981 is net drie Afrikanervroue tot die parlement verkies.[118] Daar is reeds aangedui hoe Afrikanervroue in die vakbonde nog tot in die 1980's polities aktief was. Vir die doel van hierdie studie, konsentreer ons egter op die middelklasvrou, want dit is sy wat haar organisasies in 1990 by die *Women's National Coalition* verteenwoordig het. Wat was die rede dat die Afrikanervrou heeltemal onbetrokke by politiek geraak het?

Volgens Rothman was die direkte oorsaak die geforseerde samesmelting met die "manne"-party - vroue het belangstelling verloor en "Hulle dryfkrag is ondermyn."[119] Daarby het die smeltingspolitiek verdeling onder die Afrikaner bewerkstellig en veroorsaak dat die vroue maar weer die mans nagevolg het. Daar was egter die uitsonderings soos in die geval van M.M. Jansen wat as vurige nasionalis geweier het om haar man, advokaat Jansen, toe Minister van Naturellesake, in sy ondersteuning van Hertzog te volg. Sy was voorheen leidster van die *Nasionale Vroueparty* in Natal en het vir baie jare op die bestuur van die *Nasionale Party* in Transvaal gedien. Hierdie "gesoute politikus" was 'n onsuksesvolle kandidaat van die *Nasionale Party* in 1938.[120] Haar selfgeldingsdrang was egter 'n uitsondering in Afrikanergeledere.

Daar is talle redes, wat in meeste gevalle inmekaar verweef is, waarom die Afrikanervrou nie in die politiek belanggestel het.

---

[118] Giliomee, "The rise and fall of Afrikaner women", p. 17.

[119] Rothman, *My beskeie deel*, p. 228.

[120] Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 56-58;
Van Rooyen, "Vroue in die politiek", p. 349.

1.3.1 "Dis nog maar 'n manswêreld"; of word dit patriargie genoem?

Tydens 'n simposium, "Die vrou in die politiek", wat in 1974 deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement gehou is, was die skryfster Alba Bouwer een van die sprekers. In haar toespraak het sy die volgende stelling gemaak: "Ons Boermense glo gelukkig nog aan die huwelik as instelling en aanvaar dat die man die hoof van die gesin moet wees, omdat dit fisiologies, sielkundig, ekonomies en prakties natuurlik is."[121] Bouwer het hier die patriargale stelsel goedgekeur. Deborah Posel beweer dat binne patriargale strukture word daar 'n mate van mag vir die vrou toegelaat – solank dit die manlike outoriteit onaangetas laat.[122] Dit is egter inderdaad die geval dat in Afrikanerhuise patriargie botoon voer, maar in dieselfde huise het vroue genoeg seggenskap om nie werklik onderdruk te voel nie, solank die buitewêreld sien dat die "kroon op die man se hoof is." Dikwels word hierdie patriargale bestaan nie noodwendig deur die man forseer nie, maar word dit veronderstel.

Bouwer was egter ook bewus van die nadele van 'n patriargale stelsel. Sy het gesê dat in die politiek en die sakewêreld die man nog nie die vrou se volle potensiaal erken het nie. Sy het bygevoeg dat daar min mans in die staatsdiens en in die sakewêreld was, wat bereid was om as ondergeskikte van 'n vrou te werk of van 'n vrou bevele te neem.[123] In 'n artikel in *Sarie* van Julie 1992 word die aanklag gemaak: "Dis nog maar 'n manswêreld." 'n Voorbeeld word gegee van 'n vrou wat haar beskikbaar wou stel as politieke kandidaat vir 'n tussenverkiesing. Haar manlike teenstander het haar persoonlik aangeval met beskuldigings dat sy nie met 'n man en kinders voldoende aandag aan die politiek sou kon gee nie. Die jare wat sy by die huis gebly het om kinders groot te maak, het sy uit voeling met die die res van die wêreld geraak, was die

---

[121] Bouwer, "Waarom so min vroue in die politiek?", Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 12-13.

[122] Deborah Posel, "Women's power, men's authority; rethinking patriarchy" (unp. paper, Conference on women and gender in Southern Africa, University of Natal, 1991), pp. 15-16.

[123] Bouwer, "Waarom so min vroue in die politiek?", pp. 12-13.

volgende aanklag. Sy is só geïntimideer dat sy haar drome laat vaar het. In dieselfde artikel word daar talle voorbeelde van diskriminasie teen vroue gegee: maatskappye sien vroue nie as ‘n goeie belegging nie, gevolglik word slegs sewentien persent van poste op bestuursvlak deur vroue beklee, en dit meestal middelvlak-poste wat nie uitvoerende mag besit nie; vroue wat uit bevorderingsposte gehou word; feitlik geen vroulike skoolhoofde nie; die Broederbond wat “broeders” bevoordeel, en vele meer. Die slotsom is dat vrouens in die manswêreld nie ‘n kans staan nie, nie in die politiek nie en ook nie in ander beroepe nie.[124]

Truida Prekel noem bogenoemde voorbeelde van diskriminasie “eksterne probleme” en beweer dat mans dit nie doelbewus doen nie, maar dat dit ‘n onbewustelike voorsetting van paternalisme is. Joan Hambidge het in 2004 van “ingewortelde paternalisme” gepraat toe daar melding gemaak is dat damesstudente nog steeds op aanbeveling van hul ouers ‘n “trouman” soek.[125] Prekel onderskei tussen die “Protective Paternalistic Gentleman” (PPG) en die “Male Chauvinist Pig” (MCP). Die insinuasie is dat Afrikanermans “PPG’s” is, en word bevestig deur Jane Raphaely, redaktrise van *Cosmopolitan*, se mening oor die mans in Nasionale Pers: “Afrikaanssprekende mans … is verbasend beskermend en ouwêrelds hoflik.”[126] Vir die meeste vroue is sulke gedrag aanvaarbaar en laat hulle gekoester voel, daarteenoor laat chauvinistiese gedrag vroue minderwaardig voel, maak hulle kwaad en laat hulle oorreageer. Maar dit is ook gewoonlik die “PPG” wat soms onbewustelik diskriminasie toepas en lippediens doen ten opsigte van gelykheid, aldus Prekel.[127]

---

[124] Carlien Wessels, “Word nog teen ons gediskrimineer?”, *Sarie*, 22 Julie 1992, pp. 42-43.

[125] Truida Prekel, “South African women – meeting the challenges of the 1990’s”, Margaret Lessing (ed.), *South African women today*, (Cape Town, Maskew Miller Longman, 1994), pp. 12-14;
Joan Hambidge, Paneelbespreking, Woordfees, Stellenbosch, 2004.

[126] Marita van der Vyver, *Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na Die Burger en die Nasionale Pers*, (ongep. M.A.-tesis, US, 1987), p. 180.

[127] Prekel, “South African women – meeting the challenges of the 1990’s”, p. 13.

Volgens Prekel is “interne pobleme” van die vrou self afkomstig, byvoorbeeld dat hulle nie in hul eie vermoëns glo nie, onsekerheid óf hulle net vir ‘n inkomste wil werk en óf hulle ‘n loopbaan wil bou, en ‘n gebrek aan selfgelding, inisiatief en dryfkrag. As gevolg van hierdie onsekerheid raak vroue hipersensitief, word hul gevoelens maklik seergemaak en gevolglik, soos in die geval van die aspirant- politikus, onttrek hulle. Meeste vroue word deur ‘n kombinasie van eksterne en interne probleme teruggehou.[128]

Om vroue te manipuleer pas Afrikanermans dikwels ‘n hele paar tegnieke toe:

1.3.2 Die beklemtoning van vroulikheid of die beklemtoning van die verskille tussen die man en vrou

Tydens dieselfde simposium van 1974 het dr. N. Diederichs, Minister van Finansies, die verskille tussen mans en vroue beklemtoon, naamlik: “Die man het te doen met die meer verstandelike, die man het te doen met die meer uiterlike van die volk. En u het te doen met die innerlike, die waardesy, die onsienlike, die gevoelsmatige, die intuïtiewe wat in die politiek nodig is.” Diederichs se opdrag aan die vrou was dat sy met al haar spesiale kwaliteite soos ‘n “filtreerbuis” moet wees waardeur die volkslewe moet gaan en “behou wat goed en reg en blywend en ewig en skoon en edel is, wat eie aan daardie volk is.”[129] Hierdie veredeling van die vrou herinner aan die woorde van Stockenström: “…die eeue-oue pedestal-idee, waardeur dit vir vroue as onbetaamlik beskou was om hulle in die harwar van die politiek te begewe.”[130] Diederichs wys daarop dat politiek vuil is, maar as die vrou haar daarin begewe, “…moet sy nie daar gaan sit soos ‘n man nie, die werk doen wat ‘n man doen nie, maar dat sy dit met die kenmerkende eienskappe en kwaliteite wat ‘n vroue alleen besit, doen.” Hy waarsku dat “Wanneer sy nie meer vrou is nie,

[128] Ibid., pp. 12-14.

[129] Dr. N. Diederichs, “Rol van die vrou in diens van die nasie”, in Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 24.

[130] Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging*, p. 46.

wanneer sy die taak van die man wil verrig, dan verloor sy daardie gevoelsvermoë en daardie intuïtiwiteit, dan verloor sy daardie eienskappe waarvoor ons haar werklik nodig het."[131] Die boodskap wat gebring is, is dat die vrou nie kan en mag soos die man wees nie. Mens wonder hoe Diederichs se referaat deur die gehoor ontvang is; deur met die een hand te gee - sy is goed in gevoelsake, word 'n aweregse hou met die ander hand gegee - sy is nie goed met die verstandelike nie. Die meeste vroue het hulle egter hierdie rol laat welgeval. In die woorde van Marjorie Ferguson, " 'being good' at being a woman involves doing womanly things at regular and appointed time."[132]

Tydens dieselfde simposium het senator De Klerk hulde gebring aan twee vroue-senatore. Hy het die volgende van Mathilda Koster gesê: "…ons mans in die senaat was dit eens dat sy vergelykbaar was met enige manlike lid wat debateerkrag en lewering van 'n toespraak betref." Ongetwyfeld was die doel om haar aan te prys, maar deur haar te meet aan manlike kollegas van wie sommiges ongetwyfeld treurige redenaars was, demonstreer hy sy vooroordeel dat die vrou nie beter as die man kan wees nie. Ook sy huldeblyk aan Tibbie Visser: "Sy was 'n kranige voorvegter vir die regte van vroue, maar dan nie vir die 'mannetjiesvrou' nie, maar die Afrikaanse vrou en moeder, wat haar taak en roeping verstaan en rustig haar bydrae gelewer het."[133] Vir meeste Afrikanermans en -vrouens was dié patriargiale retoriek dalk so diep ingewortel dat hulle dit waarskynlik nie eers agtergekom het nie.

Wat die Afrikaner politici dus gedoen het, was om vroue te stereotipeer en om die nie-stereotipe, die sogenaamde "mannetjiesvrou", ook later genoem die "Margaret Thatcher"-sindroom, waarvan

---

[131] Diederichs, "Rol van die vrou in diens van die nasie", p. 22.

[132] Marjorie Ferguson, *Forever feminine: women's magazines and the cult of femininity* (Aldershot, Gower Publishing Company Limited, 1985), p. 7.

[133] Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 64.

sommige geleer het om die spel selfs beter as mans te speel, ‘n negatiewe konnotasie te gee en ook as die uitsondering af te maak. Dié stereotipering van geslagte is nie vir alle mans aanvaarbaar nie. Franklin Sonn het die volgende stelling gemaak: “Die menslikheid van sowel mans as vroue word verwring deur mans net in positiewe of dominante rolle voor te stel, en vroue net in negatiewe of passiewe rolle.” Kate Jowell het dieselfde begrip anders verduidelik: manlike stereotipes soos die geharde onemosionele, analatiese besluitmemer is ‘n skaars spesie.
Sy meen dat suksesvolle mans het dikwels intuïtiewe, kreatiewe of selfs emosionele eienskappe – eienskappe wat gewoonlik eerder “vroulik” as “manlik” bestempel sal word.[134]

Bouwer het ‘n opmerking wat M.E. Rothman al in 1923 gemaak het, herhaal: “Hulle (die mans) kan maar nie gewoon (sic) raak aan die gedagte van ‘n gelyk-optredende vrou nie. Hulle beskou ons nog as ‘n ander soort mens, en dit bewys hulle deur ons gedurig te prys en te vertel en herhaal en weer te vertel hoe goed en knap ons is, en hoeveel beter as hulle. Sou dit waar wees?” Sy vra dan ook “Prys die mans mekaar ook so?”[135] Hierdie optrede van mans, die (valse?) ophemeling van die vrou, sluit aan by die “pedestal”-gedagte, maar uiteindelik word die verskille tusen die twee geslagte daarmee beklemtoon.

Dit is egter ironies dat die hoog geprese “tipies vroulike eienskappe” waarmee Afrikanernasionaliste die vrou eerder tuis wou hou, haar juis ‘n paar jaar gelede in aanvraag op die arbeidmark gemaak het. Met tipiese vroulike eienskappe kon sy ‘n unieke bydrae maak. Maar weer eens het die mans dit omgeswaai - manlike kollegas, wat sekerlik bedreigd gevoel het, het die gesogte eienskappe soos vroulike intuïsie, vroulike logika en die vrou se aandag aan detail, as uiterste onsin en tydmors afgemaak.[136]

---

[134] Van der Vyver, *Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers,* pp. 226-227.

[135] Alba Bouwer, “Waarom so min vroue in die politiek?”, in Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 12-13.

[136] Elretha Moolman, “Koes manne, die vroue neem oor!”, *Huisgenoot*, 31 Mei 1984, p. 114.

1.3.3 "Agter elke man …" Die Afrikanervrou agter die skerms

Met die verskille van die manlike en vroulike rol in die politiek uitgesorteer, wat mag die vrou dan doen? Jan van Rooyen skryf in 1972 dat die vrou se plek nie in die wetgewende liggame hoef te wees nie, maar "Gaan kyk maar hoe die verkiesingskantore van alle partye vol vroue sit wat met adresse, kaartjies, korrespondensie ens, besig is... Die vroue help die geld vir die organisasie insamel en maak die kos en die koffie."[137] Hy ken dus aan die vrou 'n party-ondersteunende rol toe. Connie Mulder, die politikus, het ondersteuning tuis gesoek: "Vir my moet die huis 'n snoesige hoekie wees waarheen ek kan terugkeer van die storms van die lewe en waar ek opnuut ongehinderd myself kan terugtrek, kragte kan versamel om weer die vyand te kan gaan aandurf as dit nodig is." Hy het ook beklemtoon dat namate die man se posisie toeneem, des te meer moet die vrou se ondersteuning toeneem.[138] Muller het die vrou se politieke rol soos volg gesien:

> "Ek vra dus insig, en daarmee saam kom kennis, en daarmee saam kom navorsing, belangstelling in die politiek. U moet luister en u moet weet wat aangaan, u moet navors, u moet self studeer, u moet indringende vrae vra vir u eie eggenoot, - u moet indringend belangstel en saam praat en saam leef want hiervandaan vorentoe sal die man dit nie alleen kan doen nie. U sal met hom moet saamstaan, meer nog as in die Voortrekkertyd toe die vrou by die man moes staan."[139]

Mulder se opdrag aan die Afrikanervrou was dat sy met politieke kennis gewapen moes wees, ondersteunend en tuis soos die Voortrekkervrou van weleer, al was dit honderd en veertig jaar later. 'n Tipiese voorbeeld van so 'n Afrikanervrou, was Maria Louw, tweede vrou van D.F. Malan; sy was voor haar troue prominent in eie reg, ambisieus en met 'n belangstelling in die politiek. Toe sy met Malan getrou het, het sy alles prys gegee, "Haar lewe is immers aan hom

---

[137] Van Rooyen, "Vroue in die politiek", pp. 356-357.

[138] C.P. Mulder, "Die vrou in toekomstige politieke bedeling", in Malan, *Die vrou en die politiek*, pp. 26-28.

[139] Mulder, "Die vrou in toekomstige politieke bedeling", p. 29.

gewy; sy het hom besitlik beskerm en versorg."[140] Haar moontlike frustrasies en spanning het nooit gewys nie.

Alhoewel Truida Prekel beweer dat vroue polities "uit die kas geklim" het en dit bewys deur onafhanklike politieke denke, is daar onder die name wat sy opgenoem het, byvoorbeeld die families Barlow-Waring-Koch-familie en Badenhorst-Durrant-Camerers, geen Afrikanervrou nie.[141] Afrikanervroue het skynbaar Muller se toegewing ter harte geneem, "Ek wil nou sê dat die vrou nou lank genoeg *agter* die man gestaan het. Ons verwag nou van 'n vrou om *langs* ons te kom staan – nie vóór ons nie, maar langs.[142]

1.3.4 Die vrou se rol as bewaker van die volk

> "U as vrou, u werk in die politiek … u taak is veral om te help om die volk te bewaar, te beveilig, sy toekoms te verseker, om die innerlike wese van 'n volk veilig en onaantasbaar te hou om die gevare te voel kom en te waarsku sodat die man sy verstand sal gebruik om die middele te soek om die volk te verdedig en te bewaar teen die aanvalle wat dreig."

Bostaande was die opdrag van minister Diederichs tydens die simposium van 1974. Sy taak aan die vrou was tweeledig: eerstens was sy bewaker van die sedes en tweedens was sy bewaker teen die vyand van die volk. Diederichs het sy toespraak op 'n eerbiedige toon afgesluit:

> "U moet dit u taak beskou om as wagters op te tree, nie soseer op die Sionsmure nie, maar as wagters hier in die binnekamer, wat luister … 'n volk wat bedreig word van binne en van buite, 'n volk wat tog homself moet uitleef en homself moet bewys in die wêreld, is dit ons bede dat u, die vroue van ons nasie, steeds die Genade van Bo sal ontvang om te voel en oor te dra om te bewaar en te beskerm, om te waarsku waar dit nodig is en om, as vroue van die *Nasionale Party*, die Party wat ons glo geroepe is om ons volk na binne en na buite te beveilig, dat u die *Nasionale Party* en ons volk, met die vermoëns wat alleen die vrou besit, tot in lengte van dae sal bly dien en bewaar."[143]

---

[140] Deborah Gaitskell e.a., "Historiography in the 1970's: a feminist perspective" (unp. paper, Conference on Southern African studies, retrospect and perspective, University of Edinburgh, 1983), pp. 2-3.

[141] Truida Prekel "Women's role in building bridges and seeking solutions", Gideon Jacobs, *South Africa – the road ahead* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1986), p. 221.

[142] Mulder, "Die vrou in toekomstige politieke bedeling", p. 27.

[143] Diederichs, "Rol van die vrou in diens van die nasie", pp. 22 en 24.

In hierdie woorde bevestig Diederichs die goddellike geroepenheid van die Afrikanervolk, asook die feit dat die volk altyd deur die "vyand" bedreig word, eers die inboorlinge, toe Engeland en in die 1970's die vyand "van binne en van buite" wat neergekom het op alle kritici van die Afrikanernasionaliste se beleid. Hy het die vrou met haar intuïtiewe eienskappe wat haar so verskillend van die man maak, die rol van beskermer opgelê, om dit wat heilig vir die Afrikaner was, te help bewaar en haar sodoende indirek 'n politieke funksie laat vervul.

Suid-Afrika se veiligheid was in die 1970's en die 1980's 'n daaglikse realiteit. Met "uhuru" as strydkreet in Afrika, buurlande soos Lesotho, Swaziland en Botwana wat onafhanklik geword het en vryheidsoorloë wat vanaf 1961 in Angola gewoed het, gevolg deur Mosambiek in 1964 en Namibië en Zimbabwe in 1966, was daar heelwat rede tot kommer. Die onafhanklikheid van die Portugese kolonies, Angola en Mosambiek, in 1975, het die vrese laat ontstaan dat verbode vryheidsbewegings, soos die *African National Congress* (*ANC*), basisse in dié lande sou oprig.[144]

Martina Botha, eggenoot van minister Fanie Botha, het by die simposium gesê dat "die aanslae teen Suid-Afrika meer venynig, meer slu en meer berekend …" geword het. Sy het vervolg deur te sê dat terwille van die voortbestaan van die land moes vroue hul politieke taak met veel groter doelgerigtheid en met veel groter vasberadenheid aanvaar. Sy het beklemtoon dat hierdie taak in die huis was, veral deur die weerbaarmaking van die jeug.[145] Om die land en Afrikanernasionalisme te beskerm was die opdrag wat niemand bevraagteken het nie, dié wat dit wel gedoen het, was deel van die vyand. Die vrou se taak het al meer "uitdagend" geword.

---

[144] Merran Willis Phillips, *The end conscription campaign 1983-1988: a study of white extra-parliamentary opposition to apartheid*, (unp. M.A. dissertation, UNISA, 2002), p. 4.

[145] Martina Botha, "Uitdaging vir die vrou", in Malan, *Die vrou en die politiek*, p. 7.

Binnelandse verset teen apartheid het vanaf 1976 met die uitbreek van die Soweto-opstande, stelselmatig toegeneem. Met hierdie toenemende gevaar het die regering militêre diensplig reeds in 1967 verpligtend gemaak, dit in 1972 van nege tot twaalf maande en in 1977 tot twee jaar verleng. Na 1979 het die *ANC* weer met guerillataktiek begin en die Suid-Afrikaanse weermag (SAW) is vanaf 1984 in swart woonbuurte ontplooi. Sowat 35 000 manskappe was nodig.[146]

"Die skrif aan die muur is rooi" – hierdie was 'n tipiese slagspreuk waarmee die rooi gevaar, kommunisme, 'n Bybelse konnotasie gegee is.[147] Vanaf 1977 was die "totale aanslag" en "totale strategie" die nuwe wagwoorde van die apartheidsideologie. Opofferings deur wittes, soos diensplig, is gesien as noodsaaklik, want daar is geveg teen uiterstes: "Christendom" teen "ateïsme", "demokrasie" teen "totalitarisme" en "orde" teen "chaos". In 1985, met die toenemende binnelandse onrus, het die SAW beklemtoon dat die destabilisasie van Rusland afkomstig was, dat die *ANC* die werktuie was en dat die SAW die beskermer van alle groepe in Suid-Afrika was.[148]

Hoe het Afrikanermoeders die eise wat diensplig aan hulle gestel het hanteer? In die Afrikaanse vrouetydskrifte, *Sarie* en *Rooi Rose*, is daar nie veel aandag aan diensplig gegee nie. Die artikels wat wel verskyn het, het die status quo aanvaar en nie bevraagteken nie – vir seuns was diensplig as die nodige oorgangstadium van kind tot volwassene gesien. Probleme soos alkoholisme, psigologiese stoornisse en familiegeweld by dienspligtiges is dikwels met die weermagondervinding verbind. Die weermag het dit egter onsimpatiek ontken en moeders en vroue aangeraai om met probleme saam te leef. Die blaam is eerder op huishoudelike probleme of die individu geplaas en gesê dat probleme ontstaan as gevolg van afwykende gedrag soos

---

[146] Phillips, *The end conscription campaign*, pp. 5-6, 10 en 16.

[147] Carolize Jansen, "Apartheid and religion" http://www.postfun.com/pfp/features/98/may/cjansen.html.

[148] Phillips, *The end conscription campaign*, pp. 22-23.

dwelmmisbruik of homoseksualiteit. Afrikanervroue het oor die algemeen die situasie gelate aanvaar, maar met die eskalering van diensplig sterftes gedurende laat-1987 en 1988 het “die dam gebars” - in die *Fair Lady* het twee Afrikaanse moeders hul pyn en verwarring na die dood van hul seuns beskryf. Een van hulle was verbitterd oor die feit dat haar seun in ‘n “ander land” dood is en nie op die grens nie. Soos so baie vroue het hulle geglo dat hul seuns “slegs” grensdiens gaan doen het. As gevolg van die noodtoestand wat in Suid-Afrika geheers het, het die joernalis van die artikel verduidelik dat sy slegs die hartseer beklemtoon en nie die oorlog veroordeel nie.[149]

Afrikanervroue is ook “opgekommandeer” en deel van die stryd gemaak. In 1978/79 het die Federale Raad van die *Nasionale Party* ‘n pamflet genaamd “Women our silent soldiers”, uitgegee. Die vyand was kommunisme en vroue die “onsigbare wapen”, die “onmisbare soldate”. Om die vyand te herken was die belangrikste wapen en vroue is gewaarsku teen die “slang in eie boesem”, want selfs in die familie-, sosiale- en politieke kringe kon die vyand weggekruip het. Belangrik vir hierdie tesis is dat vroue teen organisasies soos *Vroue vir Vrede* en *Kontak* gewaarsku is, want hierdie organisasies het hulle vir beter verhoudinge tussen wit en swart gemeenskappe beywer en onder andere op opvoedkundige integrasie aangedring. Vroue is aangesê om teenoffensief teenoor hul huiswerkers op te tree deur byvoorbeeld hul kamers te inspekteer om te kyk of daar nie vreemdes bly nie, op die uitkyk te wees vir literatuur van kommunistiese oorsprong of wat terreur kan saai en wapens en kleredrag wat nie in Suid-Afrika vervaardig is nie. In 1986 het *Vroue vir Suid-Afrika* ‘n pamflet uitgegee wat vroue aangemoedig het om in gesprek met hul huiswerkers te tree. Daar is geargumenteer dat swartes “naïef” en “deurmekaar” is en dat hulle nie geweet het wat die redes vir die onrus in die land was nie. Voorbeelde van “modelgesprekke” is gegee waartydens huiswerkers gewaarsku moes word teen

[149] Phillips, *The end conscription campaign*, pp. 18, 166, 169-173.

die *ANC*, die *United Democratic Front*, die *Suid-Afrikaanse Raad van Kerke*, asook die kommunisme.[150]

1.3.5 Ekonomiese welvaart hou die Afrikanervrou in die rol van moeder en huisvrou

Reeds in 1969 is die waarneming gemaak dat Afrikaners welaf geraak het en dat hul sosiale aansien gestyg het, maar dat dit gelei het tot te veel selfvertroue en dat hulle gemaksugtig geraak het.[151] Die Afrikaner het inderdaad welvarend geword. Van die mees ooglopende redes was dat die Afrikaner, soos alle wittes, gedeel het in die hoë ekonomiese groei van Suid-Afrika sedert 1933; die suksesvolle etniese mobilisasie van die Afrikaner in 1948 het vir die Afrikaner politieke mag en/of staatsbegunstiging besorg; Afrikanerboerekapitaal is in Afrikanersakeondernemings belê en die verbetering van opvoedkundige fasiliteite vir Afrikaners sedert 1948.[152]

Daar is ‘n teorie dat Afrikaner politieke en kulturele leiers die volk welvarend wou maak, maar ook terselfdertyd wou isoleer. Daar is verskeie voorbeelde van isolasie, wat nie net op rassegronde deurgevoer is nie, maar ook op kulturele vlak, soos byvoorbeeld deur sensuur en op godsdienstige terrein. Beinart beweer dat welvaart die Afrikaner laat deel het in die Westerse kultuur van werk en plesier wat verskeie ontsnappingsroetes uit die kokon gegee het – vanaf die 1970’s, versterk deur die koms van televisie in 1976, het verwêreldliking by die Afrikaner ingetree.[153]

---

[150] Aletta J. Norval, *Deconstructing apartheid discourse* (London, Verso, 1996), pp. 203-205.

[151] David Welsh, “Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism”, *The Journal of Modern African Studies*, 7, 2 (1969), p. 272.

[152] Hermann Giliomee en Heribert Adam, *Afrikanermag, opkoms en toekoms* (Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars, Stellenbosch, 1981), pp. 129-130, 135.

[153] W. Beinart, *Twentieth Century South Africa* (Oxford, Oxford University Press, 1994), pp. 178-179.

Welstand het egter tot “onheilspellende gemaksug” gelei, aldus Alba Bouwer. Sy het dit soos volg gestel: “As ek van ons koerante en tydskrifte moet oordeel, bly die vroutjies teenswoordig baie besig om hulle voorkoms te versorg en om in ‘n terrasrok op ‘n patio te onthaal.” Sy het “onprysenswaardige gemaksug” en “ ‘n nuwe bewustheid van die streling van die kalklig” en “ ‘n drukker sosiale lewe” as redes aangevoer waarom vroue nie tyd het nie, definitief nie tyd vir politiek nie.[154]

Dit bring ons dan by die politiek as loopbaan. Van Rooyen het gesê dat die rede waarom die Afrikanervrou nie in die Parlement is nie, is omdat “die vrou stel haar eerste plig, dié teenoor die gesin, *eerste*”, en vervolg deur te verduidelik dat min vroue dit regkry om naas gesin en ander pligte in die onmiddellike gemeenskap, ook nog ‘n kiesafdeling te behartig.[155] Hierdie keuse is deur welvaart vergemaklik. Bouwer het die eise van die moderne lewe beklemtoon: “Soveel van ‘n getroude vrou se tyd, aandag en geestesenergie gaan in die voortbring en grootbring van kinders, veral vandag omdat daar hoër eise aan die man in sy beroepslewe gestel word en hy langer ure buitenshuis moet werk. Al hoe meer verantwoordelikheid vir huis en werf rus op die skouers van die vrou. Teen die tyd dat sy haar kinders grootgemaak het, het sy miskien die verantwoordelikheid vir bejaarde ouers, en daarby is dit ook die tyd wanneer die middeljare sy skroef op liggaam en gees begin vasdraai. Waar bly tyd en krag oor vir ‘n loopbaan in die politiek?”[156]

Bouwer waarsku dat vrouens aan hul dogters en seuns die beeld uitdra van “… oormatig klem op die uiterlike vertoon – ‘die goedversorgde voorkoms en die regte uitrusting’ soos vroueblaaie meermale skryf - die sjarme en die bybly met die mode, sodat ‘n meisie haar op die ou end sien as

[154] Bouwer, “Waarom so min vroue in die politiek?”, pp. 14-15.

[155] Van Rooyen, “Vroue in die politiek”, p. 356.

[156] Bouwer, “Waarom so min vroue in die politiek?”, p. 14.

‘n fyne rankertjie wat ten alle koste haar stutmuur moet soek en haar nie hoef te kwel oor landsake nie omdat dit tog die man se wêreld is.” Haar mening was dat die status en ekonomiese voordele wat Afrikanervroue geniet eerder tot naastediens aangewend moet word.[157] Maar uiterlike vertoon was vir Afrikanerleiers ook belangrik, Connie Mulder het veral met die oog op die koms van televisie, die belangrikheid van die korrekte voorkoms beklemtoon, veral die beeld van die man en die vrou in die publieke oog: “Daarvoor moet kleredrag korrek wees, daarvoor moet optrede, persoonlikheid, alles eenvoudig net reg wees.”[158]

In Suid-Afrika was die vrou in die 1980’s in ‘n oorgangstydperk. Faktore soos die ekonomiese klimaat, die feminisme en verhoogde akademiese kwalifikasies het daartoe bygedra dat dit vir die vroue aanvaarbaar geword het om ‘n beroep te beoefen. ‘n Studie wat gemaak is oor die vrou in Suid-Afrikaanse advertensies in die tagtigerjare het getoon dat, ten spyte van die feit dat slegs 33% van blanke vroue werksaam was, die vrou nie in advertensies as oorwegend huisvrou-cum-moeder uitgebeeld is nie, maar eerder in ‘n ongeïdentifiseerde rol. Die verklaring was dat ‘n groot deel van die samelewing reeds die veranderende waardes en norme van die rol van die vrou aanvaar het.[159] Dit sluit aan by ‘n studie wat in 1985 oor vroue in die werkplek gemaak is: dit het bevind dat slegs 23% van volwasse wit vroue huisvroue is, en ‘n verdere 11% van plan is om weer te gaan werk as familieverpligtinge dit toelaat. Truida Prekel is van mening dat daar onder wittes ‘n positiewe korrelasie is tussen die lengte van tersiêre opleiding en loopbaanbetrokkenheid. Dit lyk asof die Afrikanervrou ‘n uitsondering is en die aanklag, “They were sent to university to get a degree and were then sent to the suburbs to go mad”, eerder van toepassing is. Die rede hiervoor is dat Calvinisme en die middelklas-waardesisteem dikwels teen

---

[157] Ibid., p. 17.

[158] Mulder, “Die vrou in toekomstige politieke bedeling”, p. 27.

[159] Angela Petersen, *Die uitbeelding van die vroulike rol in advertensies in Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte* (ongep. M.A.-tesis, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988), pp.118 en 124-125.

werkende moeders gekant is.[160] Deel van bogenoemde tendens is die aanklag dat vroue deur hulle eie tradisionele beeld gekniehalter word. Die meeste vroue ervaar steeds ‘n verwarrende skuldgevoel as ‘n beroep buite die huis vir hulle werklik belangrik word. Dit is nie net mans wat die verlede as maatstaf gebruik om vroue te veroordeel nie – vroue meet hulself voortdurend aan die verlede. Wat hulle in die verlede beter as vandag kon doen, soos om ‘n huishouding te behartig, laat hulle skuldig voel.[161] Wat ook ‘n rol speel is dat nie-werkende vroue dikwels negatiewe opmerkings maak oor die afwesigheid van werkendes in ondersteunende rolle by die skool en die kerk en kla maklik dat hulle byvoorbeeld die werkendes se kinders moet rondkarwei.

Namate die Afrikaners welvarend geraak het, kon Afrikanergesinne dit bekostig dat die vrou tuis bly – sy het voltyds huisvrou en moeder geraak en het ook ‘n huiswerker in diens gehad. Hierdie toestand, soos reeds aangedui, is deur Afrikanerleiers en -kerke goedgekeur. Om ‘n huishouding te bestuur was ‘n voltydse taak, maar hulle was terselfdertyd ook “volksmoeders”, die draers van die Afrikanerkultuur en -nasionalistiese aspirasies, en hul beloning was om moeders te wees van suksesvolle seuns en dogters wat hul land en die Afrikaner dien.[162] Deur tuis te bly verrig hulle egter ook ‘n ekonomiese rol, want hul huishoudelike take, saam met die opvoedingsrol, onthaalrol, as motorbestuurder, ensovoorts, verskaf die agtergrond waarteen mans en kinders hulle loopbane kan bevorder.[163] Die Afrikanervrou het gemaklik van “volksmoeder” na (slegs?) moeder en huisvrou verskuif.

---

[160] Prekel, “Women’s role in building bridges and seeking solutions”, pp. 218-220.
Aanhaling deur Elsabé Brink, “Kappies, kopdoeke en kommuniste – Afrikaanse vroue van toeka tot nou”, http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp, p. 5.

[161] Van der Vyver, *Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers*, p. 220.

[162] Giliomee, “The rise and fall of Afrikaner women”, pp. 20-21.

[163] Prekel, “Women’s role in building bridges and seeking solutions”, p. 220.

Baie Afrikanervroue was in die posisie om te kies of hulle wou werk of nie. Met hul geriewe rondom hul versamel wil dit voorkom asof die Afrikanervrou oor die algemeen agtergebly het. Daar kan argumenteer word dat sy dalk vir haar ‘n nuwe kokon geskep het, ‘n kokon wat nou al die voordele wat geld en mag inhou, inkorporeer het.

Antjie Krog het in 1986 die Afrikanervrou as volg opgesom: “The Afrikaner woman, in my view, is a privileged species, unique on earth. We enjoy the limitless freedom of time granted us by cheap, intelligent, black domestic help. So we can select the titbits and specialize in entertaining, or designing clothes, or studying, or gardening, becoming a connoisseur in silver, and making our own pots or poetry for Christmas… I blame the men for it. They like it that way. The more idle their wives, the more successful they obviously must be.”[164] Krog se uitbeelding is sekerlik oordrewe en oorvereenvoudig. Haar mening dat die skuld by die mans lê, is opsigself insiggewend – weer eens ‘n geval van die Afrikanervrou toegespin in ‘n kokon van gemak, wat nie verantwoordelikheid aanvaar nie. Frene Ginwala het wit vroue as “pets” van wit mans beskryf – troetelgoedjies as gevolg van hul verhouding met wit mans met wie hulle bevoorregting gedeel het. Sy het hierdie beskrywing gebruik as kontras met swart vrouens wat sy as “chattels” van swart mans beskryf het – los goed waarvan maklik ontslae geraak kon word.[165]

1.3.6 Die rol van die kerk

Afrikanervroue se rol in die huis en daar buite is tot ‘n groot mate deur die Kerk bepaal. Alba Bouwer wys op die Afrikaanse kerke wat, “dank die Vader daarvoor”, ‘n toonaangewende rol in die land gespeel het, maar wys terselfdertyd daarop dat ‘n vroulike lidmaat in ‘n kerklike vroueverenigingleiding kan neem, die toon aangee, sy kan daar belangrike werk doen, maar in

[164] Antjie Krog soos aangehaal in: Cloete, “Afrikaner identity”, p. 53.

[165] Frene Ginwala, “Women in South Africa shape democratic change”, http://library.fes.de/fulltext/iez/00060003.htm, p. 2.

die gemeente as sodanig het sy geen seggenskap nie - dit druis teen die hele beleid van die kerk in om ‘n vrou in ‘n leiersposisie te plaas.[166] Die kerk se houding is grootliks gebaseer op Paulus se briewe aan die Korinthiërs en aan Timotheus (I Kor. 14: 34-36 en I Tim. 2;11, 12) waar die aksent veral geplaas is op die ondergeskiktheid van die vrou aan die man, die hulpverlenende taak van die vrou en die eis dat die vrou in die gemeente moet swyg.[167] Hierdie houding van die kerk wat hulle tweedeklas lidmate gemaak het, het ook Afrikaanssprekende vroue en mans gekondisioneer ten opsigte van die vrou en haar plek as dit by landsbestuur kom.[168]

Afrikanervroue is oor die algemeen gehoorsaam. Cloete sê gehoorsaamheid is inherent aan die Afrikaner se geloof dat hul deur God uitverkose is en tesame met al die paralelle wat met die Israeliete getref is, is ook dat hulle gehoorsaam moet wees, in hierdie geval aan die kerk, maar ook aan die volksleiers.[169] Om dieselfde rede het vroue in 1991 in opdrag van Afrikanerleiers by die *WNC* aangesluit.[170]

M. Elaine Botha is van mening dat die “swye” wat Paulus aan die Christenvrou opgedra het ‘n verskoning is vir belangeloosheid en traagheid in kerklike en maatskaplike sake. Sy glo ook dat baie vroue verskansing soek in ‘n opvatting van vroulikheid wat ‘n minimum verantwoordelikheid, sowel binne die huwelik en gesinslewe as daarbuite, impliseer. Botha meen dat die Bybelse voorskrifte gerieflikheidhalwe talle vroue hulle laat welgeval omdat dit die lewe op die oppervlakte baie makliker maak. Sy maak die stelling dat die onderwaardering van die vrou nie slegs van die manlike kant kom nie, maar dat talle vroue dit verwelkom. As daar in die

[166] Die NG Kerk het sedertdien sy beleid omtrent die vrou in leiersposisies verander.

[167] M. Elaine Botha, *Die vrou moet haar plek ken…*(Instituut vir bevordering van Calvinisme, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1975), p. 6.

[168] Bouwer, “Waarom so min vroue in die politiek?”, pp. 11-12.

[169] Cloete, “Afrikaner identity”, p. 43.

[170] Sien hoofstuk 3, pp. 142-149.

samelewing waarin sy haar bevind nie verwag word dat sy ‘n konstruktiewe bydrae moet lewer nie, geen intelligente gesprek moet voer nie, of liewer nie moet dink nie, dan doen sy dit so. “Die gemak waarmee die vrou die rol van kerklike spysenier aanvaar … laat mens telkens weer verstom staan.”[171]

Daar word selfs die aanklag teenoor die Afrikanervrou gemaak dat sy ‘n “slagoffer-bewussyn” (victim consciousness) het. Daarmee word bedoel dat vroue verkies om minderwaardig te wees. Daar word suggereer dat die oorsprong van hierdie bewussyn by die Afrikanervrou se godsdiensbelewenis lê.[172]

Een van die hoofdoelwitte van die Afrikanervroueorganisasies wat lid was van die *WNC*, was om hul Christenskap uit te leef. Hulle sou dan ook deur bogenoemde beginsels beïnvloed geword het.

1.3.7 Afrikanervroue is polities onverantwoordelik

“As jy ‘n stortvloed emosies en reaksies wil ontketen, noem net die woord ‘vroueregte’ in ‘n geselskap.” Mans raak verontwaardig omdat vroue dan “eie regte” moet kry en vroue word “vuurwarm” omdat daar so min aandag daaraan geskenk word. Vroue sal baie vinnig verskeie voorbeelde van diskriminasie teen vroue gee, of dit nou in die beroepswêreld is, in die gesin, seksuele uitbuiting, of baie ander. Bostaande stelling is gemaak in die *Sarie* van April 1993, net nadat die regering sy konsepwette teen diskriminasie voorgelê het. Kenners oor ‘n wye spektrum is geraadpleeg: Margaret Lessing van die *Vroueburo*, dr. Irma Labuschagne, kriminoloog van UNISA, advokaat Francis Bosman en die politikus, Dene Smuts, om ‘n paar te noem. Almal het gesê dat die beste manier om diskriminasie teen vroue stop te sit is om vroue deel te maak van die besluitnemingsproses. Vroue moet ‘n baie groter bydrae maak tot die opstel van wette - hulle

[171] M. Elaine Botha, *Die vrou moet haar plek ken…*, pp. 2, 5-6.

[172] Joan Hambidge, Paneelbespreking, Woordfees, Stellenbosch, 2004.

moet die politiek betree.[173] Ook die joernalis, Martie Swanepoel, het gepleit dat "Vroue moet hul stem laat opklink oor sake wat hulle raak."[174] Hoekom doen vroue dit nie?

Afrikanervroue is polities onverantwoordelik. Martina Botha het dit soos volg opgesom: "Ons het in 1930 polities mondig geword toe ons die stemreg gekry het, maar baie van ons is nie polities verantwoordelik genoeg nie. Baie van ons is te afsydig en onkundig oor politieke denkrigtings, baie dikwels is ons opvattings net emosioneel gemotiveer sonder die basiese kennis. Ons moet ook verstaan dat politieke onverskilligheid 'n gevaar vir vrede is. Om effektief te kan optree, is kennis en kritiese denke nodig."[175]

Alba Bouwer was van mening dat die Afrikanervrou nie besef wat die waarde van haarself en ander vroue is nie en dus ook nie van haar regmatige plek in die politieke lewe nie. Sy het verwys na "die rankrosies" wat reken hulle kan nie met eie stam en stamina regop bly nie. Daar moet 'n stut wees wat die koers en rigting van hul groei moontlik maak en daardie stut moet 'n man wees. Hierdie kenmerk kom duidelik na vore in die feit dat vrouens politieke kandidate steun wat hul eggenote steun. Bouwer glo ook dat afgesien van die feit dat vroue nie in hul eie politieke potensiaal glo nie, glo hulle ook nie in die politieke potensiaal van ander vroue nie en dat hulle oor die algemeen eerder vir 'n man as 'n vrou sal stem, want hulle glo nog steeds "…'n man is knapper in sulke groot sake as 'n vrou."[176] Hierdie standpunt is tydens die 1994-verkiesing bewys toe beide die *South African Women's Party* en die *Women's Peace Party*, geen setels gewen het

[173] Carlien Wessels, "Dis wat ons wil hê", *Sarie*, 14 April 1993, pp. 72-73.

[174] Martie Swanepoel, "Dit wil ons nou hê…", *Sarie*, 24 Junie 1992, p. 45.

[175] Botha, "Uitdaging vir die vrou", p. 7.

[176] Bouwer, "Waarom so min vroue in die politiek?", p. 13.

nie.[177]

Alba Bouwer het by die onbetrokke moeders gepleit: “Ons kinders moet politiekbewus grootword.” Sy het bedoel dat kinders bewus gemaak moet word van hul Afrikanerskap, soos sy dit genoem het, “trotse volksverband”, en daarby het sy weerbaarmaking van die jeug ingesluit.[178] Volgens Carole Charlewood, televisie-aanbieder en joernalis, moet dogters van kleinsaf gekondisioneer word om nie ondergeskik te wil wees nie. Hulle moet weet dat hulle ‘n belangrike rol het om te speel in die politiek van die land en dat dit nie vir die mans gelos moet word nie. Hulle moet ook glo dat dit nie onvroulik is om polities selfgeldend te wees nie.[179]

Professionele en werkende vroue het aan professionele organisasies, soos die *Vroueburo*, behoort wat sou beding vir beter werksgeleenthede. Oor die algemeen wil dit egter voorkom asof Afrikanervroue geweet het wat hulle wil hê, hulle kan talle voorbeelde verskaf van dit wat hulle hinder en waar teen vroue gediskrimineer word, maar dat hulle dit aan die mans oorgelaat het om daarvoor te veg. Die gevolg is dat hulle polities onbetrokke was.

1.4 In die vroeë 1990’s was die Afrikanervrou verward en opsoek na identiteit

Bogenoemde redes en omstandighede wat die Afrikanervrou polities onbetrokke gelaat het, was onlosmaaklik inmekaar geweef. Paternalisme is deur die leiers van Afrikanernasionalisme skaamteloos gebruik om voorskriftelik te wees oor die verwagtinge van die vrou. Die vrou is nie slegs op haar plek, verkieslik in die huis, deur Afrikanermans gehou nie, maar ook deur die Afrikanerkerke. As bewaker van die sedes van die volk, maar ook diensbaar aan die volk, was daar nie veel keuses vir die Afrikanervrou oor nie - sy het nog steeds ‘n “volksmoeder” rol

[177] Diana Streak, “Win some, lose some”, *Fair Lady*, 9 August, 1995, pp. 78-79.

[178] Bouwer, “Waarom so min vroue in die politiek?”, p. 13.

[179] Swanepoel, “Dit wil ons nou hê…”, pp. 44-45.

vertolk. As sy teen die stroom sou beweeg, was daar die gevaar dat sy tot randfiguur verwerp sou word. Dit was veel makliker om terug te sit en die voordele van haar bevoorregte posisie te geniet.

1.4.1 Wie moet gevolg word?

Bogenoemde scenario het egter verander. Terwyl Afrikaneridentiteit nog onder een kombers toegemaak kon word, was die navolging daarvan redelik maklik. ‘n Barsie in Afrikanereenheid het egter reeds in 1969 ontstaan met die wegbreek van die *Herstigte Nasionale Party* as gevolg van die regering wat probeer het om Engelssprekende blankes in die *Nasionale Party* te betrek. Verstedeliking van die Afrikaner en ekonomiese voorspoed het ook ‘n rol gespeel. Die bars het ‘n breuk geword met die stigting van die *Konserwatiewe Party* in 1982 deur Afrikanerleiers wat nie te vinde was vir beperkte magsdeling met Indiërs en Kleurlinge nie. Die Afrikanervolk is verdeel in *verligtes*, die wat liberaal is en uit isolasie wil beweeg, en die *verkramptes*, wat eng, konserwatief, rasseksklusief en tradisievas was.[180]

Die wegkalwing van Afrikanereenheid het konserwatiewe Afrikanervroue bekommerd gelaat en tot politieke aksie aangespoor. Gedurende die laat-1970’s is die *Kappiekommando* gestig wat na die terugkeer van tradisionele Afrikanerwaardes gesmag het. Hul Voortrekkerdrag en militantheid is egter bespot en is uiteindelik selfs deur sommige konserwatiewe Afrikaners verwerp. In 1983 is *Afrikanervroue-Kenkrag* gevorm wat veral gekant was teen rasse-integrasie in skole en ander openbare plekke. Met ‘n lidmaatskap van 1 000 tydens die middel 1980’s het hulle egter tydens die oorgang na rasse-inklusiwiteit ondersteuning verloor.[181]

---

[180] Welsh, “Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism”, pp. 272-274.

[181] “Women and apartheid”, http://country-guide-study/south-africa/south-africa73.html.

Reeds in 1981 het tussen 30% en 40% van Afrikanerkiesers teen die *Nasionale Party* gestem omdat die beoogde hervormings vir hulle onaanvaarbaar was. ‘n Verdere 4% het vir die *Progressiewe Party* gestem, want die hervormingsproses was vir hulle te stadig. Tussen 40%-50% Afrikaners sou gedurende die volgende tien jaar na die *Konserwatiewe Party* oorbeweeg. Meer as 42% van die *Nasionale Party* se ondersteuning was van Engelssprekendes afkomstig. Die *Nasionale Party* was nie meer die party van Afrikanernasionalisme nie. Selfs die Broederbond het in 1986 verklaar dat om te oorleef diskriminasie verwyder moet word.[182]

In 1954 het D.F. Malan apartheid as volg verduidelik:

> “…Apartheid is based on what the Afrikaner believes to be his divine calling and his privilege …the Church opposes the social equalitarianism which ignores racial and colour differences between Black and White in everyday life… and the Dutch Reformed Church accepts the authority of Holy Writ as normative for all political, social, cultural and religious activities.”[183]

Hierdie woorde was die hoeksteen van die apartheidsregering. Die Afrikanergemeenskap is egter tot in sy fondamente geskud toe die NG Kerk in 1986 verklaar het dat rassisme ‘n sonde is. Die Afrikaner se interpretasie van die Bybel is as verkeerd bestempel, die Ou Testamentiese interpretasie is verwerp ten gunste van die Nuwe Testament waar ras geen rol speel nie. Die parallel tussen die Afrikaner en die uitverkose volk van Israel is verwerp.[184] Waar het die vrou nou ingepas? Soos reeds bespreek het die kerklike patriargie die vrou se rol op Paulus se uitlatings in die Nuwe Testament gebaseer. Christina Landman het hierdie Bybelse “storie” oor die “stilbly” wat kwansuis van Paulus afkomstig moet wees, verwerp, want volgens haar is daar genoegsame bewyse dat dit deur “vrouevyandige” kopieerders bygevoeg is.[185] Landman,

---

[182] Hermann Giliomee, “Surrender without defeat: Afrikaners and the South African ‘miracle’ ”, *Spotlight*, number 2/97, October 1997 (South African Institute of Race Relations, Braamfontein), pp. 17 en 19.

[183] “Apartheid and religion”. http://www/geocities.com/~anntothill//demo/religion.htm.

[184] Giliomee, “Surrender without defeat”, p. 19.

[185] *Die Burger*, 1 Julie 1998.

Afrikaans en ‘n teoloog, wil die Bybel van sy ou patriargale beeld bevry, inderdaad ‘n taak wat haar baie kritiek op die hals haal, want sy is nie net feministies nie, maar word selfs deur sommige as ‘n ketter beskryf.

Afrikanervroue oor die hele politieke spektrum heen was verward. Wie moes nagevolg word? Selfs hul Christelike ankers is bevraagteken. Die kerk het hom ook nou distansieer van noue identifisering met die staat en die Afrikaner. Teen die einde van die 1980’s het geen prominente Afrikanerakademici in die sosiale en geesteswetenskappe, en die regswese, apartheid meer ondersteun nie.[186]

1.4.2 Was daar nog ‘n vyand?

Die Afrikaner was nog altyd in ‘n stryd gewikkel. Of die vyand die Britte, die swartes of die kommuniste was, daar was altyd ‘n gevaar waarteen die Afrikaner vir oorlewing moes veg. In die laat-1980’s het sommige van die vyande verdwyn.

In 1988 het die Sowjet-Unie uit Afrika onttrek. Die gevolg was dat Suid-Afrika, na jare se massiewe klandestiene betrokkenheid binne die grense van Angola en Namibië, ook onttrek het. Die vyand het verdwyn! Teen hierdie tyd het baie Suid-Afrikaners van die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse magte buite die landsgrense geweet. Baie Afrikaners het gevoel hulle is gekul omdat hulle via die buitelandse media en tydens die begrafnisse van gesneuwelde soldate van Suid-Afrika se buitelandse betrokkenheid moes hoor.

In 1989 het die val van die Berlynse Muur die einde van kommunisme aangekondig en skielik was kommunisme nie meer die vyand nie. President de Klerk het verkondig dat sonder die

[186] Hermann Giliomee, “Democratization in South Africa”, http://www.mugu.com/cgi-bin/Upstream/giliomee-democracy, p. 7.

Sowjet-unie, die *ANC* ook nie meer ‘n bedreiging was nie.[187] Skynbaar het die vrees van ‘n kommunistiese ekonomiese beleid ook verdwyn. Die “totale aanslag” het verval. In Namibië, waaraan daar oor soveel jare desperaat vasgeklou is, is demokratiese verkiesings gehou en *SWAPO*, tot onlangs die vyand op die grens, was die nuwe regering.

Was daar nog vrese? In 1987 het die akademikus Heribert Adams voorspel dat onderhandelings tussen die *ANC* en die regering op onder andere die volgende sou uitloop: herverdeling van grond, industriële demokrasie en vakbond-deelname op bestuursvlak; nasionalisering van banke en verswarting van die staatsdiens.[188] Hiermee het hy wit vrese vir ‘n swart regering bevestig. In dieselfde jaar het 80% van die Afrikaners in ‘n nasionale meningsopname gesê dat onder ‘n swart meerderheidsregering vrees hulle vir die veiligheid van wittes. In 1990, twee maande nadat die onderhandelinge begin het, het dit tot 49% gedaal.[189] Met die ontbanning van die vyand, onder andere die *ANC* en die *Kommunistiese Party*, was die partye nou aanvaarbaar, maar is nog steeds deur amper die helfte van die wit bevolking gevrees.

1.5 Samevatting

Terwyl die Nasionale regering gereed gemaak het om te onderhandel vir ‘n demokrasie, gebaseer op magsdeling, was die res van die wit kiesers onseker oor hulle toekoms. In 1996 het Roelf Meyer, die leier van die *Nasionale Party* se onderhandelingspan tydens die tweede helfte van die Veelparty-onderhandelings, gesê dat daar geen wesenlike verskille was om op te los nie, dat dit slegs ‘n kwessie van ras en kleur was wat Suid-Afrikaners van mekaar geskei het. Hierdie kortsigtige stelling is met die wysheid van terugblik en die feit dat Meyer dit in 1996 kwytgeraak het, nog meer vreemd. Slegs een derde van die wittes het aan die einde van die 1992 gedink dat

[187] Giliomee, “Surrender without defeat”, p. 22.

[188] W.J. Breytenbach, *The ANC: future prognosis*, (US, Institute for Futures Research, 1989), pp. 19-20.

[189] Giliomee, “Surrender without defeat”, p. 10.

swartes en wittes genoeg in gemeen het om saam ‘n demokrasie te vorm. Metodes van samewerking moes gevind word, want ras en kleur moes nou deur middel van gemeenskaplikes soos die Christelike geloof en die ekonomiese interafhanklikheid mekaar probeer vind.[190]

Vir die Afrikaner was die vroeë 1990’s nog meer onseker. Die sogenaamde meestersimbole van die Afrikaner, naamlik dat blankes meerderwaardig is, dat Afrikaners 'n spesiale verhouding met God het en dat Suid-Afrika regmatig aan die Afrikaner behoort, het feitlik oornag verdwyn, aldus Giliomee.[191] Afrikanernasionalisme en die ideologie van apartheid het ineengestort. Apartheid was die weg om die Afrikaneridentiteit te behou – die Afrikaner was sonder identiteit.

Die Afrikanervroue wat by die *Women’s National Coalition* (*WNC*) uitgekom het was die meer “verligte” Afrikaner, die helfte van die Afrikanervroue wat die *Konserwatiewe party* ondersteun het, het nie by die *WNC* aangesluit nie. Hierdie “verligte” groep vroue was onseker oor die toekoms, onseker oor wat hulle as Afrikaner is en mag wees, asook in die meeste gevalle onkundig in die politieke omgewing. Die vroueorganisasies wat by *Vroue vir Suid-Afrika* geaffilieer was, het probeer om skeidsmure tussen wit en swart af te breek, maar dit was op hulle voorwaardes. Daar was ook Afrikanervroue in politieke partye, in die afvaardiging na Dakar in 1986, by die byeenkoms in Harare in 1989, wat uiteindelik ‘n politieke rol sou speel. Maar die vroue van die Afrikanerkultuurorganisasies wat hoofsaaklik die Afrikanervrou by die *WNC* verteenwoordig het, was polities ongeskool.

Hierdie hoofstuk het bewys dat die stelling wat Hermann Giliomee gemaak het naamlik dat vroue in al die belangrike politieke ontwikkelings in die Afrikaner se geskiedenis ‘n rol gespeel het, net geldig is tot ongeveer 1940. Selfs tot 1940 was die vrou se invloed marginaal, ná 1940 grootliks

[190] Ibid., pp. 20-21.

[191] Hermann Giliomee, “Perspektief en toekoms”, http://www.fak.org.za/Giliomee.htm, p. 3.

dekoratief. Ekonomiese voorspoed het haar hoofsaaklik tuis gehou en sy het stilgebly. Soos Elsabé Brink dit stel:

> Al word hul bediendes gevang en in die tronk gestop weens pasoortredings, word geen gesamentlike protes uit volksmoedergeledere gehoor nie. Ook toe die nuwe oorlog uitbreek, die totale aanslag buite Suid-Afrika se grense, en 'n geheime oorlog in Angola geveg word, word niks gesê oor wanneer troepies dood, gewond of bossies terugkeer huis toe nie.[192]

Dit was van hierdie vroue wat in 1991 na die *WNC* sou gaan.

[192] Brink, “Kappies, kopdoeke en kommuniste”, p. 5.

Hoofstuk 2 Politieke bewustheid van die swart vrou lei tot die stigting van die *Womens National Coalition*

In 1991 het die *African National Congress Women's League* (*ANCWL*) die inisiatief geneem vir die stigting van die *Women's Natonal Coalition* (*WNC*). Voordat die optrede van swart vroue in die laat twintigste eeu behandel word, word daar eers aandag aan die politieke bewuswording van die swart vrou gegee. Alhoewel hierdie nie 'n vergelykende studie is nie, gaan daar tog op verskille en paralelle tussen die swart vrou en die Afrikanervrou gewys word. Vergelykende studies tussen swart en wit vroue, en in sommige gevalle Afrikanervrouens, was nie baie suksesvol nie, grootliks as gevolg van die groot verskil in kulturele, ekonomiese en politieke agtergrond. Dit is eerder die uitsondering as die reël wat ooreenkomste aantoon. Voorbeelde van sulke studies is die werk van Deborah Gaitskell en Elaine Unterhalter[1] in 1989, wat die konsep "moederskap" tussen die *African National Congress* (*ANC*) en Afrikanernasionalisme vergelyk het. Eersgenoemde het ook in 1997 die praktiese Christelike ("Christianity") rol van wit en swart vroue met mekaar vergelyk.[2] In hierdie hoofstuk word die die politieke betrokkenheid van die swart vrou in historiese perspektief geplaas en word parallelle met die Afrikanervrou se politieke ontwikkeling, met die oog op moontlike samewerking tussen die twee groepe, aangedui.

Die navorsing begin by die tradisionele of landelike swart vrou, in die pre-kapitalistiese, of soos ook daarna verwys word, voor-koloniale gemeenskappe. Hierdie "vroeë" begin is nodig om die verloop te volg van swart vroue wat eers hul rol in die patriargale swart gemeenskappe aanvaar

[1] Deborah Gaitskell and Elaine Unterhalter, "Mothers of the nation: a comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress", Nira Yuval-Davis en Floya Anthias (eds), *Woman-Nation-State* (London, Macmillan, 1989).

[2] Deborah Gaitskell, "Power in prayer and service: women's Christian organizations", Richard Elphick e.a. (eds), *Christianity in South Africa: a political, social, and cultural history* (Berkeley, University of California Press, 1997).

het en wat uiteindelik in 1991 die hoogste struktuur van die *ANC* uitgedaag het deur te toi-toi en gedreig het om uit te stap as daar nie aan hulle eise voldoen word nie. Daar gaan dus gekyk word hoe swart vroue op veranderende situasies reageer het, aangesien die geskiedenis van swart reaksie ook die houding van vroue in die *WNC* beïnvloed het. Om die posisie van die *ANCWL* in 1991 te verstaan, is dit nodig om kortliks te kyk in watter mate die organisasie betrokke was in die politieke "struggle" en hoe hulle binne die *ANC* vir deelname in besluitneming geveg het.

2.1 Politieke skoling van die swart vrou

2.1.1 Die vrou se posisie in pre-kapitalistiese swart gemeenskappe

Dit is algemeen bekend dat swart gemenereg teen die vrou gediskrimeer het. Voor die huwelik was sy aan haar vader onderdanig, tydens die huwelik aan haar man, totdat sy 'n seun gebaar het aan haar skoonmoeder en sy kon ook nooit grond besit nie, om maar net 'n paar voorbeelde te noem. Tog is daar volgens Jeffrey Guy, baie min historiese dokumentasie dat vroue teen hierdie patriargale stelsel weerstand gebied het. Die rede daarvoor is, volgens Guy, dat onderdrukking in pre-kapitalistiese gemeenskappe baie verskil het van die huidige konsep van onderdrukking. Volgens hom het swart gemeenskappe, voor hulle deur die wette van die koloniale heersers geraak is, bestaan uit produserende gemeenskappe onder beheer van getroude mans. Die gemeenskappe se produksie was op landbou-arbeid van vroue gebaseer, was materieël grootliks selfvoorsienend, was deur bloedverwantskappe verbind en was polities aan die opperhoof lojaal. Die huwelik het die produksie-eenheid waarop die gemeenskap berus het, in werking gestel. In hierdie patriargale stelsel het vroue 'n junior posisie beklee, maar as hulle getrou het, het hulle toegang tot produktiewe grond gekry wat hulle self bewerk het. Deborah Gaitskell beklemtoon dat die landelike swart vroue nie huisvrouens was nie. Hulle was altyd produktiewe landbouers en is met kindersorg en huistake deur ouer kinders bygestaan. Hierdie ekonomiese funksie het dan ook aan vroue 'n redelike mate van ekonomiese onafhanklikheid gegee. Guy beweer dat die stelsel vroue 'n belangrike rol in die samelewing gegee het - vroue het dus 'n relatief hoë

persoonlike status gehad. Die waarde van vroue, wat aan hul fertiliteit gekoppel was, het hulle sosiale integriteit gegee. Dit het alles geskied binne ‘n samelewing wat hulle sekuriteit gegee het.[3]

Met die ontleding van pre-kapitalistiese gemeenskappe kan ons tot die volgende teenstrydige slotsom in verband met geslagsverhoudings kom. Dit het eerstens min keuses aan swart vroue gegee, maar die wyse waarop die huishoudelike produksie georganiseer is, het sekuriteit en status aan al die lede van die gemeenskap gegee, die vrou inkluis. Die landelike swart vrou se rol verskil dus baie van die van die wit vrou wat hoofsaaklik huisvrou was en deur patriargie onbemagtig is.

Die ontwikkeling van die mynbou-industrie in Suid-Afrika na die ontdekking van diamante en goud het ‘n radikale uitwerking op swart gemeenskappe gehad. Die mynbou-industrie of kapitalistiese gemeenskappe het goedkoop arbeid nodig gehad; dit was die belangrikste bestanddeel in die ontwikkeling van die trekabeiderstelsel, paswette en mynkampongs. Die regering was simpatiek teenoor die kapitaliste en het byvoorbeeld hutbelasting ingestel om swart mans te forseer om te gaan werk. Aangesien elke vrou in 'n hut gebly het, het die koloniale regering ook op die produktiwiteit van vrouens aanspraak gemaak. Die trekarbeiderstelsel het verwag dat die vrou op die land moet bly, want hulle was verantwoordelik vir die landelike produksie. As vroue die land sou verlaat, sou dit 'n krisis tot gevolg hê.[4] Deur mans uit landelike swart gemeenskappe te verwyder is daar meer spanning op die landelike gemeenskappe as produktiewe eenhede geplaas; spanning het tussen geslagte en ouderdomsgroepe ontstaan; dit het landelike agteruitgang tot gevolg gehad en vroue het ook uit die landelike gemeenskappe na die

[3] Jeffrey Guy, "Gender oppression in Southern Africa's pre-capitalist societies", Cherryl Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Philip, 1990), pp. 36, 39, 44-46; Deborah Gaitskell, “Housewives, maids or mothers: some contradictions of domesticity for Christian women in Johannesburg, 1903-1939”, *Journal of African History*, 24, 2 (1983), p. 243.

[4] Guy, "Gender oppression in Southern Africa's pre-capitalist societies", pp. 43-44.

stede getrek. Die vroue wat op die land agtergebly het, se rol het verander. Hulle het nou in die plek van die mans die hoofde van gesinne geword en het nie net ‘n nuwe onafhanklikheid nie, maar ook ‘n groter las gehad. In die stede sou swart vroue aktiewe deelnemers aan die politieke stryd word om hulself in die gesig van amptelike vyandigheid en ekonomiese swaarkry te vestig.[5]

2.1.2 Die rol van die Christendom in die swart vrou se lewe.

Die eerste bekering van swartes tot die Christendom was onder vroue wat hul gemeenskappe verlaat het. Omdat dit in die swart gemeenskap onaanvaarbaar is om alleen te bly, het hierdie vroue skuiling in die sendingstasies gevind. Hierdie vroue se relatiewe weerloosheid het hulle meer vatbaar vir bekering gemaak en boonop het die kerk klem gelê op moederskap wat met swart vroue se persoonlike en kulturele identiteit, sowel as met hul ekonomiese en sosiale rolle, oorvleuel het.[6]

Die bekeerde vroue het hul geloof met nie-kerkgangers gedeel wat uiteindelik op bidgroepe en bidunies, sogenaamde *manyanos,* uitgeloop het. Hierdie groepe was baie gewild en met die toenemende verstedeliking van swart vroue het die *manyanos* aan die onwortelde swart vrou sosialisering en ondersteuning verskaf. Swart vroue het ‘n ware en kragtige “susterskap” rondom die *manyanos* ontwikkel. In tradisionele gemeenskappe is daaglikse take saam met ander vroue gedoen, die weeklikse *manyano*-vergaderings het hierdie leemte gevul. Hierdie vroue is uitgeken aan hul kenmerkende uniforms wat ‘n simbool van hul geestelike verbondenheid was.[7]

---

[5] Walker, *Women and gender in Southern Africa to 1945*, pp. 17-20.

[6] Gaitskell, "Devout domesticity? A century of African women's Christianity in South Africa", Cherryl Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Philip, 1990), p. 254.

[7] Ibid., pp. 256, 261-262, 271.

Manyanos het nie vir vroueregte geagiteer nie, maar daar is verskeie voorbeelde van *manyano*-vroue wat betrokke was en soldidariteit by protesaksies getoon het. Dit is egter in die kerk self dat hulle styl van aanbidding en die begeerte om te preek hulle binne kerkverband bemagtig het. Deborah Gaitskell maak die stelling dat terwyl swart bidgroepe oor die algemeen ‘n genderideologie aanvaar het wat gebaseer was op die ondergeskiktheid van vroue aan mans, het die groep aan vroue belangrike ondersteuning gebied wat hul *de facto* outonomie verhoog het.[8] Waar swart vroue bemagtig en versterk is deur godsdiens en meer spesifiek bidgroepe, is Afrikanervroue deur die gereformeerde godsdiens, tot in die laat-1980’s, onbemagtig en totaal buite die kerkstrukture gelaat.

2.1.3 Swart vroue betree in 1913 die politieke arena

Toe die *South African Native Congress (*vanaf 1923 *African National Congress* genoem) in 1912 gestig is, is vroue nie toegelaat om lid te word nie. Swart mans het slegs stemreg in Kaapland, waar dit aan eiendomsbesit gekoppel was, gehad. Die *ANC* wou die bestaande magsbasis uitbrei en het op daardie stadium slegs aangedring op politieke regte vir “alle beskaafde mans”, dus ‘n opvoedkundige kwalifikasie. Baie min swart vroue het in elk geval die opvoedkundige en ekonomiese kwalifikasie gehad om binne hierdie kategorie te val. Die leiers van die *ANC* is gekies uit ‘n groepie verwesterse elite van regsgeleerdes, predikante en onderwysers. Hierdie mans was konserwatief en het die waardesisteem van die dominante wit middelklas aanvaar, wat die ondergeskikte posisie van die vrou ingesluit het, want dit het by hulle eie patriargale tradisies aangesluit.[9] Swart middelklas mans het nie geglo in gelyke politieke regte vir vroue nie, want hulle het geglo in geslagsverhoudings wat gebaseer was op pre-koloniale patriargale strukture en die Christelike ideologie. Dit het nie net vroue uitgesluit nie, maar hulle ook laat inpas by die wit

[8] Gaitskell, “Power in prayer and service: women’s Christian organizations”, pp. 264 en 267.

[9] Cherryl Walker, *Women and resistance in South Africa*, 2nd edition (Cape Town, David Philip, 1991), p. 26.

politieke model, wat politieke verteenwoordiging as manlik gesien het.[10] Dus het beide die Afrikanernasionaliste en die swart politieke leiers dieselfde siening oor vroue in die politiek gehandhaaf.

Maar ten spyte van hierdie sienswyse het swart vroue wel tot die politieke arena toegetree. Die verarming en uiteindelike armoede van stedelike swartes het nuwe eise aan swart families gestel. Baie min swart mans het ‘n loon verdien waarop ‘n familie kon leef, met die gevolg dat die vroue verplig was om buite die huis te gaan werk. Die groot meerderheid het huiswerkers geword omdat swak opleiding alternatiewe werksgeleenthede uitgesluit het.[11] Owerhede het van vroue verwag om passe te dra om te wys dat hulle in diens van wittes was en sodoende het hulle verblyfreg in die dorpe gekry. Hierdie omstandighede wat hulle verplig het om te werk, was teenstrydig met die Christelike vrou en die kerk se ideologie van huisvrou-wees.[12]

Op 6 Junie 1913, nadat verskeie vroue al vir paswetoortredings gearresteer is, het 600 vroue, hoofsaaklik swart huisvroue, gelei deur vroue uit die swart elite, na die landdroskantoor in Bloemfontein marsjeer. Dit was die eerste grootskaalse toetrede van vroue tot die politieke arena. Julia Wells sien hierdie protesmars as ‘n politieke aksie wat moeder-sentries van aard was, omdat die dryfvere die behoud van huis en haard was. Die swart vroue het beklemtoon dat arbitrêre arrestasies en tronkstraf die welstand van die familie sou aantas, kinders sou verwaarloos word en die familie sou daaronder ly.[13] Deborah Gaitskell se gevolgtrekking was dat die vroue geveg het vir die reg van vrye keuse: om tuis te bly as huisvroue óf om die arbeidsmag te betree. Hulle het

[10] Natasha Erlank, “Gender and masculinity in African nationalist discourse, 1912-1950”, *Feminist Studies* 29, no. 3 (Fall 2003), pp. 15-16.

[11] Gaitskell, “Housewives, maids or mothers”, pp. 252 en 247.

[12] Walker, *Women and resistance*, pp. 27-28.

[13] Julia C. Wells, “The rise and fall of motherism as a force in black women’s movements” (unp. paper, Conference on women and gender in Southern Africa, University of Natal, 1991), pp. 6-10.

so sterk gevoel dat hulle eerder tronk toe sou gaan as om die passe, wat sou wys dat hulle in diens van wittes was en waarmee hulle verblyfreg sou kry, te dra.[14] Die protes was suksesvol, want die toepassing van paswette in die Vrystaat is tydelik verslap.

Die eerste paswet-veldtog het die *ANC,* alhoewel hulle gevrees het dat vroue te onafhanklik sou word, verplig om swart vroue se politieke mag te erken. Hulle het die vroue in 1913 toegelaat om ‘n vroue-afdeling te stig, naamlik die *Bantu Women's League (BWL),* met Charlotte Maxeke as president. Die *BWL* het nie stemreg in die *ANC* gehad nie en het hoofsaaklik met verversings en die reël van vermaak by vergaderings en konferensies gehelp.[15] Op hierdie punt het hulle dus nie veel verskil van die situasie van vroue in wit politieke partye nie, wat ook ‘n verversingsrol vervul het nie.

Die *BWL* het nie ‘n belangrike rol gespeel nie. Hulle het in 1918 'n afvaardiging na die Eerste Minister, Louis Botha, oor die paswet-kwessie gelei en was ook betrokke by 'n pas-verwante betoging in Potchefstroom in 1928. Die redes vir die lae profiel van die *BWL* was dat die *ANC* in die 1920's en 1930's swak georganiseerd was en nog steeds 'n party vir die middelklas swartman in dorpe was. Die lae aansien wat die swart vrou binne die *ANC* geniet het, asook die klein aantal vroue wat verstedelik het, het ook 'n rol gespeel.[16]

Die lae aansien van die *BWL* is geïllustreer deur die feit dat daar in 1935 op die All African Convention besluit is om 'n nasionale raad vir swart vroue te stig. Die *National Council of African Women (NCAW)* is gestig, met as doelwit: “to do our share in the advancement of our race.” Die organisasie wat swartes se lewenskwaliteit wou verbeter, is meestal deur 'n klein

[14] Gaitskell, “Housewives, maids or mothers”, p. 255.

[15] Walker, *Women and resistance,* pp. 32-33.

[16] Ibid., pp. 32 -35.

groepie swart professionele vroue ondersteun. Van die begin af was hierdie organisasie onder die invloed van die *Joint Councils Movement*, 'n organisasie wat in 1921 deur wit vroue gestig is wat simpatiek teenoor die aspirasies van swart gematigde organisasies gestaan het en graag dialoog tussen swart en wit leiers wou teweegbring. Alhoewel die *NCAW* gou die *BWL* oorskadu het, het dit ook nie aan verwagtinge voldoen nie.[17]

Charlotte Maxeke, wat ook die eerste nasionale president van die *NCAW* was, was verteenwoordigend van die eerste "*ANC*"-vroue: hulle was Christene en gematig. Alhoewel Maxeke haar hele lewe lank polities aktief was en die benaming "the mother of African freedom" gekry het, was sy baie meer prominent in die kerk en gemeenskapswerk.[18] Hier het sy weinig van wit vroue verskil.

Tot met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het swart vroue saam en langs mans gewerk om daardie strukture wat swart mense onderdruk, te vernietig. Hulle het nie op radikale veranderinge aangedring nie en hul optrede was nog minder radikaal.

2.1.4 Swart vroue in die *Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party* (*SAKP*)

Die *Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party* (*SAKP*) wat in 1921 gestig is, was altyd 'n kantlyn organisasie wat buite die hoofstroom van wit en swart politieke bewegings gestaan het. Ná 1928, onder druk van die Komintern, het die *SAKP* daarin geslaag om die persepsie dat dit slegs 'n party vir die wit werker is, afgeskud en aggressief begin om swart lede te werf.[19]

---

[17] Ibid., pp. 35-37.

[18] Gaitskell, "Housewives, maids or mothers", p. 242;
Walker, *Women and resistance,* p. 40.

[19] Walker, *Women and resistance,* pp. 49-51.

Vir die *SAKP* was vroueregte nie ‘n losstaande saak nie en het dit sodoende nuwe denkwyses onder vroue aangemoedig. Die party was teen alle geslagsdiskriminasie gekant en wou vroue op die politieke front bemagtig. Dit was in skerp teenstelling met die *ANC* en ander politieke partye van daardie tyd. Hulle het veral op werkende vroue gefokus en ook probeer om kontak tussen vroue van alle kleurgroepe te bewerkstellig. Die volgende aanhaling uit *Umsebenzi*, bevestig die *SAKP* se siening van die vrou se taak:

> “Toiling native women, white working women, realise your interests, wake up to fight for better conditions side by side with your husbands, fathers and brothers: only by a united front can you get rid of all the exploitation which you suffer under capitalism and where you as women are the greatest sufferers.”[20]

Wit vroue was in die meerderheid in die *SAKP*, maar daar was ook swart vroue wat op komitees en selfs in die Sentrale Komitee gedien het. Vroue in leierskapsposisies was byvoorbeeld wit vroue soos Hilda Watts, Betty Sacks en swart vroue soos Dora Tamana en Ray Alexander. In geen politieke organisasie van die tyd was vroue so aktief en gerespekteerd as in die *SAKP* nie.[21]

In die oorlogsjare het die vyandigheid jeens die kommuniste aansienlik afgeneem, aangesien die Sowjet-unie een van die Geallieerde Moondhede was. Daarmee saam het die *SAKP* ook ‘n meer gematigde program met demokratiese doelwitte aangeneem. So was die idee van ‘n nasionale nie-rassige vroueorganisasie ‘n inisiatief van die *SAKP* en het in 1947 tot die stigting van die *Transvaal All-Women’s Union* (in 1949, *Union of South African Women*) gelei. Behalwe vir vrede was die ander twee belangrikste doelwitte, gelykheid vir mans en vroue op alle gebiede en die beskerming van alle moeders en kinders. Dit was hoofsaaklik linksgesinde organisasies wat

[20] Ibid., p. 55.

[21] Iris Berger, *Threads of solidarity: women in South African industry, 1900-1980* (Bloomington, Indiana Press, 1992), pp. 95-97;
Walker, *Women and resistance*, pp. 97-98.

daaraan behoort het. Met die verbanning van die *SAKP* in 1950 het hierdie vrouebeweging momentum verloor.[22]

Ten spyte van ‘n klein ledetal het die organisasie ‘n groot invloed op swart opposisie gehad en het dit ‘n betekenisvolle bydrae tot die ontwikkeling van die vrouebeweging binne die nasionale bevrydingsbeweging gemaak. Die emansipasie van die vrou en volle deelname in al die sfere van die openbare lewe was ‘n belangrike doelwit van die *SAKP*. Die idees en invloed van die *SAKP* is uitgebrei na ander progressiewe organisasies, soos byvoorbeeld die vakbondbeweging.[23]

*****

Die Tweede Wêreldoorlog het op beide die politieke en ekonomiese terrein ‘n definitiewe skeiding gebring. Die Suid-Afrikaanse ekonomie het van die vroeëre afhanklikheid op die mynbou- en landbousektore wegbeweeg na ‘n groter oorheersing deur die vervaardigingsbedryf. Die getal werkers in die vervaardigingsbedryf het toegeneem, asook die verhouding van swart tot wit werkers. Swart werkers het begin om al meer die ongeskoolde en half-geskoolde vlakke te domineer, terwyl wit werkers die geskoolde en administratiewe en klerklike poste gevul het.[24]

Die samestelling van die vroue werkerskorps het ook dramaties verander. In die groeiende vervaardigingsbedryf het die wit vroue na klerklike en administratiewe poste beweeg en die swart vroue het hul plek op die fabrieksvloer oorgeneem. Die groeiende getal swart werkers in die vervaardigingsbedryf sou die basis vir die nasionale bevrydingsbeweging, tydens en na die oorlog, vorm.[25]

---

[22] Walker, *Women and resistance*, pp. 95, 100-103.

[23] Ibid., pp. 45-46 en 98.

[24] Berger, *Threads of solidarity*, pp. 153-154.

[25] Walker, *Women and resistance*, p. 65.

2.1.5 Vakbonde was die teelaarde vir swart vroueorganiseerders [26]

Voor die 1940's was swart vroue nie deel van die formele vakbondvorming van die nywerheidsektor van die ekonomie nie. Die *Domestic Employees Union* het huiswerkers georganiseer, maar het gesukkel om lede te werf. Huiswerkers was geïsoleerd van mekaar en uit vrees vir afdanking deur hul werkgewers, was dit gevaarlik om by 'n vakbond aan te sluit. Al onderhandelingsmeganisme wat hulle gehad het, was die voortdurende aanvraag na huiswerkers.[27]

Die *Industrial and Commercial Worker's Union (ICU)*, die belangrikste organisasie wat swart werkers in die laat 1920's verteenwoordig het, het selde aandag aan vrouewerkers se eise gegee. Die meeste swart mans het nie vroue as gelyke vennote in politieke werk gesien nie, maar eerder as "vroulik" en verskaffers van kos en vermaak vir die manlike aktiviste. Die paar vrouens wat poste in die vakbonde gekry het, het dit bekom deur verhoudings wat hulle met manlike organiseerders aangegaan het. Na die staking in Oos-Londen in 1930 waar vroue 'n groot rol gespeel het, is hulle eise om salarisverhogings ook deur die mans ingesluit. Mans het ook begin om veral swart huisvroue in hul protesaksies, waarvan sommige selfs gewelddadig was, toe die regering deur die oprig van biersale hul inkomste bedreig het, te ondersteun.[28]

Alhoewel die getal swart vroue in die fabrieksbedryf gedurende die 1940's begin toeneem het, was die meeste swart vroue nog steeds huiswerkers of het in die informele sektor gewerk. Gevolglik was in die fabrieksbedryf bruin vroue nog by verre in die meerderheid. In 1944 het

---

[26] "The role of women in the struggle against apartheid, 1980" (Extracts from paper prepared by the Secretariat for the World Conference of the United Nations Decade for Women, Copenhagen, July 1980), http://www.ANC.org.za/un/womenrole.html, p. 1.

[27] Berger, *Threads of solidarity*, pp. 38-41 en 119.

[28] Ibid., pp. 67- 68.

swart vroue toestemming gekry om by geregistreerde vakbonde, wat op daardie stadium nog rasgeïntegreerd was, aan te sluit. Vir aktiviste was dit belangrik om swart vroue vir die vakbondbeweging te werf. Wit werkers wat bedreigd gevoel het, het dit egter teengestaan. Dit was eers gedurende die 1950's dat swart vroue met mening tot die fabriekbedryf toegetree het.[29]

Na 1948 het die Nasionale Party se progressiewe instelling van apartheidswetgewing met beheer oor arbeid en die beweging van swart vroue, hul opgang in die vakbondbeweging ondermyn. Werkers is geïntimideer, prominente en aktiewe vakbondleiers, byvoorbeeld Solly Sachs, Ray Alexander en Hilda Watts en baie ander is gelys en ingeperk.[30] In 1953 is apartheidswetgewing ook op fabriekswerkers van toepassing gemaak. Die Wet op die Reëling van Swart Arbeidsverhoudinge van 1953 het swartes van alle geregistreede vakbonde uitgesluit. Afsonderlike swart vakbonde kon bestaan, maar hulle is nie amptelik erken nie.[31] Eers in 1979, ná die Wiehahn-verslag, is swart vakbonde amptelik erken.

Na die 1953-wetgewing het afsonderlike vakbonde vir swart vroue die geleentheid geskep om hul eie politieke vaardighede te ontwikkel.[32] Die *Klerewerkersunie* wat bestaan het uit 'n groeiende swart werkerskorps, maar 'n kwynende getal wit werkers, was minder ideologies, maar het ten spyte daarvan heelwat swart leiers opgelewer. Hetty du Preez, wat in 1947 probeer het om 'n linksgesinde nie-rassige vroueorganisasie te stig, was een van die sameroepers van die *Federation of South African Women* (*FSAW*). Lilian Ngoyi wat op die uitvoerende komitee van die *Klerewerkersunie* was, was later lid van die *National Executive Committee* van die *ANC* en die Transvaalse president van die *ANCWL*. Lucy Mvubele, wat aktief was in die *Klerewerkersunie*, is

[29] Walker, *Women and resistance,* pp. 116-117.

[30] Ibid., pp. 120-121

[31] Berger, *Threads of solidarity,* pp. 179-183.

[32] Walker, *Women and resistance,* p. 122.

in 1955 en 1956 as vise-president van die linksgesinde nie-rassige *South African Congress of Trade Unions* (*SACTU*) gekies. Hierdie vroue het ook hul vakbonde by die *Federation of South African Women* verteenwoordig.[33]

Organiseerders van die *Food and Canning Workers Union* (*FCWU*) het hoofsaaklik uit bruin en swart vroue bestaan. Die algemene sekretarisse was almal vroue wat geglo het dat werkers polities opgelei moes word, gevolglik was die leiers van die *FCWU* polities baie meer aktief.[34]

Die vakbonde was inderdaad ‘n kweekskool vir die politieke bewuswording van swart vrouewerkers. Die vakbonde het leiers ontwikkel, vroue het geleer om te organiseer en ’n netwerk van kontakte is opgebou wat uiteindelik tot die vrouebeweging sou lei. Werkers is polities bewus gemaak, hul politieke horisonne is verbreed - vroue is gepolitiseer. Aan hierdie vroue het die vakbonde nie net selfrespek gegee nie, maar ook persoonlike en politieke solidariteit verskaf. Dit was egter nie maklik nie, want beide vakbond- en politieke verbintenisse moes so hanteer word dat die nie die aandag van die wit unies, die fabrieksbase en die owerhede getrek het nie.

Baie swart vrouewerkers was egter nie by vakbondbedrywighede en politieke aktiwiteite betrokke nie. Eerstens was hulle as loonwerkers bang dat vervolging hul inkomste sou bedreig; tweedens was daar ‘n gebrek aan tyd en energie, aangesien die onus van die huishouding gewoonlik op die skouers van die vrouens gerus het; derdens was daar die persepsie dat politiek net vir opgevoede vroue was en vierdens was hulle ook ontnugter met hul politieke leiers wat nie altyd beloftes nagekom het nie.[35]

*****

[33] Berger, *Threads of solidarity,* pp. 185-186.

[34] Ibid., pp. 204-210.

[35] Ibid., pp. 239-242.

Tydens die 1940's was daar op politieke gebied 'n groeiende militantheid onder swart werkers en politieke organisiasies. Swart politieke verwagtinge is deur die Tweede Wêreldoorlog, 'n oorlog vir demokrasie en die uitwissing van fascisme, aangevuur. Die vinnige proletarisme van swartes, stygende lewenskoste, oorbevolking en plakkerskampe in die swart woonbuurte, het die ontevredenheid vererger. Alhoewel daar 'n opbloei in die vervaardigingsbedryf was, het die lone van swart werkers laag gebly en het hul lewenstandaard agteruitgegaan.[36] Die swart politieke organisasies het tot die besef gekom dat daar nooit eenstemmigheid tussen die swart opposisie en die regering bereik sou word nie. Die gevolge was polarisasie en militantheid.

2.1.6 Voedselkomitees politiseer swart huisvroue

Alhoewel swart vroue deur bogenoemde militantheid beïnvloed is, was dit veral die stygende lewenskoste, voedseltekorte en die stedelike behuisingskrisis wat hulle die meeste geraak het. Die *People's Food Council* in Johannesburg en die *Food Committee* in Kaapstad, het ontstaan met die doel om die stygende voedselpryse en -tekorte die hoof te bied. Die voedselkrisis het bo klas en ras uitgestyg – daar was samewerking tussen swart vroue, die *National Liberation League*, wat hoofsaaklik uit bruin intellektueles met Cissy Gool as president, bestaan het, die *National Council of Women* (*NCW*),[37] wat hoofsaaklik 'n liberale wit middelklas-lidmaatskap gehad het, en die *Kommunistiese Party*.[38]

---

[36] Berger, *Threads of solidarity*, p. 166;
Walker, *Women and resistance*, pp. 70-73.

[37] Die *NCW* het hoofsaaklik vir groter gelykheid vir alle vroue en die verbetering van die lewenstandaard vir almal, geveg. Toe die Voedselkomitees by prostesaksies teen die dra van passe en die lidmaatskap van swartes by vakbonde betrokke geraak het, het hulle onttrek. Hulle was nie bereid om die instellings van wit Suid-Afrika te bevraagteken nie.

[38] Walker, *Women and resistance*, pp. 54, 74-79.

Die voedselkomitees het gelei tot die politisering van veral swart huisvroue. As gevolg van die politieke magteloosheid van hul gemeenskappe het hulle ook meer krities begin kyk na die breër konteks waaruit die voedselkrisis ontstaan het. Die *Food Committee* se leuse was: "Today we fight for food, tomorrow for the vote and then for freedom for all." Swart vroue het nie net meer prominent in die *SAKP* en die vakbonde geword nie, maar ook die *ANC* het hul houding teenoor vroue verander toe hulle die politieke potensiaal van swart vroue begin besef het.[39]

2.1.7 Die stigting van die *African National Congress Women's League* (*ANCWL*)

Bogenoemde veranderde houding het saamgeval met die *ANC* se besluit om 'n grootskaalse poging te loods om lidmaatskap te vergroot. Die doelwit was: "…the involvement of the chiefs, ministers of religion, women, youth, indeed, 'every African' " Die *ANC* het vir die eerste keer op volwaardige burgerskap vir alle swart mense aangedring. Om die swart jeug te betrek is die *Congress Youth League* (CYL) gestig. Hierdie groep was meer radikaal en het as 'n drukgroep binne die *ANC* gewerk.[40]

Volgende aan die beurt was die vroue wat in 1943 as "volwassenes" erken is en volle lidmaatskap van die *ANC* gekry het. Terselfdertyd is die *ANC Women's League* gestig. Die *ANCWL* was nie onafhanklik nie, maar 'n onderafdeling van die *ANC*, onder beheer van die Kongres. Die feit dat 'n aparte liggaam vir vroue geskep is, is bewys dat die *ANC* nog steeds vroue as afsonderlik en minderwaardig beskou het. Die resolusie van 1941 wat stipuleer het dat "women would be accorded the same status as men" is nie in die praktyk ten volle toegepas nie - geslagskeiding binne die *ANC* het voortgeduur.[41] Die rol van die *ANCWL* was:

> "(a) to arouse the interest of African women in the struggle for freedom and equality and assist the widespread organisation of women;

[39] Ibid., pp. 77-83.

[40] Ibid., p. 89.

[41] Ibid., pp. 89-90.

(b) to take up special problems and issues affecting women, and
(c) to carry on propaganda against apartheid and discriminatory laws among African women."[42]

Ten spyte van hierdie progressiewe doelwitte was die *ANCWL* in die 1940's nie dinamies nie. Die eerste president was Madie-Hall Zuma, die vrou van die president van die *ANC*. Alhoewel sy geglo het aan geslagsgelykheid, was sy konserwatief en nie polities gemotiveerd nie. Vroue is nog steeds hoofsaaklik gebruik om verversings te verskaf en stemme te werf.[43]

In 1949 het die *ANC* sy doelwit van nasionale vryheid en die reg tot selfbeskikking, bekendgemaak. 'n Program van Aksie is geloods wat onder andere deur middel van boikotte en stakings probeer het om hul boodskap tot die regering te laat deurdring. Ida Mtwana, voormalige lid van die Jeugliga, het as president van die *ANCWL* oorgeneem. Sy was 'n politieke aktivis en het die *ANCWL* meer dinamies gemaak. Die *ANCWL* het herorganiseer en provinsiale ligas is gestig wat die organisasie in nouer kontak met vroue oor die hele land gebring het en sodoende hul magsbasis verbreed het en as 'n krag binne die vinnig groeiende *ANC* na vore getree het.[44]

2.1.8 Die *Federation of South African Women* (*FSAW*), 'n "vrouebeweging"

Die *ANC* en die *South African Indian Congress* (*SAIC*) het in 1952 besluit om massaverset te gebruik om hul afkeur jeens apartheidswette te wys. 'n Ultimatum is op 29 Februarie 1952 aan die Malan-regering gestuur, die eise is verwerp en die versetveldtog, die *Defiance Campaign*, is op 26 Junie 1952 van stapel gestuur. Duisende swartes het opsetlik apartheidswetgewing geskend. Ongeveer 8 000 mense, waarvan honderde swart vroue was, is gearresteer. Die versetveldtog het die bande tussen die *ANC*, die *South African Coloured People's Organisation* (*SACPO*), die

[42] Ibid., pp. 87-89.

[43] Ibid., pp. 90-92.

[44] Ibid., pp. 90-92.

Transvaal Indian Congress (*TIC*), *Natal Indian Congress* (*NAIC*) en die *Congress of Democrats* (*COD*) versterk en het gelei tot die vorming van die *Congress Alliance*, 'n verenigde front teen apartheid. [45]

Aangevuur deur bogenoemde gebeure het die *ANCWL* besluit om vrouekrag in een organisasie saam te snoer en op 17 April 1954 is die *Federation of South African Women (FSAW)* gestig. Dit was 'n sambreelorganisasie wat vroue van die *ANCWL*, die *SACPO*, die *TIC* en *NAIC* en individue van die *COD*, bymekaargebring het.[46] Dit was die eerste aanduiding dat die *ANCWL* landswyd, en nie net binne hul eie organisasie nie, by die verbetering van die lot van vroue betrokke wou wees.[47]

Die doelwit van die *FSAW* was: "the removal of all laws, regulations, conventions and customs that discriminate against us as women." Hulle het dit egter ook baie duidelik gestel: "We women do not form a society separate from men. There is only one society…" Die *FSAW* het dus die vrouebeweging volledig met die nasionale bevrydingsbeweging identifiseer. Die denke van hierdie vroue was progressief, ver voor die algemene denke van vroue van die tyd. Die program van die *FSWA* is as liberaal en demokraties beskryf, maar daar was tog tekens van kommunistiese party-ideologie in die terminologie en doelstellings. [48] Hierdie tekens sou in 1991 ook in die *WNC* gevind word.

Wat lidmaatskap betref het die *FSAW* 'n stedelike identiteit gehad en was hul meeste

---

[45] *ANC Women's League, 50 years of struggle*, http://www.anc.org.za/wl/docs/50years.html.

[46] *The ANC Women's League: contributing to a democratic, non-racist and non-sexist South Africa*, (Johannesburg, *ANCWL*, 1993), p. 3.

[47] *ANC Women's League, 50 years of struggle*.

[48] Walker, *Women and resistance*, pp. 279, 157-159.

ondersteuning van vroue uit die onstuiminge swart woonbuurte afkomstig. Die *FSAW* het van die begin af op die ondersteuning van *Congress Alliance* lede staatgemaak. Alhoewel ‘n groep binne die *FSAW* individuele lidmaatskap bo geaffilieerde organisasies verkies het, moes hulle uiteindelik swig onder die druk van die *ANC*. Die *ANC* wou nie beheer oor die *ANCWL* verloor nie en sonder die ondersteuning van die *ANC* sou die vrouebeweging van die *Congress Alliance* geïsoleer word.[49] Swart vroue in die ‘struggle’ sou voortgaan om binne patriargale strukture te beweeg.

Op daardie stadium het die regering sy posisie gekonsolideer en ook met sy hantering van swartes tot die volle offensief oorgegaan. Binne twee maande na die stigting van die *FSAW* is Ray Alexander, nasionale sekretaresse, en Hetty McLeod, nasionale tesouriere, ingeperk. Die gedurige polisie teenwoordigheid, die gebrek aan kommunikasie tussen streke en swak finansies, was van die meer belangrike redes waarom die *FSAW* gesukkel het om op die been te kom. Wat ook bygedra het, was dat die *FSAW* ‘n veelrassige vroueorganisasie was. Die lede van die *Congress Alliance* was etnies gebaseerd en het elk ‘n eie identiteit behou toe hulle met die *FSAW* geaffilieer het. Buite die *Congress Alliance* het die *FSAW* nie baie positiewe terugvoering van ander vroueorganisasies ontvang nie. Selfs lede van die *Black Sash* het die *Congress Alliance* as ‘n subversiewe en radikale organisasie gesien.[50]

Die *FSAW* was ook uitgesluit uit die National Consultative Committee (NCC) van die *Congress Alliance*, wat dui op die bevooroordeeldheid teenoor vroueorganisasies en die vrees dat hulle te prominent sou raak. Helen Joseph, ‘n komiteelid van die *FSAW*, was egter ‘n lid van die NCC en kon as spreekbuis optree. Die Congress of the People wat op 25 en 26 Junie 1955 by Kliptown, buite Johannesburg, plaasgevind het, het vroue grootliks geïgnoreer. Van die ongeveer 3 000

[49] Ibid., pp.162-163, 170-172.

[50] Ibid., pp. 165-175.

afgevaardigdes was slegs ‘n kwart vroue en die enigste vroulike spreker was Helen Joseph. Die *FSAW* het ‘n pamflet, naamlik “What women demand”, saamgestel waarin die eise van moeders en kinders verwoord is. Sommige van hierdie eise is in die Freedom Charter opgeneem.[51]

In September 1955 het die regering aangekondig dat swart vroue vanaf Januarie 1956 passe sou moes dra. Op inisiatief van die *FSAW* het 2 000 vroue vir ‘n protesaksie op 27 Oktober 1956 by die Uniegebou bymekaargekom. Meeste van die vroue was swart, maar daar was ook wit, bruin en Indiër vroue. Dit was die eerste keer dat vroue van alle rasse in so ‘n protesaksie saamgewerk het. Die nasionale koerante het goeie dekking daaraan gegee en baie lesers landswyd het vir die eerste keer van die *FSAW* gehoor.[52]

Ongeveer ‘n jaar later was daar op 9 Augustus 1956 weer ‘n groot saamtrek van vroue by die Uniegebou, weer eens as protes teen passe. Die verslae van die getalle wissel van tussen 6 000 en 20 000. Daar was weer eens geen reaksie uit die Eerste Minister se kantoor nie, maar vir baie vroue wat aan die betoging deelgeneem het, was dit die emosionele hoogtepunt van hul politieke loopbane. ‘n Lied is deur die vroue komponeer, wat onder andere die volgende woorde bevat het: “Strijdom you have tampered with the women, You have struck a rock.” Die vroue-optogte het die manlike leierskap van die *ANC* die potensiaal van vroue in die nasionale bevrydingstryd laat raaksien, wat tot die integrasie van vroue in die *ANC* strukture gelei het. In 1956 het die *ANCWL* se president, Lilian Ngoyi, die eerste vrou geword wat tot die *ANC* se National Executive Council (NEC) verkies is.[53]

---

[51] Ibid., pp. 173, 181-183.

[52] Ibid., pp. 186-187.

[53] Walker, *Women and resistance*, pp. 194-196;
The ANC Women’s League: contributing to a democratic, non-racist and non-sexist South Africa, p. 3.

In Desember 1956 is die *Congress Alliance* geskok toe 156 leiers vir hoogverraad gearresteer is. Die staat het beweer dat hulle landswyd kommunisties-geïnspireerde sameswerings geloods het om die regering om ver te werp. Baie vroue is gearresteer, onder andere Lilian Ngoyi, Helen Joseph, Frances Baard en Annie Silinga. Lilian Ngoyi en Helen Joseph was onder die dertig wat vir verhoor aangehou is. In Maart 1961 is al die beskuldigdes onskuldig bevind en vrygelaat.[54]

Protesaksies teen die dra van passe was die hoogtepunte in die vrouestryd teen apartheid. Vanaf 1957 was die *FSAW* nie slegs betrokke by verskeie betogings teen die gehate paswette in die stede nie, maar ook in plattelandse gebiede soos Zeerust. Die *FSAW* se taktiek was feitlik altyd geweldloos aangesien die meeste vroue kerkgangers was wat die kerk se leerstellinge van versoening en vrede uitgeleef het. Tydens haar verhoor het Helen Joseph getuig: “We are an organisation of women. As women we want to create life, want to preserve it, not destroy it.”[55]

Vroue het egter ook gewelddadig geraak. Die *ANCWL* en die *FSAW* het in 1959 in gewelddadige botsings met die polisie in Cato-Manor, wes van Durban, betrokke geraak. Die Durbanse polisie het besluit om die onwettige drankhandel, waarmee vroue hul inkomste aangevul het, te beëindig. Die vroue het weerwraak geneem deur die munisipale biersale wat deur die staat beskerm en deur die swart mans besoek is, aan te val. Cherryl Walker meen dat hierdie aggressiewe reaksie van vroue teen die owerheid ‘n politiserende en ‘n radikale ondervinding vir die vroue was wat deelgeneem het, veral vir die tradisioneel onderdanige Zulu-vroue.[56]

---

[54] Walker, *Women and resistance*, pp. 199-200.

[55] Ibid., pp. 223-224.

[56] Walker, *Women and resistance*, pp. 231-234;
Wells, “The rise and fall of motherism”, p. 24.

Die gebeure by Sharpeville op 21 Maart 1960, toe die polisie 69 ongewapende swartes doodgeskiet het, het ook die verbanning van die *ANC*, die *ANCWL* en die *PAC* tot gevolg gehad. Daarmee het die *ANC* se 50 jaar van vreedsame protes tot ‘n einde gekom. Alhoewel die *FSAW* probeer oorleef het, het die verbanning van die *ANCWL* en ander leiersfigure, die beperkende wetgewing en die inperking van individuele leiers sy tol geëis. 1 Februarie 1963, die dag waarop dit verpligtend geraak het vir alle swart vroue om passe te dra, kan gesien word as die simboliese einde van *FSAW*.[57]

Walker argumenteer dat *FSAW* in drie aspekte van vroeëre vroueorganisasies verskil het: eerstens hul gemoeidheid met die bevryding van vroue; tweedens hul toegewydheid teenoor die nasionale bevrydingsorganisasie en derdens hul veelrassigheid.[58] Vir vroue was dit ‘n tydperk waarin hulle ontsaglik in die besef van hul eie waarde gegroei het.

2.2 Politieke aksie van swart vroue ná 1960

Ná Sharpeville is ‘n noodtoestand afgekondig en ‘n periode van intense onderdrukking en opvallende politieke onaktiwiteit het gevolg. Die swart bewussynsbeweging het in hierdie tyd sy neerslag gevind. Hierdie ideologie het by swartes die drang laat ontstaan om die swart kultuur te herontdek, swart solidariteit te toon en uiteindelik swart politieke mag te verkry. Die ideologie was nie anti-wit nie, maar het aan wittes wat simpatiek was met die swart stryd gevra om veranderinge in hul gemeenskappe te probeer bewerkstellig. Waar die ouer garde huiwerig was om voort te gaan in die bevrydingstryd het die jonger geslag die leiding geneem. In 1969 het swart studente die *South African Student’s Organisation (SASO)* gestig, hierdie organisasie het

[57] Walker, *Women and resistance*, pp. 267-274.

[58] Ibid., pp. 275-276.

met die swartbewussyns-ideologie geïdentifiseer.[59]

Swart vroue het saamgestaan en probeer om die las van apartheid te verminder deur byvoorbeeld die *African Self-Help Association*, wat in 1964 gestig is, en talle dagsorgsentrums en kindervoedingsprogramme op te rig. In 1975 is die *Black Women's Federation* gestig. Hierdie organisasie het met die swart bewussynsbeweging geïdentifiseer en alhoewel hulle dieselfde doelstellings as die *FSAW* gehad het, het hulle net swart vroue as lede aanvaar. Hulle het landelik en stedelik gefunksioneer en probeer om vroue van hulle eie potensiaal en die belangrikheid van onderwys bewus te maak. Voor hulle egter werklik op dreef kon kom, het die regering die leiers gearresteer en in 1977 is die organisasie saam met ander swart bewussynsbewegings as onwetttige organisasies verklaar.[60]

Op 16 Junie 1976 het 20 000 swart leerders in Soweto teen Bantoe-onderwys protesteer. Konfrontasie met die polisie het gelei tot eskalerende geweld wat uiteindelik deur die hele land versprei het. Honderde swart jongmense het gesterf en nog meer is gewond. Dit het 'n geweldige invloed op die ouers en moeders van die leerlinge gehad. Die *Huisvroue-liga* het met 'n aantal studente-organisasies verenig en die *Black Parents' Association* gevorm. Hulle het protesaksies koördineer en die studente ondersteun. Een van die uitvoerende amptenare was Winnie Mandela.[61]

---

[59] "The role of women in the struggle against apartheid, 1980" (Extracts from paper prepared by the Secretariat for the World Conference of the United Nations Decade for Women, Copenhagen, July 1980), http://www.anc.org.za/un/womenrole.html, pp. 4-5.

[60] Ibid., pp. 4-6.

[61] Ibid., pp. 4-6.

In 1978 het vroue van Crossroads, ‘n plakkersgemeenskap in die Kaap, die besluit van die regering dat hulle na die Transkei moes terugkeer, teengestaan. Skares van tot 5 000 is bymekaargemaak om vir die behoud van die gemeenskap te bid. Agthonderd mense is gearresteer, drie is gewond en een persoon is tydens skermutselinge met die polisie dood. Toe vroue voor die stootskrapers, wat die plakkerskamp moes platstoot gaan sit het, is nog drie mense in die geweld dood. Die regering moes uiteindelik onder massiewe internasionale druk toegee en die inwoners van Crossroads kon bly.[62]

2.3 Rewolusionêre feministe

Die verbanne politieke organisasies het in die buiteland herleef. Die tempo van die nasionale bevrydingstryd het verander en meer klem is op die gewapende stryd en die mobilisering van die internasionale gemeenskap gelê.

Vroue was egter steeds in leierskap posisies in die *ANC* afwesig. Die president van die *ANC*, Oliver Tambo, wou egter die vrou se posisie herevalueer en haar meer betrek. Sy woorde tydens ‘n konferensie in Luanda in 1981 was soos volg:

> “…women in the ANC should stop behaving as if there was no place for them above the level of certain categories of involvement. They have a duty to liberate us men from antique concepts and attitudes about the place and role of women in society and in the development of our revolutionary struggle.”[63]

In 1981 het Gertrude Shope lid van die National Executive Committee (NEC) van die *ANC* geword en het sy leiding met die stigting van die *ANC Women’s Section* in die buiteland geneem. Die openbare standpunt wat deur die *ANC* leiers oor vrouesake ingeneem is; in die woorde van Tambo: “There can be no liberation without women’s emancipation”, het tot die sukses van die

---

[62] Ibid., pp. 5-6.

[63] O.R. Tambo, Speech at the concluding of the conference of the Women’s Section of the ANC, Luanda, Angola, 14 September 1981, http://www.org.za/ancdocs/history/or/or81-16.html, p. 1;
The ANC Women’s League. Contributing to a democratic, non-racist and non-sexist South Africa, p. 4.

Women's Section gelei. Vir die *ANC* was hierdie erkenning 'n paradigmaskuif en vir die swart vrou 'n kulminasie van sewe dekades se pogings om erkenning. Die *ANC* het 1984 die Jaar van die Vroue van Suid-Afrika verklaar. Die Verenigde Nasies het ook 9 Augustus as 'n dag van solidariteit met vroue van Suid-Afrika verklaar.[64]

In die tagtigerjare was die *ANC* se hoofoogmerk om binnelandse verset in Suid-Afrika aan te blaas en daarvoor was massamobilisasie nodig. Om politieke mag oor te neem, was groter eenstemmigheid oor optrede en organisatoriese samewerking nodig – dit het ook vir vroue gegeld. Vir die vroue in Suid-Afrika was dit moeilik om te organiseer, want die leiers wat nie verban is nie, was ingeperk. In 1982 is daar 'n werkswinkel in die Transvaal aangebied waarheen verskeie vroueorganisasies, onder andere kerk- en politieke organisasies, genooi is. Op die vergadering is besluit dat vroue moes uitgaan en vrouestrukture organiseer.[65] Dit het tot die herlewing van die kongrestradisie gelei en landswyd het swart vroueorganisasies tot stand gekom. In 1983 het dit in die Transvaal tot die stigting van die *Federation of Transvaal Women (FEDTRAW)*; in die Oos-Kaap tot die *Port Elizabeth Women's Organisation (PEWO)* en in Natal tot die *Natal Organisation of Women (NOW)*, gelei. In die Wes-Kaap het die *United Women's Organisation*, wat reeds sedert 1980 bestaan het, en die *Women's Front* in 1986 verenig en die *United Womens's Congress* gevorm. Elkeen van bogenoemde streke het ook plaaslike politieke vroueorganisasies gestig en sodoende 'n netwerk op die been gebring. 'n Tussentydse struktuur, wat bestaan het uit verteenwoordigers van bogenoemde streke, is saamgestel om voorbereidings vir die stigting van 'n nasionale vroueorganisasie, te tref. Die stigting is beplan vir 9 Augustus

[64] J.M. Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa* (Pretoria, Van Schaik, 1998), p. 39.

[65] *ANC Women's League, 50 years of struggle.*

1986, Vrouedag, maar is verhoed deur die noodtoestand wat deur die staat in Junie 1986 afgekondig is.[66]

Tydens ‘n uitsending van Radio Freedom in 1984 het die *ANC* aangekondig: “Maak die land onregeerbaar en apartheid onwerkbaar!” Die plan was om die staat op daardie punte wat moeilik was om te beheer, naamlik die swart woonbuurtes, aan te val. Vanaf 1984 tot 1986 het swart woede op boikots, stakings en protesaksies uitgeloop. Meer as 155 swart woongebiede is uiteindelik deur die landswye onrus geraak. “Volkshowe”, “halssnoermoorde” en “straatkomitees” het deel van die stryd geword en is gebruik teen diegene wat daarvan verdink is dat hulle regeringsagente is. Winnie Mandela het in 1986 op ‘n massavergadering veral die swart jeug besiel met die belofte “with necklaces and our little boxes of matches”, met ander woorde met “halssnoermoorde”, sal Suid-Afrika bevry word. Die ongekende ontploffing van geweld het gelei tot ‘n intense onderdrukking deur die regering en teen die einde van 1985 was meer as 3 000 troepe in die “swart woonbuurte” ontplooi. Duisende swartes was in aanhouding en meer as 2 000 het hulle lewens verloor. Op 12 Junie 1986 is ‘n landswye noodtoestand afgekondig en Magnus Malan, die Minister van Verdediging, is gevra om orde in die swart woonbuurte te herstel. Die inwoners van die swart woonbuurte het die noodtoestand as ‘n oorlogsituasie ervaar. Met die polisie teenwoordigheid in die woonbuurte, klopjagte, moorde en teistering is mense se lewens ontwrig en huise vernietig. Tussen Junie 1986 en Junie 1987 is sowat 26 000 mense aangehou en 34 organisasies verbied.[67]

---

[66] Rantete, *The ANC and the negotiated settlement*, p. 39;
T. Marcus, “The women’s question and national liberation in South Africa”, M. van Diepen (ed.), *The national question in South Africa* (London, Zed,1988), pp. 103 and 109 (endnote, no. 12).

[67] W. Esterhuyse en Phillip Nel (reds.), *Die ANC* (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1990), p. 20;
Saul Dubow, *The African National Congress* (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 2000), p. 92.

Vanaf 1985 het die konflik ‘n nuwe dimensie gekry toe die *Inkatha*-beweging in Natal in botsing met die ondersteuners van die *United Democratic Front* en die *Kongres van Suid-Afrikaanse Vakbonde*, beter bekend as *COSATU*, gekom het. Hierdie konflik wat geneig het tot burgeroorlog het oorgespoel tot in die swart woonbuurte aan die Witwatersrand en het tot in 1990, 4 000 lewens geëis.[68]

Vroue het in hierdie tydperk op ‘n breë front ‘n rol gespeel. As werkers het hulle deelgeneem aan sloerstakings en stakings in fabrieke en bygedra tot die uitbreiding van die demokratiese vakbondbeweging en die gevolglike vorming van *COSATU* in November 1985. Hierdie vakbond, wat alle swart vakbonde verenig het, het hulle tot beide die vryheidstryd en die *ANC* verbind. Vroue het ook ‘n aandeel gehad in die sterk standpunt wat *COSATU* oor vrouewerkers ingeneem het. Vroue was sentraal in die stigting van die *United Democratic Front* (*UDF*) in Augustus 1985 en het deelgeneem aan protesaksies wat gemeenskappe geraak het, byvoorbeeld gedwonge hervestigings, studenteteistering en busboikotte. Verder het vroue by kindersorg, volwassegelettterdheid, en selfhelpskemas, soos “stokvels”, betrokke geraak.[69]

In 1988 het Tessa Marcus swart vroue se politieke betrokkenheid analiseer en tot die volgende gevolgtrekking gekom:

> “… it is the content that organized women inject into the struggle now, with respect to their oppression as women, which is the guarantor and the determinant of their position in and their ability to advance in a newly liberated South Africa.”

Marcus was van mening dat swart vroue nog meer betrokke moes raak, maar dit was baie moeilik. Vroue se dubbele werklas, naamlik huishoudelike take saam met daaglikse loonarbeid het min tyd vir politieke pligte gelaat. Boonop het baie vroueorganisasies se leiers óf weggekruip

---

[68] Dubow, *The African National Congress*, p. 93.

[69] Marcus, “The women’s question”, pp. 103-104.

vir moontlike vervolging, óf is aangehou, óf is die vergaderings verban. Die gevolg was dat die meeste ampsdraers in die massaorganisasies en die vakbonde nog steeds mans was.[70]

Swart vroue het polities betrokke geraak as hul huise en gemeenskappe bedreig is, maar tydens die noodtoestand het daar ‘n nuwe bewussyn ontstaan, Marcus noem dit ‘n rewolusionêre feminisme. Vroue het in hierdie tydperk tot ‘n groter bewussyn gekom van hulle onderdrukking as vroue en dat die stryd vir die bevryding van die vrou en swart mense tegelykertyd geveg moes word. Leila Patel, opvoedkundige amptenaar van *FEDTRAW* het onder andere gesê:

> “Our understanding of the special abilities of women is that they are rooted in exploitation, racial oppression and sexism. The battle against capitalism, racism and sexism cannot be fought as part of a three stage plan – the struggle must be waged simultaneously at all these levels. We are committed to building women’s organisation; to uniting women, to raising the voice of women in the national democratic struggle led by the working class. It is our task to develop working class leadership amongst women and to allow working class interest to dominate our women’s organisations.”[71]

Swart vroue se politieke bewussyn is oor ‘n periode van sewe dekades gevorm en ontwikkel. Die verhoogde politieke aksie gedurende die 1980’s, veral die “oorlogsituasie”, het vroue se politieke bewussyn tot ‘n volgende dimensie gevoer.

2.4 Die aanloop tot die *WNC*

Ook in die *ANC* se topstruktuur was daar ‘n groeiende bewussyn van vroue se onderdrukking. Frene Ginwala het hierdie veranderde houding van die *ANC* toegeskryf aan toenemende druk deur internasionale feministe by die Verenigde Nasies se konferensies.[72] As Westerse feministe vir die *ANC* gevra het hoekom hulle nie vir die bevryding van vroue geveg het nie, was dit altyd maklik om te antwoord: “Do you want us to be equal to black men and still be oppressed on the

---

[70] Ibid., pp. 106-107.

[71] Ibid., p. 106.

[72] S.K. Abrams, *Fighting for women’s liberation during the liberation of South Africa: The Women’s National Coalition*, (unp. M.A. thesis, Oxford, 2000), p. 15.

basis of race?" Die vryheidstryd was dus altyd die eerste prioriteit. Ginwala het ook verduidelik dat sy self, wat vir 31 jaar in bannelingskap geleef het, asook ander *ANC* vroue wat in die buiteland was, kontak met die vroue in Suid-Afrika verloor het en dus onbewus was van die werklike omvang van die onderdrukking van swart vroue.[73] Omdat die patriargale bestel, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir swart vroue se onderdrukking, diep in die swart kultuur gewortel was, was dit moeilik om mans te oortuig dat verandering moes plaasvind. Ginwala het beweer dat tydens 'n debat met die *ANC*- leierskap het swart vroue gevra: "If Afrikaners said it was their tradition that Blacks are inferiors and should be subordinated, and that Black and White should be separated, would the *ANC* accept, respect and allow such traditions and customs to prevail?" Die antwoord was natuurlik "nee", waarop die vroue toe geantwoord het dat om dieselfde rede moet die gebruike en tradisies wat vroue onderdanig geplaas het, ook verwerp word.[74] Die *ANC* het dus tot die besef gekom dat dit 'n sosiale onreg is wat reggestel moes word; dat dit nodig was om vroue as vroue te organiseer om hul onderdrukking te oorkom en dat die vrouestryd 'n intergrale deel van die nasionale bevrydingstryd moes word.[75] Om vroue se deelname te verseker het die *ANC* in 1987 die Kommissie vir die Emansipasie van Vroue, nog steeds met 'n man, Oliver Tambo, aan die hoof, gevorm. Die *ANC* het ook die bepaling "nie-seksisties" by sy visie vir 'n nuwe Suid-Afrika gevoeg.[76]

In 1987, tydens die *ANC Women's Section* se tweede nasionale konferensie in Kabwe, Zambië, het vroue saamgestem dat dit dringend noodsaaklik was om 'n oorkoepelende vroueorganisasie vir swart bevryding te vorm. Hulle het ook die gedagte van 'n Vrouehandves geopper, wat:

> "In order to draft it, we will have to focus our attention on what are women's demands,

---

[73] Glenda Daniels, "Frene on feminism", *Work in Progress*, June 1992, p. 21.

[74] Frene Ginwala, "Women in South Africa shape democratic change", http://library.fes.de/fulltext/iez/00060003.htm, pp. 2-3.

[75] Marcus, "The women's question", p. 102.

[76] *The ANC Women's League: contributing to a democratic, non-racist and non-sexist South Africa*, p. 4.

> what sort of society do women want for the future, what issues do they want us to address, etc. The exercise itself will be beneficial in clarifying issues and be politically educative. In addition, such a Bill of Rights, which will effectively be a 'women's Freedom Charter' can have a major impact on the mobilisation of women inside the country, and internationally in support of our struggle."[77]

Dus het swart vroue reeds in 1987 beide die proses en die einddoel van die organisasie wat die *Women's National Coalition* sou word, geformuleer. Ook Patel het die doel van só 'n organisasie beskryf:

> "Moreover, a national women's organisation needs to continue to build a strong mass national movement of women committed to a future non-racial democratic South Africa… There is no doubt that the extent and depth of women's organisation will have a deciding influence over the direction women's rights will take in a post-apartheid South Africa."[78]

Kristine Abrams se gevolgtrekking was dat *ANC* -vroue van die begin af besef het dat 'n vrouehandves 'n hele aantal voordele sou gehad het. Eerstens sou vroue die tipe samelewing van hul keuse kon uitspel; tweedens sou die proses polities opvoedkundig wees en help om vroue te mobiliseer; en derdens sou dit die *ANC* -leierskap direk met vroue landswyd verbind en toelaat dat vroue hul eise en visie direk in 'n konsultasieproses kon uitspreek.[79]

Ten einde te verseker dat die vrouehandves deel van 'n toekomstige grondwet sou word, het die *Women's Section* in 1988 voorgestel dat 'n klousule oor vroue in die *ANC* se grondwetlike riglyne moet spesifiseer dat 'n vrouehandves in sy geheel by die grondwet ingesluit moet word. Terwyl die handves van menseregte die algemene beginsels van geslagsgelykheid, nie-diskriminasie en regstellende aksie sal insluit, sal die vrouehandves ook daaronder val, maar 'n

---

[77] Abrams, *Fighting for women's liberation during the liberation of South Africa*, pp. 15-16.
Let wel: Abrams se chronologie van die gebeure is nie korrek nie.

[78] Ibid., p. 15.

[79] Ibid., p. 16.

afsonderlike dokument wees. Gesamentlik sal die twee as riglyn dien vir die toepassing van geslagsregte.[80]

In Desember 1989 het die *ANC* 'n seminaar oor vroue, kinders en die familie, waar die rol van vroue in die nasionale bevrydingstryd bespreek is, gehou. Tydens hierdie seminaar is die *ANC* se konsepgrondwet verander om vrouekwessies in te sluit. Dit was egter nie moontlik om met vroue in Suid-Afrika saam te werk nie. In 'n poging om hierdie te probleem te oorbrug, het die *ANC Women's Section* in 1990 'n kongres vir Suid-Afrikaanse vroue in Amsterdam gehou. Dit is die Malibongwe kongres genoem.[81] Die kongres was deur vroue van die *ANC*, vrouegroepe wat geaffilieerd was by die *UDF*, vakbondverteenwoordigers, 'n afvaardiging van landelik vroue, kerkgroepe en vrouelede van die *SAKP* bygewoon. Alhoewel die belangrikste faktor wat hierdie vroue verenig het die apartheidstryd was, is daar ook besluit om 'n nasionale vrouestruktuur daar te stel wat aan vrouekwessies voorkeur sou gee. Vroue het aangedui dat daar 'n behoefte aan 'n sterk organisasie was om die drieledige onderdrukking van vroue aan te spreek; dat die organisasie nasionaal georganiseer moet word en dat vroue uit alle sektore en organisasies betrek moet word.[82]

Frene Ginwala het op dieselfde konferensie 'n referaat oor die uitwerking van die patriargale stelsel op die vrou gelewer. Sy het dit met rasseonderdrukking, wat in die apartheidsideologie

---

[80] Ibid., p. 17.

[81] Rantete, *The ANC and the negotiated settlement*, p. 39. Sien ook vir die *ANC* se grondwetlike riglyne: Albie Sachs, *Protecting human rights in a new South Africa* (Cape Town, Oxford University Press, 1990), p. 197.

[82] Darryl Gershater, *Sisterhood of a sort: The Women's National Coalition and the role of gender identity in South African civil society*, Research report no. 82, Social policy series (Johannesburg, Centre for Policy Studies, June 2001), p. 7;
"Programme of action" (Amsterdam, Malibongwe Conference, 1990), http://www.ANC.org.za/ANCdocs/history/women.

ingebou is, vergelyk. In ‘n patriargale stelsel is geslagsrolle ook ingebou. Sy het gesê dat vir ware geslagsgelykheid word ‘n algehele transformasie van die stelsel vereis: die materiële, ideologiese, opvoedkundige en kulturele onderbou van geslagsonderdrukking moes gelyktydig aangespreek word.[83]

Twee weke later, op 2 Februarie 1990, het president F.W. de Klerk die *ANC*, die *PAC* en die *SAKP* ontban en Nelson Mandela is nege dae later vrygelaat. Na vele beraadslaging het die regering en die *ANC* die Groote Schuur- en Pretoria-minute, waarin hulle hul bereid verklaar het om saam te werk vir die skep van ‘n demokratiese Suid-Afrika, uitgereik.

In Augustus 1990 is die *ANCWL* in Durban herstig. Die *ANCWL* se belangrikste doelwit was om vroue te mobiliseer vir die emansipasie van vroue onder die vlag van die *ANC*, maar terselfdertyd het Ruth Mopati gesê dat hulle ‘n nasionale alliansie van vroueorganisasies wil stig.[84] Die alliansie sou die *WNC* wees. Soos aangedui is, is aanvoorwerk van die *WNC* alreeds in 1987 tydens die Kabwe-konferensie deur die *ANC Women’s Section* begin. Die *ANCWL* se betrokkenheid by die *WNC* het van die begin af vrae laat ontstaan oor wat die werklike motief vir die stigting van die organisasie was.

Tydens die *ANCWL* se eerste konferensie in April 1991 in Kimberley was van die belangrikste besluite wat geneem is onder andere die noodsaaklikheid vir ‘n vrouehandves-veldtog om vroueregte te verwoord; die daarstel van ‘n kommissie wat as waghond teen die skending van vroueregte binne die *ANC* sou optree en die besluit dat ten minste 30% van alle verkose *ANC* -poste deur vroue gevul moet word.[85]

---

[83] Abrams, *Fighting for women’s liberation during the liberation of South Africa*, p. 18.

[84] *New Nation*, 10-16 August 1990.

[85] Rantete, *The ANC and the negotiated settlement*, pp. 40-41.

Die toenemende invloed en selfgelding van die *ANCWL* is weerspieël in die talle debatte in die *ANC* oor geslag en regstellende aksie. Tydens die *ANC* se nasionale konferensie in Julie 1991 het die *ANCWL* geëis dat die *ANC* se grondwetlike riglyne en die *ANC* se konsepgrondwet verander word; ‘n standpunt teen kindermishandeling en geweld teen vroue ingeneem word, asook die eis dat 30% van die verkose *ANC*- ampte deur vroue gevul moet word. Laasgenoemde eis het tot ‘n debat van twee dae gelei. Die National Executive Committee het met ‘n teenvoorstel van 17% gekom wat deur die *ANCWL* verwerp is. Die meeste mans het gevoel dat die *ANC* nie leiers op grond van geslag nie, maar op grond van meriete, moet kies. Die *ANCWL* het gesê dat so ‘n siening die sosiale en strukturele beperkinge wat vroue se deelname in die verlede inhibeer het, ignoreer. Hulle het voorts redeneer dat ‘n kwotastelsel vroue sonder finansiële bronne sal help en die *ANC* se erns met regstellende aksie demonstreer. Die *ANCWL* moes egter met ‘n skok agterkom dat *ANC* mans slegs lippediens tot vrouesake gedoen het. Baie leiers het in die openbaar hul ten gunste van vroueregte uitgespreek, maar was op die konferensie nie bereid om na vore te kom en die vroue se argumente te ondersteun nie. Die *ANCWL* het geweier om tot ‘n 17% kwota in te stem. Na ‘n onderbreking van verskeie ure het Mandela as adjunk-president gevra dat die konferensie verdaag sodat die National Executive Committee van die *ANC*, *ANCWL* en die *ANCYL* tot ‘n kompromis kon kom. As gevolg van ‘n gebrek aan tyd is die konferensie egter tot die volgende dag verdaag. Met die bymekaarkom het Gertrude Shope ‘n verklaring voorgelees waarin verskoning gevra is vir die ontwrigting en is die 30% kwota eis ter syde gestel.[86] Die *ANCWL* moes terugtree ter wille van ‘n front van samehorigheid wat deur die *ANC* voorgehou moes word.

Die gevolg van hierdie debat was dat geslagsake ernstige aandag binne die *ANC* gekry het. In April 1991 het die Nasionale Werkskomitee die Nasionale Kommissie vir die Emansipasie van

[86] Ibid., pp. 41-42.

Vroue (National Commission for the Emancipation of Women) gevorm. Hierdie kommissie het geslagsake, oftewel vrouesake, binne die *ANC* bevorder. Aan die hoof van die departement was weer eens Oliver Tambo, met as adjunk, Frene Ginwala.[87] Ginwala het die teenwoordigheid van mans op die National Commission for the Emancipation of Women verduidelik deur te sê dat geslagsgelykheid die verantwoordelikheid van mans en vroue is.[88]

Maar die mislukte eis vir ‘n 30% kwota het die *ANCWL* ontnugterd gelaat en vroue moes weer eens die mate van teenstand van mans vir politieke rolle vir vroue besef. Nie net binne die *ANC* nie, maar ook in die *Mass Democratic Front*, is daar nog steeds staatgemaak op die leiding van ‘n elite groepie mans, en nie net is daar onbetwiste lojaliteit aan die leierskap verwag nie, maar het dit effektief vroueaktiviste verhoed om ‘n impak te maak.[89] Baie werk sou gedoen moes word om mans se onsensitiwitiet teenoor vrouesake en hul stereotipe denkpatroon te verander. Hulle het besluit om die vrouehandves veldtog met hernude ywer te bevorder. Waar daar eers gedink is om ‘n handves van vroue aan te heg by die *ANC* grondwet, is besluit om dit deel van die nuwe grondwet van Suid-Afrika te maak. Alhoewel die oënskynlike doel was om vroueregte te verseker, was die indirekte doel om die ledetal van die *ANCWL* te stimuleer, want dit was ‘n bron van kommer dat so min landelike, wit, bruin en Indiërvroue lede van die organisasie was.[90]

Amanda Botha, wat onder andere op die Bestuurskomitee van die *WNC* gedien het, se siening van hierdie tydperk was dat die *ANCWL* besef het dat een politieke party nie vir Suid-Afrikaanse vroue politieke ruimte sou verkry nie. Vir die vrouestem om meer gewig te dra, moes hulle ‘n

---

[87] Ibid., p. 43.

[88] Daniels, “Frene on feminism”, June 1992, p. 22.

[89] Shireen Hassim, “’A conspiracy of women’: the women’s movement in South Africa’s transition to democracy”, *Social research*, vol. 69, no. 3 (fall 2002), p. 696.

[90] Rantete, *The ANC and the negotiated settlement*, pp. 41-44.

netwerk op die been bring en in koalisies werk en sodoende met ‘n sterker en meer verenigde stem praat. Daar moes dus weer, soos in 1953, oorgeskakel word na ‘n apolitiese netwerk dat vroue bymekaar moet kom om gemeenskaplike doelstellings te bereik.[91]

Die *ANCWL* was nie eerste om die idee van samewerking van vroueorganisasies in die veranderde politieke klimaat te inisieer nie. Die Wes-Kaapse *United Women’s Congress* [92] het in 1987 die inisiatief geneem en *FEDSAW* herstig. In November 1990 is egter besluit om as gevolg van die veranderde politieke klimaat en eise *FEDSAW* te ontbind en ‘n breër vroue-alliansie te vorm. Op 6 en 7 Julie 1991 het 48 vroueorganisasies by die Universiteit van Kaapstad vergader en besluit oor die struktuur en program van die *Women’s Alliance* wat uiteindelik op 24 November 1991 gestig is. Die alliansie het hom verbind tot die beëindiging van alle vorme van diskriminasie, ‘n verenigde demokratiese Suid-Afrika en ook dat politieke verdraagsaamheid binne en buite die alliansie toegepas moet word. Die alliansie wou graag verteenwoordigend wees, maar op daardie stadium het wit Engelssprekende vroue oorheers.[93]

Die *ANCWL* van die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging (PWV)-streek het reeds op 9 Augustus 1991’n seminaar met die tema “Women raise your voice in the future constitution” geïniseer. Dit was die voorloper van die *WNC*. [94] In September 1991 het 40 organisasies saamgekom wat tot die stigting van die *WNC* gelei het.

In September 1991 is die Nasionale Vredesakkoord gesluit en is die weg voorberei vir die veelparty samesprekings: die *Konvensie vir ‘n Demokratiese Suid-Afrika* (*KODESA*). Gedurende

---

[91] Amanda Botha, onderhoud, 18 Maart 1996.

[92] Sien p. 94 van hierdie tesis.

[93] G. Fester, “The Women’s Alliance in the Western Cape”, *Agenda*, 1992, 13, pp. 29-31.

[94] F. Adams, “Women’s Coalition - PWV”, *Agenda*, 1992, 13, pp. 31-32.

die eerste rondte van onderhandelinge het al die partye slegs mans in die onderhandelingspanne gehad. Die situasie was onaanvaarbaar vir die leiers van die *ANCWL* en hulle het in die pers hul misnoë oor die gebrek aan vrouens te kenne gegee. Helen Suzman het die *Demokratiese Party* en *KODESA* skerp gekritiseer en verskeie individue, akademici en politici het advertensies in koerante geplaas wat die situasie onder die publiek se aandag gebring het. Hierdie onvergenoegdheid van vroue het uiteindelik tot die koalisie gelei wat die vroue van Suid-Afrika se kragte saamgesnoer het om die onderhandelingsproses oop te forseer ten einde vir vroue plek te maak.[95]

2.5 Samevatting

Swart vroue het gedurende die vroeë 1900's die politieke terrein betree toe die regering hul familiestrukture bedreig en wou vernietig het. Daar kan dus met reg gesê word dat swart vroue se politieke aksie moedersentries was. Die vrouens het intuïtief as moeders teen die paswette, swak behuising in die stede en dreigende hongersnood reageer. Swart vroue het dus opgetree waar hulle 'n verskil kon maak en was suksesvol om die finale toepassing van die paswet met elf jaar uit te stel, hulle het ook bustariewe se verhoging tydelik gestop en Crossroads gered. Die vakbonde het 'n nuwe generasie politiesbewuste swart vrou geslyp wat met onderhandelingsvaardighede 'n groot rol in die mobilisering van vroue sou speel. Aan die einde van die periode sien ons dat die swart vroue nie net vir die behoud van huis en haard geveg het nie, maar ook vir hul eie menswaardigheid en gelykberegtiging sodat hulle saam met die mans volkome gelyk in 'n demokratiese Suid-Afrika sou wees.

Volgens Jayawardena neem mans die leiding in nasionalistiese bevrydingsbewegings van Derde Wêreldlande. Hulle organiseer die bevrydingsbewegings, politieke partye, besluit oor die omvang

[95] Hassim, "A conspiracy of women,", pp. 698, 700-701.

van die bevrydingstryd en hulle besluit ook oor die rol wat vroue sal speel.[96] In daardie opsig het swart vroue in Suid-Afrika nie verskil nie en het binne die grense beweeg wat deur swart mans bepaal is. Swart vroue het ten spyte van hierdie beperkinge en die beperkinge van patriargie polities gegroei en bewus geraak van hul eie waarde. Maar vroue se sfeer van politieke aktiwiteit, hul moedersentriese aksie, is gesien as minder belangrik teenoor "hoë" politiek, wat dan ook 'n manlik-gedomineerde politiek was. Die vrouepolitiek in die jare 1991-1994 kan as 'n konstante stryd teen marginalisering gesien word.[97] Dit sou lei tot 'n politieke beweging wat deur vroue gedryf is. Die doel was om 'n nasionale vrouestruktuur daar te stel wat oor rasse en ideologiese skeiding heen vroue sou saamsnoer. Hassim beweer dat die verskille tussen vroue in 'n groot mate deur die uitsluiting van vroue in die onderhandelingsproses uitgeskakel is. Die feit dat vroue aanvanklik as 'n groep uitgesluit was, het 'n kollektiewe gemeenskaplikheid veroorsaak.[98] Hierdie stelling sal in die volgende hoofstukke ondersoek word deur veral te kyk of Afrikanervroue hierdie "gemeenskaplikheid" sou aanvaar.

Tot dusver is in die eerste twee hoofstukke aangetoon hoe verskillend die pad van politieke bewuswording van Afrikanervroue en swart vroue geloop het. Gedurende die tyd toe swart vroue die eerste treë op politieke terrein gewaag het, was Afrikanervroue ook betrokke in die versterking van Afrikanernasionalisme, met of sonder eie inisiatief. Na 1940, namate die sukses van Afrikanernasionalisme toegeneem het, is die Afrikanervrou se politieke rol gemarginaliseer en het sy polities onbetrokke geraak. Daarteenoor het die uitwerking van apartheid swart vroue se moedersentriese politieke aktiwiteit na rewolusionêre feminisme verhoog.

---

[96] Kumari Jayawardena, *Feminism and nationalism in the Third World* (London, Zed Books, 1986), p. 260.

[97] Hassim, "A conspiracy of women,", pp. 696-697.

[98] Ibid., pp. 699 en 702.

Yuval-Davies en Floya se studie wat in 1989 voltooi is, het tot die slotsom gekom dat alhoewel daar ooreenkomste tussen swart nasionalisme en Afrikanernasionlisme is, wat hoofsaaklik op swaarkry gebaseer was, het die verskille in die politieke stelsels, naamlik die *ANC* se nie-rassige demokratiese beskouing teenoor die eksklusiewe Afrikanernasionalisme hul toekomsbeskouing beïnvloed. [99] Die swart vrou op soek na ondersteuning, het ‘n beroep op alle moeders gemaak om saam te staan. Uitreik oor rassegrense heen, was nie deel van die apartheidsplan nie, maar gedurende die 1980’s toe staatsmag deur die groeiende opposisie bedreig is, is Afrikanervroue aangeraai om by swart vroue toenadering te soek, soos in die geval van *Vroue vir Suid-Afrika,* ten einde hul welwillendheid te verkry. Hierdie aspek sal in die volgende hoofstuk aangespreek word. In die vroeë 1990’s het die swart vrou na alle vroue uitgereik ten einde die toekoms van vroue te verseker. Die Afrikanervrou, in ‘n identiteitskrisis gewikkel en polities sku, het hierdie keer op die oproep van die *ANC* gereageer.

[99] Gaitskell and Unterhalter, “Mothers of the nation”, p. 75.

Hoofstuk 3 Afrikanervroueorganisasies wat lid was van die *WNC*

In September 1991 het die *ANC Women's League* (*ANCWL*) 'n uitnodiging aan vroueorganisasies gerig om die politieke arena te betree ten einde gelykberegtiging vir vroue in demokratiese Suid-Afrika te verseker. Die gevolg was dat ongeveer 100 organisasies by die *Women's National Coalition* (*WNC*) aangesluit het, van hulle was ongeveer dertien Afrikanervroueorganisasies, wat politieke partye ingesluit het. Hierdie organisasies het duisende Afrikanervroue verteenwoordig.

In hierdie hoofstuk sal hierdie Afrikanervroueorganisasies, en die politieke partye waaraan hulle behoort het, bespreek word. Daar sal eerstens gekyk word na die geskiedenis en doelwitte van die organisasies, met die fokus op daardie elemente in die organisasie wat 'n invloed op die verteenwoordigers sou hê. Tweedens volg 'n ontleding van die organisasies ten einde te kan aandui waar die Afrikanervroueorganisasies die meeste ondervinding en invloed gehad het en waar hulle in gebreke was. Samehangend hiermee word die faktore, wat veroorsaak het dat die Afrikanervroue by die *WNC* aangesluit het, behandel.

3.1 Bepalings vir lidmaatskap van die *WNC*

Tydens die tweede vergadering van die Tussentydse Werkkomitee op 16 Oktober 1991, is daar genotuleer:

> "Who should be involved? All those interested in women's issues and concerns particularly those interested in the process that have started. The meeting emphasised that we need to be more inclusive than exclusive in our approach. Individual women who are interested may participate in the regional structures and participate on invitation to the national committee. It was also stressed that individual women with expertise need to be utilised."[1]

[1] Mayibuye-sentrum (MCH 100) 3.1.1: Minutes of the National Women's Coalition, 16 October 1991, pp. 2-3.

Volgens hierdie notule kon almal aansluit wat belangstel in vrouesake en veral in die beplande veldtog wat sou verseker dat vroue in die nuwe grondwet gelykberegtiging ontvang. In die grondwet van die *WNC*,[2] wat eers op 2 Februarie 1993 gefinaliseer is, word lidmaatskap meer volledig omskryf. Daar is toegelaat vir vier verskillende kategorieë van deelname op nasionale vlak: (a) nasionale vroueorganisasies, (b) nasionale organisasies wat vrouelede het, (c) streekskoalisies en (d) organisasies wat deur ‘n beslissing van die Bestuurskomitee (Steering Committee) kon aansluit.[3]

‘n Streekskoalisie (regional coalition), is volgens die grondwet ‘n koalisie of alliansie van organisasies, wat erken is na ‘n besluit van die Bestuurskomitee, waarvan een van hul hoofdoelwitte moes ooreenstem met dié van die *WNC*. Die doelwitte van die *WNC* was:

> “Om ‘n nasionale veldtog te koördineer vir die ontwikkeling en opvoeding van vroue wat inligting sal versamel en versprei oor vroue en hul behoeftes en vroue verenig deur ‘n Handves, of enige ander dokument, saam te stel en gelykheid in die Grondwet van Suid-Afrika te verskans.”[4]

Die streekskoalisies was Oos-Kaap, Grens, Oos-Transvaal, Noordwes-Transvaal, Natal-Middellande, Suid-Natal, Noord-Natal, Noord-Kaap, Noord-Transvaal, Gauteng (PWV-streek), Vrystaat, Noord-Vrystaat, Transkei en Wes-Kaap. Die onafhanklike tuislande, Transkei, Bophutatswana, Venda en die Ciskei, is ook ingesluit.[5] Elke streekskoalisie sou deur twee persone op die Nasionale Raad en deur een op die Bestuurskomitee verteenwoordig word.[6] Die streekskoalisies het in grootte verskil. Wes-Kaapland was die grootste met 162 lidorganisasies en die kleinste was vermoedelik Noord-Kaapland of Noord-Transvaal wat tydens ‘n opname geen

---

[2] Sien addendum H.

[3] MCH 100 1.1: *WNC* Constitution, 6 February 1993, p. 2;
MCH 100 1.3: D. Budlender, Profile of the *WNC*, no date, p. 1.

[4] MCH 100 1.1: *WNC* Constitution, 6 February 1993, p. 2.

[5] MCH 100 4.1.4.12: List of Steering Commitee members, no date.

[6] MCH 100 1.1: *WNC* Constitution, 6 February 1993, p. 2.

lidorganisasies aangedui het nie.[7] Die streekskoalisies het bestaan uit verteenwoordigers van organisasies wat op nasionale vlak lid was, maar ook van organisasies wat net in een spesifieke streek was. ‘n Voorbeeld van so ‘n organisasie wat net lokaal gefunksioneer het, was die *Kaapse Vroueklub* in Kaapstad.

As die twee dokumente van 1991 en 1993, wat lidmaatskap bepaal vergelyk word, is dit duidelik dat aanvanklik ‘n vae ope uitnodiging gerig is, maar een en ‘n halwe jaar later is daar onderskei tussen deelname op nasionale en streeksvlak. Op streeksvlak kon alle plaaslike vroueorganisasies ook dus deelneem om die reikwydte so groot as moontlik te maak.

Sekere individue is ook later individueel vir hul spesifieke kundigheid genader. Voorbeelde was Sheila Meintjes, professor in politieke wetenskap aan die Universiteit van die Witwatersrand en Kate O’Reagan, tans regter by die Konstitusionele Hof. Afrikaanse vroue was onder andere die regsgeleerdes: Elize Delport, Francis Bosman, Zenobia du Toit en Ilse Olckers; dr. Dioné Prinsloo,[8] ‘n historikus, asook prof. Sylvia Viljoen, ‘n sosioloog, albei van *UNISA*. Daar was egter later ‘n klagte dat daar te veel akademici gebruik word, veral om fokusgroepe te lei en dat die moontlikheid kan ontstaan dat die *WNC* elitisties sou raak. Daar is aangevoer dat vroueorganisasies op streeksvlak baie min betrokke was en dat hul lede eerder as leiers van

[7] MCH 100 4.1.4.12: List of Steering Committee members, no date. Dokument het streekskoalisies ingesluit;
The origins, history and process of the Women’s National Coalition, research report on the Women’s National Coalition, vol. 1 (Johannesburg, Women’s National Coalition), p. 32.

[8] Prinsloo het later gesê dat sy aanvanklik gedink het dat sy as “token white en token Afrikaner” genader is, e-pos, 11 Desember 2002.

fokusgroepe gebruik moes word.[9] As daar aan hierdie voorstel gehoor gegee is, sou die *WNC* definitief baie meer plattelandse vroue, wat Afrikanervroue ingesluit het, betrek het.

3.2 Klassifikasie en ontleding van Afrikanervroueorganisasies

Vir die doel van hierdie proefskrif word Afrikanervroueorganisasies in kategorieë ingedeel ten einde te kan besluit waar hul krag gelê het en ook waar daar leemtes was. Die publikasie van Katy Menell and Marjorie Jobson en die navorsing van Debbie Budlender, navorsingshoof (research supervisor) van die *WNC*,[10] is as riglyn vir die kategorisering gebruik. Die twee bronne het verskillende benamings vir die kategorieë gebruik, en al die organisasies is ook nie daarin opgeneem nie.

Menell en Jobson het in 1995 ‘n gids van nie-regeringsorganisasies met ‘n gender fokus saamgestel. Die doel daarvan was eerstens om skakeling tussen individue en groepe wat dieselfde belangstellings het, te fasiliteer en tweedens, om vroue meer bewus te maak van hul regte en om hulle dan te kan lei na organisasies wat geskik is vir hulle spesifieke behoeftes. Die gids is in hoofstukke ingedeel wat die artikels van die “Convention on the Elimination of all Forms of Discrimination Against Women” (CEDAW)[11] beklemtoon. Hierdie konvensie, ook genoem die “International Women’s Human Rights Convention”, is op 19 Desember 1979 deur die Algemene Vergadering van die *Verenigde Nasies* aanvaar en het op 3 Desember 1981 in werking getree. Die aanvaarding van CEDAW deur die *Verenigde Nasies* was die kulminasie van 30 jaar se werk deur die *Verenigde Nasies* se Kommissie vir die Status van Vroue. In die voorwoord van CEDAW word daar gemeld, dat ten spyte van verskeie pogings van die *Verenigde Nasies* om die gelykheid

[9] MCH 100 4.1.1.13: Minutes Steering Committee meeting, 14 August 1993;
MCH 100 4.1.2.4: Report from Steering Committee meeting, 19 and 20 June 1993.

[10] MCH100 1.3: D. Budlender, Profile of the *WNC*, no date.

[11] Sien addendum C.

van mans en vroue te bevorder, soos byvoorbeeld in die *Verenigde Nasies* se Handves, die Universele Verklaring van Menseregte, en die Internasionale Verdrag van Menseregte, is daar nog grootskaalse diskriminasie teen vroue. Die Suid-Afrikaanse regering het eers op 29 Januarie 1993 CEDAW onderteken.[12]

Menell en Jobson verwys ook by elke hoofstuk na die ooreenstemmende klousules van die Vrouehandves van die *WNC* [13] en na die "Critical areas of concern in respect of the rights of women" wat deur 'n gewone sitting van die *Verenigde Nasies* se Kommissie vir die Status van Vroue in 1994 as spesifieke areas waaraan lande moet aandag gee, geïdentifiseer is.[14]

3.2.1 **Afrikanerkultuurorganisasies**[15]

3.2.1.1 ***ATKV-Dames***

Die *Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging* (*ATKV*) is in Augustus 1930 gestig as 'n beroepsgerigte organisasie wat sou sorg dat die Afrikaanssprekende spoorwegwerker se taal en kultuur beskerm word. Tot op hede bly die hoofdoelwit van die ATKV nog steeds die beskerming en bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur. In 1943 is *ATKV-Dames* gestig, wat ook as doelwitte die opheffing van die Afrikaanssprekende vrou en haar gesin en maatskaplike sorg in die algemeen, insluit.[16]

---

[12] Sien hoofstuk 5, 5.3 vir die regering se aanvaarding van wetgewing teen diskriminasie van vroue.

[13] Sien addendum D.

[14] Katie Menell and Marjorie Jobson, *Women's rights in South Africa, a guide to national organisations with a gender focus* (Pretoria, HSRC, 1995), pp. 1, 4-5.

[15] 'n Afrikanerkultuurorganisasie is, vir die doel van hierdie navorsing, 'n organisasie waarvan een van sy doelwitte die beskerming van die Afrikaanse taal is.

[16] Menell en Jobson, *Women's rights in South Africa*, p. 40.

Ten tye van hul betrokkenheid by die *WNC* het die *ATKV-Dames* ongeveer 38 takke landswyd, met ‘n ledetal van 32 000 lede, gehad. Die organisasie het dus die potensiaal gehad om ‘n geweldige invloed uit te oefen. Dit was egter nie so eenvoudig nie, want in die hoofbestuur van *ATKV-Dames* daar verskillende sienswyses oor betrokkenheid by die *WNC*. Die toenmalige president, Marietjie Greeff, en Estelle Jordaan, organiseerder, was sterk ten gunste van voortgesette deelname. Daar was ook’n tweede groep wat gedink het dat die *WNC* te polities was en betrokkenheid opgeskort moes word. Daar was egter ook ‘n derde groep wat nie ‘n siening na die een of ander kant gehad het nie en redelik apaties teenoor die *WNC* gestaan het. Die potensiële invloedsfeer van *ATKV-Dames* was dus irrelevant, want dit het van plaaslike leiers afgehang of lede ooit van die *WNC* gehoor het.[17]

Dit is egter merkwaardig dat die *ATKV* wat die Afrikaanse kultuur en taal vooropstel by die *WNC* betrokke was en dan nog die hoë vlak waarop hulle betrokke was. Die rede vir die maklike inskakeling is nie duidelik nie. Dit kan wees omdat die *ATKV* nie by die *Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge* (*FAK*) verteenwoordig was nie, waar die ander kultuurorganisasies wel was. Die rede is dalk dat *ATKV-Dames* hulle nie volledig met die doelwitte van die *FAK* identifiseer het nie.[18] ‘n Stelling wat suggereer dat hulle dalk minder eksklusief was en dus meer bereid was om met die ander groepe saam te werk. Dit kan ook wees dat Estelle Jordaan, as jong vrou met toekomsperspektief, tesame met haar geesdrif en persoonlikheid, die belangrikste rol gespeel het. Vandag roem die *ATKV-Dames* hul daarop dat

[17] Estelle Jordaan (née Stoop), vraelys, per e-pos, 30 Maart 2001. Hierdie verskille is nie genotuleer nie – dit is ‘n goeie voorbeeld van die “stil stryd” binne organisasies waarna Jenny Malan in Hoofstuk 4, p. 166, verwys.

[18] Bron vertroulik.

hulle reeds vóór 1994 aktief meegehelp het om ‘n positiewe klimaat en gesindheid in Suid-Afrika te skep.[19]

3.2.1.2 ***Dames Aktueel***

Dames Aktueel is in 1977 as openbare arm van *Dameskring* gestig.[20] Die organisasie se doelwitte was om die Afrikanerkultuur onder vroue te bevorder, lede oor aktuele sake ingelig te hou, verstandelike en geestelike paraatheid te ontwikkel en om kulturele verryking en intellektuele stimulasie te verskaf.[21]

Aangesien *Dames Aktueel* ‘n Afrikanerorganisasie was wat hulle beywer het vir die uitbouing van die Afrikanerkultuur, was dit ‘n progressiewe stap om by die *WNC* betrokke te geraak het. Vroue wat deelgeneem het, was onder andere die nasionale president, Ester Wessels, Dioné Prinsloo[22], Ronelle Pretorius en Wina Cameron. Slegs Prinsloo was bereid om haar samewerking vir hierdie navorsing te gee. Wina Cameron, wat deur sommige aan my beskryf is as iemand wat ‘n belangrike rol gespeel het, wou nie die vraelys invul nie omdat sy volgens haar nie betrokke was nie. Haar verduideliking was dat haar belangstellingsveld kultuur en musiek is en daarom het sy geen belangstelling in die *WNC* met sy politieke oogmerke gehad nie.[23]

Alhoewel hierdie organisasie altyd op sy apolitiese standpunt geroem het, is daar met die snelveranderende politieke situasie ook van hierdie vroue verwag om by landsake betrokke te raak. In Junie 1990 op ‘n vergadering van die plattelandse tak, Upington, is vroue van *Dames*

---

[19] www.atkv.org.za/dames

[20] Sien p. 117.

[21] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, pp. 41- 42.

[22] Prinsloo het nie *Dames Aktueel* by die *WNC* verteenwoordig nie, maar is as kundige genader, sien p. 110.

[23] Wina Cameron, telefoongesprek, 18 April 2001.

Aktueel gemaan dat daar "verandering van hart en denke" sal moet plaasvind en dat die "tyd van eenkant staan en bloot skouers optrek" verby is. Daar is deur die spreker, Petra van Wyk, vrou van die adjunk-minister van finansies, 'n beroep gedoen dat Afrikanervroue in die "veranderende" Suid-Afrika moet uitreik na hul medemens en hulle leer ken, want hulle "ervaar dieselfde hunkeringe en behoeftes as ons, al het hulle 'n ander velkleur."[24] Van Wyk sou vermoedelik nie, as vrou van 'n politikus, 'n oproep tot uitreiking gerig het as dit nie die regering se goedkeuring gehad het nie. Hierdie oproep tot uitreiking na swartes deur die eendersheid van mense te beklemtoon, bewys die afstand wat die Afrikaner op daardie stadium tussen homself en ander rasse geplaas het.

Ten spyte van hierdie oproep tot politieke bewusmaking, word dit nie in meeste agendas van *Dames Aktueel* weerspieël nie. Dit word gestaaf as daar na die agenda van *Dames Aktueel* se Durbanville-tak in die noordelike voorstede van Kaapstad gekyk word. Die 1992-jaarprogram het as volg daar uitgesien: Binnehuisversiering, Blommerangskikking, Kindermolestering, Huweliksverryking, Taal en Sang, Sterwensbegeleiding en Profiel van 'n Verkragter.[25] Daar was definitief niks met 'n politieke geur of vrouebemagtiging op die agenda nie. Daar was dus geen onderwerpe tydens hierdie belangrike jaar vir die toekoms van die Afrikaner wat gender of politiek aangespreek het nie. Daar kan nie veralgemeen word nie, maar dit is tog opvallend dat in hierdie stedelike tak (een van vyf in Kaapland) dit duidelik is dat "aktuele sake" hoofsaaklik oor onderwerpe in en om die huis gegaan het.

Dames Aktueel se lede leef drie liefdes uit, "… 'n liefde vir die Afrikaanse taal, en die Afrikaanse Kultuur, sowel as 'n liefde vir God". As dié woorde van die voorsitter van die Monte Vista-tak, mev. Antoinette Mouton, in aanmerking geneem word, is dit nie vreemd dat die lede

[24] *Die Burger*, 22 Junie 1991.

[25] *Tyger-Burger*, 12 Februarie 1992.

van *Dames Aktueel* so moeilik by die *WNC* aangepas het nie. Nie een van hierdie liefdes was daar ‘n prioriteit nie.[26]

3.2.1.3 ***Jong Dames Dinamiek***

Jong Dames Dinamiek is as ‘n kultuurorganisasie vir vroue van 35 jaar oud en jonger, net soos *Dames Aktueel* ook in 1977, gestig.[27] Hul doelwitte is dieselfde as dié van *Dames Aktueel* en die meeste lede van *Jong Dames Dinamiek* sluit ná die ouderdom van 35 jaar by *Dames Aktueel* aan.

Alhoewel die organisasie deur die WNC as lid aangegee word[28], wil dit voorkom of *Jong Dames Dinamiek* nie werklik ‘n rol gespeel het nie. Ida Schmidt en Rene Jordaan was die nasionale presidente tydens die betrokke *WNC*-periode en alhoewel daar beweer word dat die organisasie op hoofbestuursvlak redelik betrokke was, is daar geen aanduiding daarvan in die geraadpleegde dokumente van die *WNC* nie.[29] Die enigste bewys van samewerking is ‘n verklaring deur Ida Schmidt dat *Jong Dames Dinamiek* “nou saamgewerk” het met die *WNC* oor die kwessie van die wettiging van aborsie.[30] Elsje Büchner is genoem as ‘n rolspeler, maar nadat sy uiteindelik opgespoor is, het sy ontken dat sy betrokke was aangesien die organisasie se betrokkenheid vóór haar termyn as president was. Sy was wel ‘n gewone lid tydens die betrokke periode. Volgens haar het die organisasie by die *WNC* aangesluit omdat hulle besef het dat hulle uit hul gemaksone

---

[26] *Tyger-Burger*, 17 Maart 1993.

[27] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, p. 43.

[28] *Breaking the silence, an introduction to the Women’s Charter for Effective Equality* (Women’s National Coalition, no date), agterblad.

[29] MCH 100 8.3.1.13: Research Supervisory Committee, Correspondence, Dioné Prinsloo – Debbie Budlender, 26 January 1993;
Van eersgenoemde twee vroue is geen samewerking ontvang nie.

[30] http://www.news24, 26 Oktober 1994.

moes beweeg; dat hulle deel is van ‘n nuwe Suid-Afrika en met ander vroueorganisasies sou moes hande vat om ‘n verskil te maak.[31]

Dit wil dus voorkom, as gevolg van ‘n gebrek aan bewyse vir die teendeel, of in die geval van die jonger vrouens hulle om verskeie redes nie ‘n leidende rol wou of kon speel nie. Moontlik het *Jong Dames Dinamiek* hulle op die *WNC* deur *Vroue vir Suid-Afrika* verteenwoordig gesien.

3.2.1.4 ***Die Dameskring***[32]

Hierdie organisasie word nie deur die *WNC* aangedui as ‘n lid nie, maar verskeie vroue het egter aangedui dat hulle wel betrokke was.

Marthella Pretorius het in 1967 die behoefte gevoel om ‘n vroueorganisasie te stig met as doelbewuste strewe die uitbou van die Afrikanersaak. Sy het die inisiatief geneem nadat sy ‘n oomblik van goddelike openbaring beleef het met die lees van Jesaja 6:8 “Daarop hoor ek die stem van die Here wat sê ‘Wie sal ek stuur en wie sal vir ons gaan?’ Toe antwoord ek: ‘Hier is ek, stuur my.’ ” Hierdie opdrag het sy uitgevoer en *Die Dameskring* is op 18 Oktober 1967 gestig. Dit was ‘n private organisasie wat vertroulik funksioneer het. Volgens Erra Cilliers, voormalige president, impliseer dit dat lidmaatskap slegs op uitnodiging is en sy het verder verduidelik “dat

[31] Elsje Büchner, e-pos en vraelys, 28 Januarie, 18 en 19 Februarie 2003. Hierdie is weer eens ‘n geval van ‘n persoon wie se naam aan my gegee is as iemand wat betrokke was, maar in werklikheid nie was nie.

[32] *Die Dameskring* moet nie verwar word met die *Afrikaanse Dameskring* wat alreeds in 1933 in Johannesburg ontstaan het nie. Laasgenoemde was ‘n sosiale klub met die doel om ‘n “gesonde gees van vriendskap en samewerking onder sy lede te bevorder.” Bron: H.J. TerreBlanche, *Ideologies affecting upper and middle class Afrikaner women in Johannesburg, 1948, 1949 and 1958* (unp. M.A. thesis, UNISA, 1997), p. 94.

dit soortgelyk aan die *Broederbond* was."[33] Nuwe lede is sorgvuldig gekies en moes volkome met die doelwitte van *Die Dameskring* identifiseer, invloedryk wees en deel van 'n "leierskorps" wees. *Die Dameskring* het ten tye van die *WNC*, in 1992, 2 380 lede in 204 takke gehad (in 2002: 180 takke en 2 511 lede).[34]

Die doelwitte van die organisasie is die praktiese uitlewing van Christenskap; die behoud en versterking van die gesin; die bevordering van die belange van die Afrikaanssprekende gemeenskap se kultuur, waardestelsel, taal, geskiedenis en tradisies; die toerusting en weerbaarmaking van die Afrikaanssprekende vrou op geestelike ekonomiese, politieke en fisieke terreine; die bevordering van goeie menseverhoudings en die sinvolle naasbestaan van alle inwoners van die Republiek van Suid-Afrika.[35]

Die behoefte aan 'n openbare arm om hul projekte uit te voer, het gelei tot die stigting van *Jong Dames Dinamiek* en *Dames Aktueel* in 1977. In 1993 het *Dames Aktueel* se hoofbestuur besluit om hul bande met *Die Dameskring* te breek. Ná 1996 het daar skynbaar 'n onstuimige tyd vir die organisasie aangebreek. Erra Cilliers het gesê dat daar 'n stryd binne *Die Dameskring* was, en dat die organisasie "'n kwantumsprong moes maak." Sy het ook gemeld dat daar "baie aanpassings gemaak moes word en dat die leiers moes voorloop en moes vasbyt."[36] Cilliers wou nie verder uitbrei oor die aard van die "krisis" nie en daar kan net spekuleer word dat dit sekerlik verband gehou het met die politieke veranderinge van die tyd en die feit dat die *Broederbond* (nou

---

[33] "Waar kom *Die Dameskring* vandaan? 1967-1998", Marthella Pretorius: "*Die Dameskring* vanaf 1967 tot 1984", verkort en saamgestel deur Dioné Prinsloo, opgedateer deur Riette van der Merwe, Junie 1998, ongepagineer;
Erra Cilliers, telefoononderhoud, 15 Augustus 2001.

[34] "Waar kom *Die Dameskring* vandaan? 1967-1998", ongepagineer.

[35] Ibid.

[36] Erra Cilliers, telefoononderhoud, 15 Augustus 2001.

Afrikanerbond) ook meer openlik funksioneer het. In 1996 het die *Die Dameskring* ook besluit dat ‘n tak openlik mag funksioneer en dat lede hul eie lidmaatskap mag bekendmaak.[37]

Dit moes ‘n groot aanpassing gewees het vir vroue wat bogenoemde ideale nagestreef het, om binne die struktuur van die *WNC* aan te pas. Volgens die dokumente van die *WNC* het *Die Dameskring* nie ‘n prominente rol gespeel nie. Aangesien *Die Dameskring* op daardie stadium nog vertroulik funksioneer het, het lede onder die vaandel van ander organisasies aan die *WNC* behoort. Dit was baie moeilik om van lede inligting te kry oor wie by die *WNC* betrokke was. Die navorser kon byvoorbeeld nie samewerking van Marié en Christi Herholdt, wat albei presidente van *Die Dameskring* was, kry nie. Marié Herholdt het wel die vraelys beantwoord, maar op die vraag watter organisasie sy verteenwoordig het, het sy *Vroue vir Suid-Afrika* ingevul. Niemand het op ‘n vraelys aangedui dat hulle aan *Die Dameskring* behoort het nie.

Die resultaat van hierdie absurde situasie is dat lede van *Die Dameskring WNC*-vergaderings bygewoon, het, maar niemand kon dit erken nie. Die gevolg is dat hulle nie eers deur die *WNC* as ‘n lidorganisasie gelys is nie. *Die Dameskring* se credo dat “een mens ‘n verskil kan maak”, het hier skamelik gefaal.

3.2.2 **Welsynsorganisasies**[38]

3.2.2.1 ***Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF)***

Tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog het vrouekomitees feitlik in elke dorp in Kaapland kos en klere versamel om die nood van die oorlogslagoffers te probeer verlig. Na vredesluiting het verarming en ontwrigting nuwe probleme veroorsaak en is daar gevoel dat ‘n vrouevereniging,

[37] “Waar kom *Die Dameskring* vandaan? 1967-1998”, ongepagineer.

[38] Menell and Jobson klassifiseer hierdie organisasies onder: sosiaal, kultureel en godsdienstige lewe, en Budlender onder: gemeenskapsorganisasies.

wat naas welsynswerk ook opvoedkundige werk kon doen, gestig moes word. Op 1 September 1904 is die *Afrikaanse Christelike Vrouevereniging* (*ACVV*) in Kaapstad onder leiding van Elizabeth Roos gestig.[39] Die rol van van die *ACVV* in die opheffing van die Afrikaner en die groei van Afrikanernasionalisme is reeds bespreek. Daar is ook gewys op die onafhanklike gees van hierdie vroue wat uiteindelik deur Afrikanermans gedemp is.[40]

'n Maand later, op 19 Oktober 1904, is die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie*, die eerste welsynsorganisasie in die Transvaal, deur Georgina Solomon gestig. Daar was van die begin af tweespalt tussen dié twee vroueorganisasies. Afgesien van die politieke klousules wat in die grondwet van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* was, het lidmaatskap ook 'n probleem geskep. Die *ACVV* se lidmaatskap was net oop vir Protestante en die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* het aanvanklik ook etlike Joodse en Rooms-Katolieke lede gehad. Daar is toe ooreengekom dat elke vereniging hom tot sy eie provinsie sou bepaal: die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* is tot die Transvaal en die *ACVV* tot Kaapland beperk. Hierdie organisasies is gevolg deur die stigting van die O*ranje Vrouevereniging* in die Vrystaat en die *Christelike Vrouevereniging* in Natal.[41]

Politieke strewe was van die begin af 'n belangrike deel van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* en hulle het hul vereenselwig met die *Het Volk Party* wat meer versoeningsgesind was. Omdat beide Georgina Solomon en Annie Botha, vrou van die eerste minister Louis Botha en stigterslid,

---

[39] H.C. Lambrechts en Erika Theron, *Vrouevolksdiens: die werk van die Afrikaanse Christelike vroueverenining* (Kaapstad, HAUM, 1959), pp. 10-11;
Kintie Malan (samesteller), "Die eerste georganiseerde vroueaksie", *Die vrou en die politiek, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 deur die nasionale vroueklub van die parlement*, (Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery, 1975), pp. 34-35.

[40] Sien hoofstuk 1, p. 39.

[41] T.C. Pienaar, *Op die voorpos, Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, 1904-1974: dienende liefde* (plek onvermeld, Koöperasiepers, 1974), p. 7.

Engelssprekend was, was die fokus definitief nie om net slegs Afrikaners te help nie en was daar aanvanklik selfs beskuldigings dat hulle té Engels was. In 1916, vermoedelik as gevolg van die regering se hantering van die Rebellie, het die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* hulle politieke klousule geskrap en hul bande met die *Suid-Afrikaanse Party* verbreek.[42]

Volgens Elsabé Brink het die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* sterk bande met die *Broederbond*, die NG Kerk en sy susterskerke gehad en het ook hierdie organisasie uiteindelik bygedra tot die "groei en die sekuriteit van die volk", met ander woorde die uitbreiding van Afrikanernasionalisme.[43] As daar na die lied van die vier welsynsverenigings gekyk word, is dit duidelik dat hierdie vroue afgesien van welsyn, erns met Afrikanervolksdiens en 'n historiese verbondenheid met die Afrikaner se verlede gehad het:

> Dis heerlik om die naam te dra
> Van dogters van Suid-Afrika
> Daar's werk, daar's werk, my suster werk
> Vir vroue vroom en vry en sterk –
> Haar volk te dien, haar God te eer
> - Lei U haar self, die vrou, O Heer.
> Ons moeders het die volk gelei
> Deur menig donker doodsvallei,
> En trots is ons die naam te dra
> Van vroue van Suid-Afrika!
> Ons volk te dien, ons God te eer
> Gee onsself aan U, O Heer.[44]

Die vier welsynsverenigings het in 1920 as die *Federale Vroueraad* verenig, maar nog steeds outonoom gebly. In 1967 het die benaming verander na *Federale Vroueraad Volksbelang* en vanaf 1992 het hulle as die *Vroueraad* van die *FAK* gefunksioneer.[45] Aangesien slegs die *Suid-*

---

[42] Pienaar, *Op die voorpos*, p. 7.

[43] Elsabé Brink, "Man-made women: Gender, class and the ideology of the Volksmoeder", Cherryl Walker (ed.), *Women and Gender in Southern Africa to 1945* (David Philip, Cape Town, 1990), p. 288.

[44] M.E. Rothman, *My beskeie deel*, p. 232.

[45] Susann Marais, telefoononderhoud, 21 Oktober 2003.

Afrikaanse Vrouefederasie skynbaar by die *WNC* betrokke was, sal daar in hierdie hoofstuk slegs op diè organisasie gefokus word.

Vandag is die doelwitte van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* die praktiese beoefening van naasteliefde aan die medemens in nood, die bestendiging van die gesinslewe, die voorsiening van dienste en fasiliteite volgens gemeenskapsbehoeftes, veral vir kinders en bejaardes, voorbidding vir ons land en mense, bevordering van opvoeding, onderwys en gesondheid en die beywering vir die behoud van kultuurerfenisse.[46]

Afgesien van bogenoemde doelwitte het die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* op vele ander terreine betrokke geraak. Volgens die voorsitter, Susann Marais, het die organisasie "in die lig van die huidige politieke en kerklike verdeeldheid", 'n versoenende rol gespeel en probeer om beter gesindhede onder Afrikaners te bevorder. Nadat die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* onder die vaandel van die *FAK* inbeweeg het, het hulle aangekondig dat hulle 'n aktiewe en versoenende rol in *KODESA* wou speel en het sodoende 'n overte politieke dimensie bygekry.[47] Dit is egter ironies, want op daardie stadium, Junie 1992, het *KODESA* II reeds in duie gestort. Dit is skynbaar in dieselfde periode wat die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* aangedui het dat hulle by die *WNC*, of te wel vrouebemagtiging, betrokke wou raak.

Alhoewel die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* op die *WNC* se lys van lidorganisasies aangedui is, is dit onseker oor hul werklike bydrae aangesien daar geen rolspelers in die *WNC* was nie.[48] In 'n

---

[46] Menell and Jobson, *Women's rights in South Africa*, p. 45.

[47] Susann Marais, telefoononderhoud, 21 Oktober 2003;
Die Burger, 21 Julie 1992;
http://www.uovs.ac.za.

[48] *Breaking the silence, an introduction to the Women's Charter for Effective Equality* (Women's National Coalition, no date), agterblad.

brief van Dioné Prinsloo aan die navorsingskoördineerder in Februarie 1993, het sy aangedui dat Unus van Graan, president van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* graag ‘n vergadering wou bywoon.[49] Volgens Anna Boshoff was hulle wel lid van die *WNC*.[50] Lidmaatskap is verder bevestig deur Marieta Kemp, direkteur maatskaplike dienste van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie*, maar dat hulle slegs via *Vroue vir Suid-Afrika* ingeskakel het.[51] Jenny Malan het in haar onderhoud beweer dat die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* aanvanklik nie deelgeneem het nie, maar op hul eie doelwitte gefokus het. Volgens haar het hulle later wel afgevaardiges gestuur om die vergaderings by te woon.[52] Dit wil dus voorkom asof die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* net in naam deel was van die *WNC* en soos baie ander organisasies het hul verteenwoordiging in ‘n netwerkorganisasie verlore geraak.

Sedert die ontstaan van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* het hulle oor vele fasette beskik. Interessant is dat die inisiatief van hierdie organisasie uitgegaan het vir die stigting van *Vroue vir Suid-Afrika*, naamlik van ‘n Christelike welsynorganisasie na meer verhoudingsgerig. Die huidige direkteur het bevestig dat hule nog steeds oorwegend Afrikaans is, alhoewel hulle deesdae verskeie dokumente in Engels beskikbaar stel.[53] Alhoewel die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* ‘n welsynsorganisasie is, kan mens op grond van sy geskiedenis, verbintenis met die FAK en veral die doelwit, naamlik die behoud van kultuurerfenisse, dit ook as kultuurorganisasie klassifiseer.

[49] MCH 100 8.3.1.13: Research Supervisory Committee, Correspondence, Dioné Prinsloo – Debbie Budlender, 26 January 1993.

[50] Anna Boshoff, e-pos, 16 Februarie 2002.

[51] Marieta Kemp, e-pos, 31 Julie 2002.

[52] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2002.

[53] Marieta Kemp, e-pos, 31 Julie 2002.

3.2.3 **Opvoeding en opleiding**

3.2.3.1 ***Vroue Landbou-unie (Suid-Afrikaanse en Transvaalse) (SAVLU)***[54]

Tussen 1925 en 1931 het die vier provinsies van die destydse Suid-Afrika afsonderlike vroue landbou-organisasies gestig. Die landbou-organisasies het veral op die platteland ‘n opvoedings-, sosiale en ekonomiese rol vervul. Op daardie stadium was hoër opvoeding vir vroue die uitsondering. Die landelike gebiede was geïsoleerd en daar was ‘n groot behoefte aan sosiale skakeling. Gedurende die jare 1929-1932 het die depressie dit genoodsaak dat die boervrou moes help om die familie inkomste aan te vul en tuisgekweekte produkte ten beste te benut. Die landbou-organisasies het die landelike lewe verbeter en ook kulturele blootstelling aan die landelike vroue gegee. In 1931 het die vier provinsiale organisasies as die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* saamgesmelt.[55] Die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* is ‘n sambreelorganisasie met outonome takke in die provinsies. Vandag is die hoofdoelwit van hierdie organisasie steeds om volwasse vroue op te voed en te ontwikkel en bied hoofsaaklik programme aan wat oor opvoeding, gesondheid, landbou, tuisteskepping en welwillendheid handel.[56]

Op ‘n vraag of die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* slegs vir Afrikaanssprekende vroue was het Anna Boshoff soos volg geantwoord: “Die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* was nog altyd – sedert stigting – ‘n tweetalige organisasie. Vroeër jare was daar ook baie meer Engelssprekende lede, maar tans is dit oorwegend Afrikaans.” In Gauteng is daar vyf sterk Engelssprekende takke en in Kwazulu-Natal, waar dit as die *Federation of Women’s Institute of Kwazulu-Natal* funksioneer, is behalwe vyf Afrikaanse takke, almal Engelstalig. Die totale ledetal van *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* is ongeveer 13 000 lede.

---

[54] Debbie Budlender het die *SAVLU* onder gemeenskapsorganisasies geklassifiseer.

[55] *SAVLU* 1931-2000: Jubileumalbum, 2000, p. 13.

[56] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, p. 21. In Kaapland is die *Vroue Landbou-unie* ‘n soortgelyke, maar afsonderlike organisasie.

Die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* het ook swart vroue by hul opvoedingsprogramme ingesluit. Dit is bevestig dat veral in die Transvaal daar redelike samewerking met swart vroue bestaan het.[57] Die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* wat sedert 1936 periodiek subsidies van die regering gekry het om die organisasie op ‘n gesonde finansiële voet te hou, het in 1987 ‘n suksesvolle pleidooi gelewer vir ‘n subsidie wat skynbaar vir die opvoeding van landelike swart vroue aangewend is.[58]

Alhoewel die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* nie ‘n politieke organisasie was nie, het die vroue alreeds in 1988 die boodskap gekry dat daar verandering in Suid-Afrika moes kom, en dat dit vroue sou wees wat daardie boodskap moes uitdra. Toe die voorsitter van die *Wêreldbond van Plattelandse Vroue*, dr. Ellen McLean, die jaarlikse kongres kom toespreek het, het sy haar teen die apartheidsbeleid uitgelaat, vir die vroue gesê dat hulle nie vir altyd op hul eie eiland, afgesonderd van die res van die bevolking, kon bly nie, en dat vroue ‘n verskil kan maak. Hulle sou egter hul stem moes laat hoor.[59] In watter mate hierdie boodskap implementeer is, is nie seker nie, maar in Junie 1993 het ‘n skeuring in die *Transvaalse Vroue Landbou-unie* gedreig oor die weglating van die woord “blank” in die grondwet ten einde lidmaatskap oop te stel.[60]

Nadat die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* sy deure vir alle rassegroepe oopgegooi het, het die *South African Women’s Cultural Organisation*, wat bestaan het uit bruin vroue van die Wes-Kaap, gedurende die laat-1990’s aangesluit. Anna Boshoff het egter opgemerk dat hulle baie onaktief is en dat daar verwag word dat hulle gou sal bedank. In die Oos-Kaap het Xhosa-vroue van die *Eastern Cape Zenzele Women’s Association* ook by *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie*

---

[57] *Die Burger*, 24 Junie 1993.

[58] *SAVLU* 1931-2000: Jubileumalbum, 2000, pp. 13-17.

[59] *Die Burger*, 20 September 1988.

[60] *Die Burger*, 24 Junie 1993.

om affiliasie aansoek gedoen. Volgens Boshoff is hulle werk so ver van die van die ander lede verwyder dat hulle self besluit het om nie saam te werk nie."[61] Daar kan redeneer word dat die nuwe demokrasie organisasies hul deure vir ander rassegroepe laat oopmaak het, maar dit het nie noodwendig assimilasie beteken nie.

In Mei 1992 het die Bestuurskomitee van die *WNC* besluit dat Anna Boshoff van die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* as lid gekoöpteer moes word. Die rede was dat die groot ledetal van die organisasie die basis van die koalisie aansienlik sou vergroot en sodoende die donateurs tevrede sou stel. Alhoewel die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* baie stedelike lede het, is hulle baie aktief in die platteland en sou die plattelandse vroue ook by die *WNC* betrek word. Dit is egter opvallend dat in die Jubileumalbum van die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie*, wat redelik volledig die geskiedenis van die organisasie opgeteken het, daar geen aantekening is van die organisasie se betrokkenheid by die *WNC* nie. Dit is werklik vreemd want Anna Boshoff, wat beide die *Suid-Afrikaanse Vroue Landbou-unie* en die *Transvaalse Vroue Landbou-unie* verteenwoordig het, het vanaf 1992 tot 1994 'n belangrike rol gespeel. Sy was self teenwoordig tydens die oorhandiging van die Vrouehandves aan president Mandela, vir haar was dit die hoogtepunt sowel as die bereiking van die doelwitte waarna die *WNC* gestreef het. Die organisasie het daarna uit die *WNC* bedank aangesien laasgenoemde "handuit geruk" het en haar gevoel was dat sommige swart lede en personeel nie die *WNC* wou beeïndig nie, want "hulle het te lekker geleef op borgskappe wat die *WNC* aan die gang gehou het."[62]

[61] Anna Boshoff, e-pos, 17 Augustus 2002.

[62] Anna Boshoff, e-pos, 13 November 2003.

3.2.4 Kommunikasiegroepe

3.2.4.1 *Kontak*

Die inisiatief vir die stigting van *Kontak* het tydens die 1976 Soweto-opstande van ‘n groep Afrikanervroue, onder leiding van Frede van Rooyen, wat bekommerd was oor die toekoms van Suid-Afrika en die gebrek aan kontak tussen mense, uitgegaan.[63] Die organisasie se doelwitte was om ‘n beter begrip en respek vir mekaar te bevorder, vir groter samewerking tussen al die mense van Suid-Afrika, om te strewe vir en die bevordering van geregtigheid terwyl terselfdertyd sosiale en kulturele diversiteit erken word en om ekonomiese verantwoordelikheid en rentmeesterskap te bevorder.[64] Dit was dan inderdaad die hoofdoelwit van *Kontak* dat mense oor die kleurgrens mekaar moes leer ken en aanvaar. Deur middel van huisvergaderings is verskillende rassegroepe bymekaargebring. Vir baie Afrikanervroue was dit die eerste geleentheid waartydens hulle sosiaal met ander rassegroepe verkeer het.[65]

Teen 1989 was daar alreeds 28 takke landswyd. Annemarie Nutt het gesê “… dat teen 1990 was *Kontak* goed gevestig as ‘n nie-rassige organisasie wat vir versoening en geregtigheid tussen alle ras-, taal-, politieke- en godsdienstige groepe in Suid-Afrika gewerk het.” Sy beweer “…dat *Kontak* geloofwaardigheid oor ‘n breë spektrum van die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het.” Volgens haar was *Kontak* tussen 1976 en 1994 “ ‘n baanbreker op die versoeningsveld en dus polities verdag. Die organisasie het nie geskroom om sy stem te laat hoor waar dit onregverdige optrede teenoor mede-burgers gewaar het nie.” Die kongres van 1989 met die onderwerp: Die Suid-Afrika waarin ek eendag wil woon, is tekenend hiervan. Tydens die kongres was daar

---

[63] Deborah Gaitskell and Elaine Unterhalter, “Mothers of the nation: a comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress”, Yuval-Davis, Nira en Anthias, Floya (eds.), *Woman-Nation-State* (London, Macmillan, 1989), p. 66.

[64] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, p. 43.

[65] *Die Burger*, 29 Augustus 1989.

voorgestel dat ‘n eenvormige opvoedingstelsel in Suid-Afrika ingestel moes word en dat apartheid as onwettig verklaar word.[66] Na die demokratiese verkiesing van 1994 het *Kontak* van ‘n versoeningsbeweging na ‘n projekgebaseerde organisasie verander. Baie wit vroue het egter onttrek omdat hulle gevoel het dat gelykberegtiging bereik is.[67]

Volgens Amanda Botha het *Kontak* gesukkel om in die Kaap gevestig te raak. Volgens haar was ‘n belangrike struikelblok die feit dat daar in grondwet gestaan het dat die organisasie slegs vir Christene was en vroue die huisvergaderings as geforseerd ervaar het.[68] Daar is egter wel takke van *Kontak* in die Kaap gestig.

Volgens Nutt was dit ‘n uitgemaakte saak dat *Kontak* by die *WNC* sou aansluit: “ Die koalisie was ‘n alliansie, vroue moes deelneem, anders is hulle gemarginaliseer.” [69] *Kontak*, veral in die persoon van Annemarie Nutt, het van die begin af ‘n baie belangrike rol in die *WNC* vertolk.

3.2.4.2 *Vroue vir Suid-Afrika* (*VVSA*)

Vroue vir Suid-Afrika het met die volgende stellings hul doelwitte uitgespel en probeer lede werf: “Ons probeer goeie verhoudings tussen groepe bevorder en bring ‘n boodskap van hoop in ‘n rewolusionêre klimaat”, asook: “Vroue in dié land moet mekaar nou die hand gee om saam die kommunistiese aanslag teen die land en sy mense te stuit.”[70]

In 1986 het leiersfigure uit die vrouearena, hoofsaaklik van Afrikanerorganisasies, onder leiding

---

[66] *Die Burger*, 27 Junie 1989.

[67] Annemarie Nutt, vraelys, Mei 2001.

[68] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

[69] Annemarie Nutt, vraelys, Mei 2001.

[70] *Die Burger*, 24 Oktober 1986 en 18 Maart 1988.

van Tilly Fick, destydse presidente van die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie*, byeengekom. Dit was ontstuimige tye. Daar was grootskaalse onrus en die regering het ‘n noodtoestand afgekondig. Daar is besluit dat vroue van Suid-Afrika moet saamstaan, “amper patriotisme teen ‘n politieke vyand.” Hierdie organisasie het die “rooi gevaar”-kaart gespeel en die vrees vir Kommunisme wat by gewone landsburgers geheers het, aangeblaas. Die organisasie het beklemtoon dat die Marxistiese aanslag 80% sielkundig was en dat die teikengroep wat die rewolusie sou moes laat plaasvind, sakelui, sielkundiges, geestelikes, akademici, studente en vroue ingesluit het. Landsprobleme soos klipgooiery, halssnoermoorde, skoolboikotte, intimidasie van werkers, stakings, asook die vernietiging van eiendom, is as voorbeeld van Kommunistiese infiltrasie genoem. [71] Die organisasie se retoriek sou by meeste vroue, ‘n raakpunt getref het. Dit is nie moeilik om die taal van die regering, maar ook van regse Afrikanerpolitici, in die terminologie te herken nie. Die aanklag is dan ook dat *Vroue vir Suid-Afrika* ‘n regeringsinisiatief was toe daar tydens die noodtoestand besef is dat brûe van gedeelde belange gebou sou moes word ten einde begrip, versoening en dalk steun van swartes te wen. Vir vroue is gesê dat moederskap deur alle vroue gedeel word en dat dit as aanknopingspunt gebruik moes word.[72] Afrikanerleiers het dus probeer om *Vroue vir Suid-Afrika* politieke agente te maak.

Amptelik was die organisasie se doelwitte om ‘n beweging van gematigdes te koördineer ten einde hul plaaslike gemeenskappe en die land te dien, met die geloof dat vroue die spilpunt is vir die bepaling van die toekoms van Suid-Afrika; om op nasionale uitdagings te reageer; om Christelike waardes te bevorder; om gemeenskapsprojekte daar te stel en uit te brei; om vroue bewus te maak van die rol wat hulle in die gemeenskap en in die versorging van die familie speel; om ‘n netwerk vir vroueorganisasies daar te stel en om ‘n openbare stem vir vroue te wees.[73]

---

[71] *Die Burger*, 18 Maart 1988.

[72] Gaitskell and Unterhalter, “Mothers of the nation”, pp. 66-67.

[73] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, p. 47.

Met Jenny Malan as sameroeper is ‘n netwerk van vroueorganisasies gestig wat nie op welsyn of kultuur gefokus het nie, maar verhoudingsgerig was. Daar is van lidorganisasies verwag om by hul doelwitte die verbetering van rasseverhoudings te voeg. Volgens Malan was dit die grootste beweging in die land wat Suid-Afrikaners multi-kultureel gebind het. Hulle het uiteindelik 25 000 medewerkers gehad. *Vroue vir Suid-Afrika* beweer dat, omdat hulle reeds vroeër verhoudings aangespreek het, hulle eintlik die aanvoorwerk vir die *WNC* gedoen het.[74]

In Afrikanerkringe is *Vroue vir Suid-Afrika* as ‘n progressiewe organisasie beskou. Hulle het reeds in 1990 ‘n Vroue-Manifes[75] opgestel nadat honderde vroue kommentare ingestuur het waain hulle stipuleer het wat die verwagtinge en ideale van vroue vir die “nuwe bedeling” was. In 1992 het die organisasie ‘n Verklaring van Verantwoordelikhede[76] opgestel aangesien hulle bekommerd was dat “sommige mense tans hulle vryheid misbruik.” Hierdie verklaring het van die standpunt uitgegaan dat as jy politieke regte het, jy ook sekere verantwoordelikhede het.[77] Dioné Prinsloo, hoofbestuurslid van *Dames Aktueel*, was baie beïndruk met die kwaliteit van die multi-kulturele werk wat deur *Vroue vir Suid-Afrika* gelewer is en geglo dat sy baie meer deur dié organisasie as deur *Dames Aktueel* op dié terrein kon bereik.[78]

Vroue vir Suid-Afrika het volgens hulle namens die vroue van Suid-Afrika gepraat. Maar hulle was egter eksklusief, want alhoewel hulle in die Manifes vryheid van godsdiens propageer het, was dit in ‘n gemeenskap wat op Christelike beginsels gebaseer is. Daar word ook eksplisiet gemeld dat hulle “gematigdes” wou koördineer. Wat ook vreemd is, is dat ten spyte van hul

[74] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[75] Sien addendum E.

[76] Sien addendum F.

[77] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[78] Dioné Prinsloo, vraelys, 11 Desember 2001.

aansprake om verhoudingsgerig te wees, dit nie pertinent in die doelstellings van die organisasie gemeld word dat hulle verhoudings en kommunikasie wou bevorder nie.

'n Prominente Afrikanervrou, wat ook by die *WNC* betrokke was, het gesê dat haar organisasie *Vroue vir Suid-Afrika* as 'n regse netwerk wat rassisties en bevooroordeeld was, ervaar het. Volgens haar het sy haar geskaam vir die inhoud van hul publikasies.[79] Sy het hier vermoedelik verwys na die pamflet wat in 1986 uitgegee is wat aan vroue riglyne verskaf het om die verhouding met hul huiswerkers te verbeter.[80] Met die verdoemende prentjie wat *Vroue vir Suid-Afrika* van 'n toekomstige Suid-Afrika wat onder die juk van kommunisme gebuk sou gaan, geskets het, het hierdie organisasie inderdaad meer na 'n regse beweging as 'n versoeningsbeweging geklink. Menell en Jobson se klassifikase van *Vroue vir Suid-Afrika* as 'n organisasie met 'n sosiale, kulturele en godsdienstige fokus, gee dalk 'n goeie aanduiding van die openbare beeld wat dit uitgestraal het. Vandag roem die organisasie daarop dat hulle verhoudingsgerig was. Dit was egter eerder 'n instrument in die hande van die regering.

3.2.5 Werk en ekonomiese lewe

3.2.5.1 *Women's Outreach Foundation*[81]

Daar word amptelik verklaar dat hierdie organisasie in Desember 1992 gestig is na aanleiding van die Geneefse Verklaring vir Landelike Vroue wat gepleit het vir die opheffing van agtergeblewe vroue. Dit wil egter voorkom asof hierdie organisasie 'n inisiatief van die *Nasionale Party* was en deur die party se *Vroueaksie* op die been gebring is. Marike de Klerk was beide die stigter en beskermvrou van die organisasie. De Klerk het in 1993 ook namens die *Women's Outreach*

[79] Naam op versoek weerhou.

[80] Sien p. 55.

[81] Hierdie is nie tradisionele Afrikaner organisasies nie, maar omdat Afrikanervroue 'n belangrike rol in die stigting en organisasie gespeel het, word dit ingesluit.

Foundation onder andere Duitsland en Italië besoek en ‘n konferensie oor die ontwikkeling van landelike vroue toegespreek. As vrou van die president en leier van die *Nasionale Party* was die doel definitief ook om die openbare beeld van die regering te poets.[82]

Alhoewel hierdie organisasie ‘n Engelse naam het, was die leiers Afrikanervroue. Die nasionale koördineerder was Fantine Lambrecht wat ook presidente van *Vroue vir Suid-Afrika* was. Later was dit Tersia Wessels. Die doelwitte van die organisasie was om vroue deur opvoeding en opleiding te mobiliseer om hul talente en vaardighede aan te wend vir die ontwikkeling van Suid-Afrika; om die familie te promoveer; om vrede en stabiliteit deur verdraagsaamheid en wedersydse respek te fasiliteer en om vroue aan te moedig en te bemagtig om hul self te help.[83]

Die *Women’s Outreach Foundation* het op die minderbevoorregte gemeenskappe gefokus. Hierdie gemeenskappe se behoeftes is geïdentifiseer en is daarna deur spesifieke programme aangespreek. Volgens berigte is projekte deur individue en maatskappye geborg. Teen 1995 het die organisasie ongeveer 17 000 vroue in basiese vaardighede, voorskoolse kindersorg en gesondheidsorg opgelei.[84]

Hierdie organisasie word nie in die lys van *WNC* organisasies nie genoem, maar dit kan wees omdat die organisasie eers aan die einde van 1992 gestig is. Anna Boshoff het bevestig dat dit wel by die *WNC* betrokke was.[85]

---

[82] http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1993/news0128.

[83] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa,* p. 27.

[84] http://www.puk.ac.za/bbdwww/hop/rdpiopl.htm; http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1995/news1025.

[85] Anna Boshoff, e-pos, 16 Februarie 2002. Beide Fantine Lambrecht en Tersia Wessels was onwillig om hul samewerking vir hierdie navorsing te gee.

Na 1994 het die *Women's Outreach Foundation* 'n kontroversiële beeld gekry, aangesien Marike de Klerk gereeld aanvalle op die *ANC* geloods het. Sy het veral hul spandabelrige partytjies en onverskillige houding teenoor korrupsie geteiken. Dit is dus nie vreemd dat die organisasie onsuksesvol by die regering se Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) vir geld aangeklop het nie.[86]

Dit wil voorkom asof hierdie organisasie 'n regeringsinisiatief was wat op die vooraand van die verkiesing die landelike vrou wou bereik om sodoende waardevolle vrouestemme te werf. Die Engelse naam was sekerlik om die Afrikanerverbintenis te versag. Alle projekte het duidelik laat blyk dat die *Nasionale Party* dit inisieer het. Die volgende stelling is deur 'n swart projekbestuurder gemaak: "…the *National Party* will help us to go ahead and make a living for ourselves."[87]

3.2.6 Geslagsgelykheid

3.2.6.1 *Vroueburo van Suid-Afrika / Women's Bureau of South Africa*[88]

Die *Vroueburo* is in Julie 1981 deur Margaret Lessing met befondsing van Old Mutual gestig. Die doelwit was om 'n sentrale liggaam vir vrouesake daar te stel. Soortgelyke organisasies het reeds in die VSA, Japan, Frankryk, Duitsland en lande in Suid-Amerika bestaan en vir 25 jaar is daar

---

[86] *Cape Times*, 5 December 2001.

[87] http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1995/1025;
Dit is ironies dat na die moord op mev. De Klerk, een van die gesteelde voorwerpe wat by die moordenaar gevind is, 'n flitslig was met die embleem van die *Women's Outreach Foundation* daarop, www.News24, 19 Mei 2003.

[88] Debbie Budlender het na die *Vroueburo* as 'n voorspraakgroep (advocacy group) verwys.

gepoog om ‘n soortgelyke organisasie in Suid-Afrika van die grond af te kry. Dit was die eerste netwerk vir vroue van verskillende rassegroepe en organisasies.[89]

Sedert sy stigting beywer die landwye nie-politieke skakelliggaam hom om die sosiaal-ekonomiese toestande van vroue te bevorder, veral om haar toetrede tot die arbeidsmark te vergemaklik en om praktiese gelykheid te bewerkstellig. Hulle monitor wetgewing wat vroue, kinders en familie raak, probeer om geweld en mishandeling in families te verlig en om vroue se belange, gesondheid en welsyn te beskerm.[90]

Truida Prekel het gesê dat toe sy by die *Vroueburo* aangesluit het, was dit die eerste keer dat sy as ‘n Afrikaanssprekende vrou ‘n wye spektrum van alle rassegroepe ontmoet het. Die *Vroueburo* was nie overt polities nie en het geen politieke vroueorganisasies gevra om aan te sluit nie, want volgens Prekel sou politieke organisasies die *Vroueburo* gekelder het. Voorbeelde van groepe en verenigings wat aan die *Vroueburo* behoort het, was onder andere kerke, welsynsverenigings en verpleegstersverenigings. ‘n Dinamiese netwerk het ontwikkel wat in 1986 reeds 100 000 lede gehad het. Heelwat Afrikanervroue was betrokke en Truida Prekel was self later ‘n direkteur van die organisasie Daar was ook swart vroue op die bestuur van die *Vroueburo*.[91]

Tydens die nasionale konferensie van die *Vroueburo* in Junie 1991 het Sally Woodrow, voormalige voorsitter van die SA Federasie vir Professionele en Sakevroue, voorgestel dat ‘n mosie ingedien word dat vroue by die opstel van die nuwe grondwet betrek word. Sy het

---

[89] Daar was wel op daardie stadium die *National Council of Women of South Africa*, maar hulle het net ‘n klein groepie vroue bymekaargebring, veral swart en Engelssprekende vroue, maar nie Afrikaanse vroue nie.

[90] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, p. 13;
Die Burger, 9 September 1989.

[91] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

beklemtoon dat sosiaal-ekonomiese gelykheid vir vroue net sal gebeur as daar druk op die regering geplaas word en dit kan slegs gebeur as vroue direk betrokke raak. Sy het verwys na die toespraak van president De Klerk op 2 Februarie 1990 waarin hy almal uitgenooi het om saam oor die toekoms van die land te onderhandel.[92] Die *Vroueburo* het die uitnodiging van De Klerk aanvaar en daarop aangedring dat die regering ‘n afsonderlike departement van vrouesake stig. Die voordeel daarvan sou wees dat dit die status sou hê om wetgewing voor te stel, beleid te vorm en programme daar te stel. President de Klerk was egter nie daarvoor te vinde nie en het die versekering gegee dat die regering van plan is om alle vorme van diskriminasie uit te wis en het ‘n ombudsman wat sou omsien na vrouesake voorgestel.[93] As spreekbuis vir die werkende vrou was die *Vroueburo* van die begin af by die *WNC* betrokke en het deurgaans as organisasie ‘n belangrike rol gespeel.

3.2.7 Politieke partye

Alhoewel die grondwet van die *WNC* nie spesifiek melding gemaak het dat vroueorganisasies ook politieke partye sou insluit nie, was dit wel die geval. Aangesien die inisiatief vir die *WNC* van die *ANCWL* uitgegaan het, was dit net logies dat ander politieke partye ook deel sou moes wees.

Alhoewel sommige vroueorganisasies bekommerd was dat politieke partye die koalisie sou domineer tot nadeel van die ander groeperinge wat nie dieselfde politieke vernuf gehad het nie, was die betrokkenheid van die vroueafdelings van politieke partye baie belangrik vir die uiteindelik sukses van die *WNC*. Alhoewel hulle in werklikheid beperkte mag gehad het, het hulle potensieel oor baie invloed beskik. Hulle het nie net toegang tot hul politieke verteenwoordigers by die onderhandelingsproses gehad nie, maar moes terugrapporteer aan die besluitnemers en beleidmakers van hul onderskeie partye en kon sodoende voorstelle maak. Veral in die periode

[92] *Die Burger* , 1 Junie 1991.

[93] *The Argus*, 11 October 1991.

waar daar ‘n interimgrondwet geskryf is, kon hulle die politieke leiers inlig en beïnvloed rondom vrouekwessies wat op daardie stadium nie meer geïgnoreer kon word nie. Vir die politieke partye was hul sigbaarheid in die *WNC* belangrik om stemme vir die 1994-verkiesing te werf. Die doel was nie net om bestaande kiesers se stem te behou nie, maar ook om miljoene nuwe kiesers te werf. Die vaardighede en kennis van “professionele” politici was uiters noodsaaklik vir die bemarking van die *WNC*. Die samewerking tussen aktiviste, akademici en vrouepolitici het uiteindelik gesorg dat die *WNC* sy mandaat kon uitvoer.[94] Die politieke partye het ‘n geweldige reikwydte gehad, want landwyd het hulle duisende kiesers gehad wat potensieel deur die *WNC* betrek kon word.

Daar is egter ook negatiewe aspekte ten opsigte van partypolitieke betrokkenheid. Afgesien van die feit dat vroue met politieke aspirasies die *WNC* natuurlik as ‘n uiters geskikte platform beskou het, was dit ook ‘n wesenlike faktor dat verteenwoordigers na partybelange sou omsien. Die meeste politieke party verteenwoordigers by die *WNC* was ook later by die Veelparty-onderhandelings betrokke. Dit het tot ‘n botsing in belange en verwaarlosing van hul pligte by die *WNC* gelei. Na die 1994-verkiesing, toe vroue wat parlementêre posisies gekry het die *WNC* verlaat het, het dit daartoe bygedra dat die organisasie sy momentum verloor het.[95]

Feitlik al die belangrike politieke partye was by die *WNC* geaffilieer.[96] Wat die Afrikanerpartye betref was die *Konserwatiewe Party* en die *Vryheidsfront* nie lid nie. Dit was slegs as verteenwoordigers van die *Demokratiese Party* en die *Nasionale Party* waar Afrikanervroue in die *WNC* ‘n rol gespeel het. Aangesien die politieke partye tweetalig was, was dit nie noodwendig

[94] Shireen Hassim, “’A conspiracy of women’: the women’s movement in South Africa’s transition to democracy”, *Social Research*, vol. 69, no. 3 (Fall 2002), pp. 701, 725-726.

[95] In hoofstuk 5 word partypolitieke-kwessies meer volledig hanteer.

[96] Sien addendum A.

dat ‘n Afrikaanssprekende vrou die party sou verteenwoordig nie. ‘n Voorbeeld hiervan is Anne Routier wat as Engelssprekende die *Nasionale Party* tot 1994 verteenwoordig het.

3.2.7.1 Die *Nasionale Party Vroueaksie*

Die *Nasionale Party* is op die *WNC* deur die party se *Vroueaksie* verteenwoordig. Die *Vroueaksie* se doelwitte was polities, want die vroue was hoofsaaklik besig met stemwerwing en kiesersopleiding. Hulle het ook gehelp met die opleiding van vroulike stadsraadslede. Ten tye van die *WNC* was die staatspresident se vrou, Marike de Klerk, voorsitter van die *Federale Vroueaksie*, wat sy op die dagbestuur van die *Nasionale Party* verteenwoordig het.[97]

Die *Vroueaksie* het uit die aard van die saak die *Nasionale Party* se beleid verdedig. Gedurende die tyd van vertwyfeling by baie Afrikaners het die party ook probeer om vrese te besweer. So het Marike de Klerk byvoorbeeld die versekering probeer gee dat: “onderhandeling beteken nie oorgawe of die uitverkoping van die blankes aan die swart massas nie.” Na hierdie twyfelagtige woordkeuse moes sy nog meer verwarring gesaai het met die volgende stelling dat: “sogenaamde blanke Suid-Afrika nog nooit wit was en nooit wit sal wees nie.” Sy het voortgegaan om te verduidelik waarom die apartheidsbeleid misluk het en verandering absoluut noodsaaklik was. Sy het ook beklemtoon dat dit van die vrou gaan afhang om goeie gesindhede te bou en agterdog en wantroue teen te werk.[98] Hierdie woorde het nie net die intelligensie van die *Nasionale Party*-ondersteuners onderskat nie, maar sou terselfdertyd ondersteuners aan die regse Afrikanerpartye afgestaan het.

Tydens die eerste vergadering van die *WNC* op 27 September 1991 was die *Nasionale Party* nie teenwoordig nie. Aangesien die organiseerders besluit het dat die *WNC* verteenwoordigend moes

[97] Loïs Geldenhuys, telefoongesprek, 22 Augustus 2002.

[98] *Die Burger*, 9 Maart 1990.

wees, het dit dus ook al die hoof politieke rolspelers ingesluit. Anne Routier van die *Nasionale Party* is gekontak om aan te sluit. Daar word beweer dat sy as gevolg van haar persoonlike vriendskappe met Engelse vroue, byvoorbeeld van die *Black Sash*, by die *WNC* betrokke geraak het. Op 12 Desember 1991 is genotuleer dat Anne Routier die *Nasionale Party* se toestemming sou vra om op die Tussentydse Werkkomitee te dien. Sy is daarna ook op die Bestuurskomitee verkies.[99] *Nasionale Party*-belange is dus deur ‘n ervare Engelssprekende politikus verteenwoordig.

Routier het nie net die *Vroueaksie* op die *WNC* verteenwoordig, maar was ook later lid van *KODESA*. Sy was van mening was dat vroue te lank vir politieke partye gewerk het sonder om iets daaruit te kry. Sy het gevoel dat, alhoewel die *Nasionale Party* geglo het dat almal vry en gelyk is, is daar nog te min verteenwoordiging deur vroue. Sy het dit soos volg gestel: “Ons wil nie nou die manne uitstoot nie, maar die tyd het aangebreek dat hulle na die vrou se stem luister. Ons maak immers die helfte van die stemgeregtigdes in die land uit.”[100] Hierdie was ‘n nuwe geluid vir die *Nasionale Party*. Waarskynlik was dit partypolitieke praatjies kort voor die amptelike stigting van die *WNC*, of dalk haar eie mening, want soos aangedui was president De Klerk in Oktober 1991 nie te vinde vir die *Vroueburo* se voorstelle om daadwerklik iets omtrent geslagsdiskriminasie te doen nie.[101]

Nie al die takke van die *Vroueaksie* het by die *WNC* betrokke geraak het nie. Die standpunte wat die verskillende provinsiale en plaaslike leiers oor die *WNC* gehuldig het, het ‘n direkte invloed op betrokkenheid gehad, aangesien ‘n hele paar van die provinsiale leiers se eggenotes ook

---

[99] Loïs Geldenhuys, telefoongesprek, 22 Augustus 2002;
MCH 100 2.1.1: Minutes of plenary meeting, 12 December 1991.

[100] *Die Burger*, 24 April 1992.

[101] *The Argus*, 11 October 1991.

voorsitters van *Vroueaksie* was. Tydens die Vrouedagviering by die Uniegebou in Pretoria in 1995 en 1996, 'n *WNC*-inisiatief, kon Loïs Geldenhuys geen vroue van die *Vroueaksie* in Pretoria betrokke kry nie, terwyl die *Vroueaksies* in Krugersdorp en omgewing entoesiasties deelgeneem het.[102]

Joan Hunter het die *Nasionale Party* op die *WNC* in die PWV-streekkoalisie verteenwoordig. As voormalige Lid van die Volksraad en Provinsiale Raad, was sy by die onderhandelings in Kemptonpark teenwoordig.[103] Loïs Geldenhuys het ná 1994 die *Vroueaksie* op nasionale vlak, as organiserende sekretaris van die *Federale Vroueaksie*, by die *WNC* verteenwoordig.[104] Hierdie vroue se ervarings, onder ander Joan Hunter se teleurstelling in haar manlike kollegas, word in die volgende hoofstuk behandel. Die pad wat die *Nasionale Party* in die *WNC* geloop het, het talle krisisse opgelewer. Meer volledig hieroor in hoofstuk 5.

3.2.7.2 *Demokratiese Party Vroueforum* (*Women's Forum*)

Al het die *Demokratiese Party* nie in sy grondwet voorsiening gemaak vir 'n afsonderlike vroue-afdeling nie, was vroue baie aktief in die party en het sterk gefigureer. Wanneer nodig is 'n *Vroueforum* egter saamgeroep, soos in die geval van die *WNC*.[105] Die *Demokratiese Party Vroueforum* was op die eerste bekendstellingsvergadering van die *WNC* deur Gill Noero verteenwoordig. Die meeste vroue wat die *Demokratiese Party* by die *WNC* verteenwoordig het, was Engelssprekend. Die Afrikaanssprekende vroue wat leierrolle gespeel het was Sandra Botha, Dene Smuts en Elmarie Neilson.

---

[102] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

[103] Joan Hunter, vraelys, Maart 2001.

[104] Loïs Geldenhuys, vraelys, 7 Mei 2001.

[105] Elmarie Neilson, e-pos, 30 Augustus 2002.

Sandra Botha het ‘n belangrike rol gespeel, want sy het as adjunksekretaris-generaal drie dae per week in die *WNC*-kantoor gewerk. Haar taak was om met die sekretaris-generaal, Thoko Msane, saam te werk en strategieë uit te werk om die koalisie uit te bou en om toesig oor die administratiewe sy van die organisasie te hou. Hierdie pos het sy vanaf Februarie 1993 tot in Maart 1994 beklee, maar was nog tot 1995 by die *WNC* betrokke.[106]

Elmarie Neilson het die *Demokratiese Party* in die *Western Cape Regional Coalition* verteenwoordig en het vanaf die stigting op 16 Augustus 1992 in die komitee gedien. Sy was deel van die navorsings-en opleidingsgroep (research and education group), waarvan sy vanaf 1993 die voorsitter was.[107] Op ‘n vraag of sy en Dene Smuts hulself as Afrikaans beskou, het sy die volgende geantwoord het. “Ek sien vir Dene soos ek myself sien: ons kom beide van die Vrystaat af, my pa en haar oom was saam prokureurs op Bethlehem en ons het Afrikaans grootgeword en beskou onsself as gewortelde Afrikaners, BEHALWE dat ons nou meer Engels as Afrikaans praat en ons kinders na Engelse skole stuur. Die rede hiervoor is oorlewing.”[108]

Dene Smuts was ‘n stigterslid van die *Western Cape Regional Coalition*, wat voorheen as die *Women’s Alliance* bekendgestaan het. Sy was Lid van die Volksraad vir die *Demokratiese Party* en het ook as vroueregte-segspersoon vir die party opgetree. Sy was ook afgevaardigde na *KODESA* en die Veelparty-onderhandelings. Aangesien vroueregte in 1990 ‘n nuwe gedagte vir

---

[106] MCH 100 3.1.2: Minutes of Council meeting, 6 February 1993, p. 2; MCH 100 6.2.2: Addendum to reports, February 1993; MCH 100 4.1.1.22: Minutes of Steering Committee meeting, 3 Maart 1994; MCH 100 3.1.18: Meeting of *WNC* representatives of the RDP office, 3 May 1995. Sandra Botha, tans ‘n Lid van die Nasionale Vergadering, was ten spyte van verskeie pogings, nie bereid om haar samewerking vir hierdie proefskrif te gee nie.

[107] Elmarie Neilson, vraelys, 2001;
MCH 100 8.3.2: Research Supervisory Committee, Correspondence, Elmarie Neilson – Debbie Budlender, 16 December 1992.

[108] Elmarie Neilson, e-pos, 26 Augustus 2002.

Suid-Afrika was, is Smuts trots daarop dat die *Demokratiese Party* die eerste was om in 1990 'n kongresbesluit te neem dat Suid-Afrika *CEDAW* moet onderskryf. Sy erken egter dat sy twyfel of die besluit ingestem sou gewees het as die kongresgangers volledig vertroud was met die inhoud.[109] Smuts het dus insinueer dat die mans dit nie eers deurgelees het nie. Smuts het later gesê dat haar feministiese oortuigings in die "cross-party and rainbow National Women's Coalition" 'n tuiste gevind het. Sy het nie net haar volle ondersteuning vir die *WNC* gegee nie, maar dit het vir haar die impetus gegee om op groter vroueverteenwoordiging in die *Demokratiese Party* aan te dring en uiteindelik houdings oor vroue in die party te verander.[110]

Dit wil voorkom of die Afrikanervroue in die *Demokratiese Party* makliker hul mening gelug het as ander Afrikanervroue. Elmarie Neilson het byvoorbeeld nie gehuiwer om by 'n *WNC* Bestuurskomiteevergadering beswaar aan te teken dat daar te veel vergaderings, komitees, en subgroepe is en dat die veldtog nie van die grond af kom nie.[111] Die rede kan dalk wees omdat vroue in die *Demokratiese Party* 'n groter stem het, of dat die blootstelling aan 'n meer Engelse agtergrond hulle meer op politieke konfrontasie voorberei het. Die *Demokratiese Party* het deurgaans 'n baie belangrike rol in die *WNC* gespeel. Soos reeds genoem het hulle nie gehuiwer om hul mening te lug nie, en het ook nie geskroom om met die *ANCWL* te verskil nie. Die party het met die *ANCWL* verskil oor die begrip "gelykheid", die mate van staatsinmenging om geslagsgelykheid te bewerkstellig en ook of dit in die privaatsektor wettig afgedwingbaar moes wees. Die *Demokratiese Party* se houding was dat politieke regte vir gelykheid en deelname gewaarborg moet word, met ander woorde dat dit toeganklik moet wees en dat staatsinmenging

[109] Dene Smuts, e-pos, 4 September 2002.

[110] Ferial Haffajee, *Redefining politics* (Johannesburg, Commission on Gender Equality, 1999), p. 101.

[111] MCH 100 4.1.2.4: Report Steering Committee meeting, 19 and 20 June 1993.

tot die minumum beperk moet word. Die *ANC* het weer gevoel dat regte pro-aktief implementeer moet word, wat regstellende aksie en die herverdelende welsynsprogramme ingesluit het.[112]

*****

Dit is moontlik dat daar Afrikanervroue was in ander organisasies wat by die *WNC* betrokke was, maar wat nie hier bespreek is nie. Alhoewel Budlender in die kategorie: verenigings, diens- en spesiale belangegroepe, geen Afrikanerorganisasie opneem nie, sal daar definitief baie Afrikanervroue wees wat byvoorbeeld lid was van die *Nasionale Raad vir Blindes*, *die SA Vereniging van Universiteitsvroue* en die *SA Federation of Business and Professional Women of South Africa*. Of diesulkes by die *WNC* betrokke was, is onseker. Indien wel, was hulle nie prominent nie.

3.3 Ontleding van die Afrikanervroueorganisasies wat wel deelgeneem het

3.3.1 Kultuurorganisasies: die krag van Afrikanervroueorganisasies

Dit is baie duidelik dat die meeste Afrikanervroueorganisasies wat op die *WNC* verteenwoordig was, die bewaring van die Afrikanerkultuur en Christenskap as doelwitte gehad het. Afrikanerkultuurorganisasies wat lid van die *WNC* was, alhoewel skynbaar apolities, het hulle die meer gematigde politieke spektrum verteenwoordig aangesien die regse Afrikanerpartye nie betrokke was nie. Maar selfs onder die gematigdes was daar verskille, want slegs *Dameskring*, *Dames Aktueel* en die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* is by die *Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge* (*FAK*) ingeskakel. Die *FAK* is reeds in 1929 gestig om as landwye koördinerende liggaam op te tree.[113] Soos reeds aangedui, was die *ATKV*, as gevolg van beleidsverskille, nie lid van die *FAK* nie.

---

[112] Hassim, “A conspiracy of women”, pp. 711-713.

[113] http://www.fak.org.za/FAKMain9.htm.

Dr. Frits Kok, uitvoerende direkteur van die *ATKV* is van mening dat die ontstaan van die meeste kultuurorganisasies in Suid-Afrika ‘n weerspieëling van die politieke situasie op ‘n sekere tydstip was. ‘n Voorbeeld is die *Afrikanervolkswag* wat in 1984 gestig is. Die rede vir sy ontstaan was die politieke verdeeldheid wat onder die Afrikaner in die laat-sewentiger en vroeë tagtigerjare teenwoordig was. Met die skeuring van die *Nasionale Party*, toe die *Konserwatiewe Party* in 1982 weggebreek het, het daar ook verdeeldheid in Afrikanerkultuurverenigings en -kerke geheers. Die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk in daardie stadium, wat net wittes as lidmate toegelaat het en dit op grond van die Bybel verdedig het, is ‘n voorbeeld van hierdie verdeeldheid. Ook die *Afrikaner Broederbond* het geskeur toe die *Konserwatiewe Party* ook ‘n geheime organisasie, *Toekomsgesprek*, gestig het. In ‘n poging om ‘n verenigende rol bo-oor partygrense te speel, is die *Afrikaner-Volkswag* in 1984 gestig. Van die belangrikste doelwitte van die organisasie was die handhawing van die Afrikaanse taal, die verskerping van die Afrikaners se historiese bewussyn en die beskerming van Afrikaanse opvoedkundige inrigtings. Hierdie organisasie het skynbaar gesneuwel omdat prof. Carel Boshoff die behoefte aan ‘n volkstaat die hooftema wou maak, ‘n ideaal wat nie deur alle “regses” en definitief nie deur “linkse” Afrikaners nagestreef is nie. Die gevolg was dat dit as ‘n ultra-konserwatiewe organisasie bekend gestaan het en met die verregse politiek geassosieer is. In plaas van Afrikaner-eendrag te verseker het die organisasie uiteindelik groter verdeeldheid geskep.[114] In 1990 is die *Afrikaner-Kultuurbond* gestig, wat as oorkoepelende kulltuur-organisasie vir “regsdenkendes” sou optree.[115]

Ook vroue het op die vinnig veranderende politieke situasie reageer en in Augustus 1993 is die

---

[114] *Die Burger*, 8 September 1993;
http://www.*Nasionale Party*.org.za/Afrkns/vrae/vstaat1.htm;
http://www.und.ac.za/und/ccms/publications/articles/voortrek.htm;
F.W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1998), p. 107.

[115] *Die Burger*, 7 Desember 1990.

regsgesinde vroueorganisasie, *Aksie Vrouekrag* gestig. Lucia van den Berg, vrou van Mossie van den Berg, voorsitter van die *Afrikaner-Kultuurbond,* was die voorsitter. Sy het gesê dat dit ‘n kultuurorganisasie was wat in Calvinistiese-Christelike waardes geanker was.[116] In wese was die belangrikste doelwitte van hierdie organisasie dus nie veel anders as die van die kultuurorganisasies wat oënskynlik by die *WNC* betrokke was nie, behalwe dat hulle hul by die regsgesinde-Afrikanerpolitiek geskaar het.

Kok se teorie word versterk deur die *Rapportryerskorps* wat op 23 Maart 1990, ‘n bietjie meer as ‘n maand na president De Klerk se aankondiging wat ‘n nuwe era in Suid-Afrika sou inlei, ‘n Afrikanerberaad gereël het. Die tema was: Eendrag maak mag. Deur middel van ‘n openhartige gesprek sou daar besin word oor kulturele eensgesindheid in Afrikanergeledere. *Jong Dames Dinamiek* en *Dames Aktueel* het van die beraad onttrek omdat Eugène Terre’Blanche van die *Afrikaner Weerstandsbeweging* ‘n spreker sou wees. Ten spyte van hul politieke assosiasie het die twee vroueorganisasies beklemtoon dat hulle kultuurorganisasies was en dat hulle nie politieke blootstelling gesoek het nie. James du Plessis, hoofsekretaris van die *Rapportryerskorps* het die versekering gegee dat politiek nie ‘n rol in die beraad sou speel nie. Dit is bevestig deur die *Afrikaner-Volkswag* wat besluit het om nie die beraad by te woon nie, aangesien hulle op ‘n partypolitieke grondslag wou deelneem en dit nie toegelaat is nie. Die twee vroueorganisasies het egter nie van besluit verander nie.[117]

Dit is verbasend dat die beraad só gou belê is. Dit dui definitief daarop dat die Afrikanerkultuurleiers besluit het om in ‘n wêreld wat skielik op sy kop gedraai het, laer te trek en om die Afrikaner wat in die laaste dekade, veral polities verdeeld geraak het, te probeer saamsnoer. Die doel was nie om politieke eenheid te bereik nie, maar om slegs kultureel te

[116] *Die Burger*, 23 Augustus 1993.

[117] *Die Burger*, 21 en 23 Maart 1990.

probeer saamwerk. Die keuse van die tema, eendrag maak mag, die leuse van die Republiek van Suid-Afrika kan sekerlik vertolk word dat hierdie groep die status quo, ten minste vir die Afrikanerkultuur, wou behou.

Die vraag ontstaan, hoe het die Afrikanerkultuurorganisasies by die *WNC*, ‘n organisasie wat beding het vir vroueregte, betrokke geraak? Die volgende gebeure het dalk ‘n rol gespeel.

In teenstelling met bogenoemde Afrikanerberaad is daar op dieselfde dag ‘n seminaar aan die Randse Afrikaanse Universiteit met die onderwerp “Vernuwing in Afrikanerdenke” aangebied. Met sprekers soos Ken Owen, redakteur van *Business Day*, Hennie van Deventer, redakteur van *Die Volksblad*, Alan Boesak, Willem Nicol, Piet Meiring, Adam Small en André Brink was die doel van die seminaar dat die Afrikaner sy visie moet verbreed en meer inklusief moes wees.[118] Op dieselfde dag was daar dus twee uiteenlopende samekomste. Waar die een die Afrikaner wou saamsnoer, het die ander eerder gekyk na ‘n Afrikaner wat ander Suid-Afrikaners moes nader trek.

`n Paar maande later, op die vooraand van ‘n ampsbesoek aan die VSA, het Marike de Klerk tydens ‘n onderhoud gesê dat sy glo dat vroue ‘n meer aktiewe rol in die politieke proses moet speel. Sy het gesê dat Calvinisme vereis het dat vroue onderdanig moes wees, maar dat die persepsie aan die verander was. Sy het die veranderende posisie van die vroue geïllustreer deur daarop te wys dat bykans 50% van alle privaatbeleggings op die Johannesburgse Effektebeurs aan vroue behoort en dat 50% van alle grade en diplomas aan vroue toegeken word. Sy het nie onbeteuelde feminisme bepleit nie, maar wel ‘n aktiewe, betekenisvolle deelname van ‘n groep wat meer as die helfte van die Suid-Afrikaanse bevolking uitgemaak het.[119] Hierdie woorde van

[118] *Die Burger*, 23 Maart 1990.

[119] *The Natal Mercury*, 28 September 1990.

De Klerk, veral haar hersiening van die Christelike rol van die vroue, sou definitief ‘n hele aantal vroue tot nadenke gestem het.

Kort daarna het ‘n belangrike gesprek tussen die staatspresident F.W. de Klerk en ongeveer 22 verteenwoordigers van bekende Afrikanerkultuurorganisasies plaasgevind. Dit is onder andere bygewoon deur die *Afrikaanse Taal- en Kultuurbond,* die *Federasie van Rapportryers*, *FAK*, *ATKV, Jong Dames Dinamiek, Dames Aktueel*, die *Voortrekkerbeweging*, die *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns* en die *Junior Rapportryers*. Wat vir hierdie navorsing belangrik is, is eerstens dat De Klerk belowe het om te probeer dat georganiseerde kultuurgroepe oor sekere kwessies inspraak in die staatkundige onderhandelingsproses sou kry. Tweedens het hy daarop gewys dat daar in die verlede in ‘n hoë mate op die staat en wetgewing staatgemaak is vir die instandhouding en handhawing van ‘n Afrikaanse gemeenskap en -kultuurlewe. Enige kultuurgemeenskap sou in die toekoms grootliks op sy eie motivering en dinamika aangewese wees vir sy groei en voortbestaan. Derdens het beide die regering en die kultuurorganisasies saamgestem dat kultuurgemeenskappe sou moes waak teen elitisme en kontak met die breë bevolking moet behou. Die geheim sou wees om balans te hou deur aan die een kant die eie kultuurgemeenskappe uit te bou en te behou, en om aan die anderkant nasionale eenheid te probeer bevorder.[120] Beide De Klerk en die kultuurleiers het op daardie stadium, nog voor die onderhandelinge amptelik begin het, besef dat Afrikanerkultuurorganisasies nie meer op staatsondersteuning kon staatmaak nie.

‘n Paar maande later het Willie Esterhuyse, hoogleraar in filosofie aan die Universiteit van Stellenbosch, in die openbaar ‘n beroep gemaak op vroue om in die oorgangsproses betrokke te raak, aangesien hulle ‘n groot rol kan speel om ‘n klimaat van vertroue te skep: “Vertroue val nie

[120] *Die Burger*, 24 November 1990.

soos manna uit die lug nie. Daar moet daarvoor gewerk word. Dit word gebou deur kontak te maak en gesprek te voer … kontak wat vertroue wil bou impliseer die uitreik na die onbekende 'ander' sodat 'hulle' deel van 'ons' kan word." Hy het voortgegaan en daarop gewys dat vroue "deur die eeue die draers van aanvaarbare waardes" was wat as kultuur vertolk is, en dat hulle taak nou moet wees om " 'n kultuur van ordentlikheid te bou en te onderhou." Hy het ook verwys na 'n "kultuur van geweld en wantroue" waar "wit die kleur van die onderdrukker" was en "swart die kleur van geweld." Volgens hom sou hierdie kultuur net deur "kontak" verbreek word en dat dit die taak van vroueorganisasies moet wees. Hy het 'n krygsbeeld gebruik deur te sê dat "die eintlike 'bevrydingstryd' deur vroue van die land gevoer sal word. Dit is die stryd teen vooroordele en wantroue – by onsself en ook by ons medelandgenote. Vroue staan in die voorste loopgraaf van die 'stryd' en die afloop daarvan sal bepaal hoe 'nuut' die nuwe Suid-Afrika sal wees."[121]

Esterhuyse het dus 'n opdrag gegee dat die Afrikanervrou moet uitreik na die swart vrou, haar moet nader trek sodat sy deel van die Afrikanervroue ("ons") kan word. Hy het ook die tradisionele siening van "kultuur" hervertolk en 'n negatiewe konnotasie daaraan gegee deur op die "wit onderdrukkers" se aandeel in die kultuur van "geweld en wantroue" te wys. Ook die Afrikaanse woord "ordentlikheid" wat op fatsoenlikheid dui, het hy nou anders gebruik en het dit nie heeltemal ooreengestem met die tradisionele siening, naamlik dat "jy jou moet gedra nie", maar dat "die regte ding gedoen moet word." Hy het vir die Afrikanervroue gesê dat hulle 'n nuwe "kultuur van ordentlikheid" kan bou deur na die swartes uit te reik. Met hierdie toespraak het hy vrouens in die voorste linies geplaas en probeer aanspoor om kontak te maak.

[121] *Die Burger*, 22 Maart 1991.

Hierdie toesprake van F.W. en Marike de Klerk en Willie Esterhuyse is in die Afrikaanse pers gepubliseer en is waarskynlik deur talle Afrikanervroue gelees. Daar was ‘n duidelike opdrag dat vroue uit hulle gemaksone moet beweeg en betrokke raak, daar moet uitgereik word na swart Suid-Afrikaners en kultuur het nou die verantwoordelikheid van Afrikaner self geword.

Die tradisionele kultuurorganisasies het in September 1993, tydens die finale fase van onderhandelinge, byeengekom om die *Afrikanerkultuurforum* te vorm. Die kultuurforum was die kulminasie van besprekinge wat reeds in 1990 tydens die Afrikanerberaad begin is. Die doel was weer eens samewerking tussen die verskillende kultuurgroeperings binne die Afrikaner-kultuurgroep. Die kultuurorganisasies wat op daardie stadium die forum gevorm het, was die *Afrikaanse Taal- en Kultuurbond* (*ATKB*), *ATKV, ATKV-Dames, Afrikaanse Vryheidstigting, Afrikaner Broederbond, Akpol, Dames Aktueel, FAK, FAK-Jeugraad, Ruiterwag, Jong Dames Dinamiek, Junior Rapportryers, Maatskappy vir Immigrasie, Rapportryers, Sabra, Studentewag, Transvaalse Onderwysersvereniging, Afrikanervolkswag, Afrikaanse Volksang- en Volksdansbeweging, Vryburgers* en die *Voortrekkers*. Met organisasies soos *Afrikaanse Vryheidstigting, Afrikanervolkswag* en *Sabra* was die regse politieke spektrum ook verteenwoordig. Volgens die organiseerders het hierdie organisasies ‘n ingeskrewe ledetal van ongeveer 250 000 verteenwoordig, maar terselfdertyd na die kulturele belange van miljoene ander omgesien.[122]

Hierdie beklemtoning van getalle dui daarop dat Afrikanerkultuurorganisasies nou besef het dat hulle sal móét verenig en sodanig posisioneer sodat hulle optimale bedingingsmag sou hê om na die belange van die Afrikaner om te sien. Die *Afrikanerkultuurforum* sou nie voorskriftelik wees nie en elke organisasie sou sy outonomie behou. Die uitgangspunt was dat die Afrikaners ‘n

[122] *Die Burger*, 8 September 1993.

onderling verbonde gemeenskap was, maar dat hulle verskillende standpunte, verwagtings en strewes het. Dié diversiteit is as ‘n bate beskou. Hulle het erken dat spanning in die verlede tussen die verskillende kultuurliggame ontstaan het as gevolg van wantroue en gebrekkige kommunikasie, maar ten einde die Afrikanerkultuur in ‘n omgewing van versnelde sosiale en tegnologiese groei te handhaaf, sou hulle kragte moes saamsnoer. Die *Afrikanerkultuurforum* sou in ‘n nuwe bedeling met krag beding vir die “behoud van Afrikaans, beheer van eie opvoedkundige stelsels, ‘n eie massa media, die ontwikkeling van eie kreatiewe vermoëns en uitvoerende kunste en inspraak in ‘n eie politieke toekoms.” Frits Kok se visie vir Suid-Afrika van die toekoms was dat die kultuurgroepe “soos krimpvarkies op ‘n koue aand na genoeg aan mekaar sal lê om warm te bly, maar ook ver genoeg sodat hulle nie mekaar seermaak nie.”[123] Vermoedelike het hy met hierdie stekelrige beeld net na Afrikanergroepe verwys en nie na kultuurgroepe oor die rassespektrum heen nie.

Afrikanervroueorganisasies was in ‘n moeilike posisie. Hulle wou apolities bly, maar is deur Afrikanerintelligentsia en politici aangepraat om die politieke wêreld te betree, om uit hul kokonne te kruip en na swart vroue uit te reik. Aan die anderkant wou veral die mans in Afrikanerkultuurorganisasies laer trek, die Afrikanerkultuur beveilig. Hierdie vroue is in ‘n onbenydenswaardige identiteitskrisis gedompel[124].

3.3.2 Die leemte in Afrikanervroueorganisasies wat lid was van die *WNC*

Gedurende hierdie navorsing was dit opvallend dat daar geen Afrikanervroueorganisasies was wat hulle spesifiek vir die bemagtiging van vroue beywer het nie.[125] Dit word bevestig deur Menell en Jobson se gids wat geen Afrikanervroueorganisasies in die kategorie, politiek en

[123] *Die Burger*, 8 September 1993.

[124] Sien p.154 vir ‘n uitbreiding op hierdie stelling.

[125] Sien p. 281 vir die stand van Afrikanervroue-bemagtigingsorganisasies in 2004.

openbare lewe, ingesluit het nie. Daar was wel Afrikaanse vroue in die *Vroueburo*, maar die organisasie se fokus was meer die ekonomiese bemagtiging van vroue.

Alhoewel die *Nasionale Party* lid was van die *WNC*, was die regse Afrikaner politieke partye, naamlik die *Konserwatiewe party* en die *Vryheidsfront* nie lid nie. Volgens Truida Prekel is hulle genooi, maar het nooit op die uitnodiging reageer nie.[126] Die reaksie is nie verrassend nie, want hierdie partye was nie ten gunste van die onderhandelings met die *ANC* nie en die vroue sou ook nie met die *ANC Vroueliga* wou saamwerk nie. *Aksie Vrouekrag*, 'n landswye kultuurorganisasie vir die "Boere-Afrikaner vrou" is eers op 21 Augustus 1993 gestig en was dus nie voorheen 'n faktor nie.[127]

Op die ou end was daar net 'n handjievol Afrikaanse vroue wat voorheen aan politiek blootgestel was, byvoorbeeld Jenny Malan, Joan Hunter, Dene Smuts, Elmarie Neilson en Sandra Botha, by die *WNC* betrokke. Toe die Afrikanervroue by die *WNC* aangekom het, was hulle dus baie onervare in die geselskap van organisasies en vroue wat al 'n pad in die stryd om vroueregte geloop het.

Volgens Budlender is na beraming 70% van alle vroue lid van 'n godsdienstige groepering, wat hierdie groep potensieel die grootste reikwydte gee.[128] Nie een van die vrouеverenigings van die groot Afrikanerkerke was by die *WNC* verteenwoordig nie. Die *Afrikaanse Christelike Vrouevereniging*, as Christelike welsynsvereniging, wat hoofsaaklik in die Kaapprovinsie bestaan, was ook nie teenwoordig nie. Slegs die NG Sendingkerk se *Vrouediens* was lid van die

[126] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[127] http://www.boer.co.za/avk/avk.htm.

[128] MCH 100 1.3: D. Budlender, Profile of the *WNC*, no date, p. 3.

WNC, maar skynbaar ook net in naam aangesien hulle nie ‘n prominente rol gespeel het nie. Omdat die *Vrouediens* hoofsaaklik uit bruin vroue bestaan het, sal dit vir die doel van hierdie studie nie as ‘n Afrikanerorganisasie geklassifiseer word nie.

Daarteenoor was daar van die begin af ‘n groot verteenwoordiging van ander kerkgroeperinge by die *WNC*, byvoorbeeld *Anglican Women’s Fellowship*, *Catholic Women’s Fellowship*, *Union of Jewish Women* (*UJW*), *Methodist Women’s Network*, *Manyano Women*, *SA Council of Churches*, om net ‘n paar te noem. Van hierdie vroue het later belangrike posisies in die *WNC* beklee, soos byvoorbeeld Thoko Msane (*Young Women’s Christian Association*), Miriam Stein (*UJW*), Nicky Farhangpour, (*Ba’hai Faith*) en Lulu Xingwana (*SACC Women’s Ministries*) wat op die Tussentydse Komitee gedien het. Eersgenoemde twee vroue het daarna ook op die Bestuurskomitee gedien. Truida Prekel was onseker of die Afrikanerkerke genooi was en erken dat, omdat daar baie met netwerke gewerk is, is dit moontlik dat hulle oorgeslaan is. Die isolasie van die Afrikanerkerke en die gebrek aan interkerklike samewerking as gevolg van hul ondersteuning van apartheid, kon dalk ‘n rol gespeel het. Dit is ook moontlik dat die *WNC* as té polities ervaar is. Dit is ook vreemd dat Menell en Jobson die vroueafdelings van die meeste kerke in hul gids opgeneem het, maar geen vroueorganisasie van die Afrikanerkerke nie. Dit is onduidelik of hulle deur die samestellers ignoreer is en of die Afrikanerkerke nie ingesluit wou word nie. ‘n Verdere moontlikheid is dat die fokus van die gids, soos in die subtitel, “A guide to national organisations with a gender focus” beskryf word, vir die Afrikanerkerke onaanvaarbaar was.[129]

Die feit dat die tradisionele Afrikanerkerke afwesig was, het ‘n groot leemte gelaat in die hoeveelheid vroue wat bereik en moontlik meer polities beïnvloed kon word.

[129] Menell and Jobson, *Women’s rights in South Africa*, titelblad.

3.3.3 Netwerkorganisasies

Vir die *WNC* om geloofwaardigheid te hê, om politieke doelwitte te bereik en om die borge tevrede te stel, moes die grootste moontlike aantal vrouens aan die *WNC* behoort. Die organiseerders het dus nie net die aantal organisasies as belangrik geag nie, maar ook die aantal vroue wat deur die organisasie verteenwoordig is. So byvoorbeeld het die *ATKV-Dames* ongeveer 32 000 lede gehad en die *SA Black Business and Professional Women's Network*, slegs 50 lede.[130] Om sake te bespoedig het die organiseerders aanvanklik netwerkorganisasies, byvoorbeeld *Vroue vir Suid-Afrika*, die *Vroueburo* en *COSATU* gekontak, en van hulle verwag om hul lede aangaande die beoogde koalisie in te lig.

Die groot nadeel hieraan verbonde was dat organisasies en individue gevoel het dat die netwerk hul belange verteenwoordig. Dit was veral die geval van die Afrikanervroue-kultuurorganisasies wat as gevolg van 'n gebrek aan politieke ondervinding heeltemal tevrede was dat hulle deur *Vroue vir Suid-Afrika* verteenwoordig is. Laasgenoemde netwerkorganisasie se hoof-verteenwoordiger was net aanvanklik by die *WNC* betrokke. In ander gevalle het die verteenwoordigers slegs een of twee vergaderings bygewoon, met die gevolg dat die Afrikanervroue se stem nie deurgaans gehoor is nie. Afrikanerorganisasies was onkundig oor die vergaderingsprosedures wat gevolg sou word en dat getalle baie belangrik was. As daar vir komitees en ad hoc- komitees gestem moes word, kon die Afrikanervroue nooit 'n blokstem uitbring nie omdat hulle afwesig was – gevolglik is baie bekwame Afrikanervroue nie op komitees verkies nie.

Afgesien van verteenwoordiging by die *WNC* was die verskillende Afrikanerorganisasies ook dikwels met dieselfde kultuurnetwerke geassosieer. Voorbeelde hiervan is die *Federale*

[130] Ibid., p. 1.

Vroueraad, *FAK* en *Vroue vir Suid-Afrika* en later die *Afrikanerkultuurforum*. Die gevolg was ineengestrengelde netwerke met talle vergaderings wat voortdurend die tyd en energie van dieselfde persone opgeëis het.

3.4.5 Afrikanervrouekrag was in die hande van ‘n paar vroue.

Estelle Jordaan (neé Stoop) praat van ‘n “handjievol vroue wat in al wat ‘n komitee is gedien het”. Dit sluit direk by die vorige bespreking aan. Dit is opvallend dat dit altyd dieselfde vroue was wat leiding in die topstruktuur van die Afrikanervroueorganisasies geneem het. ‘n Voorbeeld hiervan is Dioné Prinsloo, wat op die navorsingskomitee van die *WNC* gedien het. Sy was hoofbestuurslid en later president van *Dames Aktueel* en onder-president van *Dameskring* onderskeidelik en betrokke by *Vroue vir Suid-Afrika*. ‘n Verdere voorbeeld is Fantine Lambrecht, wat president was van *Vroue vir Suid-Afrika* en van die *Women’s Outreach Foundation* was. Tersia Wessels was voorsitter van die *Women’s Outreach Foundation*, lid van die *Nasionale Party* se *Vroueaksie* en Lid van die Provinsiale Raad. So ook was Jenny Malan president van *Vroue vir Suid-Afrika*, voorheen president van die *Dames Aktueel*, lid van *Kontak* en Lid van die Volksraad. Tydens hierdie navorsing is dieselfde klompie name keer op keer deur verskillende organisasies en persone aan my gegee as persone wat betrokke was. Ek het uiteindelik tot die besef gekom dat daar geen diepte in Afrikanervroueleierskap was nie.

Die gevolg hiervan was dat in die vroeë negentigerjare die invloedsfeer van verandering in ‘n baie beperkte kring gebly het en baie min Afrikanervroueleiers blootgestel is aan die eise wat aan hulle gestel sou word om aan te pas. Al het hierdie klein groepie vroue leierskaprolle in eie geledere gehad, was daar afgesien van die aanspraak op hul tyd en energie, verskeie faktore wat verhoed het dat hulle dit in die *WNC* voortgesit het.

3.4 Samevatting

As die lys van bedankings in die verslag van die *WNC* deurgelees word, is dit opvallend dat die lys van Afrikanervrouens baie kort is.[131] As daar na die dokumente van die *WNC* gekyk word, is dit duidelik dat daar baie min Afrikanervroue was wat hul stem laat hoor het. Tog is daar in hierdie hoofstuk aangedui dat die meeste Afrikanervroueorganisasies wel op die *WNC* verteenwoordig was. Die Afrikanervrou was dus aanwesig, maar grootliks afwesig.

Die meeste Afrikanervroue het met ‘n kultuuragtergrond gekom en alhoewel meeste van hulle wel politieke affiliasie gehad het, het hulle angstig vasgeklou aan ‘n apolitiese beeld. Daarteenoor was Afrikanerkultuurorganisasies in die 1980’s en 1990’s in ‘n oorlewingskrisis gedompel en was daar die onderliggende vrees dat hulle nie in die toekoms as groep sou oorleef nie. Die gevolg was dat daar pogings was om terwille van oorlewing die Afrikanerkultuurgroepe onder sambreelorganisasies te verenig ten einde krag uit getalle te put. Maar daar was ook druk dat kultuurgroepe moes wegbeweeg van eksklusiwiteit en die hand uitsteek na hul mede-landgenote. Die oproep dat die Afrikaner moes betrokke raak was hoofsaaklik van Afrikanerintelligentsia, maar ook van regeringskant, afkomstig. Die regering het met betrokkenheid by die *WNC*, afgesien van ‘n versoenende motief, ook die wen van kiesers in gedagte gehad het. Die Afrikanervroue wat nie by politiek wou betrokke raak nie, het nou tog hoofsaaklik om politieke redes wel betrokke geraak. Hierdie vroue was nie net onvoorbereid nie, maar hul motiewe vir deelname het heeltemal van die van die swart vroue wat die *WNC* inisieer het, verskil.

“Die *WNC* was ‘n politieke koalisie”. Hierdie is die woorde van Amanda Botha wat in die hoofstroom van die koalisie beweeg het.[132] Die gevolg is dat toe die kultuurorganisasies by die

[131] *The origins, history and process of the Women’s National Coalition*, pp. 6-8.

[132] Amanda Botha, onderhoud, 18 Maart 1996.

WNC betrokke geraak het, hulle ontuis was in die politieke milieu. Baie min Afrikanervroue het belanggestel in vroue-emansipasie, onderdrukking van vroue en gelykberegtiging en versoenende politiek. Slegs organisasies soos *Kontak* en *Vroue vir Suid-Afrika* wat alreeds verhoudings aangespreek het, en die vroueafdelings van politieke partye, behoort gemaklik te gevoel het. Was dit werklik die geval?

Budlender beweer dat ongeveer 70 organisasies op een of ander wyse by die amptelike stigting in April 1992 was, maar:

> ”A few of those attending in April … might have been women who were themselves interested in the Coalition and campaign – and have colleagues with a similar interest – but might not have the official backing of their organisations. A number of women attended the April meeting with the idea that they would get a mandate from their organisation, but it is not clear as to whether this was followed through.”[133]

Daar was ook Afrikanervroue onder hierdie vroue en groepe wat aanvanklike belangstelling getoon het en toe kop uitgetrek het. Wat was die redes daarvoor?

Aan die einde van hierdie hoofstuk is daar heelwat onbeantwoorde vrae, wat moontlik in die volgende twee hoofstukke beantwoord sal word. In die volgende hoofstukke gaan die Afrikanervroue se belewenis van die *WNC* van naderby beskou word om uit te vind of hulle ten spyte van al die probleme wat skynbaar reeds van die begin af teenwoordig was, hul voete in die politieke milieu gevind het.

[133] MCH 100 1.3: D. Budlender, Profile of the *WNC*, no date, pp. 1-3.

Hoofstuk 4 Die rol en ervaring van Afrikanervroue in die *WNC*

In die voorafgaande hoofstuk is die Afrikanervroueorganisasies wat by die *Women's National Coalition (WNC)* aangesluit het, bespreek. Op nasionale vlak was die meeste Afrikanervroueorganisasies wel by die *WNC* geaffilieer. Slegs die Afrikaner welsynsorganisasies en die tradisionele Afrikaanse kerke se vroueorganisasies was afwesig. Daar was dus etlike duisende vroue verteenwoordig, maar soos reeds genoem het daar baie min Afrikanername in die dokumente van die *WNC* verskyn. As feitlik al die organisasies op die *WNC* verteenwoordig was, wat het dan met die Afrikanervroueverteenwoordigers gebeur?

Op 'n vraag aan drie vroue wat by die *WNC* was hoe hulle die verteenwoordiging van Afrikanervroueorganisasies ervaar het, het hulle op verskillende wyse reageer. Dene Smuts, ervare politikus, wat die *Demokratiese Party* op die *WNC* verteenwoordig het, het die volgende geantwoord: "Ek is nie besonder bewus van afwesiges nie – trouens ek herinner my van die mees tradisionele Afrikanervroueorganisasies het 'n uitstekende solidariteit en toegewydheid gedemonstreer." Sy vervolg ook dat "Tensy ek iets gemis het, was die Afrikanervroue nie swak verteenwoordig nie."[1] Estelle Jordaan (née Stoop), die verteenwoordiger van *ATKV-Dames*, het gesê dat sy die Afrikanervrou as 99% onbetrokke ervaar het en dat dit vir haar "deurentyd kommerwekkend" was.[2] Joan Hunter wat die *Nasionale Party* verteenwoordig het, het haar soos volg uitgelaat: "Sover ek kan onthou was daar nie ander Afrikaner organisasies by die *WNC* betrokke nie, slegs die *ATKV* aanvanklik."[3] Hierdie uiteenlopende stellings laat dan verskeie vrae ontstaan. Wat is die waarheid? Was die Afrikanervrou betrokke of onbetrokke? Hoekom het hierdie vroue dit dan so verskillend ervaar? Was hulle self werklik betrokke?

---

[1] Dene Smuts, e-pos, 4 September 2002.

[2] Estelle Jordaan (née Stoop), e-pos, 30 Maart 2002.

[3] Joan Hunter, vraelys, ongeveer Maart 2001.

Die vraag gaan beantwoord word deur inligting wat verkry is uit vraelyste, telefoniese - en persoonlike onderhoude te ontleed en sodoende te probeer agterkom wat was die werklike aard van die van Afrikanervroue wat by die *WNC* betrokke was se belewenis.

4.1 Die eerste vergadering, 27 September 1991

'n Hele aantal vroue het min of meer die volgende stelling gemaak, "Ek weet, want ek was van die begin af daar..." Hierdie stelling het aanvanklik die korrelering van feite baie moeilik gemaak, tot daar besef is dat "Die begin" is meer as een waarheid, dit kan verskillend geïnterpreteer word. Dit kon die eerste vergadering in September 1991 gewees het, óf die amptelike stigtingsvergadering tydens die Nasionale Werkswinkel in April 1992 óf die daaropvolgende eerste vergaderings van die verskillende streekskoalisies. Soos reeds aangedui het die *WNC* voorsiening gemaak vir die lidmaatskap van streekskoalisies, byvoorbeeld in die Wes-Kaap en Natal Middellande. By die streekskoalisies was verteenwoordigers van organisasies wat nasionaal georganiseerd was, asook van organisasies wat net in die streek bestaan het, byvoorbeeld die *Kaapse Vroueklub* wat net in die Kaapstad-omgewing bestaan.

In hoofstuk twee is aangedui dat die *ANCWL* besluit het dat 'n dokument opgestel sou moes word om vroueregte te beskerm. Die dryfveer vir hierdie besluit was teleurstelling en ontnugtering toe die swart vroue besef het dat die mans in die *ANC*, hul "comrades", wat tydens die vryheidstryd hulle saam beywer het vir 'n verenigde front wat mans en vroue gelykgestel het, en met 'n vrye demokratiese Suid-Afrika in sig, die vroue geïgnoreer en opsygeskuif het. Met die onderhandelinge en samesprekings wat sou uitloop op *KODESA* was vroue feitlik afwesig. Hierdie behandeling het die *ANCWL* laat besluit om 'n tasbare dokument daar te stel om die gelykwaardigheid van vroue te verseker. Hierdie was die "amptelike" motief vir die stigting van die *WNC*. In die volgende hoofstuk sal die "nie-amptelike" redes ondersoek word.

By die eerste vergadering op 27 September 1991 in die Down Town Inn in Johannesburg, was daar ongeveer 40 vroueorganisasies verteenwoordig en heelwat meer vroue aanwesig. Slegs drie Afrikanervroue was teenwoordig, naamlik Annemarie Nutt (*KONTAK*), Truida Prekel (*Vroueburo*) en Jenny Malan (*Vroue vir Suid-Afrika*). Die rede waarom juis hierdie organisasies genooi was omdat die *ANCWL* besluit het dat, om geloofwaardigheid te hê, moes hulle die grootste moontlike groep vroue betrek. Die *Vroueburo* en *Vroue vir Suid-Afrika* was albei netwerkorganisasies en kon dus met hul lede kontak maak om sodoende die *WNC* se boodskap by soveel moontlik organisasies, so gou as moontlik te kry. Jenny Malan se verklaring vir die feit dat *Vroue vir Suid-Afrika* byvoorbeeld genooi was, was omdat organisasies soos die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie*, *Dames Aktueel* en die *ATKV* almal by *Vroue vir Suid-Afrika* geaffilieer was. Hulle het egter nie in 'n multi-kulturele opset gefigureer nie, met ander woorde hulle sou nie andersins van die voornemende koalisie gehoor het nie. *KONTAK* is genader omdat die organisasie alreeds vanaf 1976 bekendheid verwerf het met hul pogings om vroue van alle rassegroepe bymekaar te bring.[4]

Die vergadering is deur Gertrude Shope, die president van die *ANCWL*, geopen. Daarna het die Sekretaris van die *ANCWL*, Baleka Kgositsile, die rol wat dié organisasie in die bevryding van die vroue binne die *ANC* en in Suid-Afrika gespeel het, geskets. Frene Ginwala, adjunk-hoof van die *ANC* se *National Commission for the Emancipation of Women*, het die hoofrede gelewer. Sy het dit onomwonde gestel dat vroue betrokke moet raak by die nuwe planne wat vir Suid-Afrika gemaak word. Haar eerste woorde was:

> "South Africa is entering a period of a negotiated transition from apartheid to democracy. It is important that women actively intervene so as to ensure that during the transition the future non-racial and democratic South Africa is transformed also into a non-sexist one.

[4] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

> In the period of apartheid, racism and exploitation have been institutionalised, and layered upon an intensely patriarchal pre-colonial and colonial society. Today all South African women, regardless of race, are subject to some form of subordination in law and in practice. The months ahead offer South African women both an opportunity and a challenge."

'n Paar oomblikke later vervolg sy:

> "We are helped by the fact that one of the major parties in the negotiating process (the *ANC*) is formally committed to such a transformation and has put forward a policy on the emancipation of women that is far in advance of that of any other liberation movement, and of many democratic governments. Nonetheless women in many countries who have been part of the international anti-apartheid struggle have been inspired by the fact that in the midst of our struggle, *ANC* women were able to get endorsement for such policies. They are now looking to South African women to translate this into our new constitution."[5]

Wat was die drie Afrikanervroue se reaksie op die toespraak van Frene Ginwala? Annemarie Nutt wat *KONTAK* verteenwoordig het, was lid van die organisasie vanaf 1977 tot 2001. Sy was op die nasionale uitvoerende raad en ook president. Sy was dus oor 'n lang tydperk betrokke by hierdie "nie-rassige organisasie, wat vir versoening tussen alle ras-, taal-, politieke, en godsdiensgroepe asook vir geregtigheid vir alle Suid-Afrikaners, gewerk het." Dit was 'n organisasie met doelstellings wat uitgereik het na alle rasse, dus was die basiese idee van die *WNC* om verteenwoordiging van al die vroue van Suid-Afrika te kry, bekend. Sy het die aanvanklike mandaat van die *WNC* om 'n handves vir vroueregte, wat gebaseer was op die ondervinding van die Suid-Afrikaanse vrou saam te stel, sterk ondersteun. Haar gevoel oor die *WNC* was oorwegend positief. Op die volgende vergadering, op 16 Oktober 1991, het sy haarself vrywillig vir die Tussentydse Werkskomitee beskikbaar gestel.[6]

Annamarie Nutt was vir die swart vroue "polities aanvaarbaar." Die rede was definitief die pogings van *KONTAK* om versoening tussen rasse te bewerkstellig. Tydens die Nasionale

---

[5] Statement by Frene Ginwala at the Women's Consultation, 27 September 1991;
Minutes of meeting called by *ANCWL* to discuss the campaign for a women's charter, Johannesburg, 27 September 1991.

[6] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd.

Werkwinkel in April 1992, is sy op die Bestuurskomitee verkies, waar sy die portefeulje van tesourier beklee het.[7] Sy het erken dat haar gevoel jeens die *WNC* oorwegend positief is omdat sy so nou by die ontstaan en ontwikkeling van die organisasie betrokke was.[8] Amanda Botha beklemtoon ook die belangrike rol wat Annemarie Nutt gespeel het. Afgesien van die feit dat die swart vroue met haar kon identifiseer, het sy " 'n spesifieke Afrikaner verteenwoordig wat uit 'n Transvaalse Afrikaner-kerkagtergrond gekom het en het sy 'n belangrike rol gespeel om die ou garde te bereik."[9]

Hierdie vrou wat so lank intensief by die *WNC* betrokke was se samewerking was uit 'n navorsingsoogpunt uiters frustrerend, want afgesien van 'n bondige voltooide vraelys, het sy enige verdere kommunikasie vermy. Selfs versoeke van vroue wat haar goed geken het, om die navorser by te staan, is geïgnoreer. Daar kan oor die rede vir die apatie net spekuleer word. 'n Paar goedgekose woorde in die vraelys gee dalk haar gevoel jeens die *WNC* weer. Sy maak melding van die "aanvanklike" mandaat van die *WNC* waaroor sy baie positief gevoel het. Nadat die Vrouehandves in Junie 1994 voltooi is, het die *WNC* besluit om met hul werk voort te gaan. Die "verlengde" mandaat van die *WNC* sou wees om vroue te bemagtig en te versterk, om die doelwitte van die Vrouehandves te bevorder; vroue vir die Beijingkongres te mobiliseer en om vrouekwessies verder na te vors.[10] Na die oorhandiging van die Vrouehandves het die *WNC* egter baie probleme ondervind - dit is dalk hierdie periode wat haar "oorwegend" positief gestem het. Iemand het ook gesê dat Nutt "moeg" was, dat sy so baie vir die *WNC* gegee het, dat sy nou niks

[7] Amanda Botha, onderhoud, 5 Augustus 2001.

[8] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd.

[9] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

[10] MCH 100 3.1.12: The new brief of the *WNC*, 17-19 June 1994.

meer “oor gehad” het om te deel nie.[11] Die moontlikheid bestaan ook daar haar persoonlike politieke ideale of/en die verwagte invloed wat die *WNC* moes uitoefen, nie realiseer het nie.

Die tweede Afrikanervrou in hierdie begeinfase was Truida Prekel wat die *Vroueburo* verteenwoordig het. Sy het uit die nie-politiese hoek van die *Vroueburo* gekom, waarvan die hoofagenda die ekonomiese bemagtiging van die vrou is. Die organisasie het hom ook beywer om diskriminasie teen vroue teen te werk. Sy was dus gewoond daaraan om haar vir optimum benutting van vrouekrag te beywer. Soos reeds aangedui was politieke partye nie lid van die *Vroueburo* nie, want “politeke partye sou dit kelder.” Prekel was gewoond daaraan om saam met swart vroue by die *Vroueburo* te werk, aangesien hulle nie net lede was nie, maar ook saam met haar op die direksie gedien het. As bestuurskonsultant het sy spesialiseer in sake- en interkulturele kommunikasie. As dosent by *UNISA* het sy seminare aangebied waartydens sy onder andere swart en wit vrouens bymekaargebring het. Sy het met ‘n oop gemoed na die *WNC* gegaan en dit as ‘n interessante geleentheid gesien om vrouens bymekaar te bring. Sy het haar dan ook bereidwillig verklaar om op die Tussentydse Werkskomitee te dien. Al was sy nie gewoond aan ‘n politiese opset nie, het sy ‘n positiewe ingesteldheid gehad en was haar filosofie: “nie waaroor gaan ek met Frene stry nie, maar hoe kan ek en Frene saamwerk.”[12]

Die derde Afrikanervrou by die eerste vergadering was Jenny Malan. Sy was president van *Vroue vir Suid-Afrika*, (voorheen) lid van *KONTAK* en sou vanaf 1994 die *Nasionale Party* in die parlement verteenwoordig. Toe haar man Lid van die Provinsiale Raad was, was sy organiseerder van die *Nasionale Party*, maar gedurende die tydperk wat sy president was van *Vroue vir Suid-Afrika* het sy onttrek aangesien dit nie “reg” sou wees nie. Sy het vermoedelik weens ‘n botsing

[11] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[12] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001;
Die Burger, 9 September1986.

van belange onttrek. Malan het dus as politieke organiseerder reeds ervaring op die politieke terrein gehad. Soos reeds aangedui het *Vroue vir Suid-Afrika* hulle beywer vir beter verhoudings tussen "gematigdes" en "Christene." Volgens Malan is hulle deur ander Afrikanerorganisasies as ultra-links van die Afrikaner "establishment" van die tyd gesien, want jy was links as "jy heul met 'n swartmens." Omdat hulle uit dieselfde koppies gedrink het en met swartes sosiaal verkeer het, was dit onaanvaarbaar vir die meer "regse" Afrikaners. Malan se politieke posisionering van *Vroue vir Suid-Afrika* was dat hulle in die middel van die politieke spektrum was, as die *ANC/PAC/AZAPO* heel links was, en die *Konserwatiewe Party* en *Vryheidsfront* heel regs was.[13]

Ten spyte van hierdie stelling oor skynbare "verligtheid" werp Jenny Malan se kantaantekeninge by die notas wat sy tydens die vergadering gemaak het, asook die brief wat sy aan die navorser gestuur het, lig op haar politieke posisionering. Sy het haar indrukke eerlik weergegee en verskaf dus vandag met trukennis perspektief hoe beperk mense se persepsies van hulself kan wees as hulle binne-in gebeure staan.

Sy het aangedui dat die vergadering op uitnodiging van die *ANCWL* "iets was wat op daardie stadium uiters vreemd was." Bo-aan haar notas het sy in hakies geskryf "[Comrade (Bl) Frinnie Ginwala]"(sic). Frene Ginwala was in die vroeë negentigerjare nie so bekend soos vandag nie. Dit het verander sedert 1990, met haar terugkeer uit ballingskap, het hierdie Indiese vrou geklee in haar sari, baie mediadekking gekry. Dit is tog vreemd dat Malan wat in die Transvaalse politieke kringe beweeg het, haar naam verkeerd gespel het. Meer opvallend is die onderstreepte "comrade"-aanspreekvorm. Dié sosialisties/kommunisitiess aanspreekvorm het sekerlik vreemd op die oor geval en Malan het later aangedui dat Ginwala op hierdie vergadering aangedui het dat sy lid van die *Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party* was. Malan wat so hard geveg het om die

[13] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

"rooi gevaar" uit die land te hou, is nou met ondersteuners van die ideologie gekonfronteer en moes sekerlik 'n paradigmaskuif maak om te besluit of sy met hulle verder wou assosieer.

Binne die eerste paar sekondes van die vergadering is daar verwys na die apartheidsregime. Vir iemand met 'n sterk Afrikanernasionalistiese agtergrond, en ook die enigste op die vergadering, moes Jenny Malan baie ontuis en selfbewus gevoel het, want soos sy dit gestel was daar niemand van die "tradisionele sektor" teenwoordig nie. Sy het die name neergeskryf van vroue wat die vergadering bygewoon het, veral die name "van dames met wie ek sou kon assosieer (ideologies gesproke). Natuurlik kon ek met die *ANC*-dames sosiaal assosieer. Ek bedoel maar net dat dit (vir 1991!) baie vreemd was om as't ware in die vyand se kraal te wees sonder enige bondgenote!" Hierdie opmerking som sekerlik haar belewenis die beste op.

Die meeste organisasies het een verteenwoordiger gestuur, óf een persoon het selfs meer as een organisasie verteenwoordig - die *ANC* daarenteen het meer as tien verteenwoordigers gehad.[14] Gegewe die hoë vlakke van wantroue in die land op daardie stadium, was die oormag swart vroue sekerlik nie net kommerwekkend nie, maar ook intimiderend. Afgesien van die *ANC* was die *PAC* en *IVP* ook teenwoordig – partye wat nie onder "gematigdes" getel het nie.

Vroue vir Suid-Afrika het in die onstuimige tye van die 1980's as verhoudingsgerigte beweging probeer om vroue te verenig. Hierdie Afrikanervroue het na swart vroue uitgereik, maar dit was op hulle (wit) terme en daarmee het die organisasie 'n spesifieke politieke posisie ingeneem. Hulle het geensins die bestaande orde, die regering, teengestaan nie. Jenny Malan het dit so verduidelik: "Ons het oral mense toegespreek oor die belangrikheid van verhoudings en vir hulle gesê die politieke situasie is wat dit is, die veiligheidsituasie is wat dit is, maar op sosiale gebied

[14] Jenny Malan, korrespondensie, re. eerste vergadering van *WNC* op 25 April 1992;
Jenny Malan, notas re. *ANCWL-v*ergadering op 27 September 1991.

het ons vir die mense gesê: 'Doen iets.' "[15] Hulle het dus probeer om verhoudinge tussen wit en swart te verbeter, sonder om die oorsaak van die probleem die hoof te bied. Daar kan geargumenteer word dat *Vroue vir Suid-Afrika* nie genoegsame voorbereiding was vir die *WNC* nie, want by laasgenoemde was blootstelling nie selektief nie. Daar is van *Vroue vir Suid-Afrika* verwag om werklik multi-kultureel te werk en met die rewolusionêr en die kommunis saam te werk.

Alhoewel Jenny Malan haarself as 'n "politieke wese" sien, was sy duidelik vreemd in hierdie situasie en haar eerlike waarnemings en kommentaar gee 'n blik op die eerste kennismaking van 'n Afrikanervrou met die *ANCWL* se "struggle"-vegters. Die vraag kom onwillekeurig by mens op of die ander twee Afrikanervroue meer tuis gevoel het en hoe eerlik hulle was in hul rapportering.

Ten spyte van Jenny Malan se verduideliking oor haar politieke posisionering, nl. ultra-links, is dit duidelik dat Annamarie Nutt veel eerder links was, aangesien sy klaarblyklik baie meer gemaklik was om met die swart vroue saam te werk. Truida Prekel was skynbaar ook meer tuis aangesien sy as dosent by *UNISA* swartes in haar klas gehad het en met haar seminare op professionele vlak met hulle gewerk het.

4.2 Voorbereidingsperiode, September 1991 tot Maart 1992.

In die daaropvolgende paar maande is nog 'n hele reeks vergaderings gehou om nie slegs die basis van die koalisie uit te brei nie, maar ook om die doelwitte, proses en die struktuur uit te klaar.

[15] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

Die Tussentydse Werkskomitee het uit veertien lede bestaan waarvan vyf swart vroue was en twee die *ANC* verteenwoordig het. Die groep vrywilligers het baie van hul tyd opgeoffer om die organisasie van die grond af te kry. Aangesien hulle nie ‘n kantoor gehad het nie, is daar naweke lang ure in Frene Ginwala se woonstel gewerk waar brosjures geskryf is, koeverte gevul is, beplanning gedoen is en persverklarings opgestel is.

Vir Prekel was hierdie ‘n baie verrykende ervaring waartydens sy mense beter leer ken het, ervarings met hulle gedeel het en ‘n bydrae gelewer het. Sy het erken dat sy en Frene Ginwala soms “vasgesit” het, maar dat sy haar saak gestel het en dat hulle die verskille na die tyd kon oplos. Drie weke na die amptelike stigting van die koalisie is Prekel se seun oorlede en het sy vir ‘n lang tyd onttrek en het eers in 1995 teruggekeer om op die Bestuurskomitee te dien. Sy was dus aanvanklik tydens ‘n baie positiewe periode betrokke. Sy was daar toe almal nog so gefokus het om die *WNC* van die grond af te kry dat die klein jakkalsies nie raakgesien is nie.

Ten einde die basis van die koalisie uit te brei, het Prekel probeer om ‘n wye spektrum van vroue uit te nooi. Sy het byvoorbeeld die *Konserwatiewe Party* uitgenooi, maar hulle het nie die uitnodiging aanvaar nie. Sy is van mening dat die nie-regerings- en kerkorganisasies, waarby sy die *Vroueburo* insluit, die koalisie versterk het omdat hulle eerlike onderhandelaars (“honest brokers”) tussen die politieke partye kon wees.[16]

Jenny Malan se voortgesette betrokkenheid was op ‘n heel ander vlak, want sy het nie op die Tussentydse Komitee gedien nie. In die interimperiode is sy nog steeds na die vergaderings uitgenooi en het sy hulle ook “getrou” bygewoon. Haar ervaring van die vergaderings kan soos volg opgesom word. Sy het eerstens gevoel dat die *ANC* van die begin af die leisels gehou het en

[16] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

dit nooit oorgegee het nie. Dit was inderdaad die geval dat die vergaderings deur Frene Ginwala (*ANC* National Commission for the Emancipation of Women*)*, Gertrude Shope (President van die *ANCWL*) en Mavivi Manzini (*ANCWL*) gelei is. Tweedens was die vergaderings vir haar sonder doel en het sy die projek vergelyk met " 'n foksterrier wat 'n bus gevang het en nou weet hy nie wat om daarmee te doen nie." Haar verklaring hiervoor was dat die *ANC* op daardie stadium nog nie in hul eie geledere presies geweet het wat hulle wou doen nie. Derdens het sy gevoel dat die idee van die koalisie 'n "politieke foefie" was. Hierdie stelling is baseer op haar "politieke neus" wat vir haar vertel het dat die *ANC* die *WNC* slegs as 'n rookskerm gebruik om vrouelede en -stemme te werf.[17] Aangesien hierdie aantyging ook deur ander vroue gemaak is, sal dit later meer breedvoerig bespreek word.

Tydens die eerste vergadering is aan die aanwesiges opgedra om na hul organisasies terug te gaan en te gaan verslag lewer oor wat deur die *WNC* beoog word. Jenny Malan het bely dat sy glad nie geweet het wat die rede vir die vergadering was nie. Sy kon ook nie aanvanklik uit Ginwala se toespraak agtergekom het wat sy beoog het nie en dat sy eers later besef het "hulle probeer die rokvolk mobiliseer!" Volgens Malan het sy aan Ginwala gesê dat sy nie geweet het wat om te rapporteer nie, en aangedring het op 'n afskrif van haar toespraak, wat sy eers meer as 'n maand later ontvang het. Sy kon daarna die ander vroueorganisasies wat by *Vroue vir Suid-Afrika* geaffilieer was inlig en het gevra dat hulle afvaardigings na die werkswinkel wat die amptelike stigting van die *WNC* in April 1992 sou wees, moet stuur. Sy het onder andere *Dames Aktueel*, *ATKV-Dames* en die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* ingelig.

Dit was veel meer as net inlig, want Jenny Malan was die boodskapdraer wat die volgende vlak in die politieke evolusie van Afrikanervroueorganisasies in werking gestel het. Waar hulle 'n paar

[17] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

jaar tevore moes besluit om by die *Vroue vir Suid-Afrika* betrokke te raak, moes hulle nou besluit om by die koalisie betrokke te raak. Soos Jenny Malan dit gestel het: “Weer eens moes die interne stryd gestry word”, want organisasies moes besluit of hulle by die *ANC*-geïnisieerde politiekgelaaide organisasie wou betrokke raak. Dit was ‘n besluit wat nie ligtelik opgeneem is nie. Malan het gesê die feit dat *Dames Aktueel* en veral die *Suid-Afrikaanse Vrouefederasie* heelwat later by die koalisie aangesluit het, was omdat hulle eers in eie geledere “die stil stryd moes stry”. Die feit dat die verskillende presidente wel vergaderings van die *WNC* bygewoon het, was volgens Malan ‘n reuse oorwinning (“major achievement”), want nie een van hulle was politiek-georiënteerd nie. Jenny Malan se mening is dat die Afrikanervroueorganisasies amper die kans om betrokke te wees by “ ‘n geleentheid van totale politieke verandering” laat verbygaan het. Volgens Malan: “het die klomp Afrikanerorganisasies so lank getalm omdat ‘verkramp’ en ‘verlig’ so ‘n groot rol gespeel het en hulle terselfdertyd so hard probeer het om apolities te wees dat hulle amper die bus verpas het, ampertjies voor hulle ‘n inset kon maak vir die nuwe Suid-Afrika … hulle was so behep met hul eie interne ideologiese verskille … dat hulle net Christelik, óf net kultureel óf net ontwikkelingsgesind kan wees dat die bus van totale politieke hervorming amper verbygegaan het. Gelukkig het hulle ingespring.”[18]

Jenny Malan self het egter heelwat praktiese probleme ondervind. Eerstens moes sy vanaf Rustenburg 125 km tot in Johannesburg ry om die vergaderings by te woon. Dit was ontstuimige tye van klipgooiery, geweld en padblokkades en dus gevaarlik, veral vir ‘n vrou, om in die aand alleen te ry. Tweedens het die onstiptelikheid van die vergaderings die probleem vererger. Vergaderings moes 4 nm. begin, maar dikwels was die voorsitter en baie ander teen 6 nm. nog nie teenwoordig nie. ’n Hele paar keer was sy verplig om voor die aanvang van die vergadering, weer terug te ry. Derdens was sy baie besig, want sy het in daardie periode die hele land vol gereis om

[18] Ibid.

namens die regering inligtingsessies oor die voorgenome Handves van Fundamentele Regte aan te bied. Die gevolg was dat sy vir Joan Hunter wat nader gebly het, gekry het om in haar plek die vergaderings by te woon. Volgens haar het sy geweet dat Hunter goed sou inpas by die *WNC*, want as oud-Lid van die Provinsiale Raad het sy ‘n “politieke neus” gehad.[19] Hierdie stelling bewys dat Malan baie gou besef het dat politieke vernuf nodig sou wees vir oorlewing in die *WNC*.

Gedurende die tussentydse periode was daar dus alreeds uiteenlopende belewenisse van Afrikanervroue van die *WNC*. Wat veral opvallend was, is dat die organisasies wat hulle verteenwoordig het, ook hul ervaringe en ingesteldheid weerspieël het. *KONTAK* het al vir baie jare vir beter samewerking tussen groepe gewerk, dus was Nutt geskool in die vaardigheide wat dit vereis het. Prekel het op ‘n meer professionele vlak met swartes gewerk en was skynbaar ook baie aanpasbaar en positief van geaardheid. Hulle het albei van die begin af die doelwitte van die *WNC* goedgekeur en hulle volle gewig ingegooi om die organisasie van die grond af te kry. Malan was nooit in die binnekring nie en was geïrriteerd en frustreerd met die gebrek aan goeie organisasie wat haar persoonlik verontrief het. Al het *Vroue vir Suid-Afrika* probeer om met verskillende groepe kontak te maak, was hulle voorwaarde, dat dit “vredeliewende vroue”[20] moet wees - hierdie netwerk se vroue sou moeilik inpas by die “struggle”-vroue wat op veranderings aangedring het. Bogenoemde vroue se ervaring sou later deur baie ander weerspieël word.

Die Tussentydse Werkskomitee het probeer om soveel vroue as moontlik oor die amptelike stigting van die *WNC* in te lig. Deur middel van persverklarings en nuuskonferensies het hulle dan ook die dagblaaie bereik. Die nuusdekking was egter skraps, maar dit was te wagte. In die woorde van Bea Roberts: “…women are no longer surprised when their actions fail to capture the

[19] Ibid.

[20] *Beeld*, 24 April 1992.

national consciousness for the briefest of periods – but the determination to succeed continues to grow."[21] Tydens haar openingsrede het Frene Ginwala ook opgemerk hoe onbelangrik en onnuuswaardig vrouesake was en daarop gewys dat as dit 'n soortgelyke byeenkoms vir mans was, sou dit die hoofopskrifte van oggendkoerante gehaal het en sou die kongressaal gevul wees met TV-ligte en -kameras.[22] Dene Smuts het dit soos volg gestel: "Vroueregte is nie menseregte nie, en was dus nie geregtig op persaandag nie!"[23]

In die week of so wat die amptelike stigting van die *WNC* voorafgegaan het, het daar wel berigte in die Afrikaanse koerante verskyn. Beide *Beeld* en *Die Burger* het die berigte in die middel van die koerant geplaas. *Die Burger* het slegs 'n kort berig op die vroueblad geplaas en onder andere geskryf dat die *WNC* 'n "veldtog beplan om vas te stel wat die menings en eise van vroue landwyd is veral die in landelike gebiede." Die laaste woorde sou beslis vir baie vrouelesers laat dink het dat dié veldtog hulle nie ingesluit het nie. Die koerant het op selektiewe wyse die volgende organisasies aangedui wat lid was: *KONTAK*, *Black Sash*, die *National Assembly of Women*, politieke en professionele organisasies en vakbonde.[24]

"Suid-Afrika se vroue vat hande", was die opskrif van 'n lang artikel wat deur *Beeld* publiseer is. Foto's van Jenny Malan en Anne Routier van die *Nasionale Party* saam met Frene Ginwala, adjunk-voorsitter van die Emansipasiekomitee van die *ANC* en Suzanne Vos van *Inkatha Vryheidsparty*, het sommige van die berigte vergesel en die opskrif bevestig. Die inleidende paragraaf was: "Die dae dat vroueorganisasies daar was vir verveelde huisvroue en

[21] Bea Roberts, "A 'minor' process where people – not power – count", *Democracy in action*, 6:3, 15 June 1992, pp. 9-10.

[22] Speech by Frene Ginwala, National Workshop, 25-26 April 1992.

[23] Dene Smuts, e-pos, 4 September 2002.

[24] *Die Burger*, 24 April 1992.

sosiale vlinders is jare gelede al verby. Vandag se vrou wat haar tuis voel by dié organisasies, doen dit met die doel voor oë en veral om uiteindelik beter verhoudinge tussen rasse en begrip vir mekaar te bewerkstellig." Daar is ook aan die lesers meegedeel: "En nou het daar 'n nuwe dimensie bygekom. Die vrou in Suid-Afrika is nie langer tevrede om agter haar man te staan waar dit kom by sake wat die land en sy mense raak nie!"[25] Hierdie pedantiese stellings het sekerlik baie vroue van kultuurorganisasies onthuts gelaat en organisasies wat alreeds aan boord was, het dalk begin twyfel of hulle die regte besluit geneem het.

Die trant van die artikel, veral by monde van Ginwala en Nutt, was om vroue te wys op die uniekheid van die *WNC* en waarom vroue behoort aan te sluit. Die *WNC* was eiesoortig, want nog nooit voorheen in die wêreld, is soveel vroue betrek om 'n dokument vir vroue, deur vroue, op te stel nie. Nutt was van mening dat die *WNC* nuwe parameters sou stel en deure vir vroue sou oopmaak. Jenny Malan het gesê dat "die doelstelling van *Vroue vir Suid-Afrika* is om 'n tuiste aan alle vredeliewende vroue te bied sonder dat hulle hul op politieke gebied hoef te bind." Aan die 25 000 vroue wat deur meer as tweehonderd organisasies lid van *Vroue vir Suid-Afrika* was, het sy gesê dat hul doelwit van versoening deur die *WNC* uitgeleef kan word. Ook hul taak om vroue geletterd te kry en te leer van hul regte en verantwoordelikhede sou verwesenlik kan word. Anne Routier het gemeen dat al sien haar party vroue as vry en gelyk, moes vroue nog hul regmatige plek in die samelewing kry. Sy het gesê dat die *Nasionale Party*, met takke van die Kaap tot in die Limpopo, saam met die *WNC* 'n groot rol kan speel om vroue te bereik.[26]

4.3 Stigting van die *Women's National Coalition,* 25 tot 26 April 1992

Die *WNC* is tydens 'n Nasionale Werkswinkel, wat van 25 tot 26 April 1992 geduur het, amptelik gestig. Vroue van meer as 40 organisasies landwyd het in Johannesburg bymekaar gekom om

[25] *Beeld*, 16 en 24 April 1992.

[26] *Beeld*, 24 April 1992.

deel te word van die proses waarmee vroue gelykberegtiging in die toekomstige Suid-Afrika sou verseker.

"Sisters, Delegates and Comrades" is die woorde waarmee Frene Ginwala haar openingsrede begin het.[27] Met haar groet het sy probeer om almal in te sluit, maar terselfdertyd het sy ook uitgesonder en onderskei. Alhoewel almal tog afgevaardigdes ("delegates") van een of ander aard was, het sy haar swart susters ("sisters") en daardie vroue wat saam in die bevrydingstryd was ("comrades"), uitgesonder. Die Afrikanervroue, en natuurlik ook die meeste wit vroue, was nie deel van die uitgesonderde groepe nie. Dit kan natuurlik wees dat sy met "sisters" na al die vroue verwys het en almal in 'n "sisterhood" wou saamsnoer. Dit sou egter oormoedig gewees het, want wit vroue noem mekaar nie "sister" as hulle nie familie is nie. Dit is egter 'n gebruik in die swart kultuur. Frene Ginwala het ook self gesê dat die doel van die *WNC* nie 'n "emotional response to the notion of sisterhood" is nie. Sy het egter verskeie male verwys na die kollektiewe vrouestem en wou dalk net alle vroue saamsnoer en gelykstel. Daar is egter bewyse dat wit vroue ook hierdie "sisterhood"-terminologie gebruik het, naamlik "yours in sisterhood" en ook "yours in solidarity" waarmee briewe afgesluit is[28], asook verwysings na "ons nuwe susters."[29] Tydens die opening was hierdie benaming egter te gou vir die Afrikanervrou. Hulle was nog nie gereed vir assimilasie nie.

Ginwala het haar toespraak begin deur te verwys na die verlede toe die vroue in Suid-Afrika nie bekommerd oor mekaar was nie. Net soos die res van Suid-Afrika se vroue nie betrokke geraak het by die lot van Afrikanervroue in die Britse konsentrasiekampe nie, het die wit vroue nie geveg

---

[27] Afskrif van Frene Ginwala se toespraak in Addendum G.

[28] Kate Birch to Steering Committee Members, *Women's Alliance Western Cape*, 6 August 1993; Shirley Walters/Gertrude Fester to members, *Women's Alliance Western Cape*, 2 June 1994.

[29] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

vir stemreg vir die swart vrou in die twintigerjare van die vorige eeu nie. Oor die jare het meeste van die bevoorregte wit vroue in Suid-Afrika min begrip en simpatie gehad met die lot van die swart vrou. Met hierdie woorde het sy almal in die gehoor betrek en op gelyke voet geplaas, want sy het hulle almal van onbetrokkenheid aangekla.

Ginwala het egter nie by die verlede vasgehak nie en met haar volgende woorde ‘n oplossing vir die verwydering wat tussen vroue ontstaan het,voorgestel.

> “All this is part of our history, but though we cannot forget, we do not have to be overcome by the past. We are all the products of history, but each of us can choose whether or not to become its victims. Our past can become the reason for retaining our division, or can be something we move beyond as we go forward together. That is our choice. Our presence here today indicates, that despite the many things past and present that divide us, women are anxious to work together for a common future.”

Hierna het sy gesê dat vroue op alle vlakke van die samelewing, vanaf kabinetslede, akademici, vroue in die sakewêreld tot die landelike vroue, deur die patriargale stelsel benadeel is.

> “As women our spheres are defined as domestic, our concerns are ignored or trivialised, our status subordinate, and our horizons limited.”

Nadat sy die oogmerke van die *WNC* uiteengesit het, het sy die werkwyse vir die opstel van die Vrouehandves verduidelik. Sy het beklemtoon dat vroue moet verseker dat ‘n aansienlike getal vroue van alle politieke oortuigings, deel moet uitmaak van die grondwetgewende liggaam om seker te maak dat die Vrouehandves nie verwerp word deur “a bunch of patriarchal men” nie. Sy het beklemtoon dat die inhoud van die Vrouehandves moet kom van die vroue van Suid-Afrika, dat vroue kollektief na hulself moet luister dwarsoor die politieke, rasse, godsdienstige, kulturele, etniese en ekonomiese spektrum, die stedelike en die landelike areas, die swart state, die fabriek, die plase en die luukse villas. Sy het haar toespraak soos volg afgesluit:

> “Women have been knocking on the doors for generations, politely asking to be let into a non-sexist society. We cannot wait for even more generations hoping for someone to open those doors. WE have to break them down. Our battering ram must be the voices of the millions of women in our country – voices that no one dare deny. Together, no government, no political party, no liberation movement – no group of patriarchal men can

> stand in our way. We are the majority in this country. Our collective voice is a formidable weapon. Let it ring loud and clear across this country. Together we will win."[30]

Hierdie toepraak is met oorverdowende applous begroet. Die swart vroue het ge-oe-la-la en gedans om hul goedkeuring te wys. Die Afrikanervroue se reaksie was gemengd. Sommiges het die toespraak as opruiend beskryf en vir ander was dit inspirerend. Een dame het erken dat sy nie al die Engelse woorde verstaan het nie.[31] Ginwala het in haar laaste woorde definitief die indruk probeer skep dat die vrouestem so sterk moet wees dat geen een van die bestaande gesagstrukture dit sal kan stop nie. Haar metaforiese taalgebruik met die verwysing na aksie, optrede en dringendheid is tekenend van die rewolusionis en vryheidsvegter – taalgebruik van die periode wat sy so pas agtergelaat het. Dit was egter heeltemal onbekend aan Afrikanervroue en het hulle ongemaklik gemaak. As groep was hulle nog glad nie gereed om saam met die "swart" en "rooi gevaar" deure oop te breek nie.

4.4 Aanpassingsprobleme wat Afrikanervroue ervaar het

Frene Ginwala het in haar toespraak gesê: "Our divisions have become barriers…", maar haar slotwoorde was: "Together we will win." Ginwala se versugting was optimisties, daar was nie net skeidings wat afgebreek moet word nie, maar groot verskille tussen die vroue van die *WNC* . Met die vreemde mengsel van *SAKP* en die *Vroueburo*, *Vroue vir Suid-Afrika* en *COSATU*, *The Rural Women's Movement* en die *Association of University Women, The Black Sash* en die *Executive Women's Club*, die *ANC, Nasionale Party* en die *Inkatha Vryheidsparty*, om net 'n paar te noem, was die kanse om van die begin af konsensus te bereik maar skraal.

Omdat die meeste aanwesige vroue geweet het wat die oogmerke van die *WNC* was en waarvoor hulle hul ingelaat het, was hulle dus almal aanvanklik bereid om rondom die verskille te werk. Dit

---

[30] Speech by Frene Ginwala, National Workshop, 25-26 April 1992.

[31] Roberts, "A 'minor' process where people – not power – count", pp. 9-10.

is veral geïllustreer op die laaste dag toe ‘n Bestuurskomitee gekies moes word. Prosedure het ‘n probleem geskep en talle klein verskille het die vrees laat ontstaan dat samewerking onmoontlik was, maar soos Bea Roberts rapporteer het, het die “spirit” triomfeer. Volgens Roberts is ‘n komitee gekies wat sekerlik die mees verteenwoordigend liggaam in die politiek van die tyd was en wat oor politieke, rasse en klasseverskille gestrek het, “And the faces of the delegates, reflected their genuine pleasure at this motley group.”[32]

Roberts se verslag is nie heeltemal korrek nie. Daar was geen wit vrou in die topstruktuur nie. Die ampte is soos volg beklee: Sameroeper: Frene Ginwala; Mede-sameroeper: Ann Letsebe; Nasionale Sekretaris-Generaal: Thoko Msane. Ginwala van die *ANC*, is eenparig as sameroeper gekies. Die verkose Bestuurskomitee (Steering Committee)[33] het onder andere bestaan uit die *Inkatha Vryheidsparty*, die *Demokratiese Party* die *The Rural Women’s Movement, KONTAK, COSATU* en die *Unie van Joodse Vroue*. Van die ongeveer 24 lede was sewentien swart vroue en slegs Annemarie Nutt was Afrikaans. Volgens Anne Routier was daar geen manier dat ‘n lid van die *Nasionale party* op die komitee verkies sou word nie. Tydens die eerste vergaderings in Mei het komiteelede sterk gevoel dat om die *WNC* te laat slaag was dit nodig om die ontbrekende invloedryke partye (“constituencies”) op die Bestuurkomitee te kry. Gevolglik is die *Nasionale Party* (Anne Routier), die *SAKP*, die *PAC* en die *Suid-Afrikaanse Landbou-unie* (Anna Boshoff) gekoöpteer.[34] So het dit dan gekom dat Anne Routier as Engelssprekende vrou die *Nasionale party* verteenwoordig het.

---

[32] Roberts, “A ‘minor’ process where people – not power – count”, pp. 9-10.

[33] Na die verkiesing in 1994 sou nege van die Bestuurskomitee die *ANC* as parlementslede verteenwoordig. Thoko Msane en Winnie Mandela (wat ook aktief by die *WNC* was, sien pp. 223, 266), was in Nelson Mandela se eerste kabinet opgeneem.

[34] S.K. Abrams, *Fighting for Women’s Liberation during the Liberation of South Africa: the Women’s National Coalition* (unp. M.A. thesis, Wadham College, Oxford, 2000), p. 35.

Soos aangedui was daar reeds tydens die stigtingsvergadering verskille en probleme teenwoordig. Die verskille tussen vroue het nie verdwyn nie en in die daaropvolgende maande is die Afikanervroue wat by die *WNC* betrokke geraak het, kortstondig of vir ‘n langer tydperk, blootgestel aan talle ervarings wat vir hulle vreemd was en wat die aanpassing moeilik en in sommige gevalle onmoontlik gemaak het. Sheila Meintjes het gesê dat die uiteenlopende groepe gemeenskaplike belange op verskeie belangrike gebiede gedeel het; maar sy kon net twee gemeenskaplikhede opnoem, naamlik geslagsonderdrukking en dat die verandering in Suid-Afrika ook seksisme moes insluit.[35] Die vraag is egter of die “Dilemmas of Difference”, waarna Meintjes verwys het, werklik oorkom kon word en daar slegs op die doelwitte van die *WNC* gefokus kon word?

4.4.1 Ongerieflike vergaderplekke en -tye

Vergaderplekke en -tye het van die begin af praktiese probleme geskep. “Die meeste vergaderings was in die bundu’s”[36] is een van die die aanklagte wat gemaak is. Die meeste streeksvergaderings is in die swart of bruin areas, sogenaamde agtergeblewe gemeenskappe, gehou. Dit was gedoen om vervoerprobleme te vergemaklik want baie min swart vroue het privaatvervoer gehad, en natuurlik om soveel as moontlik vroue te kan bereik. In die Kaap was die vergaderings byvoorbeeld dikwels in Athlone, ‘n bruin woonbuurt met heelwat bendegeweld, gehou. Wit vroue was bang om by swart buurte in te gaan en dit is as “moeilikheid soek” beskou, veral in die vroeë negentigs. Een vrou het dit soos volg opgesom “Die Afrikanervrou het haar ook nie blootgestel aan die gevare van die vreemde, moeilik bekombare en rasgebonde vergaderplekke nie.”[37] Die wit vroue moes alleen ry, want hulle het van oor die hele streek gekom en saamry was meestal onprakties.

---

[35] Sheila Meintjes, “Dilemmas of difference’, *Work in progress*, 81, April 1992, p. 17.

[36] Naam op diskresie van skrywer weerhou.

[37] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

Die vergadertye was ook problematies. Die vergaderings is dikwels op Saterdag- en Sondagmiddae gehou, vanaf 6 tot 8.30 nm. Dit was die tyd wat die Afrikanervroue meestal by die huis saam met haar gesin was en die aandete voorberei het. Dié tye het die swart vroue, waarvan baie werkende enkelouers was, gepas. Dene Smuts het dit so opgesom: "…die *Nasionale Party* (Wit) vroue het nie altyd kans gesien vir die nat Sondagmiddae in die bruin areas nie – hulle mans en gesinne en hulself het nie kans gesien nie, maar dis natuurlik al wat werkers in die "struggle" kon behartig!"[38] Die Afrikanervroue het dus van die begin af die vergaderings met ongemak en huiwering bygewoon. Sommige vroue was grimmig, want die enkele kere wat daar nie in die swart of bruin woonbuurte vergader is nie, is daar vir "hulle" busse gereël. Boonop was die "ongemaklike" vergadertye sodat die swartes en bruines dit kon bywoon.

Die vrese van die wit vroue is bewaarheid toe Amy Biehl in Augustus 1993 in Gugulethu, 'n swart woonbuurt van Kaapstad, deur twee *PAC*-lede vermoor is. Amy Biehl wat geglo het dat vroue 'n betekenisvolle rol in die samelewing moes speel, was 'n baie aktiewe lid van die Wes-Kaapse-streekskoalisie. Ten tye van haar dood was sy aan die *Universiteit van Wes-Kaap* se regsfakulteit verbonde en het die dag van haar dood drie studente huis toe geneem. Sy is vermoor omdat sy 'n wit "settler" was.[39]

Amanda Botha wat baie goed bevriend was met Biehl, was gebroke oor haar dood. Botha het vertel dat dit vir haar aanvanklik moeilik was om met die *SAKP* en die *PAC* saam te werk, want sy is gekondisioneer dat hulle "vreeslike" mense was. Biehl se dood het egter ironies genoeg, 'n fasiliterende rol gespeel. Sy het by Biehl se begrafnis die *WNC* verteenwoordig en moes ook 'n vredeswandeling na Guglethu lei om te sê dat vroue van Suid-Afrika het genoeg van geweld

[38] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002.

[39] "Amy moes aanvallers alleen trotseer", 27 Augustus 1993, http://www.mweb;
"Vermoorde Amy was dol op SA, vertel haar diep geskokte ouers", 25 November 1993, http://www.mweb.

gehad het. Dit was vir haar baie moeilik om dit te doen. Tydens die wandeling het sy voor gestap en die twee swart vroue aan weerskante van haar se hande vasgehou. Daar het sy vir die "eerste keer 'n gevoel van solidariteit" met die swart vrouens ervaar, sy het nie meer gevoel "sy is 'n wit Suid-Afrikaner nie, maar 'n Suid-Afrikaner wat sê nou is dit (geweld) genoeg."[40] Hierdie tragiese gebeurtenis het ook 'n einde gebring aan die vergaderings van die Wes-Kaap-streekskoalisie in die swart en bruin woonbuurte.

4.4.2 Swak georganiseerde vergaderings

Afgesien van problematiese vergaderplekke was die vergaderings swak georganiseer. Daar is volop voorbeelde van lede wat óf nie kennisgewings van vergaderings ontvang het nie, óf dit het op die nippertjie arriveer óf te laat. Die vergaderings het ten minste 'n halfuur later as die die gespesifiseerde aanvangstye begin. Daar is meer as een keer genotuleer dat iemand beswaar aangeteken het dat die vergaderings altyd laat begin het.[41] Afrikanerorganisasies is daarvoor bekend dat hulle baie goed georganiseerd is en stiptelik volgens die agenda handel. Al die vroue het gekla oor hul tyd wat gemors is omdat hulle moes wag vir swart vroue wat altyd laat was. Vergaderings het ook dikwels baie lank geduur. Daar is openlik verwys na "Afrika-tyd." Die gevolg hiervan is dat baie vroue soms moes terugkeer huis toe om ander afsprake of verpligtinge na te kom en dat die wat agtergebly, ongeduldig en geïrriteerd was. Daar is reeds verwys na die geval van Jenny Malan wat uiteindelik haar taak aan iemand anders oorgegee het. Truida Prekel het vertel dat sy meer as een keer, nadat sy die hele ent pad van Pretoria oorgery het vir 'n vergadering in Johannesburg, moes terugry om 'n volgende afspraak by te woon nog voor die vergadering begin het.[42] Die gevolg hiervan was dat die doel van die vergadering dikwels

[40] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

[41] 'n Voorbeeld hiervan: MHC 100 3.1.7: Minutes of Council meeting 17-18 September 1993.

[42] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

platgeval het omdat die agenda afgejaag moes word en boonop was sleutelfigure nie teenwoordig nie. Baie vroue het moedeloos geword en later nie meer gegaan nie.[43]

Wat hierby aansluit is die reeds genoemde klagte wat deur Elmarie Neilson geopper is dat daar te veel vergaderings gehou is sonder om iets te bereik. Sy het gewaarsku dat daar nie net vergader moet word ter wille van vergadering hou nie.[44] Sy het in hierdie geval na sinnelose vergaderings van die Bestuurskomitee verwys. Daar was ook klagtes dat dié komitee streeksverteenwoordigers na Johannesburg laat vlieg het wat dan in vyfsterhotelle in enkelkamers gehuisves is.[45]

4.4.3 Taalkwessies

"Afrikaans was uit soos koekies in 'n weeshuis." Op die vergaderings van die *WNC* was die voertaal Engels. Dit het gesonde kommunikasie in die wiele gery, want baie Afrikanervroue kon nie goed Engels praat nie en het dikwels ook nie verstaan wat gesê is nie. Hulle kon wel Afrikaans gepraat het aangesien daar tolke was om alle tale na Engels te vertaal, maar elke keer as daar in Afrikaans gepraat is, was daar 'n onderlinge "geruis" soos die swart vroue hul afkeuring aan die taal te kenne gegee het.[46] Afrikaans was die taal van die "onderdrukker", die taal wat verpligtend was vir alle swart skoolkinders en immers ook die rede waarom vrouens en kinders in 1976 in Soweto in opstand gekom het. Daar was so baie negatiwiteit rondom die taal dat Afrikanervroue "bang" was om Afrikaans te praat en omdat hulle skaam en onbeholpe was om Engels te gebruik, het hulle nie die vrymoedigheid gehad om aan besprekings deel te neem nie en het hulle nie voorstelle gemaak nie. Die uiteinde was dat hulle nie gehoor is nie.

---

[43] Byvoorbeeld: Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[44] MCH 100 4.1.2.4: Report from Steering Committee meeting, 19 and 20 June 1993.

[45] Naam op diskresie van skrywer weerhou.

[46] Die woorde van: Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd;
Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

4.4.4 Die houding van swart vroue teenoor die Afrikanervroue

Die grootste aanpassing vir die Afrikanervroue was om met swartes te vergader. Die hele idee van die *WNC* was definitief nie dat een kulturele groep moes domineer nie. Dit is presies wat gebeur het. Volgens Annemarie Nutt: "Die oormag swart groeperinge het die rigting aangedui."[47] Dié "oormag" polities ervare swart vroue was intimiderend vir die polities onervare Afrikanervroue.

Die *WNC* was die inisiatief van swart vroue. Dié "grootse" gedagte om vroue te verenig ten einde 'n beter toekoms vir alle vroue te verseker was nie 'n "wit"gedagte nie. Die uitnodiging het die Afrikanervroue onkant gevang, en die vraag "Hoekom kon die gedagte nie van die wit vrou gekom het nie?" is meer as tien jaar na die gebeure peinsend herhaal.[48]

Voorheen was die meeste Afrikanervroue se enigste kontak met swart vroue, hul swart huiswerkers. Van die begin af was die bekende Baas-Klaas-verhouding omgedraai. Hulle is uitgenooi na "die vyand se kraal" en ons was soos "Soos Retief en sy manne in Umgungundlovu", is sinsnedes waarmee wit vroue se gevoel verwoord is.[49] Die Afrikanervroue moes hul ingesteldheid teenoor die swar tvroue heeltemal verander en het gevolglik met ander oë na hulle gekyk. Dioné Prinsloo het gesê dat daar besef is dat die swart vroue by die *WNC* goed opgelei was en daarom die leiding kon geneem het.[50]

Die oorheersende gevoel wat gekry word, is dat die Afrikanervroue van die begin af ongemaklik en ontuis was. 'n Ongemaklikheid wat geïllustreer is deur 'n amper patetiese bevestiging van

---

[47] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd.

[48] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[49] Naam weerhou deur skrywer.

[50] Dioné Prinsloo, onderhoud, 6 Maart 1999.

enige positiewe gedrag wat hulle van die swart vroue ontvang het. Loïs Geldenhuys, organiserende sekretaris van die *Nasionale Party Vroueaksie*, het die volgende stelling gemaak: "Dit was 'n baie groot voorreg om hoegenaamd toegelaat te word om te kon deelneem." Sy het ook vervolg dat sy altyd hartlik ontvang is, en dat sy geen vyandigheid ervaar het nie.[51] Een van die mees algemeenste opmerkings wat teëgekom word, was "Die swart vroue was baie gaaf met ons." Joan Hunter het vir Faith Gasa van *Inkatha Vryheidsparty* en die "Indiese dames" uitgesonder as die wat die *Nasionale Party* baie goedgesind was.[52] Die oorheersende gevoel by die vroue was: dat jy kan bly wees jy is toegelaat om deel te wees, dus moet jy jou so gedra. Van die begin af was die Afrikanervroue afhanklik van die goedkeuring van die swart vroue, 'n situasie wat 'n geweldige aanpassing vir die meeste moes gewees het.

Van die Afrikanervroue het die swart vroue egter as vyandig ervaar. Marie Herholdt, 'n afgevaardigde van *Vroue vir Suid-Afrika*, het op 'n vraag waarom vroue onbetrokke was gesê: "hulle het 'n koue skouer ervaar." Op die vraag wat haar belangrikste nalatenskap van die WNC was het sy geantwoord: "Hulle het probeer om vroue byeen te bring, maar was soms onnodig vyandig." Sy herhaal weer later: "Daar was die van hulle wat vyandig was."[53] Herholdt se getuienis is op twee maniere insiggewend. Eerstens die verwysing na "hulle." Sy, asook die meeste van die respondente, verwys hier en deurgaans in die vraelys na die *WNC* in die derde persoon, maar as sy van haar organisasie, byvoorbeeld *Vroue vir Suid-Afrika* praat, is dit "ons". Sy plaas dus 'n afstand tussen haar, haar organisasie en die *WNC*. Sy het haar nooit as deel van die koalisie gesien nie. Die *WNC* was vir "hulle", die swart vroue, en hierdie mening het nooit

[51] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

[52] Joan Hunter, vraelys, ongedateerd.

[53] Marie Herholdt, vraelys, ongedateerd;
Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

verander nie. Die *WNC* het nooit haar organisasie geword nie.[54] Tweedens maak sy melding van die vyandigheid wat hulle ervaar het. Soos meeste van die respondente verwys sy na swart vroue wat sy beter leer ken het, maar by hierdie vrou was die herinneringe aan die vyandigheid oorheersend. Sy het ook gesê dat die Afrikanervroue "baie getoets is", maar dat hulle "deurgedruk" het en "Dit was nie altyd maklik nie." Baie vroue het veral as gevolg van die onvriendelikheid tou opgegooi, maar daar was tog vroue wat ten spyte van die negatiwiteit betrokke gebly het.

Amanda Botha het aanvanklik probleme met die "Comrades"-aanspreekvorm, wat tussen kamerade in die vryheidstryd gebruik is, ondervind. Sy het die swart vroue daarop gewys en gesê dat dit vir haar en baie ander vroue vreemd is en hulle ongemaklik laat voel het en gevra dat persone eerder op die naam genoem moet word. Daar is reeds gewys op haar belewenis van die *PAC* en die *SAKP* en haar ondervinding tydens Amy Biehl se begrafnis.[55] Sy het gevoel dat sy volkome aanvaar is en het baie positiewe ervarings gehad. Sy het vertel van die geval waar Bridgette Mabandla van die *ANC* na haar, enigste wit vrou in die vergadering, oorgeloop het en haar arms om haar gesit het om haar te groet. Iemand in die vergadering het toe geskree "Amandla!" Volgens haar is "Swartes (is) uiters regverdig, as hulle sien jy kan 'n bydrae maak, dan staan hulle terug." Sy is deur die *Rural Women's Movement* genomineer vir die Nasionale Komitee en deur die *Kommunistiese Party* gesekondeer. Omdat sy nog nooit kontak met die *Kommunistiese Party* gehad het nie, en al die voorbehoude en bevooroordeeldheid gehad het waarmee sy "gebreinspoel" was, het sy na die tyd vir die *Kommunistiese Party* gevra waarom hulle haar gesekondeer het. Hulle het geantwoord dat daar verskeie redes was onder andere dat sy

[54] Estelle Jordaan het ook die verwysings van "ons' en "hulle" gebruik, maar spesifiek dan verduidelik dat sy dit so gebruik om te onderskei tussen " 'ons' vir Afrikaanse wit vroue" en " 'hulle' vir swart vroue wat ook Indiërvroue insluit."

[55] Sien p. 176.

haar oor ‘n tyd bewys het, dat sy die landelike mense ken en dat hulle makliker met haar sou assosieer, want baie van hulle praat Afrikaans. Hulle sou makliker met haar kan kommunikeer as met hulle swart geleerdes, want hulle kon nie mekaar vind nie. Amanda Botha het egter ook bygevoeg, “As jy hulle ‘drop’ gooi hulle jou uit!” Haar uiteindelik gevoel was baie positief en dat sy glo dat uiterste pole oorbrug is.[56]

Estelle Jordaan se ervaring was dat die swart “aktiviste” vroue skepties was oor Afrikanervroue se bereidwilligheid tot betrokkenheid. Hulle was egter bereid om die Afrikanervroue op hulle (swart) terme te akkommodeer. Afrikanervroue het weer die voorbehoud gehad dat hulle bereid sou wees tot samewerking as dit op hulle (wit) terme kon wees.[57]

Daar was gereelde verwysings na die “apartheid regime.” Al is die Afrikanervroue nooit direk beskuldig nie, het dit hulle onwelkom en ongemaklik laat voel. Hulle het dit as “stereotipering” bestempel, want hulle is almal oor dieselfde kam geskeer en “ons was nie almal so nie.” Daar is deur sommige verontreg gesê dat hulle nooit by politiek betrokke was nie. Hierdie ervaring is opgesom dat ons die “heeltyd in ons binneste ‘bedreigd’ gevoel het as die ‘groot skurke’ in die Suid-Afrikaanse verhaal.” Buite die vergadersale van die *WNC* het die Afrikanervroue nie gehuiwer om “manhaftig” vir mekaar te vertel dat “ons niks het om oor skuldig te voel nie.”[58] Dit wil dus voorkom asof daar op die oog af aanvaarding was van die swart vroue se kant, maar dat daar gereeld verwysings na die vorige “regime” gemaak is. Die Afrikanervroue wat die vorige regering as wettig aanvaar het, het hierdie opmerkings as sydelingse steke ervaar wat daartoe bygedra het om hulle ontuis te laat voel.

---

[56] Amanda Botha, onderhoude, 15 Augustus 2001 en November 1996.

[57] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[58] Ibid.

Loïs Geldenhuys se ervaring was hoofsaaklik positief, maar ook sy praat van " 'n terughoudendheid onder ons "nuwe susters." Sy het gevoel dat hulle as vroue uit die vorige bedeling dopgehou is en dat daar gewag is dat hulle van hulle kant moet uitreik. Sy het egter besef dat dit 'n proses was waar hulle mekaar eers moes vind en leer ken om 'n pad saam te loop.[59]

4.4.5 Hantering van Christelike sienswyses

In die meeste Afrikanervroueorganisasies was een van hul doelstellings die erkenning van hul Christelike geloof en is vergaderings feitlik altyd met skriflesing en gebed geopen. By die *WNC* se vergaderings is "Christelike sienswyses nie noodwendig negeer nie, maar vermy." Die Sondagmiddagvergaderings was eerstens 'n probleem. Al het die stedelike Afrikaner nie altyd meer die heiligheid van die Sabbat onderhou nie, is Sondae tradisioneel 'n familiedag, definitief nie 'n dag om politieke vergaderings by te woon nie. Tweedens het die feit dat die vergaderings nie met skriflesing en gebed geopen is nie, ongelukkigheid veroorsaak. Dit het egter verskil van plek tot plek en wil voorkom asof die persone wat die vergaderings gelei het, die presedent geskep het. 'n Tussentydse Werkskomiteevergadering waar Thoko Msane 'n leidende rol gespeel het, is wel met 'n gebed geopen. Thoko Msane het met 'n sterk kerkagtergrond gekom en was onder andere betrokke by opleiding by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.[60]

Estelle Jordaan het egter die bul by die horings gepak. Tydens 'n nasionale konferensie is daar weer eens nie met skriflesing geopen nie. Tydens dieselfde konferensie is daar 'n verslag gelewer wat aangedui het dat ongeveer 67% van alle vroue in Suid-Afrika hulself as Christene beskou het. Sy het toe die geleentheid gebruik en gesê dat as dit die geval is, behoort die meerderheid van die vroue in die vergadering Christene te wees en behoort die *WNC* se byeenkomste op die "regte

[59] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

[60] MHC 100 3.1.1: Minutes of National Women's Coalition, 16 October 1991.

manier" geopen te word. Die opmerking het by baie van die swart vroue in die vergadering byval gevind en hulle het dit openlik met applous aangedui. Daarna is die *WNC* projekte met minstens 'n gebed geopen of afgesluit.[61]

4.4.6 Vergaderingstyl en -prosedure[62]

Vergaderingprosedure het van die begin af probleme veroorsaak, wat nie vreemd is gegewe dat die vroue nie net uit 'n diverse sosio-ekonomiese en opvoedkundige agtergrond gekom het nie, maar ook uit radikaal verskillende politieke skole. Tydens die stigtingsnaweek het dit die Saterdagoggend drie ure geneem om prosedure uit te klaar.

Vir die wit vroue was die vergaderingstyl en -prosedure van die *WNC* heeltemal anders as waaraan hulle gewoond was. Omdat die wit vroue min of geen blootstelling gehad het om saam met die swart vroue te vergader nie, het dit tot heelwat aanpassingsprobleme gelei en is die groot byeenkomste en werksaamhede deur een opgesom as "soms 'n belewenis van chaos en onordelikheid." Dit is belangrik om te onthou dat die Afrikanervroue wat hul organisasies op die *WNC* verteenwoordig het "vergadering-vroue" was. Meeste van hulle het nie net al jare lank aan hul organisasie behoort nie, maar was ook by een of meer kerk- en skoolraad, sowel as 'n uiteenlopende aantal welsynsorganisasies, kultuurorganisasies en sportliggame, diens-en jeugorganisasies, landbou- en sosiale verenigings betrokke. Boonop was hulle die presidente en voorsitters van die onderskeie organisasies wat hulle by die *WNC* verteenwoordig het. Hulle was gewoond dat 'n sekere protokol gehandhaaf word, dat organisasies die regte van die lid (die individu) verseker, naamlik sy reg op deelname aan besprekings en besluitneming. Dit verseker dat die minderheid sy standpunt kan stel en die wil van die meerderheid uitgevoer word. Hiermee

[61] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

[62] Hierdie onderafdeling is 'n samevatting van verskeie vroue se bydraes, en alhoewel daar probeer is om na insette in afsonderlike voetnotas te verwys, was dit om praktiese redes nie altyd moontlik nie.

saam het onderliggende, meestal ongeskrewe, gedragsreëls gegeld wat op alle lede van toepassing was. Dit was gebaseer op die ordereëls van die Volksraad. Voorbeelde hiervan is dat tydens ‘n vergadering geen persoon die reg het iets te doen wat die ander sal verhinder om die spreker te sien of te hoor nie. Sydelingse opmerkings mag nie gemaak word terwyl iemand anders aan die woord is nie.[63] Soos reeds aangedui is baie van die Afrikanervroue se funksionering juis in die wiele gery deur die swart vroue se “afkeurende” gedrag.

Die meeste Afrikanervroue was onbekend met die benaminge van ampsdraers wat in die *WNC* gebruik is. “Convenor, co-convenor en secretary-general” (sameroeper, mede-sameroeper en sekretaris-generaal) was nie net totaal vreemd nie, maar die vroue het ook nie heeltemal geweet wat die ampte behels nie. Min het besef dat die “secretary-general” eintlik meer die publieke “spokesperson” (segspersoon) was en dat die “convenor” die president, of leier was. Meer as een persoon het opgemerk dat die benaminge van die ampsdraers vir hulle ongemaklik laat voel het, want dit was so “kommunisties.” Selfs die Engelssprekende dames het gevoel dat die tradisionele benaminge van “chairman” en “secretary” gebruik kon word.

Die verkiesingsproses het die Afrikanervroue heeltemal onkant betrap. As nuwe ampsdraers of lede vir komitees verkies moes word, het die swart vroue gekyk na die getal verteenwoordigers, met ander woorde hulle wou soveel verteenwoordiging van die breë spektrum as moontlik hê. Hul benadering tot steunwerwing was baie meer deursigtig as waaraan die Afrikanervroue gewoond was. Die werwing vir, en deur kandidate, het baie openlik geskied teenoor die Afrikanervroue wat dit meer klandestien en vertroulik gedoen het. Die swart vroue het die koukusstelsel gebruik. Voordat hulle kandidate nomineer het, het hulle daarop aangedring om te verdaag en dan gekoukus sodat hulle kon besluit vir wie hulle sou voorstel en het dan ‘n blokstem

[63] Sylvia Atkinson, *Organisasies aan die Werk* (Johannesburg, Perskor, 1981), pp. 17-18.

uitgebring om te verseker dat hulle kandidate verkies word. Die Afrikanervroueorganisasies en -groepe weer het almal hul eie kandidate genomineer, gefokus op individue, sogenaamde "leiersfigure" en net vir hulle gestem. Volgens Amanda Botha is daar met die verkiesing van Annemarie Nutt tot die Bestuurskomitee "met groot moeite stemme verenig" om 'n Afrikaner op die komitee te kry.[64] Gesien in die lig dat *KONTAK* 'n paar jaar tevore nog deur die Nasionale Party verdag gemaak is, was dit op sigself 'n prestasie dat Afrikanervroue op daardie stadium tog kon saamwerk.[65] Afrikanervroue het hul eie klein magsbasisse gehad wat hulle ondersteun het en het in die proses hulself benadeel. Omdat hulle nie die koukusstelsel gebruik het nie, en so die Afrikanerstem verenig het nie, het dit meegebring dat daar baie min Afrikanervroue op komitees verkies is. Volgens Estelle Jordaan het sommige Afrikanervroue dit besef en 'n beroep op samewerking gemaak en alhoewel daar baie daaroor gepraat is, het elke organisasie nog steeds sy eie agenda gevolg om sy stempel as organisasie af te druk.[66] Die verkiesingproses is deur een vrou as blatant "onregverdig" bestempel. Sy het gesê dat Afrikanervroue nie op die kantlyn wou staan nie en dus baie graag op komitees verkies wou word. Hulle het besef dat hulle betrokke moes wees, maar dat die verkiesingsprosedures hulle daarvan weerhou het.[67] Wat natuurlik hiertoe bygedra het, is die feit, wat reeds bespreek is, naamlik dat die Afrikanervroue sleg verteenwoordig was omdat hulle geglo het hul sal deur die netwerk verteenwoordig word.

In gevalle waar daar 'n beslissing oor 'n mosie geneem moes word, het die *WNC* die proses van konsensus of eenparige aanvaarding gevolg. Dit het beteken dat, om 'n nuwe mosies aanvaar te kry daar bespreking, herbewoording, herbespreking, ensovoorts was totdat niemand teen die aanvaarding van die mosie gekant is nie. Die nadeel van 'n stelsel van konsensus was dat oor

[64] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

[65] Aletta J. Norval, *Deconstructing apartheid discourse* (London, Verso, 1996), pp. 203-204.

[66] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

[67] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

kontroversiële kwessies soos aborsie, nooit ‘n besluit geneem kon word nie. Al oplossing hiervoor was dat die mosie so bewoord moet word dat alle partye akkommodeer word. In die geval van aborsie kon organisasies hul eie standpunt formuleer.[68] Hierdie proses was heeltemal vreemd vir Afrikanervroue. Hulle was gewoond daaraan dat vir die aanvaarding of verwerping van ‘n mosie, is die twee teenpole teenoor mekaar gestel en is met stemming besluit. Die meerderheidstem was beslissend. Konsensusbesluitneming was ‘n groot paradigmaskuif waarmee die Afrikanervroue gesukkel het. Dit het ook baie tyd in beslag geneem, want heelwat meer tyd moes vir bespreking toegelaat word. Dit het die kwessie van “Afrika-tyd” nog net meer beklemtoon. Die algemene gevoel was dat die werkwyse, veral die manier van stemming, opsetlik was om die Afrikanervroue uit die komitees te hou.

Tydens die vergaderings het die swart vroue nie geskroom om hul voor- of afkeure te demonstreer nie. Soos die een vrou dit gestel het was daar “ ’n geforseerde gejubel uit sekere blokke” as daar goedkeuring was vir sekere voorstelle en die reeds genoemde gesis as daar afkeuring was.[69] Vir die Afrikanervroue, en dit sluit die “liberale” Afrikaner in, was die fisiese uitbeelding van protes of goedkeuring tydens ‘n vergadering onaanvaarbaar. Afrikanervroue het hulle stemmig op vergaderings gedra. Bea Roberts het nie verniet na hulle as “reticent tannies” verwys nie.[70]

Afrikanervroue het ook gevoel dat hulle dikwels opsetlik tydens vergaderings geïgnoreer is, byvoorbeeld as hulle ‘n hand opgesteek het om ‘n bydrae te lewer of om iemand voor te stel. Hierdie gebrek aan erkenning het baie negatiewe gevoelens veroorsaak wat dan noodwendig politieke konnotasies gekry het. Al hierdie gebeure het baie negatief op die Afrikanervrou se

[68] Sien byvoorbeeld *Die Burger*, 26 Oktober 1994.

[69] Mariejie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[70] Sien p. 217.

selfbeeld ingewerk. Die gevolg hiervan was dat Afrikanervroue nie gehoor is nie, want hulle het nie meer ‘n stem gehad nie en moes gewoond raak om ‘n ondergeskikte rol te speel.[71]

Met al hierdie verskille en probleme het dit baie “bearbeiding” gekos om Afrikanervroue aan te moedig om betrokke te bly. Estelle Jordaan vertel dat dit ‘n taak was wat deur haar en Annemarie Nutt verrig is. Toe die *Nasionale Party Vroueaksie* betrokke geraak het en pro-*WNC* gepraat het, het sake blykbaar verbeter.[72]

‘n Vraag wat onbeantwoord bly, is hoekom die sameroeper van die vergaderings wat die rol van voorsitter vertolk het nie die regte van die individue en groepe beskerm het nie. As die meeste Afrikanervroue die vergaderings so negatief beleef het, moes dit tog sigbaar gewees het. Die sameroeper moes tog van die begin af besef het dat daar botsings kan wees en behoort te gesorg het dat alle groepe ingetrek word en ononderbroke spreekbeurte kry. Was die sameroeper onbewus van die feit dat baie groepe, in hierdie geval die Afrikanervroue, polities onervare was? Die suksesvolle funksionering van die koalisie het tog berus op die diversiteit en nie oorheersing nie. Die opvallende bevoorregting van sekere groepe plaas onwillekeurig ‘n vraagteken oor die werklike doel van die *WNC.*

Dit was vir die Afrikanervroue ‘n skok om te besef dat sy nie meer die hoofrol speel nie, maar dat die swartvrou as leier optree en dus haar rol oorgeneem het. Die Afrikanerleierskorps wat gewoond daaraan was om as belangrike “eregaste” met aansien behandel te word, was by die *WNC* net een van die massa. Afrikanerleiers het “in hulle dop gekruip” en het tot ‘n mate aan ‘n “minderwaardigheidsgevoel” gelei. Hierdie gevoel het indirek die status van die leiers aangetas wat tot ‘n insinking in die leierskap gelei het. Hulle het teruggetrek, plaasvervangers gestuur en

[71] Ibid.

[72] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

uiteindelik as organisasie heeltemal onttrek.[73] Een van die vroue het die ondergang van die Afrikanervroueleiers baie dramaties as ‘n “afwaartse magsspiraal beskryf.”[74]

4.5 Faktore wat Afrikanervroue se graad van betrokkenheid beïnvloed het

Afrikanervroueorganisasies was nie met oorgawe by die *WNC* betrokke nie. Die voorafgaande gedeelte het aangedui hoe die vreemdheid wat Afrikanervroue by die *WNC* ervaar het hulle beïnvloed het. Die belangrikste gevolge was dat baie onttrek het en uiteindelik weggebly het.

Daar was egter ook ander faktore wat daartoe gelei dat baie min vroue eerstens betrokke geraak het en tweedens betrokke gebly het. In vorige hoofstukke is die politieke bewustheid van die Afrikanervrou bespreek en ook ten slotte aangedui dat die spoed waarteen landsveranderinge plaasgevind het, die Afrikaner in ‘n identiteitskrisis gelaat het.[75] Daar is ook aangedui dat die krag van Afrikanerorganisasies wat aan die *WNC* behoort het in kultuurorganisasies gelê het, wat nie veel voorbereiding vir die politieke koalisie soos die *WNC* was nie.[76] Hierdie faktore het definitief ‘n belangrike rol gespeel.

Daar is egter ook ander faktore wat ‘n rol gespeel het:

4.5.1 Teenkanting van die *Nasionale Party*, die pers, die kerk en die huis

Amanda Botha het gesê dat dit veral in die beginjare, 1991 tot 1992, baie moeilik was om vroue van verskillende groeperinge, maar veral die Afrikanervroue betrokke te kry. Botha blameer

---

[73] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001;
Mariejie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[74] Naam op versoek weerhou.

[75] Sien hoofstuk 1, p. 69.

[76] Sien hoofstuk 3, p. 142,

eerstens die *Nasionale Party,* en beweer dat daar verskeie pogings was om die *WNC* te diskrediteer. Tweedens blameer sy die Afrikaanse pers wat die *WNC* doodgeswyg het.[77] Botha het nie konkrete bewyse verskaf nie, maar as hoof van die Media-afdeling van die *WNC* het sy eerstehandse ondervinding van die pers se selektiewe beriggewing gehad.

Die onwilligheid van die pers om dekking aan die *WNC* te verskaf is vroeër in hierdie hoofstuk aangedui. Die rede waarom die koerante nie meer ruimte aan vrouesake en die *WNC* afgestaan het nie, kan wees omdat dit nie as besonder nuuswaardig beskou is nie. Daar is geen bewys dat dit kan wees as gevolg van politieke beleid nie en daar is ook nie bewyse dat beriggewing in die Engelse pers meer was nie.[78] Landsake kon nie plek maak vir vrouesake nie, want laasgenoemde was nie nuuswaardig genoeg nie, veral nie in die polities opwindende tye van die vroeë 1990's nie. Dit bly egter steeds onaanvaarbaar dat 'n historiese geleentheid soos die stigting van die *WNC* nie die voorblaaie van koerante gehaal het nie.

Die *Nasionale Party* se posisie teenoor die *WNC* is moeilik om te verklaar en kan amper as 'n haat-liefde verhouding beskryf word. Die party was feitlik vanaf die begin lid van die *WNC*, maar 'n paar maande na die amptelike stigting het hulle op 'n televisieprogram die werksaamhede van die *WNC* bevraagteken en daarop gewys dat daar alreeds instrumente in plek was om na die vroueregte om te sien.[79]

Nasionale Party Vroueaksie het ook van die *Nasionale Party*-leiers teenkanting ten opsigte van

---

[77] Amanda Botha, onderhoude, November 1996 en 15 Augustus 2001.

[78] Hierdie stelling is gebaseer op die bronnesoektog wat na vrouesake op die internet gedoen is, asook in die knipselargief van die Instituut vir Eietydse Geskiedenis van die Universiteit van die Vrystaat.

[79] MCH 100 4.1.3.1.2: Steering Committee, correspondence, Jennifer Thomson - Steering Committee, 21 October 1992. Sien ook p. 240.

vroueregte ervaar. Joan Hunter was deur die *WNC* as die *Nasionale Party*-afgevaardigde gekies om by die grondwetlike onderhandelings te gaan pleit om ‘n vroueverteenwoordiger op die onderhandelingskomitee te kry. Toe dit haar spreekbeurt was, het sy ‘n dringende pleidooi vir vroueverteenwoordiging gelewer. Die *Nasionale Party*-leiers, veral Roelf Meyer en Leon Wessels, was baie ontevrede met haar optrede en wou weet wie haar die reg gegee het om so ‘n voorstel te maak. Hulle het gesê dat die *Nasionale Party*-vroue nie verteenwoordig was nie omdat daar nie genoeg stoele in die saal vir die vroue sou wees nie - die mans sou kwansuis namens hulle praat. Sy het by dieselfde geleentheid baie respek vir Cyril Ramaphosa, as gevolg van sy positiewe houding teenoor vroue, gekry. Hul pleidooi was nogtans suksesvol, aangesien Tersia King, Lid van die Provinsiale Raad, gekies is om op die grondwetlike komitee te dien.[80] Dit is eintlik baie ironies dat Joan Hunter ‘n swart *ANC*- man, soos Ramaphosa, meer genaakbaar ten opsigte van vroueregte, as die wit mans van haar eie party, gevind het.

Individue in die *Nasionale Party* het natuurlik ook ‘n rol gespeel in die apatie teenoor die *WNC*. Loïs Geldenhuys, organiserende sekretaris van die *Federale Vroueaksie* van die *Nasionale Party*, het ook genoem dat dit nie altyd maklik was om die *Nasionale Party Vroueaksie* oral betrokke te kry nie, aangesien hulle beïnvloed is deur die meer konserwatiewe provinsiale leiers wat nie met die *WNC* geneë was nie.[81]

Die Afrikaanse kerke, soos reeds genoem, wou nie by die *WNC* betrokke raak nie. Volgens Amanda Botha het die NG Kerk se Vroueaksie geen geringe bydrae gelewer om die *WNC* in ‘n ongunstige lig te stel nie. Sy het dit persoonlike ondervind dat daar druk op haar was van die kant van die NG Kerk dat sy moes onttrek.

---

[80] Joan Hunter, vraelys, ongedateerd.

[81] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001;
Sien hoofstuk 3, p. 138.

‘n Belangrike rede waarom daar so min Afrikanervroue by die *WNC* was, was die teenkanting wat hulle tuis en by familielede ervaar het. Afrikanervroue en politieke partye was in die negentigerjare nie sinomiem nie, veral nie as sy alleen na vergaderings gegaan het nie, dit op ongerieflike tye en gevaarlike plekke was nie, en as daar swartes ook sou wees nie. Estelle Jordaan het vertel van so ‘n geleentheid waar sy probleme tuis ondervind het. Sy en nog twee *ATKV*-vroue het aan ‘n protesmars met die tema “Women reclaim the night”, in Hillbrow deelgeneem waarmee hulle solidariteit teen geweld teen vroue getoon het. Toe haar vader daarvan gehoor het, was hy ontstoke en het gedreig om haar te “onterf.” Ook die vriend wat sy op daardie stadium mee uitgegaan het, was baie ontsteld daaroor dat sy “soos die swartes wil maak.”[82] Sulke gedrag word dikwels dalk grappenderwys afgemaak, maar was ‘n realiteit vir baie Afrikanervroue – baie mans sou hulle vrouens verbied het om aan openbare optogte deel te neem. Hulle sou ook hulle voet neergesit het en geweier het dat hulle vrouens die vergaderings van die *WNC* bywoon. Die meeste vrouens sou ook na hulle mans geluister het.[83] Wat natuurlik ook hiermee saamgehang het, was dat baie vroue manlike beheer as verskoning kon aanwend vir iets wat hulle nie regtig aangestaan het nie. Estelle Jordaan het terloops ook gemeld dat sy tydens bogenoemde optog gepoog het om nog Afrikanervroue te betrek, maar dat niemand daarvoor kans gesien het nie, “… dit was hopeloos te liberaal en waaghalsig.”[84]

‘n Faktor wat deelname beïnvloed het, was finansies. Organisasies het nie altyd die geld gehad om verteenwoordigers se onkoste te betaal nie en die besluit moes dan geneem word om dit uit eie sak te betaal of weg te bly. Dioné Prinsloo het byvoorbeeld genoem dat sy al die uitgawes wat as gevolg van vergaderings en navorsing aangegaan is, self moes dra. Slegs die konferensies is

[82] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[83] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[84] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

deur die *WNC* betaal.[85] Jenny Malan het ook daarna verwys dat *Vroue vir Suid-Afrika* se fondse vir vervoer mettertyd opgedroog het.[86]

4.5.2 Die aard en omvang van leierskap onder Afrikanervroue

Daar was relatief min Afrikanervroueleiers. Hierdie punt is breedvoerig in die vorige hoofstuk behandel. Hierdie "Susters"-bond het daartoe gelei dat daar 'n klein groepie Afrikanervroueleiers by die *WNC* uitgekom het. Toe van hierdie vroue kop uitgetrek het as gevolg van reedsgenoemde faktore, was dit nog 'n groter slag, en het daar weinig oorgebly.

Volgens Loïs Geldenhuys was bogenoemde leiers reeds besig met opheffingswerk. Sy het dit as volg gestel: "Dié vroue wat betrokke was by die *WNC*, was ook besig met ander uitreikaksies namens hul onderskeie organisasies en instansies. Soos dit maar met sulke dinge gaan, was só 'n verteenwoordiger juis dié persoon wat in haar eie organisasie die leiding moes neem." Sy het beklemtoon dat Afrikanervroue, gewone vroue, alreeds dekades lank in hul eie gemeenskappe "wonderlike werk" gedoen het, "elke dag, sonder ophef, met groot toewyding en opregtheid."[87]

Die Afrikanervrou was nog altyd gemaklik met welsynswerk wat sy teenoor diegene wat haar 'mindere' was, verrig het. Marijke du Toit het aangedui dat tot 1939 die Afrikanervrou redelik selektief was in die toepassing van welsyn, en dat dit hoofsaaklik vir kerk- en volksgenote was. Hierdie welsynswerk het ingeskakel by die Bybelse opdrag van goed doen teenoor jou naaste. Netsoos die Afrikanerkerke kon die Afrikanervrou nog altyd haar Christelike gewete van haar politieke gewete skei. Sy het dus opgetree soos van haar verwag word, polities en kerklik.

---

[85] Dioné Prinsloo, e-pos, 11 Desember 2002.

[86] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[87] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

Welsynswerk het nie haar private en politieke gemaksone aangetas nie – dit het nie haar ruimte binnegedring nie.

Loïs Geldenhuys was van mening dat as dit nie vir hierdie opheffings- en welsynswerk was nie, sou daar nie, ten spyte van al die verskille, nie soveel harmonie onder vroue gewees het nie.[88] Wat Geldenhuys egter nagelaat het om te sê is dat welsynswerk nie welwillendheid by alle swartes gekoop het nie. Baie het op politieke mag aangedring waarmee hulle self verder sou beding. Die *WNC* was nie maar net nog ‘n welsynsorganisasie nie en Afrikanervroue moes met ‘n nuwe visie en missie na vore gekom het. Dene Smuts erken ook die “krag” van vroue wat rassegrense kan oorbrug,[89] maar sonder opheffing- en welsynswerk as die versuikerde pil.

‘n Ander faktor wat ook in die vorige hoofstuk bespreek is, was die feit dat meeste Afrikanervroueorganisasies by een of meer netwerkorganisasies geaffilieerd was, soos byvoorbeeld *Vroue vir Suid-Afrika* en die *Vroueburo*. Soos voorheen verduidelik, het daar definitief misverstande by vroueleiers oor verteenwoordiging by die *WNC* bestaan. Organisasies het gedink dat die netwerk hulle as groep verteenwoordig en het nooit die belangrikheid van afsonderlike organisasie-verteenwoordiging besef nie.

4.5.3 Beperkte visie en organisatoriese problematiek

Min Afrikanervroue is bereik omdat organisasies in die meeste gevalle slegs op hoofbestuursvlak betrokke geraak het en die gewone lede op grondvlak is nooit oor die *WNC* ingelig nie. Estelle Jordaan het erken, en haarself in in ‘n groot mate vir haar eie onkundigheid blameer, dat sy nie versiende genoeg was om meer moeite te doen om die proses tot op grondvlak deur te voer en te dryf en te bestuur nie. Sy het dus erken dat die gewone *ATKV-Dames*-lid weinig kennis van die

[88] Ibid.

[89] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002.

WNC gehad het. Terugskouend besef sy dat die Afrikanervroue nie die geleentheid moes laat verbyglip het om werklik ‘n impak te maak nie. Dit sou, soos Jordaan gesê het, meer moeite en tyd geverg het.[90]

Die outonomiteit van streekskoalisies en organisasies is deur die *WNC* gewaarborg. Dit was nodig in ‘n veldtog met die aard van die *WNC* wat aanvanklik gestig was met die mandaat om ‘n Vrouehandves op te stel. Dit sou ook onmoontlik gewees het om aan so ‘n diverse groep voorskriftelik te probeer wees en baie voornemende deelnemers sou afgeskrik word. Daar was dus geen kontrole oor wat verteenwoordigers met inligting gemaak het nie.[91] Wat in baie gevalle gebeur het, is dat hoofkantoor inligting oorgedra het na streekvlak en die boodskap dikwels op voorsittersvlak vasgehak het en dat dit blote kennisname geword het. Die nasionale kantoor van die *WNC* het baie min gesag gehad om te bepaal wat die streke en verskillende organisasies met die inligting doen. Hulle kon slegs aksies voorstel, maar dit nie afdwing nie.[92]

Dikwels het die leiers, wat al hierdie inligting slegs met die hoofbestuur gedeel het, dan as gevolg van reedsgenoemde redes net een of twee vergaderings bygewoon. Die gevolg is dat uiteindelik bittermin Afrikanervroue bereik is. Dit was baie opvallend dat toe daar tydens die navorsing van hierdie tesis aan gewone lede van organisasies gevra is wat hulle opinie van die *WNC* was, hulle onbewus van die bestaan daarvan was. Dit was ook die rede waarom ‘n paar vroue my ontmoedig het om notules na te spoor, aangesien notules hoofsaaklik terugrapportering sou aandui en feitlik nooit bespreking nie.[93] Dit het baie afgehang van die individu wat die organisasie verteenwoordig

---

[90] Elsje Büchner, e-pos, 19 Februarie 2003;
Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[91] Sien bespreking van grondwet, hoofstuk 3, p. 109.

[92] MCH 100 1.3: D. Budlender, Profile of the *WNC*, no date, pp. 3-4.

[93] Dioné Prinsloo, vraelys, 11 Desember 2002.

het. Indien die boodskap van die *WNC* wel oorgedra is, hoe is dit na die lede van die organisasies uitgedra. Die gevolg was dat al was organisasies op papier lid van die *WNC*, het die gewone lid dalk nooit daarvan gehoor nie, sy is nie geraadpleeg nie en het nie geweet van ‘n Vrouehandves wat opgestel word nie.

Dit is inderdaad ‘n groot leemte dat die *WNC* nie daarop aangedring het dat verteenwoordigers aan hul onderskeie oganisasies moes terugrapporteer nie. Die gebrek aan terugrapportering het die beweerde reikwydte van die *WNC* ongeldig gemaak. Die getal vroue wat die *WNC* beweer hulle verteenwoordig het, was die totale ledetal van die organisasies, maar in werklikheid is net ‘n paar op hoofbestuursvlak bereik. Wat met Afrikanervroueorganisasies gebeur het, het vermoedelik ook met baie van die ander gebeur.

4.5.4 Verskille tussen Afrikaner- en swart vroue

Volgens Marietjie Greeff kon die kultuurverskille tussen wit en swart vroue nie werklik oorbrug word nie. Swart byeenkomste is geassosieer met optogte waar daar getoi-toi is en winkelvensters gebreek is, met feitlik altyd ‘n polisie teenwoordigheid om wet en orde te bewaar. Hierdie assosiasie het Afrikanervroue bang gemaak om daarvan deel te word. In ‘n mate is hierdie gedrag in die *WNC* weerspieël in die manier waarop swart vroue in die openbaar opgetree het. Hulle was luidrugtig en opruiend en vir die beheerste Afrikanervroue vir wie dit baie belangrik was dat “jy jou moet gedra”, onaanvaarbaar. Greeff erken dat daar onder die swart vroue ‘n klein groepie was wat goed opgelei was en hulle “uiterste beste voet” voorgesit het. Hulle was die vroue wat uiteindelik die regeringsposte gekry het. Sy het die res as “baie onkundig” ervaar wat groot foute gemaak het en wat die beeld van die *WNC* baie skade berokken het.[94]

[94] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

Vir ‘n *Demokratiese Party*-lid was die *WNC* ‘n ontnugtering. Sy het ook van die uitbundigheid van die swart vroue melding gemaak en vertel dat tydens ‘n filmvertoning wat as fondsinsameling vir die *WNC* moes dien, die swart vroue hulself nie in die teater gedra het nie. Hulle raserigheid het nie net die filmvertoning in die wiele gery nie, maar ook ‘n hele aantal skenkers afgeskrik. Alhoewel dieselfde persoon met die een asem gesê het dat klere nie die man maak nie, het die swart vroue se onvanpaste kleredrag haar baie gehinder. By ‘n baie amptelike onthaal soos die inhuldiging van die nuwe burgemeester van Kaapstad, het hulle byvoorbeeld in helderpienk “Tej”[95]-hempies opgedaag. Sy het ook vertel dat swart vroue geglo dat as jy meer het as ander, moet jy dit met hulle deel. So was daar per geleentheid ‘n *WNC*-byeenkoms in Tableview, Kaapstad. Die swart vroue is per bus daar afgelaai. Na die verrigtinge het hulle van ‘n wit *Demokratiese Party*-lid wat daar naby gewoon het, verwag om die honger vroue te voed. Die uitgangsppunt was dat sy dit kon bekostig omdat sy in daardie area bly. Sy moes uiteindelik houers vol braaihoender gekoop het wat haar ‘n aardige bedrag uit die sak gejaag het.[96] Hierdie persoon, wat ‘n Afrikaanssprekende joernalis was, het gevoel dat die verskille tussen haar en die swart vroue so groot was dat sy nie met hulle wou assosieer nie en sy het uiteindelik nie weer die *WNC*- vergaderings bygewoon nie.

Hierdie belewenisse kan vertolk word as engheid aan die kant van Afrikanervroue en dat hulle moeilik vir verandering vatbaar was. Wat dalk nader aan die waarheid is, is dat dit ‘n kombinasie van faktore was wat ‘n persoon laat besluit het om nie meer met ‘n sekere groep te vereenselwig nie.

Elmarie Neilson, voorsitter van die Wes-Kaap-streekskoalisie, sê dat die swak verteenwoordiging van die Afrikanervrouens eerstens rassisme was en tweedens het baie Afrikaners nog nie ten volle

[95] Goedkoop sintetiese breidrag, met kort moue en kragies.

[96] Naam deur skrywer weerhou.

besef dat die *Nasionale Party* binnekort sy mag sou verloor nie.[97] Hierdie laaste stelling is deur ‘n hele paar mense uitgespreek – asof die Afrikanervroue nie die implikasies van die onderhandelings in Kemptonpark besef het nie.

Daar is egter ander wat nie heeltemal met daardie stelling saamgestem het nie. Elsje Büchner het gemeen dat Afrikanervroue oor die algemeen polities apaties, swakker ingelig en heeltmal onkundig was oor wat in die swart woonbuurte aangegaan het. Maar sy het ook gesien dat as die eerste “versperring” eers oorbrug is, was die ys gebreek en het die vroue besef dat hul bekommernisse en ervarings dikwels eenders was. Büchner het eers na 1994 as presidente van *Jong Dames Dinamiek* persoonlik by die *WNC* betrokke geraak. Dit kan wees dat in daardie stadium wit en swart interaksie al meer gemaklik was.[98]

Om die eerste eerste versperring oor te steek, moes die Afrikanervroue ‘n emosionele sprong gemaak het. Hulle moes ‘n daadwerklike besluit neem om met swart vroue saam te werk. Dit was vir sommige baie moeilik en was dit nooit gemaklik vir hulle om met swart vroue om dieselfde tafel te sit nie. Soos aangedui is, is hul vooropgesette idees dikwels versterk deur die gedrag van die swart vroue wat vir hulle vreemd en meestal onaanvaarbaar gebly het. Baie het ten spyte van ‘n poging tot samewerking, die *WNC* verlaat. Die “verligte vrou” het gebly.[99]

Amanda Botha se verklaring vir die onbetrokkenheid van die Afrikanervrou is dat die stap na ‘n demokrasie polities , maar nog nie in die hart van die mense gemaak is nie. Die tyd was daar vir ‘n verandering na demokrasie, maar die mense was nie reg nie, daar was vreeslik baie wantroue.

---

[97] Elmarie Neilson, vraelys, ongedateerd.

[98] Elsje Büchner, e-pos, 19 Februarie 2003.

[99] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

Sy self het dit ervaar dat mense vir haar gevra het of sy deur die *ANC* betaal word omdat sy by die *WNC* betrokke was.[100]

'n Feit wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat persoonlikheid ook 'n baie belangrike rol gespeel het. Soos Truida Prekel dit gestel het: "Dit is 'n kwessie van mens se styl; óf jy laat jou irriteer óf jy soek daardie eienskappe waarmee jy kan saamwerk." Sy het ook beklemtoon dat 'n "oop gemoed" nodig was om vooropgestelde persepsies af te breek.[101]

4.6 Die *WNC* as positiewe ervaring

Loïs Geldenhuys het die *WNC* net as positief ervaar en noem dit een van die hoogtepunte van haar lewe. Dit was " 'n ongelooflike leerervaring en 'n tyd van innerlike verryking … Dit was 'n baie groot voorreg om hoegenaamd toegelaat te word om te kon deelneem. Ek is te alle tye met ope arms ontvang en kon hartlik saamwerk met vroue van die *WNC* en ander organisasies."[102] Al die Afrikanervroue was nie so oorweldigend positief soos Loïs Geldenhuys nie, maar meeste kon egter positiewe elemente uitlig. Vir baie vroue was die tydperk wat hulle by die *WNC* betrokke was, 'n uitsonderlike tyd in hul lewens. Dit was egter nie almal wat gedink het dat die koalisie soveel waarde gehad het nie. 'n Voorbeeld is Jenny Malan wat dit hoofsaaklik as 'n politieke set gesien het.

In hierdie gedeelte gaan daar onderskei word tussen die waarde van die *WNC*-ervaring vir die Afrikanervrou as individu en haar organisasie en die waarde van die *WNC* as organisasie soos gesien deur die Afrikanervrou. Dit is opvallend dat party vroue net die persoonlike waarde van die *WNC* genoem het terwyl andere dit in 'n breër verband geplaas het. Amanda Botha het

[100] Amanda Botha, onderhoude, November 1996 en 15 Augustus 2001.

[101] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[102] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

byvoorbeeld na vier onderhoude nooit slegs na die Afrikanervrou se belewenis verwys nie, maar het die groter prentjie gesien. Ook Truida Prekel het nooit melding gemaak oor wat die *Vroueburo* daar uit gekry het nie. Hierdie vroue se belewenis van die *WNC* was by uitstek positief. Die vroue wat meer gesukkel het om aan te pas en omdat dit vir hulle as persone aanvanklik of die hele tyd ‘n probleem was om betrokke te bly, het meer gefokus op die waarde van die *WNC* vir haar, haar organisasie en die Afrikanervroue - hulle het nie na die groter prentjie gekyk nie. Daar is natuurlik ook vroue wat albei aspekte ontleed het.

4.6.1 Die waarde van die *WNC*-ervaring vir die Afrikanervrou en haar organisasie

4.6.1.1 Afrikanervroue se visie is verbreed

Volgens Marietjie Greeff “Sou ons nie so betrokke geraak het by veranderings as dit nie vir die *WNC* was nie. Ons het soort van in ons eie wêreld bly voortbeweeg.” Afrikanervroue is uit die bekende milieu na ‘n ander wêreld getransporteer waar hulle aan ‘n hele aantal nuwe ondervindinge blootgestel is.[103]

Estelle Jordaan het die volgende stelling gemaak: “Ons het in ‘n waan gelewe dat ons eintlik ‘closet’ feministe is, maar eintlik was ons maar doodeenvoudig ‘stupid’. ”[104] Vir ‘n Afrikanervrou om tot hierdie insigte te kom en dit as ‘n positiewe uitkoms van haar betrokkenheid by die *WNC* te sien, is insiggewend. Baie Afrikanervroue het hulself as liberaal beskou as hulle hoegenaamd net geluide oor vroueregte gemaak het. As hierdie menings in die openbaar gemaak was, was hulle aan kritiek blootgestel en sou as feminis of vroueliberalis etiketeer word. In die tradisionele Afrikanergemeenskap was dit skelname. Vroueregte was soort van ‘n taboe.

[103] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[104] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

Alle Afrikanervroue was nie bereid om te erken dat die klein wêreldjie waarin hulle geleef het, hul lewensuitkyk vereng het nie. In dieselfde wêreld was die mans die besluitnemers en het hulle byvoorbeeld die politiek bedryf, die inligting gekeur en besluit dat ‘n vroueliberalis onaanvaarbaar was. Die Afrikanervrou is grootliks onbemagtig. Soos in die eerste hoofstuk aangedui is, het Afrikanervroue se politieke “opvoeding” ook op so ‘n wyse geskied dat dit hulle grootliks onkundig omtrent politieke sake gelaat het.

Afrikanervroue was verstom oor die inherente krag van die swart vrou. By die *WNC* het hulle met sommige hoë profiel swart vroue kennis gemaak. Vir baie Afrikanervroue was hul enigste kontak met swart vroue as huiswerkers wat min of geen skoolopvoeding gehad het nie. Een respondent wat in die Vrystaat grootgeword het, het erken dat sy by die *WNC* vir die eerste keer sterk, intelligente vroue van ander kleurgroepe leer ken het. Afrikanervroue moes kennis neem dat swart vroue ook slim en geleerd is en dikwels meer geleerd as hulle was. Afrikanervroue het in die vergaderings van die *WNC* die kans gekry om met swart vroue opinies te wissel oor hoe die toekomstige grondwet wat vroueregte sou verskans, moes lyk. Daar is vir die eerste keer saam met swart vroue op komitees gedien en saamgewerk.[105]

Dione Prinsloo was “nooit ‘n voorstander van geforseerde onnatuurlike byeenbring van mense bloot omdat hulle uit verskillende kulture kom nie en was nie gemaklik met verenigings, soos KONTAK, wat spesiaal ontstaan het om vroue bymekaar te kry bloot omdat hulle wit/swart is nie.” In die *WNC* was sy deel van ‘n gemeenskaplike proses en was dit vir haar sinvol en stimulerend.[106]

---

[105] Marie Herholdt, vraelys, ongedateerd;
Dioné Prinsloo, onderhoud, 6 Maart 1999.

[106] Dioné Prinsloo, e-pos, 11 Desember 2002.

Estelle Jordaan praat van ‘n leertydperk waardeur Afrikanervroue gegaan het. Die Afrikanervrou was vir Loïs Geldenhuys so ver agter met werklike vroue “issues” – dat hulle baie geleer het by die vroue van die voormalige bevrydingsbewegings. Die *ATKV-Dames* sou nie by politieke veranderings betrokke geraak het as dit nie vir die *WNC* was nie. Dit het Afrikanervroue oor die algemeen gouer polities bewus gemaak, anders sou hulle in hulle eie wêreld bly voortbeweeg het. Sy het bely dat die Afrikanervroue geïsoleerd geleef het, in so ‘n mate dat sy nie die probleme van mede-landgenote besef het nie. Hulle het nooit vir belangrike sake soos vroueregte, “baklei” nie en het nie besef dat dit vir ander vroue noodsaaklike was nie. Die *WNC* het van die Afrikanervroue laat besef dat vroueregte tot almal se voordeel sou wees en almal se moontlikhede verbeter. Hulle het al hoe meer empatie en begrip begin kry vir die posisie van veral landelike swart vroue. Sy glo dat swart vroue begin aanvaar het dat Afrikanervroue wel bereid is om te luister en ook saam met hulle te staan om die verskillende statutêre liggame te oortuig om doelmatig die posisie en regte van vroue regoor die land aan te spreek.[107]

Op ‘n persoonlike vlak is horisonne verbreed. Dioné Prinsloo het as fokusgroep-leier onderhoude gehad met wit Afrikaanse prostitute en werkloses en het tot die besef gekom van haar onkunde oor die geestesarmoede van hierdie vroue wat oor kleurgrense heen gesny het.[108]

Op ‘n praktiese vlak kon die organisasies hul takke inlig oor nuwe politieke verwikkelinge en ook die “vreemde” vergaderingprosedures. Takke het op plaaslike vlak betrokke geraak by soortgelyke aksies as wat die *WNC* inisieer het. Soos reeds aangedui was deurgee van inligting na takke nie baie suksesvol nie.

---

[107] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001;
Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001

[108] Dioné Prinsloo, e-pos, 11 Desember 2002.

Afrikanervroue kon swart vroue in kennis stel van hul sienswyse oor veral landsake en ook van die werksaamhede van hul organisasies. Hulle het probeer dat swart vroue hulle beter verstaan. Estelle Jordaan het die voorbeeld van die "ou" Suid-Afrikaanse vlag gegee. Die Gauteng-streek se vroue het in die *ATKV* se raadsaal vergader waar die "ou" landsvlag gehang het. Die swartvroue het tydens en na afloop van die vergadering genoem dat hulle nie van die teenwoordigheid van die vlag gehou het nie, waarop sy verduidelik het dat dit volgens hulle (die *ATKV*) op daardie stadium nog steeds die landsvlag was. Hulle respekteer die vlag en totdat daar 'n nuwe vlag kom, sou hulle die ou landsvlag met die nodige respek gebruik. Die antwoord was vir die vroue aanvaarbaar en met die daaropvolgende vergaderings in dieselfde lokaal was daar nooit weer verwys na die teenwoordigheid van die ou landsvlag nie. Sy voel dat sy vir hulle 'n ander perspektief kon gee.[109]

Persoonlike gesprekke word deur heelparty vroue as die hoogtepunt van hul eie betrokkenheid gesien. Jordaan sê sy kon op 'n een-tot-een vlak "bely" en so 'n bietjie van die psige van die Afrikanervrou met hulle deel. Soos reeds aangedui is, was daar talle verwysings na die "apartheid regime." Sy het by herhaling in persoonlike gesprekke dit onder die swart vroue se aandag gebring dat al was sy deel van die "apartheid regime" daar by haar en baie ander politieke onkundigheid was. Haar eie "onnoselheid ten opsigte van die politieke stelsel" het sy verduidelik met die voorbeeld dat selfs as 'n student tydens die Soweto-onluste van 1976 het sy nie geweet waarom boeke verbrand is nie. Die koerante wat sy gelees het, het nie die lesers oor die werklike redes vir die onluste ingelig nie.[110] Jordaan is 'n goeie voorbeeld van die oningeligte Afrikaners van die tyd.

---

[109] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001;
Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

[110] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

Hierby sluit aan die stelling wat deur baie vroue gedurende post-apartheid gemaak is: “Ons het nie geweet nie.” Dit is ‘n paar woorde wat maklike geuiter kan word, maar vir baie vroue in die *WNC* was die besef van veral die swart vrou se drieledige onderdruking, deur mans, as ras en deur kapitalisme, ‘n groot skok. Van die anderkant het Afrikanervroue ook van eerstehandse ervarings van die *Nasionale Party*-“brutaliteit” gehoor. Die feit dat hulle nou gehoor het van swartvroue se swaarkry was vir sommige vroue, ten spyte van hul diverse agtergronde, ‘n samebindende faktor, ‘n empatie wat ontstaan het omdat hulle vroue was. Amy Biehl se dood was veral vir die vroue van die Wes-Kaap-streekskoalisie ‘n samebindende faktor.[111]

Alle kontak was natuurlik nie positief nie. Marietjie Greef het ervaar dat alhoewel die swart vrou haarself gereedgemaak het om op alle vlakke van die samelewing as leiers op te tree, hulle nie gehuiwer het om te sê dat die wit vroue nie daar welkom is nie. Sy sê dat die besef was eers vir die wit vroue ‘n skok en daarna is dit met gelatenheid aanvaar. Selfs dit was vir haar ‘n leerervaring en het haar laat besef dat sy tog ‘n rol gehad het om te speel in die sukses van ‘n toekomstige demokratiese bestel, alhoewel dit ‘n minder leidende rol sou wees.[112] Hierdie is ‘n belangrike paradigmaskuif (een van baie) wat sommige vroue gemaak het. Dit is egter opvallend dat geen Afrikanervrou die swart vroue uitgedaag het en met onvriendelikheid gekonfronteer het nie. Die keuse was skynbaar net om die situasie te aanvaar en te bly, of dit nie te aanvaar nie en weg te bly, nooit om dit op eie terme te aanvaar nie. Die verklaring kan wees dat die skuld van die verlede die Afrikanervrou dalk polities immobiel gelaat het.

Baie Afrikaners was nooit werklik met swart mense in kontak gebring nie en kon dus nie gesprekke met hulle voer nie en was derhalwe onkundig. Hierdie onkunde was nie net oor hul kultuur nie, maar veral ook oor hul strewes en behoeftes. Die *WNC* het die geleentheid gegee dat

[111] Elmarie Neilson, vraelys, ongedateerd.

[112] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

vroue oor die rassespektrum heen met mekaar in gesprek kon tree en op ‘n persoonlike vlak hul ervarings en sienswyses kan deel. Vroue het mekaar beter leer ken en uiteindelik is daar ook goeie vriendskappe gesluit. Elsje Büchner se mening is dat die Afrikanervroue meer geleer het, as wat sy werklik ‘n bydrae gemaak het.[113]

4.6.1.2 Politieke bewusmaking van die Afrikanervrou

Jenny Malan het die volgende stelling gemaak: “Die *WNC* het nie adresse verander nie, maar het vroue bewus gemaak dat hulle nie negeer moet word nie.” Wat sy met hierdie stelling bedoel het, is dat daar nie noodwendig meer Afrikanervroue die politiek betree het nie, maar dat daar ‘n politieke bewusmaking ingetree het. Vroue het besef dat hulle nie meer op ‘n syspoor gesit moet word en agtergelaat word nie, en dat hulle insette nie meer negeer mag word nie.

Sy is egter van mening dat dit ‘n wêreldwye tendens was dat vroue se posisies in hersiening geneem is en dat die waarde van die *WNC* nie oorbeklemtoon moet word nie. Volgens haar het veranderinge in die vroue se posisie alreeds in die *Nasionale Party*- tyd begin toe minister Kobie Coetsee internasionale konvensies, byvoorbeeld *CEDAW,* onderteken het.[114] Sy beklemtoon ook dat *Vroue vir Suid-Afrika* ook aan vroue gesê het dat hulle moet sorg dat hulle nie geïgnoreer word nie. Sy gee egter geredelik toe dat die *WNC* dalk “meer” bewusmaking laat plaasvind het, want nou het die Afrikanervroue besef dat dieselfde deur die “magtige swart groepering” gesê word. Sy glo ook dat die *WNC* ‘n opdrag van die *ANC* was wat aan alle groeperinge gesê het: “Julle vervul hierdie rol (die politieke bewusmaking van vroue) vir ons.” Dit is “wat jy behoort te doen.” Die *WNC* het nie die *ANC* probeer beïnvloed nie, dit was andersom.

---

[113] Elsje Büchner, e-pos, 19 Februarie 2003.

[114] Sien hoofstuk 5, p. 241.

Malan sê dat baie min Afrikanervroue kans sien vir "die openbare verguising wat jy moet verduur as jy deel van die minderheid" is. Jenny Malan praat natuurlik uit ondervinding, want sy is self ná 1994 as verteenwoordiger van die die *Nasionale Party* na die Parlement. Alhoewel aanpassings op die politieke terrein na 1994 sekerlik vir alle partye, behalwe die *ANC*, moeilik was, het die *Nasionale Party* dit vermoedelik besonder moeilik gehad.

Afrikanervroue is volgens Jenny Malan aangespoor deur leiers soos Estelle Jordaan om by die nuwe politieke bedeling betrokke te raak en nie meer in die ou bedeling van verkramp en verlig vasgevang te bly nie. Dit het egter net gebeur as die leiers van die Afrikanervroueorganisasies ook dieselfde menings gehuldig het. Die probleem was dat baie van die leiers vernuwende politieke denke geveto het. [115]

Daar was egter 'n hele paar Afrikanervroue wie se politieke beeld deur die *WNC* bevorder is. Elmarie Neilson het bevestig dat dit indirek haar posisie in die *Demokratiese Party* bevorder het. As "vreemdeling" in die Kaap het haar betrokkenheid by die *WNC* haar aan baie mense bekendgestel en kon hulle sien waartoe sy in staat was.[116] Ook Jenny Malan, Sandra Botha, Joan Hunter, Loïs Geldenhuys en Dene Smuts is vroue wat in die *WNC* en die politiek aktief was. Daar is waarskynlik 'n hele paar Afrikanervroue wat moontlik politieke aspirasies gehad het wat nie manifesteer het nie. Dioné Prinsloo sê, sonder om name te noem, dat sy "verstom" was oor die aantal swart en wit vroue wat die *WNC* vir politieke loopbaanbou gebruik het, maar sê terselfdertyd dat vir haar ook baie deure oopgemaak is. Sy het in 1994 lid geword van die Onafhanklike Media Kommissie, en was op die kortlys vir beide die Waarheids- en Versoeningskommissie en die Kommissie vir Geslagsgelykheid.[117]

---

[115] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[116] Elmarie Neilson, vraelys, ongedateerd.

[117] Dioné Prinsloo, e-pos, 11 Desember 2002.

Politieke bewuswording het ook onafhanklike denke inspireer. Afrikanervroue het besef dat om te verskil en buite die hoofstroom te dink, aanvaarbaar was. “Die Afrikanervrou moes introspeksie hou en haar eie waardestelsel bevraagteken” – hierdie stelling is deur Estelle Jordaan gemaak na aanleiding van die debat oor die wettiging van aborsie. Alhoewel dit vir die *ATKV* onaanvaarbaar was, was daar onder eie geledere verskillende sienswyses en dat daar selfs Afrikanervroue was wat wel aborsies gewettig wou sien.[118] Die Vrouehandves het dit so verwoord dat dit vir alle groepe aanvaarbaar was: “Vroue het die reg om beheer oor hul liggame uit te oefen, wat die reg tot besluite oor voortplanting insluit.”[119]

Ook Marietjie Greeff het opgemerk dat al die lidorganisasies aan die begin probeer het om uit een mond te praat, maar dat hulle later onafhanklik hul menings geopper het.[120] Ook Loïs Geldenhuys het genoem dat daar binne Afrikanergeledere groepvorming plaasgevind het.[121] Dit was een van die positiewe gevolge van die *WNC* dat hulle nie net met die diversiteit van die vroue in Suid-Afrika kontak gemaak het nie, maar dat daar selfs in eie geledere vroue was wat nou bereid was om te verskil van die hoofstroom Afrikanerdenke.

4.6.1.3 Afrikanerorganisasies se betrokkenheid by projekte van die *WNC*

Naas die daarstel van ‘n Vrouehandves was die ander doelwit van die *WNC* die ontwikkeling en opvoeding van alle vroue. Die projekte van die *WNC* was dus hoofsaaklik gemik om dié doelwit, wat sterk op swart vroue gefokus het en sosio-ekonomies van aard was, te bereik.

---

[118] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[119] *Vrouehandves vir effektiewe gelykheid*, artikel 11, gesondheid. Volledige Vrouehandves in addendum D.

[120] Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[121] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

Afrikanervroue was nog altyd van nature goeie organiseerders en administrateurs en het ‘n kosbare nalatenskap wat betref die opheffing van hul eie gemeenskappe deur welsynsorganisasies en in kerkverband. Wat werklik vrouebemagtiging en -bevryding betref, was hulle ver agter en kon hul baie by die *WNC* leer. Sake rondom die projekte van die *WNC* het gou die organisasies se sakelyste oorheers. Om verwarring te voorkom is dit nodig om te verduidelik dat die stelling wat in ‘n vorige afdeling gemaak is dat talle organisasies nie hul lede op grondvlak oor die werksaamhede van die *WNC* ingelig het nie, nog steeds geldig is.[122] Alhoewel die *WNC* projekte voorgestel het is dit uit eie keuse deur organisasies deurgevoer en gewoonlik onder die vaandel van die betrokke organisasie.

Vroue vir Suid-Afrika het ‘n belangrike bydrae gemaak. Hulle het nie net praktiese opleiding aangebied nie, maar het in die proses ook probeer om verhoudings te verbeter. Hulle het oor die hele Suid-Afrika, in plekke soos Rustenburg, Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein, Stellenbosch en Durban gereeld byeenkomste, opleidingwerkswinkels en gespreksgroepe gehou. Hulle het onder andere praktiese opleiding verskaf aan hotelhulpe, wasserykursusse en opleiding vir dagmoeders aangebied.[123]

Die *ATKV-Dames* het met geletterdheidsklasse begin, plaasskole gestig, biblioteke op afgeleë plekke gevestig, voedingskemas op die been gebring en ook by watervoorsiening betrokke geraak. By sommige lede het hierdie projekte ‘n antipatie veroorsaak, want dit was nie tradisionele *ATKV-Dames* projekte nie en het heelwat lede negatief teenoor die *WNC* gestem. *ATKV-Dames* het ook as gevolg van die *WNC* betrokke geraak by die Wet op Huiswerkers. Hul lede het daarvan kennis geneem en dit weer aan ander oorgedra. Vir baie van die vroue was die

[122] Sien p. 194.

[123] Marié Herholdt, vraelys, ongedateerd;
Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

regsaspekte wat betrokke was, heeltemal vreemd, want dit is iets wat die mans altyd hanteer het. Dit was egter ‘n goeie leerskool.

Afrikanervroue moes op baie van die projekte met die opgeleide “politieke aktiviste” saamwerk wat ‘n groot aanpassing was. Gewoond aan die huiswerkersklas, het hierdie swart vroue hulle maklik geïntimideer. Die Afrikanervrou se verantwoordelikheidsin het haar egter beweeg om baie meer te doen en te gee en ook toe te gee as wat normaalweg van haar gevra sou word. Al was die projekte en omstandighede nie altyd wat hulle sou verkies het nie, is dit tog met tipiese stoïsisme afgehandel en geweldig baie mensekennis is in die proses opgedoen.[124]

4.6.2 **Die waarde van die *WNC* as organisasie soos gesien deur die Afrikanervrou**

Wat opvallend is, is dat toe die eerste onderhoude vir hierdie navorsing reeds in 1997 gevoer is, sommige vroue se houding oor die waarde van die *WNC* baie meer positief was as sewe jaar later, in 2004. “Houding” word beklemtoon, want dit is nooit in soveel woorde uitgespel nie. Aanvanklik was daar nog heelwat euforie en verwagtings, maar met die onttrekking van die Nasionale Party uit die Regering van Nasionale Eenheid, die feit dat die Vrouehandves nooit by die nuwe grondwet ingesluit is nie en mislukte politieke drome, is ‘n paar van die talle redes wat hierdie die vroue meer sinies gelaat het en moes daar soms hard gekonsentreer word om objektief na die *WNC*-periode te kyk.

Die *WNC*, en spesifiek die Vrouehandves, het internasionaal erkenning gekry. In 1995 met die 50 ste bestaansjaarviering van die *Verenigde Nasies (VN)* is die Vrouehandves by name uitgesonder as een van die 50 belangrikste dokumente oor menseregte wat in die 50 jaar van die bestaan van die *VN* verskyn het. Alhoewel die aanvanklike doel van die Vrouehandves was om in die

[124] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

grondwet ingeskryf te word, nie geslaag het nie, het die dokument baie politieke invloed gehad. Die regering het ‘n werkgroep aangestel om aspekte wat deur die Vrouehandves aangeraak is te ondersoek, soos byvoorbeeld “Women in Housing, Women in Media, Women in Health.” Die gevolg is dat, volgens Marietjie Greeff, die posisie van vroue verbeter het en het veral die haglike posisie van plattelandse swart vroue wat aandag gekry. Ook is daar na die stem van die gestremde vroue geluister.

Die *WNC* het gedien as konsultasieforum vir vroue om vir hul demokratiese regte te beding. Op sy beurt het die *WNC* weer die Vrouekoukus van die Parlement, ‘n nie-partygebonde liggaam, onder Frene Ginwala, as konsultasieproses gebruik om namens sy nasionale organisasies voorstelle na die Parlement deur te gee.[125]

Die *WNC* het politici beïnvloed. Cyril Ramaphosa, oud-presidente Nelson Mandela en F.W. de Klerk het in die openbaar getuig dat die *WNC* hul siening oor vroue se posisie verander het. President Mandela het na ‘n brief van die *WNC* die geslagsamestelling van sy kabinet van een na drie vroulike ministers en van een na drie vroulike adjunk-ministers verander.[126]

Vir Loïs Geldenhuys lê die waarde in die vrymaking en algemene bemagtiging van vroue in Suid-Afrika. Die *WNC* was ‘n sterk komponent in ander organisasies, staatsdepartemente en die privaatsektor wat hierdie doel nagestreef het. Die *WNC* het hom ook beywer vir onder andere, die instelling van die Kommissie van Geslagsgelykheid en was ‘n voorvegter in die stryd teen die

---

[125] Bogenoemde afkomstig van: Elmarie Neilson, vraelys, ongedateerd; Marietjie Greeff, vraelys, ongedateerd en Amanda Botha, onderhoud, 18 Maart 1996.

[126] MCH 100 3.3.3.20: National Council, correspondence, Modiegi Dlamini-Khumalo to President-Elect, 7 May 1995;
Ferrial Haffajee, *Redefining politics, South African women and democracy*, p. 17.

bekamping van geweld teen vroue. Hulle het ook post-1994 hulle beywer dat die regering die besluite wat tydens die Vierde Wêreldkongres oor Vroue in Beijing in 1995 geneem is, wat grootliks gehandel het oor die verbetering ("advancement") van die vrou se posisie, implementeer.[127]

Estelle Jordaan voel dat die *WNC* " 'n stewige inset tot nasiebou gelewer het." Vir haar was dit ie baie belangrik dat "Daar 'n nasionale veldtog gehou was om vroue se behoeftes rondom hulle regte as vroue deur 'n groot stuk navorsing te verkry. Dit het nie net kulmineer in 'n stuk papier, die Vrouehandves nie, maar vir bykans drie tot vyf jaar lank het vroue saamgesels en saam besin en saam mekaar 'n bietjie beter leer ken en ook kennis geneem van hul onderlinge raakpunte ondanks die feit dat hulle uit verskillende kultuurgroepe gekom het." Sy voel ook dat die daarstelling van die Vrouehandves en die debat en aandag wat dit gegenereer het, baie positief was.[128]

Dene Smuts sê dat die *WNC* vroueregte as "issue" in Suid-Afrika help vestig het. Dit is veral aan die sigbaarheid van die hele veldtog te danke dat Suid-Afrika een van die regerings is met die grootste vroue-verteenwoording in die parlement, op verskillende komitees, werksplekke, en so meer. Die feit dat die posisie van vroue sterk in die kollig geplaas is, het gesorg dat wetgewing dienooreenkomstig aangepas word. Dit het aan die vrou se tradisionele plek in die samelewing aandag gegee en gesorg dat daar voortdurend druk op wetgewers geplaas was om enige vorm van diskriminasie teenoor vroue aan te spreek, komitees saam te stel wat dit ondersoek en dan moontlike wetgewing voor te stel ten einde die probleem op te los. Ook Afrikanervroue pluk die vrugte van regstellende aksie-aanstellings, veral in bestuursposisies. Smuts dink dat Suid-Afrika

---

[127] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001;
Beijing, http://www.wld.org/klconclusion.html.

[128] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

statutêr baie positief vergelyk met ontwikkelde lande. Sy dink egter nie dat vroue en mans noodwendig die wetgewing korrek gebruik of aanwend nie.[129]

Truida Prekel het ‘n meer nugter siening oor die verbeterde posisie van vroue. Sy meen dat gedurende die euforiese tydperk van die vroeë-90’s vroue ‘n teikengroep was, hulle was sonder mag, maar kon stem. Alhoewel daar sekere groepe was wat in hulle belanggestel het omdat hulle vroue was, het meeste in hul stem belanggestel. Sy erken dat ná 1994 vrouens beter daaraan toe was as voorheen en dat daar meer vrouens in posisies van mag in die sakewêreld sowel as in die regering was. Tog is vroue nie so aktueel (“hot issue”) soos ras nie en is daar maatskappye wat in die laat-90’s wit vroue uit hul diensbillikheidsprogramme geskryf het. Die gevolg is dat baie wit vroue nie die posisies waarop hulle geregtig was, gekry het nie.[130]

Annemarie Nutt voel dat die opstel van die Vrouehandves, gebaseer op die ervaring van slegs Suid-Afrikaanse vroue, ‘n wonderwerk was. Daarbenewens het wit en swart vroue verenig en met groot entoesiasme saamgewerk. As gevolg van hierdie samewerking het daar uitgebreide netwerke tussen vroueorganisasies tot stand gekom.[131]

Die *ANCWL* was tevrede met die *ANC* se besluit om ‘n kwotastelsel in te stel wat bepaal het dat ten minste 30% van sy verteenwoordigers in die Nasionale Vergadering vroue moes wees. Na die 1994-verkiesing is van die 252 setels wat die ANC verwerf het, 90 setels, dus 35%, deur vroue gevul.[132] Die kwotastelsel word nie deur almal as ‘n positiewe stap gesien nie. Jenny Malan voel

---

[129] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002.

[130] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[131] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd;
Marietjie Greeff (later Zaaiman), vraelys, ongedateerd.

[132] Haffajee, *Redefining politics*, p. 16.

dit is ‘n *ANC*- besluit en nie die *WNC* se invloed nie. Sy meen dit is ‘n aantasting van ‘n vrou se waardigheid om haar in ‘n posisie in te druk wat sy nie volwaardig kan volstaan nie – dit word uiteindelik ‘n verleentheid as sy nie die werk kan doen nie. Sy sê daar is swart vroue parlementslede wat net ‘n graad 4-skoolkwalifikasie het.[133]

Dene Smuts glo dat die “krag van vroue” nie buite rekening gelaat moet word wat as afsonderlike groep oor rasse grense heen solidariteit getoon het, nie. Sy het die *WNC*-periode, tot 1994, as as ‘n “tydsgewrig” ervaar waarin alle Suid-Afrikaners dit hul erns gemaak het om na mekaar uit te reik. Sy glo dat sommige vroue met toekomsvisie nuwe verhoudinge aangegaan het en sodoende ‘n baie belangrike rol gespeel het om die swart/wit kloof te oorbrug.[134]

Die *WNC* se bydrae lê ook in die totstandkoming van Vrouedag op 9 Augustus as nasionale vakansiedag in Suid-Afrika. Die *WNC* se dokumenteversameling word ook wêreldwyd as navorsingsbron deur studente gebruik.[135]

4.7 Afrikanervroue se siening van hul eie en ander Afrikanervroue se betrokkenheid

Amanda Botha het dit onomwonde gestel dat met ‘n paar uitsonderings die Afrikanervroue nie hul kant in die *WNC* gebring nie. Sy meld dat daar voortdurend Afrikanerskeptisime was. Voorvalle soos toe Winnie Mandela die *WNC* vir die *ANCWL* wou kaap, was geleenthede wat hierdie skeptisisme van voor af aangevuur is. Hierdie skeptisisme is gebore uit ‘n bedeling waar almal wat swart was terroriste en kommuniste was en Winnie Mandela as iets boos gesien is. Sy

[133] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[134] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002. Sy meen dat die solidariteit tussen rasse tekenend van daardie tyd was, in teenstelling met die Mbeki-era waar die swart/wit kloof vergroot word en vroueregte “gedemp deurkom.”

[135] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

sê dat daar by Afrikanervroue ‘n “sterk aversie” teenoor die *ANCWL* was. Die amper fanatiese poging van Jean Ngubane om Winnie Mandela se invloed te stuit, was omdat sy besef het dat daar ‘n negatiewe houding omtrent die *ANCWL* was en dat hulle alles in hul vermoë moes doen om ‘n verteenwoordigende basis te probeer wees.[136]

Botha verklaar dat sy by die *WNC* vir die eerste keer as vrou binne ‘n intellektuele raamwerk ‘n bydrae lewer. Die swart vroue was verbaas dat daar wit Afrikanervroue kan wees wat onafhanklik kon optree en nie eers moet huis toe gaan om hul mans se goedkeuring te vra nie. Hulle het dikwels vir haar gevra “Is it because you are single?” ‘n Vrou van *Umkonto we Sizwe* (*MK*) se mening oor Afrikanervroue was soos volg: “If you want to be a real Afrikaner woman the preferred status is to be single, otherwise you must check with your hubby.” Die stereotipering van Afrikanervroue kom ooreen met die Afrikanervrou se siening van die swart vrou se rol – albei het tot ‘n mate geglo dat die ander totaal aan patriargie uitgelewer was. Daar is egter reeds aangedui dat meeste Afrikanervroue gemaklik met patriargie omgegaan het, want die stelsel het hulle steeds baie vryhede gegee, solank dit net nie die mans se beeld na buite geskaad het nie. Ook is daar aangedui dat daar sommige swart vroue was wat patriargie omseil het en dit as ‘n bemagtigingsinstrument aangewend het.

Dit was vir Botha aanvanklik moeilik om te luister na opinies wat lynreg ingedruis het teen die kondisionering waaraan sy van kindsbeen af gewoond was. Dit het vir haar ‘n baie lang tyd geneem om die mens van die opinies te skei. Sy het uit haar pad gegaan om party van die swart vroue beter te leer ken en het vriendskappe gesmee wat vandag nog bestaan. Vir haar is Frene

[136] Amanda Botha, onderhoud, 3 Maart en November 1996. Winnie Mandela se betrokkenheid by die *WNC* word in hoofstuk 5 behandel.

Ginwala ‘n besondere persoon, ‘n intellektuele reus, maar ook ‘n baie liefdevolle mens wat vir haar baie goed was.[137]

Loïs Geldenhuys het die *WNC* ervaar as “ ‘n opregte strewe om vir vroue ‘n beter toekoms te help bewerkstellig” en almal het met oorgawe saamgewerk om die ideaal te verwesenlik. Volgens haar was “Hierdie strewe die gees en wese van die *WNC*.” Sy erken tog dat daar tye was waar daar openlik met mekaar kragte gemeet is. Dit het meestal met die verkryging/verkiesing van magsposisies gepaardgegaan. Vir haar was die *WNC* ‘n wonderlike samebindende vroueorganisasie – sonder politieke oogmerke. Tog was politieke oortuigings onderliggend aanwesig – maar dit was nie noodwendig negatief nie, maar het eerder bygedra tot die momentum van die organisasie – amper ‘n soort onuitgesproke kompetisie onder mekaar. Voorvalle met sterk politieke ondertone het danksy Mohau Pheko en ander se sterk leiereienskappe, nooit in die openbaar tot uiting gekom nie.

Geldenhuys voel dat alhoewel daar Afrikanervroue was wat ‘n groot bydrae gelewer het, hulle nie spontaan deelgeneem het gedurende die tyd toe hulle ‘n gulde geleentheid gehad het om ‘n bydrae in belang van vroue te lewer nie. Sy wys ook daarop dat daar vandag nog Afrikanervroue is wat hulle van vrouebemagtiging distansieer.[138]

Estelle Jordaan het die *WNC* gesien as ‘n gulde geleentheid vir vroue van Suid-Afrika om saam te gesels oor een gemeenskaplike saak wat almal raak. Al was die Afrikanervrou vir meer as 40 jaar in ‘n “begunstigde” posisie in Suid-Afrika onder die regering van die *Nasionale Party*, was dit “angswekkend” om te sien hoe sy haarself in ‘n kokon toegewikkel het en besluit het dat haar lewe “honderd persent lekker” is en dat sy alle regte reeds geniet en tevrede met haar lewe was.

[137] Amanda Botha, onderhoud, 15 Augustus 2001.

[138] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

Sy is van mening dat daar ‘n wrede ontnugtering by sommige vroue was toe hulle agtergekom het hoe klein hulle wêreldjie eintlik was en hoe min regte hulle eintlik gehad het. Afrikanervroue was op daardie stadium bang vir wat die toekoms vir hulle ingehou het, maar vir die meeste vroue was bekommernis oor die toekoms nog steeds manswerk, nie vrouewerk nie. Die *WNC* het aan hulle gewys dat dit almal se werk is en dat daar in Suid-Afrika baie mense is wat nog deur hulle eie kultuur en tradisies onderdruk word.

Hierdie tydperk was ook ‘n belangrike leerskool vir die Afrikanervrou se leierskap – hulle was heeltemal onopgewasse vir die verandering en die nuwe wyse van doen en moes baie vinnig aanpas. Van ‘n outokratiese bestuurstyl in organisasieverband, moes hulle vinnig leer hoe om konsensus-bestuurstyl toe te pas. Jordaan is van mening dat die Afrikanervrou in baie opsigte nie die *WNC* as leerskool aangegryp het nie. Wat sy daarmee bedoel is dat die Afrikanervroue nie vinnig genoeg gesnap het hoe om binne die *WNC* op te tree nie. Hulle het onwelkom en geïgnoreerd gevoel, maar hulle het nie besef dat om impak te maak, hulle moes saamwerk nie. Sy meld onder andere die redes wat reeds voorheen bespreek is dat die Afrikanervroue nie saamgewerk het om meer stemme te verenig nie. As hulle dit gedoen het sou hulle ‘n Afrikanervroue-stempel kon afdruk en sou die breë Afrikanersamelewing baie meer daardeur gedien gewees het. Dan sou daar definitief ‘n meer positiewe boodskap na die Afrikanervrou deurgegaan het en baie meer sou betrokke geraak het. As jy onsuksesvol is, is jy dikwels negatief en dit is wat met die Afrikanervrou in die *WNC* gebeur het.

Jordaan sê ook dat teen die tyd dat Afrikanervroue aangepas het, het die vaart van die *WNC* reeds begin afneem het en was dit – helaas – tot ‘n groot mate te laat. Teen daardie tyd was die Vrouehandves reeds geskryf en het al die vroueregte aktiviste in die parlement gesit. Sy dink dat as Afrikanervroue destyds besef het dat dié persone in die *WNC* met wie hulle skouers geskuur het, in die nabye toekoms in die voorste besluitnemerstoele sou sit, sou hulle dit anders benader

het. Sy meen dat Afrikanervroue vandag nog steeds groot impak sou gehad het as hulle destyds hul kanse meer sinvol benut het.[139]

Annemarie Nutt is van mening dat die Afrikanervroue deel van die *WNC* geword het omdat daar ‘n sterk gevoel was dat, as hulle dit nie doen nie, hulle uit die proses gerangeer sou word. Sy dink egter dat slegs die Afrikanervroue wat versoening as doelwit gehad het, hier verwys sy na *KONTAK*, het dit “gemaklik” gevind om met hul landgenote aan ‘n gemeenskaplike doel te werk.[140]

Afrikanervroue het uiteenlopende ondervindings in die *WNC* gehad. Vir sommige was dit ‘n geleentheid om ten volle hul menswaardigheid te kan uitleef, vir ander die geleentheid om meer te leer van die “anderkant”, die swart vrou. Vir sommige het woorde soos “traumaties”[141] en “angswekkend” hul ondervindings opgesom. By ander het skeptisisme hulle laat wegbly of laat wegraak. Dit lyk egter asof, in die meeste gevalle, die Afrikanervrou die geleentheid onderskat het om ‘n bydrae tot die post-apartheid era te maak.

4.8 Samevatting

Bea Roberts, ‘n verteenwoordiger van *IDASA*, het aan die einde van die stigtingsnaweek, rapporteer:

> “ …who would have guessed that by the end of the weekend buoyant mamas, reticent tannies, hardline feminists and even the odd purple rinse would be awkwardly bonded, arm in arm, in song – ‘Malibongwe’, the celebration of women … Common vision and common purpose brought together a group of the most diverse people imaginable”. [142]

Bogenoemde was ‘n romantiese versugting, die werklike prentjie het egter veel anders gelyk…

---

[139] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[140] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd.

[141] Joan Hunter, vraelys, ongedateerd.

[142] Roberts, “A ‘minor’ process where people – not power – count”, pp. 9-10.

Aan die begin van hierdie hoofstuk is gevra: Waar was die Afrikanervroue? In die loop van hierdie navorsing is ongeveer 50 Afrikanervroue se name aan my gegee as vroue wat ‘n leidende rol gespeel het. Onder hulle was presidente en voorsitters van organisasies en ook verskeie akademici en selfs professionele vroue. Van hierdie groep het slegs twintig hul samewerking vir hierdie navorsing gegee.[143] Ja, die Afrikanervroue was teenwoordig by die *WNC*, maar alhoewel sommige baie positief was oor hul ervaring, was daar baie faktore wat ‘n rol gespeel het om ander ongemaklik en negatief te laat voel. Faktore so oppervlakkig soos swak kleredrag en die uitbundigheid van die swart vroue, maar ook meer dieperliggende faktore soos die vyandigheid wat hulle ervaar het. Hulle het gevoel hulle word swak behandel, hulle het ongemaklik gevoel en het vreemd gebly, want hulle is nie ingetrek nie en hulle het nooit werklik deel gevoel van die *WNC* nie. Die gevolg was dat hulle ontuis gevoel het en uiteindelik weggebly het. Dit het baie negatiewe gevoelens veroorsaak wat dan ook polities van aard was – veral partypolities gerig en meer spesifiek teenoor die *ANC*.

Aan die anderkant was baie Afrikanervroue ook nog nie gereed om saam met die swart vrou aan die gelykberegtiging van vroue te werk nie. Sommige Afrikanervroue, slegs ‘n handjievol, was wel gereed en dit was duidelik dat dit dié vroue was wat voorheen by uitreikingsaksies betrokke was. Sommige organisasies soos die *ATKV-Dames* het as gevolg van vooruitdenkende leiers tot die *WNC* toegetree en om dieselfde redes ‘n belangrike rol gespeel. Dit het dus uiteindelik van die individu afgehang in watter mate ‘n organisasie betrokke geraak het. Vroueregte was nie werklik nodig as motief nie, daar moes eerder ‘n begeerte van “ons wil deel word van die proses, ons wil nie agterbly nie”, aanwesig gewees het. Maar vir die wat kwaad of bang was vir die “nuwe” regering, was dit nie ‘n opsie om op ‘n uitnodiging van die *ANCWL* te reageer nie, veral as hulle van ander se negatiewe ervarings gehoor het.

[143] Die redes vir vroue se onwilligheid om saam te werk, word onder metodologiese probleme in die inleiding behandel.

Enersyds was die Afrikanervroue teruggetrokke en op die agtergrond en het nie die moed van hul oortuiging gehad om te sê “vir my werk dit nie”. Andersyds was een van die opvallendste kenmerke dat Afrikanervroue ‘n tipe arrogansie gehad het, dat baie min dit probeer laat werk het – as dit ons nie pas nie, gaan ons eerder. Vir Estelle Jordaan was hierdie onbetrokke houding van die Afikanervrou by die totale proses kommerwekkend. Sy sê voorts dat met die huidige beroep op Afrika Renaissance en aanspreek van rassisme, sy bevrees is dat die Afrikanervrou haar nog steeds, 10 jaar later, nie deel voel van die nuwe Suid-Afrka en alles wat gebeur het nie, omdat sy aan alle veranderinge ‘n party-politieke konnotasie wil gee. Hierdie negatiwiteit strek vir haar verder as net die *WNC* se werksaamhede – dit is ‘n totale ingesteldheid wat nog nie tot op grondvlak by Afrikanervroue deurgewerk het nie.[144]

Daar is ook die mening dat verskeie Afrikanervroueorganisasies begin sukkel het en ook ophou bestaan het, want hulle het nie tred gehou met die nuwe manier van besluitneming nie. Besluite word toenemend deur lede van grondvlak af bevraagteken en daar word aangedring op totale deursigtigheid. Organisasies wat nie aangepas het nie, wat nie ‘n paradigmaskuif gemaak het en hul visie verbreed het nie, het in die stof gebyt.[145] Dit sal interessant wees of dit dalk as gevolg van die invloede van die *WNC* was, of omdat die *ANC* -regering ook op die beginsel van konsensus werk. President de Klerk het reeds in die vroeë-90’s tydens die onderhandelingsproses gemeld dat dit vir hulle moeilik was om aan die nuwe werkwyse gewoond te raak.[146]

By die *WNC* het geslag het ‘n verenigende rol gespeel. Dit het nie saak gemaak waar vroue vandaan gekom het nie, almal het ‘n gemeenskaplike gevoel van frustrasie ondervind, hetsy op ‘n persoonlike, maatskaplike of op strukturele vlak. Vir ander was die gees waarin alles plaasgevind

[144] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[145] Amanda Botha, onderhoud, 18 Maart 1996.

[146] F. W. de Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, p. 309.

het, opvallend. Daar was bittere argumente, aggressiewe besprekings, oomblikke van intense moedeloosheid, maar aan die einde was daar ander kwalitieite wat oorwin het, naamlik kompromie, verdraagsaamheid en veral grootmoedigheid. Volgens Roberts was die soeke nie na mag nie, maar na ‘n gedeelde visie en konsensus.[147]

Die *WNC* was vir Afrikanervroue die eerste bewusmaking van hoe ‘n demokratiese bestel in Suid-Afrika sou lyk, vir sommige het dit tot positiewe samewerking opgeroep en vir ander tot negatiewe terugtrekking. Dit is veral eersgenoemde groep, wat namate tyd afstand tussen die hede en 1991 skep, die *WNC*-periode as ‘n goue tyd in hul lewens bestempel.

[147] Roberts, “A ‘minor’ process where people – not power – count”, pp. 9-10.

Hoofstuk 5 Die politieke gebeure vanaf 1990 tot 1994 en die invloed daarvan op die Afrikanervrou en die *WNC*

Die periode vanaf 1991 tot 1994, vanaf die eerste vergaderings van die *Women's National Coalition (WNC)* tot met die oorhandiging van die Vrouehandves, was ook die tydperk waartydens die eerste onderhandeling vir 'n nuwe bestel in Suid-Afrika begin het, tot met die eerste demokratiese verkiesing in 1994. Dit was 'n uiters kritieke tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika, want as die onderhandelinge skeefgeloop het, sou die kanse vir 'n vreedsame magsoorname skraal wees. Dit was dus onvermydelik dat die spanningsvolle gebeure tydens die onderhandelinge na die *WNC* sou oorspoel. Omdat daar soveel aanklagte van die kant van die Afrikanervroue was oor die rol wat politiek in die *WNC* gespeel het, is dit noodsaaklik om die politieke invloede in perspektief te stel.

Hierdie hoofstuk gaan nie 'n volledig verslag van die politieke gebeure van die tydperk 1991 tot 1994 weergee nie, maar slegs die belangrikste momente tydens die onderhandelingsperiode aantoon en hoe dit die *WNC* beïnvloed het. Daar gaan gekyk word na die uitwerking van partypolitieke invloede in die *WNC* en hoe dit die doelwitte van die organisasie beïnvloed het.

Alhoewel die *WNC* veronderstel was om nie party-polities te wees nie, het die feit dat hulle vir vroueregte geveg het, dit 'n politieke organisasie gemaak. Dit was dan juis die politieke aard van die *WNC* wat baie Afrikanervroue weggehou het. Vir die Afrikanervroue wat wel betrokke was, het hul gebrek aan politieke bewustheid 'n groot probleem geskep, want in teenstelling met die politieke bewustheid van die swart vroue, wat in die meerderheid was, was die Afrikanervrou onseker en ongemaklik in die politieke arena.

Afrikanervroue was swak voorberei op die politieke aard van die *WNC*. Hul gebrek aan politieke vernuf het hulle onseker gelaat en die swart vroue se negatiewe houding het hulle ontuis laat voel. Die Nasionale Party het nie genoegsame ondersteuning gegee nie, want hul eie betrokkenheid was tentatief. Op hierdie uiters onbenydenswaardige situasie het verskeie politieke gebeure 'n invloed gehad.

5.1 Die *WNC* as 'n politieke "rookskerm"?

Saam met die politieke ongemaklikheid van die Afrikanervroue, het die gevoel geheers dat die *WNC* 'n politieke "foefie" was. Die bedoeling met hierdie opmerking was om aan te dui dat die *WNC* 'n frontbeweging vir die *ANC* was om die vrouestem te kry. Feitlik al die respondente het hierdie opmerking op een of ander wyse verwoord. Sommige het selfs gedink dat die *ANCWL* geen mag gehad het nie, wat illustreer is deur hulle mislukte kwota-eis en die feit dat alle inisiatiewe van die *ANC* se Nasionale Uitvoerende Raad gekom het.[1]

Daar is egter gehoop dat politieke groeperinge nie die *WNC* sou laat struikel nie en dat 'n verenigde vrouefront sou ontstaan wat sou saamveg om gemeenskaplike doelwitte te verwesenlik. 'n Voorbeeld van hierdie idealistiese versugting is 'n sinnetjie wat Frene Ginwala met die hand onderaan 'n afskrif van die toespraak, wat sy tydens die stigting van die *WNC* gelewer het, geskryf het en wat aan Anne Routier van die *Nasionale Party* gestuur is: "To Ann. A chasm is bridged the easier if hands reach out from both sides to come together. Frene Ginwala."[2]

Truida Prekel het ook gevoel dat die swart vroue 'n verskuilde agenda gehad het. Sy het toevallig gehoor dat 'n swart vrou gesê het dat "Sy vir Cyril (Ramaphosa) sal wys dat sy 7 000 stemme sal

[1] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[2] Speech by Frene Ginwala, April 1992, aan Anne Routier. Sien addendum G.

kry!"[3] Ook Dene Smuts het die *WNC* as vrouemobilisasie van die *ANC* gesien en Frene Ginwala se aanstelling as Speaker van die Parlement was die mees konkrete resultaat daarvan.[4] Jenny Malan het gevoel dat die *ANC* 'n fynbeplande strategie met die *WNC* gehad het en dat Frene Ginwala, as strategiese denker, dit implementeer het. Hierdie mening is volgens haar ook deur Margaret Lessing en Francis Bosman gehuldig.[5]

Amanda Botha ontken dié aantygings heftig. Volgens haar het sy vir drie jaar naby aan die vuur van die *WNC* beweeg en sy was deel van die hoofstroom, dus sou sy daarvan geweet het. Sy erken dat daar politieke invloed was, en dat sommige partye dit van tyd tot tyd wou kaap, maar dat dit in toom gehou is. Sy beweer dat die poging tot kaping deur die *ANCWL* deur middel van Frene Ginwala gestuit is en dat hul toegang tot die *WNC* uiteindelik net soos die van enige ander organisasie was. Volgens haar het die *Nasionale Party* en die Afrikaanse pers die *WNC* as 'n *ANC* -rookskerm verdag gemaak het. Sy meld dat gedurende die laaste jaar voor die Vrouehandves voltooi is, al die eise wat Winnie Mandela deurgestuur het, opgeskort is. Dit was nadat Dene Smuts 'n ooreenkoms met Frene Ginwala gemaak het dat sy die *ANCWL* en Winnie Mandela se eise van die tafel moes vee. Op 'n stadium is die *ANCWL* se betrokkenheid ook tydelik opgehef.[6]

In Augustus 1994 het Jean Ngubane, sameroeper van die *WNC*, 'n lang brief aan Cyril Ramaphosa gerig waarin sy haar kommer uitgespreek het oor sekere vroue van die *ANCWL* wat vergaderings van die *WNC* ontwrig het en beweer het dat die voortbestaan van die *WNC* onnodig

[3] Truida Prekel, onderhoud, 28 Augustus 2001.

[4] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002.

[5] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

[6] Amanda Botha, onderhoud, November 1996 en 15 Augustus 2001. Botha beweer dat hierdie insidente genotuleer is, maar daar is geen dokumentasie gevind om dit te staaf nie. Sien ook p. 266.

was.[7] ‘n Faksboodskap is aan die *ANCWL* gestuur om die verhouding tussen die *ANCWL* en die *WNC* op te klaar. Winnie Mandela, president van die *ANCWL*, het daarop geantwoord dat die *ANCWL* die Vrouehandves aanvaar het en dat hulle hul hou by die besluit wat reeds in Februarie 1994 geneem is, naamlik, dat hulle verwag dat die *WNC* sou ontbind nadat alle uitstaande sake afgehandel is. Voorts het sy gesê dat die *ANCWL* die nodigheid van ‘n nasionale vroueorganisasie insien, “but that that organisation was surely not the Coalition”.[8] Hierdie uitspraak was definitief ‘n bewys dat vir sover dit die *ANCWL* betref het hul doelwit bereik is, óf dit nou was om werklik ‘n Vrouehandves vir vroueregte daar te stel, en/óf om vir die *ANC* ‘n oorwinning in die verkiesing te verseker, en/óf om die mans in die *ANC* te beïndruk, en/óf om hul lede in die parlement sien. Die *ANC* het sy doel bereik met die *ANC*-oorname van die regering en sy beloftes nagekom ten opsigte van al die vroue wat tot parlementslede verkies is. Daarna was die doel van die *WNC* vir sover die *ANC* en die *ANCWL* betref het, uitgedien.

Die *WNC* se apolitiese beeld is egter nie net deur die *ANC* bedreig nie. Amanda Botha het beweer dat met die stigtingsvergadering daar ‘n poging deur die *Kommunistiese Party* was, wat saam met *COSATU* toe die sterkste groep was, om beheer in die leierskap te kry. Die *ANC* en *PAC* het egter “kwaai wal gegooi” om dit te verhoed.[9]

Daar is ook bewyse dat daar pogings was om die *WNC* vir die *PAC* te kaap. Mohau Pheko is ná 1994 in die pos van Hoof Uitvoerende Beampte van die *WNC* aangestel. Haar pa, Motsoko Pheko, was onderleier van die *PAC* en Lid van die Parlement, en daar is gevind dat sy die organisasie gebruik het vir party-politieke doeleindes. Sy het *PAC*-lede aangestel om namens die

[7] MCH 100 5.3.2.9: National Committee, correspondence, Jean Ngubane - Cyril Ramaphosa, 24 August 1994.

[8] MCH 100 5.1.3: Minutes, National Committee meeting, 24 and 25 September 1994.

[9] Amanda Botha, onderhoud, November 1996.

WNC "hier en daar en orals te wees." Sy het blykbaar tydens 'n paar geleenthede waar sy namens die *WNC* moes optree "baie giftige goed gesê."[10] Vermoedelik het sy anti-"settler" propaganda gebruik. Dene Smuts sien die ondergang van Mohau Pheko as 'n bewys dat die *ANC* nie 'n opposisie-gesinde as Hoof Uitvoerende Beampte van die *WNC* kon verdra nie.[11]

Alhoewel partypolitiek die kohesie van die *WNC* bedreig het, het alle vroue dit nie so ervaar nie. Dit is opvallend dat vroue wat sonder voorbehoud positief was teenoor die *WNC* glad nie die politieke onder- of botone beklemtoon nie. Vroue wat in hierdie kategorie val is Amanda Botha, Dioné Prinsloo en Christina Murray.[12] Daar was die beskuldiging dat Afrikanervroue wat nie die politieke ondertone opgetel het nie, net soos die Engelssprekende vroue was, die sogenaamde "pienk liberaliste."[13]

Truida Prekel het ook partyinmenging erken, maar vir haar was die *WNC* veel meer as dit. Haar gesindheid was, soos vroeër aangedui, dat hierdie 'n geleentheid was waar vroue wat mekaar nooit andersins sou leer ken het nie, bymekaar kon uitkom, saamwerk en vertroue bou. Sy glo dat die aard van die vrou is om eerder saam te werk as om kompeterend te wees. Sy het daarop gewys dat nog voor mans oor die kleurgrense met mekaar gepraat het, het vroue dit alreeds gedoen. Die feit word geïllustreer deur *KONTAK* wat as organisasie hom vir versoening, nog voor die Soweto-onluste van 1976, beywer het. 'n Voorbeeld van die versoenende aard van die *WNC* is toe gedurende die tydperk toe die *Inkatha Vryheidsparty* (*Inkatha*) tydens die Veelparty-onderhandeling uitgeloop het, Frene Ginwala tydens 'n Bestuurskomitee-vergadering na 'n

[10] Naam op versoek weerhou.

[11] Dene Smuts, vraelys, 4 September 2002.

[12] Byvoorbeeld Christina Murray, vraelys, gedateer 29 Julie 2002;
Dioné Prinsloo, onderhoude, 6 Maart 1999 en November 2002.

[13] Naam weerhou.

Inkatha-verteenwoordiger gegaan het en op ‘n besorgde manier gesê het: “They misspelt your name.” Vir Prekel het so ‘n voorval dit die moeite werd gemaak om voort te gaan. Sy sê dat vroue nie politiek gepraat het nie, maar met mekaar gepraat het. Sy glo daaraan om op die positiewe te bou, “…jy kan altyd die dorings raaksien, maar trap hulle maar mis.”[14]

Een van die twee doelwitte van die *WNC* se Vrouehandves-veldtog was om inligting in te win en te verseker dat dit gedoen word deur ‘n proses wat vroue sou bemagtig. Om hierdie doel te verwesenlik is daar toegespits op vroue wat voorheen nie kon stem nie, dus hoofsaaklik swart en bruin vroue, en veral die landelike vrou. Die *WNC* het fokusgroepe gehad wat uitgegaan het om vroue bewus te maak van hul regte, vraelyste in te vul en onderhoude met hulle te voer. Daar is geen twyfel dat sommige van hierdie vroue, wat namens die *WNC* opnames gemaak het, ook kiesersonderrig gegee het. Daar is ook heelwat bewyse dat van hierdie vroue ook stemwerwing vir spesifieke politieke partye gedoen het. Politieke partye sou gedurende hierdie tyd, wat die eerste verkiesing vooraf gegaan het, seker maak dat hul eie ondersteuners polities bewusgemaak is en as dit op die rekening van die *WNC* kon gedoen word, des te beter. Van die redes wat aangevoer is vir die breekspul tussen die *Nasionale Party* en die *WNC* vroeg in 1994, is juis dat daar beskuldigings gemaak is dat die *ANC* partywerwing gedoen het. Die *WNC* het dit nie ontken nie, maar daar is uitdruklik gesê dat dit nie in opdrag van die organisasie was nie. Wat wel gebeur het, is dat sekere streke, omdat hulle outonoom was, wel kiesersopleiding gedoen het en daarvoor uit hul eie begrotings betaal het. Die probleem was veral in Kwazulu-Natal, hoofsaaklik as gevolg van die onbestendige politieke situasie. Daar was natuurlik kiesersonderrig wat deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie gedoen is, en nie partygerig was nie, waarby talle van die *WNC* vroue ook betrokke was.[15]

---

[14] Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

[15] MCH 100 4.1.3.2.5: Steering Committee, correspondence, Steering Committee - Anne Routier, no date; Truida Prekel, onderhoud, 25 Augustus 2001.

Vir Estelle Jordaan was dit ‘n voldonge feit dat die *ANC*/*SAKP*/*COSATU*-alliansie die *WNC* vir hul eie politieke agenda probeer gebruik het. Hulle het vroue se sienswyses, byvoorbeeld met die invul van vraelyste, of in fokusgroepe, verkry, en dit dan in hul verkiesingsbeloftes gebruik om sodoende die vrouestem te werf. Volgens Jordaan was hierdie inligting ook vir ander politieke partye beskikbaar, maar hulle het nie die geleentheid aangegryp nie.[16]

Die partypolitieke ondertone het egter die meeste Afrikanervroue gekwel. Baie vroue het dit as rede aangegee waarom hulle nie betrokke wou raak nie. Die vraag ontstaan hoekom dit hulle so ontstel het? Het hulle gekul gevoel omdat hulle niksvermoedend deel van die politieke speelbal geword het, omdat want hul blote teenwoordigheid ‘n legimiteit aan die *WNC* gegee het? Of was dit omdat dit juis die ANC-alliansie was wat die meeste voordeel sou trek? Hierdie aanklagte was egter ernstig, want as die werklike rede vir die bestaan van die *WNC* dan ‘n politieke begunstiging van die *ANC* was, sou dit mos net logies wees dat die ander groepe, in hierdie geval die Afrikanervroue, nie erns met die “amptelike” doelwitte sou gehad het nie. Daar kan argumenteer word dat dít dalk die hoofrede was waarom Afrikanervroue grootliks onbetrokke was en dus ook weggebly het.

5.2 Politieke gebeure as agtergrond vir die verloop van die *WNC*

Die onderhandelinge vir “ ‘n nuwe Suid-Afrika” was nie net die oorsprong van die *WNC* nie, maar sou ook die organisasie se werksaamhede regstreeks en onregstreeks beïnvloed.

Die voorbereidings vir die grondwetlike onderhandelings het talle struikelblokke gehad, waarvan die nimmereindigende spiraal van geweld in 1991, gekenmerk deur botsings tussen die *ANC* en die *Inkatha Vryheidsparty*, en die wantroue wat dit gesaai het, seker die belangrikste was. Op 16

[16] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

Julie 1991, ‘n paar maande voor die eerste vergadering van die *WNC*, is die *Inkatha*-“gate”-skandaal oopgevlek wat gedui het op die regering se ondersteuning van die *Inkatha Vryheidsparty*. Hierdie onthullings het die *ANC* se versoek vir ‘n tussentydse regering versterk.

In September 1991 het die verskillende partye die Nasionale Vredesinisiatief onderteken. Hierdie verdrag het nie net die partye se begeerte na vreedsame verhoudings bevestig nie, maar het ook tot meer begrip tussen die verskillende partye gelei. Maande se onderhandelinge het op 20 Desember 1991 in die *Konvensie vir ‘n Demokratiese Suid-Afrika* (*KODESA*), kulmineer.[17] *KODESA* was ‘n veelparty-konferensie om die oorgangsmeganismes na ‘n demokratiese Suid-Afrika daar te stel. Twintig partye het dit bygewoon. Die partye sou onderhandel oor fundamentele kwessies soos die reëlings vir ‘n Tussentydse-regering en -grondwet; die opstel van ‘n konsepgrondwet; magsdeling en stemreg. Die pad na demokrasie sou egter nie met rose besaai wees nie.

Reeds tydens die opening van *KODESA* op 20 Desember 1991, is die strydbyl tussen die *ANC* en die *Nasionale Party* opgeneem. President F.W. de Klerk, wat die verrigtinge moes afsluit, het ‘n onverwagte aanval op die *ANC* geloods en gesê dat uit die regering se oogpunt daar een groot klip in die pad was, naamlik die *ANC* se vertragingstaktiek, want die party het nog nie die gewapende stryd gestaak nie. De Klerk het verwys na *Umkonto we Sizwe* (*MK*), die militêre afdeling van die *ANC*, wat nog nie ontbind het nie. Die *ANC* het later beweer dat, tydens die D.F. Malan-akkoord wat in Februarie 1991 deur die regering en die *ANC* onderteken is, ‘n geheime verdrag gesluit is wat gestipuleer het dat *MK* nie ontbind sou word voor die onderhandeling na ‘n demokrasie voltooi is nie. Die publiek het niks hiervan geweet nie en die feit dat president De Klerk op ‘n openbare geleentheid daarna verwys het, is deur mnr. Mandela as verraad beskou. Mandela het

[17] J.M. Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa* (Pretoria, Van Schaik, 1998), pp. 173-174.

woedend reageer en op ‘n tweede spreekbeurt aangedring. Hy het De Klerk daarvan beskuldig dat hy sy posisie misbruik het en dat hy die vertroue van die onderhandelings verbreek het. Hy het vervolg: “Even the head of an illegitimate, discredited minority regime, as his is, has certain moral standards to uphold.” De Klerk het nooit die bestaan van ‘n geheime ooreenkoms erken of ontken nie. Die wig wat daardie dag tussen Mandela en De Klerk ontstaan het, het nooit geheel nie.[18] Die sukses van *KODESA* het aan ‘n dun draadjie gehang…

Ook vir die *WNC* wat op daardie stadium besig was om die reëlings vir die amptelike stigtingsvergadering te tref, was die voorafgaande maande se euforie aan skerwe. As *KODESA* in duie stort, was daar feitlik geen rede om die *WNC* te stig nie. ‘n Afrikanervrou, wat ‘n dosent aan ‘n Engelssprekende universiteit was, het gesê dat sy nooit vir mnr. Mandela sou kon vertrou na sy aanval op president De Klerk nie en dat sy dink hy moes eerder in die tronk gebly het. ‘n Ander het gesê dat haar organisasie nooit sou toestemming gee dat hulle saamwerk met swart vroue nie, veral nie “na die manier waarop Mandela vir De Klerk sleggesê het nie.” Daar was op ‘n stadium ‘n versoek dat daar eers gewag moet word en kyk moes word wat op die politieke toneel gebeur voor verdere planne gemaak word. Die versoek is summier van die hand gewys en die vroue het met hul planne voortgegaan.[19]

Die politieke partye wat besluit het om nie aan *KODESA* deel te neem nie, was die *Konserwatiewe Party*, die *Herstigte Nasionale Party* en drie kleiner, radikale swart partye, die *Pan Africanist Congress* (*PAC*), the *Azanians People’s Organisation* (*AZAPO*) en die *Black Consciousness Movement* (*BCM*). Die afwesigheid van hierdie partye en die eise van die *Inkatha*

[18] *The Star*, 20 December 2001; F.W. de Klerk, *Die outobiografie: die laaste trek – ‘n nuwe begin* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1998), pp. 239-242.

[19] Name op versoek weerhou.

Vryheidsparty het gesorg vir gedurige kompromieë wat rondom die onderhandelingstafel getref moes word. Hierdie probleme sou *KODESA* tot aan die einde ry.

Die regse wit politieke partye, naamlik die *Konserwatiewe Party* en die *Vryheidsfront*, asook *AZAPO*, was nie by die *WNC* betrokke nie. Die *Inkatha Vryheidsparty* en die linkse swart party, die *PAC*, was wel lede.

Buite die onderhandelingsforum was daar ook baie verwikkelinge. Die gebrek aan deursigtigheid oor wat tydens die geslote sessies gebeur het, tesame met die apatie wat deur die regse vleuel en die *PAC* aangeblaas is, het emosies verhoog en spanning laat oplaai by diegene wat geglo het dat hul regte uitverkoop word. Wit ondersteuning het weg van die *Nasionale Party* na die regse vleuel beweeg en die radikalisasie en groei van die *Afrikaner Weerstandsbeweging* (*AWB*) het ‘n ernstige bedreiging vir die onderhandelingsproses ingehou.

Bekommerd oor hierdie verwikkelinge het president De Klerk tydens die opening van die parlement in 1992 die wittes verseker dat hulle nie in toekomstige grondwetlike veranderings misken sou word nie. Op hierdie laat stadium het hy die kiesers dan ook belowe dat hulle op ‘n referendum kon besluit of hulle onderhandelings ondersteun, al dan nie. Toe die *Nasionale Party* kort daarna tydens ‘n tussenverkiesing in Potchefstroom die setel aan die *Konserwatiewe Party* afstaan, is die referendumdatum gefinaliseer. Dit het op 17 Maart 1992 plaasgevind en met ‘n oorweldigende meerderheid van 68.6% het die kiesers ten gunste van die onderhandelinge gestem.[20]

[20] Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement*, p. 180.

Die reedsgenoemde regse wit politiek was van die begin af vir die regering ‘n groot probleem. Vir die regse wittes was die regering besig om die land aan die swartes uit te verkoop. Hierdie eise het dikwels met ongeduld, frustrasie en uiteindelik met aggressie gepaardgegaan. Hierdie wantroue en vrese het ook na die vroue oorgespoel. Dit was veral konserwatiewe wit vroue wat nooit polities was nie, wat nou betrokke geraak het. Reeds op 24 Februarie 1990, ‘n paar weke na De Klerk se verrassende aankondigings, is ‘n vergadering van *Dames Aktueel* in Bloemfontein, waarop die staatspresidentsvrou, Marike de Klerk, die spreker was, erg ontwrig. ‘n Regsgesinde vrou, ‘n mediese praktisyn van Bloemfontein, het alles in haar vermoë gedoen om die verrigtinge in die wiele te ry. Reeds voor die vergadering het sy ‘n stinkbom stukkend getrap en sy het tydens die vergadering die Staatspresidentvrou só “met aanvallende politieke vrae bestook” dat sy op ‘n stadium deur ander stilgemaak moes word. Sommige van die meer as seshonderd vroue wat die vergadering bygewoon het, het hul misnoë uitgespreek oor die “onwaardige gedrag” en gesê dat sy het ‘n “mooi geleentheid bederf en misbruik om die Staatspresidentsvrou in verleentheid te probeer bring.”[21] Mans was meer gewoond daaraan om op politieke vergaderings aan kritiek onderworpe te wees, definitief nie vroue op kultuurvergaderings nie. Wit Afrikanervroue se vergaderings was gewoonlik geleenthede waar daar fyn omgegaan is met blomme op die tafels, tee met eetgoed en veral “beskaafde” gedrag.

In haar toespraak het De Klerk op die voorval reageer en gesê dat sy begrip het vir mense se vrese, onsekerheid en soeke na sekuriteit. Sy het verstaan dat politieke optogte en uitsprake van leiers vroue ontstel het. Sy het vroue probeer kalmeer deur te sê dat blote wetgewing nie sou verhinder dat taal en kultuur verswelg word nie. Die regering se optrede van twee weke vroeër, naamlik die ontbanning van die *ANC* en *PAC*, het sy verduidelik deur te sê dat die politieke situasie op daardie stadium onbevredigend was aangesien miljoene mense in vyandskap en

[21] *Die Burger*, 27 Februarie 1990;
Die Volksblad, 26 Februarie 1990.

opstand geleef het. Daar is ook melding gemaak van die internasionale isolering van Suid-Afrika en die gevolglike ekonomiese implikasies. Sy het afgesluit met "… mnr. Nelson Mandela regeer nie die land nie en die *ANC* is nie die enigste instansie waarmee die regering sal onderhandel nie." Vraetyd na die vergadering is agter geslote deure gehou.[22] De Klerk het probeer om die regering se beleid en optrede te verdedig. Haar poging om die *ANC* se belangrikheid as die hoofonderhandelaar te verminder, getuig egter van politieke naïwiteit. Vir die regse Afrikaners was die *Nasionale Party* se veranderings egter rewolusionêr en onaanvaarbaar.

'n Bietjie meer as 'n jaar later was Marike de Klerk eregas by 'n funksie van die *Bond van Oud-Pukke* en die Potchefstroom Universiteit se Dameskring. Tydens die geleentheid moes sy ook reageer op 'n insident 'n paar dae tevore in Venterstad, 'n regsgesinde sentrum. Die insident sou later bekendstaan as die "Geveg van Venterstad." Die gebeure op Venterstad is voorafgegaan deur talle botsings tussen die polisie en wit boere nadat swartes op staatsgrond, wat aan wit plase gegrens het, plakkershuise opgerig het. Toe die Staatspresident aangekondig het dat hy 'n vergadering op Ventersdorp sou kom hou, het die *Konserwatiewe Party*-beheerde stadsraad van Ventersdorp laat weet dat hy onwelkom was en ook toestemming geweier dat die stadsaal vir die vergadering gebruik word. Die *AWB* en verskeie ander regse groepe het besluit om die geleentheid te gebruik om hul saak te stel en van oral oor, van so ver as Namibië, op Venterstad saamgetrek. Nadat hulle probeer het om die saal waar die Staatspresident sou praat, binne te gaan, is hulle deur polisie gekeer - chaos het gevolg. In die daaropvolgende gevegte, is drie *AWB*-lede dood en 43 polisiemanne en *AWB*-lede en 15 swartes gewond. Hierdie voorval dui op die erns waarmee die regse wittes die verandering teengestaan het. Die *AWB* het later 'n spesiale medalje

[22] Ibid.

laat maak en aan lede oorhandig wat daardie nag in die klein Wes-Transvaalse dorpie was.[23]

De Klerk het op ‘n baie persoonlike wyse op die insident gereageer en haarself by die “saak” ingesluit toe sy gepraat het. “Ná Vrydagaand het ek gedink hoekom doen ons dit? Hoekom verdra ons dit? Ons doen dit omdat ons glo dat dit reg is.” Sy het voortgegaan deur die regering se optrede as ‘n goddellike opdrag te vertolk: “As ‘n mens opkyk na die berge ‘vanwaar ons hulp kom’, lui die antwoord altyd dat jy horisontaal moet kyk na jou medemens. Dit is die boodskap van die Kruis. Dit is die roeping en die opdrag van die nuwe Suid-Afrika.”[24] Die *Nasionale Party* het apartheid as ‘n goddellike opdrag gesien, en op daardie stadium het mev. De Klerk die *Nasionale Party* se veranderingsbeleid ook met ‘n ietwat onduidelike Bybelse vergelyking regverdig. Dit was uitstekende politieke taktiek, want die Afrikanervrou is oor die algemeen diep gelowig en sou weer oor daardie woorde gaan nadink. Moontlik sou sommige besef het dat dit nasionalistiese retoriek was.

Hierdie voorvalle help om die Afrikanervroue se posisie by die *WNC* te verduidelik. Binne die Afrikanermilieu was die Afrikaners wat vir hervorming gestem het die “linkses” en die ander 30% het hulle as verraaiers gesien wat die land aan die swartes wou uitverkoop. Toe hierdie “linkse” groepie by die *WNC* beland het, was hulle ontuis juis omdat hulle deel was van die wit groep wat die apartheidregering ondersteun het, die politieke heersersklas. Om aan te sluit by die bevinding wat aan die einde van die eerste hoofstuk gemaak is, die Afrikanervrou was in ‘n identiteitskrisis gewikkel.

---

[23] “Victory or violence: the story of the *AWB*”, http://www4.stormfront.org/whitehistory/awb/chap17.htm; *Die Burger*, 12 Augustus 1991.

[24] *Die Burger*, 12 Augustus 1991.

In die weke voor die referendum, is meer as 220 swart mense in ‘township’ geweld doodgemaak. Sommige analiste het die geweld toegedig aan die algemene gevoel van paniek. Ander het gesuggereer dat dit wit ekstremiste is wat die geweld aangeblaas het om verwerping van die referendum aan te moedig. Mandela het nie hierdie rondte geweld aan die regering toegeskryf nie.[25]

Na die referendum het die *Nasionale Party* na die onderhandelings met ‘n meer onversetlike houding teruggekeer. Volgens ontleders het die *Nasionale Party* die groot persentasie “Ja-stem” vertolk dat hulle die onderhandelings kan dikteer. Die gevolg was dat die *Nasionale Party* ‘n junior minister, Tertius Delport, sonder ‘n volle mandaat, hoof van die regering se onderhandelingspan gemaak het. Daarbenewens het die *Nasionale Party* ook ‘n hele reeks nuwe konstitusionele voorstelle gemaak. Die regering het hom ook distansieer van die geweld en daarop aangedring dat die swart leiers self die probleem moes oplos.

KODESA 1 het vyf werksgroepe gestig om die weg te baan vir ‘n tweede voltallige konferensie, *KODESA* II, wat op 15 Mei 1992 gehou sou word. Na drie dae van *KODESA* II het dit duidelik geword dat daar onoorkombare verskille was. Die *ANC* wou ‘n kort periode voor die verkiesings hê, maar die *Nasionale Party* wou ‘n meer gespesifiseerde en uitgerekte proses hê voordat hulle mag oorhandig. Voorts het die regering en die *Inkatha Vryheidsparty* geeïs dat 75% van die verteenwoordigers die nuwe grondwet moes bekragtig. Ook rondom die kwessie van minderheidsregte was daar wesenlike verskille. Daar was geen aanduiding dat die regering die dooiepunt wou breek nie, niemand wou toegee nie. Chris Hani, die Sekretaris-Generaal van die *SAKP*, het die afgevaardigdes toegespreek en geeïs dat dit tyd is dat die regering ‘exit-gate’; die

[25] *The Star*, 20 December 2001.

regering kan nie meer die toekoms van die land dikteer nie - die massas in die straat sal dit doen. *KODESA* II het misluk. Dit was Mei 1992.[26]

Te midde van hierdie politieke onbestendigheid het die hoop van miljoene Suid-Afrikaners op die onderhandelaars gerus. Daar was verwagtinge dat na die swaarkry daar verandering sou kom. Daar is veral gehoop dat die geweld sou eindig. Daar was ook die vrese en onsekerheid van hoofsaaklik wit Suid-Afrikaners.

Dit is in hierdie periode, die aanloop na die referendum en die ineenstorting van *KODESA* II, wat daar hard gewerk is om die *WNC* van die grond te kry. Swart en wit vroue was bewus van die woelinge en onderstrominge in die land, dit is daagliks nie net deur die media rapporteer nie, maar is ook in miljoene huise bespreek. Waar die wit regering nog probeer het om met die grondwetlike onderhandelings die septer te swaai, was die situasie by die *WNC* heeltemal omgeruil. Die swart vroue het met politieke swaargewigte soos Frene Ginwala en Gertrude Shope, die toonaangewende rol gespeel en die polities onkundige Afrikanervroue was op die agtergrond. Ginwala was ook deel van Werkgroep 2 van *KODESA*, die "plofpunt", want dit het die grondwetlike beginsels hanteer en het ook uiteindelik tot die ineenstorting van die onderhandelinge gelei.

Teen daardie tyd, ongeveer Mei 1992, het die meeste Afrikanervroue, al stel hulle nie in politiek belang nie, al van *KODESA* gehoor. Die Afrikaanse vrouetydskrif *Sarie* het in 'n artikel met die titel: "Wat maak hulle by *KODESA*?", hul lesers ingelig. Dit is van die begin af duidelik dat die skrywer van die artikel aanvaar het dat sy lesers nie erns met *KODESA* het nie.

[26] Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement*, p. 181.

> "Vir party mense klink dit soos die naam van 'n nuwe soort kopseerpil; vir ander laat dit dink aan daardie spanningsroman van Frederick Forsyth, *The Odessa File*. En die meeste weet nie eens waarvoor staan *KODESA* nie".

Die skrywer gaan op 'n speelse trant voort:

> "Die *Konvensie vir 'n Demokratiese Suid-Afrika* is vir baie mense een van daardie dinge waaroor hulle voel: iets sê vir my dis belangrik, maar dis so ingewikkeld (en vervelig) dat hoe minder ek daarvan hoor en sien, hoe beter. Amper soos sekere vrouens voel oor 'n sportgebeurtenis soos die Curriebeker-eindstryd waaroor mans heeltemal gaande kan raak, maar wat vir hulle, heeltemal tereg, nie die einde van die aarde is nie."

Die skrywer van die artikel, Tim du Plessis, 'n bekende joernalis, het hierdie speelse, maar ook aanmatigende en neerbuigende toon die hele tyd in die artikel gehandhaaf. Hy het die vroue wat nie veel van *KODESA* geweet het nie, laat goed voel - dis reg as *KODESA* hulle nie opgewonde laat nie, want dit is net so onbelangrik as 'n rugbywedstryd, dit is eintlik 'n "simboliese kletsklub." Hy lig die lesers in oor die blomme op die tafels, die kleredrag van die afgevaardigdes, die koekies met teetyd, en baie oorsigtelik watter belangrike mense daar is. Hy wend geen poging aan om die leser in te lig oor die kwessies wat opgelos moet word in die "grootste politieke indaba" wat nog in die bestaan van Suid-Afrika gehou is nie.

Die skrywer van die artikel het ook melding gemaak van die nuutgestigte *Gender Advisory Committee* (*GAC*), wat *KODESA* besluite monitor ten opsigte van die implikasies wat dit vir vroue inhou. Die Afrikaanse vertaling, *Geslagsake-Advieskomitee*, klink vir hom soos 'n komitee waarop dr. Ruth ('n sielkundige, wat in *Die Huisgenoot* oor verhoudingsprobleme adviseer) behoort te sit. Volgens die skrywer betwyfel manlike afgevaardigdes die waarde van *GAC*, wat aanvanklik onder voorsitterskap van 'n man vergader het. Hul mening is dat vrouesake meer baat sal vind by vroulike afgevaardigdes soos Frene Ginwala. Hy erken egter: "Die vroue het nietemin met *GAC* iets bereik wat feitlik geen aksiegroep in die land tot dusver kon regkry nie: om 'n saak wat streng gesproke nie polities/grondwetlik van aard is nie, by *KODESA* aanhangig te maak."[27]

[27] Tim du Plessis, "Wat maak hulle by Kodesa?", *Sarie*, 27 Mei 1992, pp. 42-43.

Die skrywer sê dus direk vir *Sarie*-lesers dat vroueregte nie aanvanklik op die agenda van *KODESA* was nie en dat dit eintlik nie daar hoort nie.

In die artikel is daar geen melding gemaak van spanning of probleme rondom die onderhandelinge nie en is ‘n rooskleurige prentjie geskets van gemoedelike “manne” wat met teekoppies in die hand, grappies vertel. Die erns van die samesprekinge vir vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika is glad nie aangeraak nie. Hierdie artikel in *Sarie* het amper te laat verskyn, want aan die einde van Mei het *KODESA* verbrokkel.

Die ineenstorting van *KODESA* het tot ‘n golf van militantheid gelei. Die *ANC* het op 16 Junie 1992 in alle erns met massa-aksie begin om die regering te verplig om toe te gee. Alhoewel dit verhoudinge met die regering verswak het, het Mandela dit verdedig as ‘n middeweg tussen die gewapende stryd en onderhandelinge.

Op 17 Junie 1992 is 23 (sommige beweer 48) vroue en kinders in hul slaap in Boipatong, ‘n *ANC* vesting, in die Vaaldriehoek, vermoor. Dit het later aan die lig gekom dat *Inkatha*-trekarbeiders van die nabygeleë KwaMadala-hostel, wat wou wraak neem oor die vroeëre *ANC*-aanvalle op *Inkatha Vryheidsparty*-lede, in die donker die woongebied binnegesluip het en almal voor die voet doodgemaak het.[28]

Mandela het die regering vir die Boipatong-voorval verantwoordelik gehou en van koelbloedige moord beskuldig. Alle onderhandelings is stopgesit. Op 22 Junie 1992 het die *ANC* amptelik onttrek en het tien *ANC*-verbondepartye met hom saamgeneem. Mandela het verklaar:

[28] De Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, p. 257.

> "I can no longer explain to our people why we continue to talk to a government which is murdering our people … we are now convinced that his [President De Klerk's] method of bringing about a solution to this country is war."[29]

Estelle Jordaan het net na die Boipatong-slagting haar eerste uitnodiging gekry om 'n *WNC*-vergadering by te woon – wat sy namens *ATKV-Dames* aanvaar het. By die vergadering was daar 'n groot oormag van *ANC*- en *COSATU*-vroue teenwoordig. Daar was ongeveer vyf wit vroue teenwoordig waarvan net sy Afrikaanssprekend was. Valli Moosa was 'n spreker en het in sy toespraak vir vroue gevra om hulle teen die Boipatong-"slagting" uit te spreek. Hy was uitgesproke oor die regering se aandeel en die vergrype van die weermag vóór en ná die voorval. Daar was ook ander wat emosioneel oor die voorval getuig het. Die vergadering wou 'n mediaverklaring uitreik waarin hulle namens die vroue van Suid-Afrika sou verklaar dat die optrede van die weermag ontoelaatbaar was. Estelle Jordaan het opgestaan en gesê dat daar volgens haar bronne rede vir die weermag se sterk optrede was en dat daar reeds 'n kommissie van ondersoek ingestel is. Sy het vervolg dat die mediaverklaring nie verteenwoordigend van alle vroue van Suid-Afrika sou wees nie, aangesien al die vroue nie by die vergadering verteenwoordig was nie. Die *ATKV-Dames* sou hulle van sulke uitlatings en die voorgestelde mediaverklaring moes distansieer. Sy het ook daarop gewys dat sy die enigste Afrikanervrou teenwoordig was en dat daar nog baie Afrikanervroueorganisasies was wat uitgenooi kon gewees het. Alhoewel haar woorde met murmerering beantwoord is, is daar tog besluit dat, indien die vroueorganisasies wou, kon elk hul eie mediaverklaring uitreik.

Die Maandag daarna is Estelle Jordaan deur Feroza Adams (Lid van die Uitvoerende Komitee van die *ANCWL* in die PWV-gebied en die *ANC*-streek Hillbrow/Berea, later *ANC*-Lid van die Parlement) gebel en gevra om 'n *WNC*-vergadering van die Gauteng-streek se Bestuurskomitee

---

[29] Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement*, pp. 183-184; "Boipatong massacre, still no real answers", 6 October 2000, http://www.mwebMedia24.

by te woon - hulle wou haar graag op die dagbestuur hê. By die vergadering het ‘n wit Engelssprekende vrou haar “geskok” gegroet en gesê dat sy nie gedink het dat sy as Afrikanervrou ná die Saterdagvergadering, verder betrokke sou wou wees nie. Volgens Jordaan het daardie opmerking en die gedagte dat ander gedink het dat sy sou weghardloop van mondelinge konflik en die geleentheid om met swart vroue saam te werk, “haar nekhare laat rys het” en haar aangespoor het om werklik betrokke te raak en betrokke te bly om sodoende te wys dat Afrikanervroue nie skroom om hul mening te lug en ook bereid is om saam te werk nie.[30]

Na die mislukking van *KODESA* 2 het drie maande van spanning gevolg. Hierdie spanning en onsekerheid het ook na die *WNC* oorgespoel. Teen die einde van 1992 het die *WNC* nog nie van die grond gekom nie. Alhoewel die leierskap end uit volgehou het dat landspolitiek nie ‘n rol in die *WNC* gespeel het en nie, was die teendeel eerder waar. Annemarie Nutt het genoem dat met die *KODESA* ineenstorting die “*WNC* onder geweldige druk was, maar dat daar nooit ‘n breuk was nie.” Volgens haar kon dit toegeskryf word aan “die verantwoordelikheid waarmee die *ANC*-Alliansie, die *Nasionale Party*, *Demokratiese Party*, en ander die strydpunte hanteer het.”[31] In die sameroeper se verslag word die gesloer toegeskryf aan byvoorbeeld tegniese aspekte, soos finansies en personeelprobleme. Daar word egter ook melding gemaak van die “process of building relationships, given the various background from which we came, has also taken time,” en “There have been frustrations on many sides ranging from the need to work across vast differences.” Die geweld wat in die land toegeneem het, en talle gemeenskappe geraak het, is as ‘n rede aangevoer vir die sloer van verrigtinge.[32] Daar is dus “amptelik” verskeie redes

[30] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

[31] Annemarie Nutt, vraelys, ongedateerd.

[32] MCH 100 3.2.1: Reports, National Council Meeting, 6 February 1993;
MCH 100 3.1.2: Minutes, first National Council meeting, 6 February 1993.

aangevoer, maar die realiteit was veel anders. Dit is net logies dat as die onderhandelinge nie hervat word nie, die *WNC* net sowel kon ontbind.

Partypolitieke spanning word deur die volgende insident bewys. In Oktober 1992 het Wes-Kaap-streekskoalisie hul onsteltenis teenoor die Bestuurskomitee uitgespreek oor uitsprake wat deur Sheila Camerer, Adjunkminister van Justisie, gemaak is. Sy het op die televisieprogram, Agenda, as segspersoon van die *Nasionale Party* die werksaamhede van die koalisie bevraagteken en verdag gemaak. Die Wes-Kaap-streekskoalisie het daarop aangedring dat die Bestuurskomitee amptelik op hierdie uitsprake reageer, aangesien die *Nasionale Party* lid van die *WNC* was.[33] Dit is egter onbekend of die saak ooit verder gevoer is.

Dit was nie net die geweld tussen die *ANC* en *Inkatha Vryheidsparty* wat groot bekommernis veroorsaak het nie. Op 1 September 1992 het die Ciskeise weermag en die *ANC*-alliansie by Bisho slaags geraak en 38 mense is dood. By baie mense het die vrees ontstaan dat die land op die rand van ‘n burgeroorlog was.[34]

Samesprekings is hervat nadat Mandela die eerste toenadering gemaak het. Die regering het geen voorwaardes gestel nie en het op al die ANC se eise toegegee. Op 26 September 1992 is die Notule van Verstandhouding onderteken waar die regering verskeie toegewings gemaak het – Suid-Afrika sou in die toekoms deur ‘n meerderheidsregering bestuur word, sonder enige ingeboude beskerming vir sommige minderheidsgroepe, waaronder die wittes geval het. Die regse vleuel het die verwikkelinge as “uitverkoop” bestempel en die *Inkatha Vryheidsparty* het

[33] MCH 100 4.1.3.1.2: Steering Committee, correspondence, Jennifer Thomson - Steering Committee, 21 October 1992.

[34] *The Star*, 20 December 2001.

die onderhandelingstafel verlaat en saam met die leiers van die Ciskei en Bophutatswana ‘n alliansie gevorm. Ten spyte daarvan het die gesprekke voorgeduur.

Op 5 April 1993 het die Veelparty-onderhandelinge hervat. Die *Inkatha Vryheidsparty*, die *Konserwatiewe Party*, die *Afrikaner-Volksunie*, die *PAC* en drie afvaardigings wat tradisionele leiers verteenwoordig het, het die onderhandelinge bygewoon. Op die Oos-Rand het ‘n hernude vlaag van geweld losgebars. Intussen het regse Afrikanergroepe, gelei deur genl. Constand Viljoen en dr. Ferdie Hartzenbergh, as die *Afrikaner Vryheidsunie* gemobiliseer. Op 25 Junie het die *AWB* by die World Trade Centre saamgetrek, met ‘n voertuig deur die groot glas vensters gebars en vir die volgende paar uur die gebou oorgeneem, terwyl hulle chaos en verwoesting gesaai het. Hierdie optrede kon egter nie die onderhandelingsproses keer nie en aan die begin van Julie 1993 is die datum vir die eerste volle demokratiese verkiesing wat op 27 April 1994 sou plaasvind, aangekondig.

5.3 Wetgewing teen die diskriminasie van vroue

Met die verkiesingsdatum gefinaliseer het die politieke partye skielik besef dat die vrouestem, 54% van die land se bevolking, belangrik is en het openlik daarna begin “vry”.

Op 29 Januarie 1993 het die regering ses internasionale konvensies wat op vroue- en kinderregte gemik is, onderteken. Onder hierdie konvensies was die “Convention on the Elimination of all Forms of Discrimination Against Women” (CEDAW).[35] Hierdie konvensie is al in 1979 deur die *Verenigde Nasies* aanvaar en het in 1981 as ‘n verdrag in werking getree.[36] Die Suid-Afrikaanse regering het dus dertien jaar geneem voor dit onderteken is. CEDAW is eers in 1995, sonder

[35] Sien addendum C.

[36] Hoofstuk 3, p. 111.

enige voorbehoude, bekragtig.[37] Volgens Estelle Jordaan wou die *Nasionale Party* nie hierdie deklarasie vroeër onderteken nie, maar toe hulle sien dat die vroueregtebeweging volstoom voortgaan, het hulle tog ingestem. Sy beweer dat van die Afrikanervroueorganisasies van mening was dat aangesien die regering CEDAW onderteken het, die beoogde Vrouehandves van die *WNC* nie nodig was nie.[38]

Begin Februarie 1993 het die regering voorstelle vir ‘n Handves van Fundamentele Regte bekendgestel. Die voorgestelde handves wat klousules oor gelykheid en vroueregte bevat het, is gerugsteun deur drie konsepwetsontwerpe, wat daarop gemik was om alle oorblywende statutêre en strukturele diskriminasie teen vroue uit te skakel.[39] Die konsepwetsontwerpe was naamlik die Wetsontwerp op die Voorkoming van Gesinsgeweld, die Wetsontwerp op die Bevordering van Gelykheid tussen Mans en Vroue en die Wetsontwerp op die Bevordering van Gelyke Geleenthede.

President de Klerk was van mening dat die uitbreiding van vroueregte Suid-Afrika in pas met die internasionale wêreld sou bring. Die regering wou alle oorblywende diskriminasie teen vroue verwyder as deel van ‘n proses om basiese menseregte te beskerm. Daar was klaarblyklik nog 23 wette wat diskriminerende maatreëls bevat het. Voorbeelde van sulke wetgewing was dat as ‘n permanent aangestelde onderwyseres trou, sy haar permanente aanstelling verloor het; wetgewing wat vroue verhinder het om in die direksie van ‘n koöperasie te dien as sy onder die maritale mag van haar man gestaan het, asook wetgewing wat aan die hof mag gee om vroue te verbied om

---

[37] C. Lowe-Morna, “Overview”, *Redefining Politics, South African Women and Democracy*, (Commission on Gender Equality, Johannesburg, 1999), p. 27.

[38] Estelle Jordaan, vraelys, 30 Maart 2001.

[39] A. van Wyk, “Women’s rights: a starting-point”, *RSA-Policy Review*, no. 6, July 1993, p. 37; “Handves” het in hierdie geval verwys na ‘n paar wetsontwerpe oor dieselfde onderwerp.

onder bepaalde omstandighede ‘n hofverrigting by te woon. Die regering het verduidelik dat sekere van die wette eerder beskermend as diskriminerend was. Só word vroue byvoorbeeld deur die wet van diensplig uitgesluit, verbied om aan bokstoernooie deel te neem en verhinder om ondergronds in ‘n myn te werk. Die regering het erken dat hulle besef dat vroue voel dat die wet nie meer daardie soort beskerming hoef te bied nie. Dit was vir vroue veel belangriker dat daar ‘n verbod op diskriminasie in die werkplek, die professies en ander terreine op grond van geslag, huwelikstatus of swangerskap, ingestel word. Met hierdie aankondiging het die regering gevoel dat vroue “verheug” moet wees “dat sulke stappe deel sal wees van die nuwe bedeling wat die regering vir hulle wou skep.” Die regering het egter ook gemaan dat vroue hulle nie op die wet alleen moet verlaat om hul “probleme” op te los nie. “Wetgewing kan nie die hart en denke van mense verander nie. Dit kan net gebeur as ‘n uitvloeisel van opvoeding en die aanvaarding deur die gemeenskap van ‘n nuwe waardesisteem.”[40]

Die regering het die konsepwetgewing vir kommentaar laat sirkuleer. Kort daarna, tydens ‘n *WNC* -vergadering op 6 Februarie 1993, is die regering se konsepwette aan die vergadering voorgelê. Tydens die bepreking het die wesenlike verskille onder die deelnemers na vore gekom. Die swart vroue het die wetgewing met verontwaardiging, frustrasie en selfs woede, begroet. Hulle het gesê dat die regering nog steeds ‘n “top-down” benadering het en dat hulle namens vroue besluit het. Hierdie reaksie van die swart vroue het onmiddellik spanning in die lokaal veroorsaak. Toe ‘n *Nasionale Party*-lid daarop gewys het dat dit ‘n voorwaartse stap van die regering was, is daar erken dat die *Nasionale Party*-vroue wel ‘n “klein” oorwinning in hul party behaal het. Die *WNC* se siening was egter dat op daardie stadium daar ‘n gebrek aan konsultasie van die regering se kant was en dat die grootste moontlike spektrum van vroue betrek moet word om hierdie wetgewing te bespreek. Alhoewel die vergadering besluit het dat al die deelnemende

[40] *Die Burger*, 2 Februarie 1993.

organisasies afsonderlik die kwessie kon hanteer, is daar besluit dat die *WNC* aan die onderskeie departemente sou skryf om hul bekommernis oor die gebrek aan konsultasie uit te spreek. Die *WNC* sou voorstel dat die regering nie eensydig te werk moes gaan nie, en dat die *WNC* se prosesse gebruik moes word om vroue te vra wat hulle wou hê. Ten spyte van die aanvanklike reaksies is daar uiteindelik gevoel dat die besprekings baie sensitief hanteer is en dat dit die diepe verbondenheid van die deelnemers geïllustreer het om deur verskille te werk ten einde die *WNC* se ideale te bereik.[41]

Dit is onduidelik of hierdie reaksie, veral van swart vroue, was omdat hulle op daardie stadium nie meer deur die status quo beheer wou word nie en of dit hulle as vroue gegrief het dat hulle nog steeds nie insette in vrouesake gehad het nie. “Women are best placed to articulate their own needs and concerns”, volgens Louise Vincent.[42] Hierdie stelling kan nie betwyfel word nie, maar op daardie stadium was daar nog nie genoeg vroue besluitnemers in die regering se topstruktuur om namens vroue te praat nie.

Frene Ginwala het namens die *WNC* aan die Minister van Justisie geskryf en haar kommer oor die voorgestelde wetgewing uitgespreek. Sy was uitgesproke oor die feit dat vroue nie in die formulering van die wette geraadpleeg is nie en dat dit onaanvaarbaar is dat hulle nou slegs mag kommentaar lewer. Sy het verduidelik dat dit een van die belangrikste doelwitte van die *WNC*-navorsing was dat vroue oor vrouesake meddeseggenskap moes hê. Sy het beklemtoon dat die *WNC* beoog om die grootste en wydste moontlike spektrum vroue se menings in te win oor watter veranderinge hulle in hul status en toestande wil sien en watter grondwetlike reëlings daarvoor

---

[41] MCH 100 3.2.1: National Council, report, National Council meeting, 6 February 1993;
MCH 100 3.1.2: National Council, minutes, first Council meeting, 6 February 1993.

[42] Louise Vincent, “A question of interest: women as opposition”, Roger Southall (ed.), *Opposition and democracy in South Africa* (London, Frank Cass, 2001), pp. 73-74.

nodig sou wees. Sy het voortgegaan dat hulle beslissings gaan bereik oor wat vroue oor kwessies soos byvoorbeeld gelyke geleenthede, verlang. Sy het afgesluit deur te sê dat die *WNC* sy bevindinge sal publiseer om bespreking te stimuleer en dat die finale produk na die geskikte forum geneem sou word om in die grondwet en nuwe wetgewing opgeneem te word.[43] Ginwala het nie net die regering geroskam oor hul werkwyse om namens vroue te praat en op te tree nie; maar dit ook baie duidelik gemaak dat die bestaande gesagstruktuur, die regering, nie deur die *WNC* met hul navorsingsresultate genader sou word nie.

Ook die "Centre for Applied Legal Studies" (CALS) het hul ontevredenheid uitgespreek oor die feit dat die *WNC* nie as deel van die konsultasieproses gebruik is nie. Hul besware was feitlik dieselfde as wat deur Ginwala geopper is en het beklemtoon dat die wetsontwerpe weinig tekens van in diepte navorsing en min begrip vir die posisisie van Suid-Afrikaanse vroue, toon.[44]

Die nasionale koerante het met gemengde reaksie oor die voorgenome wetgewing verslag gelewer. Marike de Klerk het die voorgestelde wetgewing verwelkom, maar het bygevoeg: "Om die vrou se regte op mans se voorregte, vryhede en voorkeure te grond, is nie net blatante nabootsing nie, maar die ontkenning van ons eie unieke aard."[45] Hierdie was van die openbare uitlatings van De Klerk wat haar die stempel, dat sy uitgesproke is, besorg het – as 'n negatiewe eienskap in meeste Afrikanerkringe gesien.

Rina Venter, Minister van Nasionale Gesondheid en Welsyn, en die eerste vroulike minister in die *Nasionale Party*-regering, het die vrese wat deur baie, veral deur die regse oppposisie,

---

[43] MCH 100 3.3.2.9: National Council, correspondence, Frene Ginwala – Minister of Justice, 25 February 1993.

[44] http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1993/news9304.01.

[45] *Beeld*, 26 Februarie 1993.

geopper is, naamlik dat die vrou van haar tradisionele rol van ma en huisvrou vervreemd sou raak as sy meer bevryd is, aangespreek. Sy het gesê dat die vrou se "natuur" sal sorg dat dit nie gebeur nie. Sy het vroue ook gerusgestel en gesê dat hulle nie openbare rolmodelle hoef na te streef en te voel dat hulle in die openbaar moes presteer nie, want "Of sy verkies om 'n professionele loopbaan te volg of haar rol as ma en huisvrou uit te leef, bly haar eie keuse en daar moenie op haar neergesien word nie, wat haar keuse ook al is." Sy het egter ook bygevoeg dat: " 'n Kultuur in Suid-Afrika gevestig moet word om begrip vir vroue se status en posisie te bewerkstellig en dat die siening oor vroue moet verander."[46] Eersgenoemde uitlatings van Venter was tiperend van die situasie waar die Afrikanervrou haar nog steeds in die laaste dekade van die twintigste eeu bevind het. Sy kon keuses uitoefen, mits dit die goedkeuring van die stelsel weggedra het, al was dit in hierdie geval dat die parameters deur 'n vroue minister wat die die patriargale stelsel verteenwoordig het, geskuif is. Venter se tweede standpunt was 'n versigtige voorstel dat daar van die tradisionele siening van vroue wegbeweeg moet word en sy het 'n nuwe siening vir die rol van die vrou bepleit. Sy het dus indirek die bestaande patriargale orde se siening oor vroue aangeval. Hierdie twee *Nasionale Party*-vroue het die nuwe wette verwelkom, maar die eiesoortigheid van vroue beklemtoon en dit voorgestaan dat daar nuwe beskouings rondom vroue moes ontwikkel.

Jenny Malan was meer sinies en die gebeure in 1993 afgemaak met: "Selfs in die ou *Nasionale Party* het Kobie Coetsee goed gaan indien, byvoorbeeld die Internasionale Konvensie …" Sy het egter die invloed daarvan op die posisie van die vrou bevraagteken, want dit was " 'n wêreldwye tendens." Terselfdertyd het sy die *ANC* se plan met die *WNC* as "bewusmaking" gesien, maar was van mening dat dit nie veel op die lang duur sou verander nie.[47]

---

[46] Ibid.

[47] Jenny Malan, onderhoud, 5 Maart 2001.

Die Engelse pers het die wetgewing meer krities beskou. Die vraag is gevra of hierdie wetgewing werklik relevant was in ‘n veranderende samelewing. Daar is aanbeveel dat vroue so wyd moontlik betrek moes word, sodat wetgewing presies kon bepaal wat vroue nodig ag, sodat wetgewing “… truly captures their hearts and minds. Women have waited a long time for true equality. Let’s not fob them off with second best.”[48] Een koerant het geskryf dat op tipiese “stumbling and heavy-handed way” die regering laaste fanatiese pogings aangewend het om hulle te red van ‘n onsekere toekoms, om te vergoed vir verlore tyd en hulself teen toekomstige vervolging te beskerm. Die koerant se gevolgtrekking was dat “too little, too late” gedoen is.[49] Ander het dit beskryf as “Imperfect, but a start” en alhoewel daar dankbaarheid uitgespreek is dat Suid-Afrika uiteindelik sy argaïese verlede van manlike superioriteit agtergelaat het, was die regering nog nie gereed om wesenlike regte aan vroue te gee nie. Daar was beswaar gemaak dat die Wetsontwerp op die Voorkoming van Gesinsgeweld net van toepassing was op ‘n man wat nie by sy vrou(e) bly nie.[50]

Sadie en Van Aardt, politieke wetenskaplikes, wat verskeie besprekings van die voorgestelde wetsontwerpe bygewoon het, het getuig van talle beskuldigings wat na die regering geslinger is, onder andere dat die wetsontwerpe eensydig was, en deur ‘n “onwettige regering” beplan is slegs om die vrouestem te wen. Daar is ook gesê dat die wetgewing eerder moes gewag het tot ‘n nuwe wettige regering aan bewind kom.[51]

---

[48] *The Star*, 3 May 1993.

[49] *Pretoria News*, 4 February, 1993.

[50] *The Star*, 8 February 1993.

[51] Y. Sadie and M. van Aardt, “Women’s issues in South Africa, 1990-1994”, *Africa Insight*, 1995, 25:2, p. 82.

Die regering is deur *Tempo en Monitor*[52], gekritiseer vir die verwaarlosing van die vrouestem en gewaarsku om nie "die magtigste stemgeregtigde groep in die land" te vervreem nie. Daar is uitgewys dat vroue sou kon bepaal wie die volgende regerende party sou wees en dat dit nie die party sou wees wat hulle regte minag of geringskat nie. "As vroueregte nie nou op demokratiese wyse erken en toegestaan word nie, kan die regering van een ding seker wees: niemand sal glo dat hy ernstig is met sy beweerde nuwe benadering tot menseregte en/of demokrasie nie."[53] 'n Week later het dieselfde koerant vroue gewaarsku om "agter die skelmstreek (te) sien wat in die stadium bloot gemik is om hulle stemme te werf." Intussen het die *ANC* ook die media gebruik om die vroue te lok. Cyril Ramaphosa van die *ANC* het sy bekommernis oor die posisie van vroue uitgespreek en gesê dat vroue die mees onderdrukte groep mense in die land is. "Dit kan nie langer toegelaat word nie. Nie in 'n demokrasie nie."[54]

Ten spyte van oorweldigende kritiek dat die oorspronklike wetsontwerpe deur mans, vir vroue, opgestel is, het die regering onverstoord met die proses voortgegaan. Die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, het geredeneer dat die regering daarmee die speelveld gelyk wou maak en die weg wou baan vir vroue om vooruit te beweeg. Die regering was tevrede met die terugvoering wat hulle gekry het. Nagenoeg 30 000 vraelyste is deur die Departement van Justisie uitgestuur, waarvan meer as 3 000 terugontvang is; meer as 300 organisasies, wat vrouegroepe tot verteenwoordigers van die regsberoep en individue ingesluit het, het in voorleggings, waarin hulle leemtes en behoeftes in die wetgewing uitgewys het, gereageer.

---

[52] Volgens die *Daily Mail*, van 14 Desember 1984, is *Tempo en Monitor*,'n Natalse dagblad, in Desember 1984 gestig toe die twee dagblaaie van die Argus-groep (*Monitor*) en Perskor (*Tempo*) saamgesmelt het. *Tempo* was voorheen die mondstuk van die *Nasionale Party* in Natal, maar die nuwe blad sou 'n apolities e beeld uitdra.

[53] *Tempo en Monitor*, 8 April 1993.

[54] *Tempo en Monitor*, 15 April 1993.

Na openbare kritiek dat die voorstelle oor gesinsgeweld nie omvattend genoeg was nie, is ‘n gewysigde weergawe van die Wetsontwerp op die Voorkoming van Gesinsgeweld in die Parlement ter tafel gelê. Die oorspronklike voorstel het gelui dat ‘n man skuldig bevind kon word aan die verkragting van sy vrou(e) slegs indien ‘n egpaar afsonderlik van mekaar gewoon het. Volgens die gewysigde vorm kon ‘n man te alle tye skuldig bevind word aan verkragting van sy vrou. In gevolge die Wetsontwerp op die Bevordering van Gelykheid tussen Mans en Vroue sou onder meer voorsiening gemaak word dat die maritale mag van die man finaal afgeskaf word.

Die regering het op daardie stadium ‘n verdere stap geneem om die stemme van vroue te probeer verower en op 1 April 1993 is Sheila Camerer as Adjunkminister van Justisie aangestel. Haar mening oor die voorgestelde wetgewing was: “an excellent example of mutual interaction between the Government and the public, which becomes even more significant given the innovation of the venture surrounding the statutory recognition of women’s rights in South Africa.” Camerer het beklemtoon dat vroue definitief oor die jare onderwerp is aan wetlike en strukturele diskriminasie en dat dit toegeskryf kan word aan die feit dat vroue min of geen verteenwoordiging gehad het. Sy was egter baie tevrede met vroue se reaksie op die wetsontwerpe en het gesê dat die vroue van Suid-Afrika hulle staal getoon het deur die wyse waarop hulle oor die spektrum heen kommentaar en bydraes gelewer het.[55]

Camerer het erken dat die regering bewus is van die politieke mag wat in die hande van vroue gerus het. Sy het daarop gewys dat met die verkiesing op 27 April 1994 daar agt miljoen nuwe vrouekiesers sou wees. Hierdie nuwe kiesers was swart vroue wat vir die eerste keer sou kon stem. Aangesien swart vroue baie blootgestel is aan gesinsgeweld was die Wetsontwerp op die Voorkoming van Gesinsgeweld sonder twyfel op die swart vrou se stem gerig.[56]

[55] Van Wyk, “Women’s rights: a starting-point”, pp. 34-43.

[56] Ibid., p. 37.

Camerer het nie net die beplande wetgewing van die regering ondersteun nie, maar sy het ook gevoel dat vroue nie slegs op anti-diskriminerende wetgewing moes staatmaak nie, maar dat hulle eerder ‘n verantwoordelikheid het om die gemeenskap op te voed en te oorreed om ‘n nuwe perspektief op geslagsverwante sake en die posisie van vroue te hê.[57] Met die laaste stelling het sy dus ook, soos die ander *Nasionale Party*-segspersone, die bal in die hande van vroue geplaas, naamlik dat hulle nie net op die owerhede moes staatmaak om teen diskriminasie vir die vrou op te staan nie, maar dat vroue self ook verantwoordelikheid daarvoor moes neem.

Hierdie twee konsepwetsontwerpe, naamlik die Wetsontwerp op die Voorkoming van Gesinsgeweld en die Wetsontwerp op die Bevordering van Gelykheid tussen Mans en Vroue, is in Junie 1993 in die Parlement ter tafel gelê. Die Konsepwetsontwerp op die Bevordering van Gelyke Geleenthede, is teruggehou om die bydraes van deskundiges in te sluit en totdat ‘n reeks konferensies oor vroueregte afgehandel is.

Volgens Sadie en Van Aardt het die regering na die promulgering van die wette aangekondig dat hy op daardie stadium genoeg vir vroue gedoen het en dat die regering se voortgesette betrokkenheid by die vrouebeweging nie meer nodig was nie.[58]

5.4 Die *Nasionale Party* en die doelwitte van die *WNC*

Dit is duidelik dat die *Nasionale Party* nie die doelwitte van die *WNC* ondersteun het nie. Dit wil selfs voorkom asof die *Nasionale Party*-regering nie eers die bestaansreg van die *WNC* erken het nie, want op geen stadium is aan die werk en die doelstellings van die organisasie, wat gemik was om die vrou se posisie te verbeter, erkenning gegee nie. Daar is reeds uitgewys dat Camerer die verbetering van die vrou se posisie as ‘n *Nasionale Party*-inisiatief gesien het. Behalwe om die

[57] Ibid., pp. 39-41.

[58] Sadie and Van Aardt, “Women’s issues in South Africa”, p. 82.

WNC te ignoreer het die regering, by monde van ministers Coetsee en Camerer, hulle ook indirek uitgespreek teen die *WNC* se voorgenome Vrouehandves: “In some quarters, women voice their support for a completely separate charter of women’s rights, while other women favour a simple clause in a bill of fundamental rights.” Hulle het gevoel dat ‘n afsonderlike Vrouehandves nie wetlik dieselfde gewig sou dra as ‘n meer gedetailleerde uiteensetting van vroueregte soos omvat in ‘n wet van fundamentele regte nie. Hulle het ook getwyfel of so ‘n Vrouehandves ‘n wettige dokument sou wees. ‘n Afsonderlike klousule sou ook nie die nodige ondersteuning vir vroueregte verskaf nie, want al bepaal so ‘n klousule dat daar geen diskriminasie ten opsigte van ras moet wees nie, is die realiteit dikwels verskillend. Camerer het Duitsland as voorbeeld gebruik om haar stelling te bewys. Dié land het ‘n redelike liberale grondwet, maar ook daar het ‘n enkele klousule nie bevooroordeeldheid teenoor vroue uit die weg geruim nie. Sheila Camerer het dus gepleit vir wetgewing om vroue se regte uit te spel en hulle teen diskriminasie te beskerm.[59]

As die *Nasionale Party* as lid van die *WNC* nooit die idee van ‘n vrouehandves wat deel van die grondwet sou wees, ondersteun het nie, waarom was hulle dan lid van die organisasie? As die *Nasionale Party* geen vertroue in die wetlike afdwingbaarheid van die die voorgenome Vrouehandves gehad het nie, het hulle dit ooit in die vergaderings verwoord? Daar is geen aanduiding dat dit wel die geval was nie.

Daar kan geargumenteer word dat die *Nasionale Party* ook die WNC as ‘n politieke rookskerm of net vir politieke beeldpoetsing, wou gebruik. Eerstens sou dit baie swak gelyk het as die *Nasionale Party* saam met die *ANC* om die onderhandelingstafel gesit het en by die *WNC*, ‘n landswye projek wat deur die *ANC* geïnisieer is, afwesig was. Tweedens was sigbaarheid by die

[59] Van Wyk, “Women’s rights: a starting point”, pp. 39-40.

WNC nodig om die vrouestem vir die komende verkiesing te wen en terselfdertyd sou die *WNC* baie kiesers vir stemwerwing toeganklik gemaak het.

'n Ander vraag wat ook by mens opkom, is of die regslui en politieke wetenskaplikes wat die *WNC* van raad bedien het en met die opstel van die Vrouehandves gehelp het ook gedink het dat 'n afsonderlike Vrouehandves as deel van die grondwet, geen lewensvatbaarheid gehad het nie? Daar is geen aanduiding dat dit wel gedoen is nie. Die volgende vraag is dan waarom nie? Waarom is so baie tyd en energie aan die Vrouehandves bestee? Was dit dalk vir persoonlike bevoordeling? Wat was dan die rede dat die *WNC* alreeds teen die middel van 1993 besef het dat die Vrouehandves nie deel sou uitmaak van die grondwet nie?

5.5 Politieke spanning beïnvloed die rol van die Vrouehandves (Charter)

Alhoewel dit nooit direk uitgespel is nie, het die Vrouehandves-projek as gevolg van die probleme wat tydens die onderhandelingsproses na die *WNC* oorgespoel het, agtergeraak. Die direkte oorsaak vir die uiteindelike status van die Vrouehandves was as gevolg van politieke spanning. In hierdie afdeling gaan aangedui word hoe dit gebeur het.

In Junie 1993 het Elmarie Nielson aan die Wes-Kaap-streekskoalisie terugrapporteer dat die Bestuurskomitee besluit het dat 'n advokaat se opinie ingewin moes word oor die wettige en konstitusionele status van die Vrouehandves. Sy het haar misnoë oor hierdie besluit uitgespreek, want na haar mening het die "Caucus on Law and Order" van die Universiteit van Kaapstad en ander regsgroepe dit alreeds gedoen.[60] Die moontlikheid bestaan dus dat die besware soos verwoord deur ministers Coetsee en Camerer die *WNC* tot nadenke gestem het.

[60] MCH 100 4.1.2.4: Reports, from Steering Committee meeting, 19 and 20 June 1993.

‘n Paar weke later, op 2 Julie 1993 is die verkiesingsdatum vir 27 April 1994 vasgestel. ‘n Week later, op 11 Julie 1993, het die tweede Nasionale Raadsvergadering van die *WNC* plaasgevind, vyftien maande na die eerste een. Die rede vir die lang onderbreking was die dreigende ineenstorting van die onderhandelingsproses - as dit sou misluk, was daar nie werklik meer ‘n rede vir die bestaan van die *WNC* nie. Tydens die nasionale vergadering was dit van die begin af duidelik dat daar spanning was. Die onsekerheid oor die politieke onderhandelingsproses het in die lug gehang en het die optimistiese gees van die vorige Nasionale Raadsvergadering vervang. Al was die onderhandelings op dreef en al was daar ‘n verkiesingsdatum vasgestel, was daar nog baie onopgeloste probleme.

Frene Ginwala het daarop gewys dat by die grondwetlike onderhandelinge hulle op daardie stadium “agter” Desember 1992 was en is volgens haar in die voorafgaande ses maande geen vordering gemaak nie. In haar verslag het Ann Letsebe klem gelê op die probleme wat die *WNC* self ondervind het. Sy het die diversiteit van die koalisie, en interpersoonlike verhoudings, as rede vir die spanning aangevoer. Hierdie spanning het dit moeilik gemaak om die probleme op te los. Sy het beklemtoon dat politieke verskille konformering of aanpassing moeilik gemaak het. Sy het die gebrek aan verantwoordelikheidsin van ampsdraers uitgesonder en daarop gewys dat omdat almal van verskillende organisasies gekom het, probleme rondom verdeelde lojaliteit ontstaan het. Volgens Ginwala is probleme personaliseer wat samewerking feitlik uitgesluit het. Die onbetrokkenheid van die *ANCWL* by die Vrouehandves op daardie stadium, was ook ‘n probleem,[61] vermoedelik as gevolg van die invloed wat die organisasie gehad het. Die feit dat Ginwala spesifiek na die Vrouehandves verwys het en nie na die koalisie in die algemeen nie, is vreemd.

[61] MCH 100 3.1.5: National Council, minutes, Council meeting, 11 July 1993.

Op bogenoemde vergadering het Ann Letsebe die een oomblik nog die belangrikheid van die navorsing wat deur die *WNC* onderneem word om die vroue van die land se wense in ‘n Vrouehandves te verwoord as die maatstaf van die moontlike sukses of mislukking van die *WNC* beklemtoon. Die volgende oomblik het sy terloops genoem dat daar oor die status van die Vrouehandves tydens die volgende Raadsvergadering (Council meeting), wat in September sou plaasvind, besluit sou word.[62]

Tot op daardie stadium is geglo dat die Vrouehandves as deel van die grondwet inkorporeer sou word, dit is immers so in die grondwet van die WNC verwoord.[63] Navorsing het egter aan die lig gebring dat daar konflik oor die rigting, inhoud en styl van die Vrouehandves self was en ook die wyse waarop die veldtog gehou is. Abrams suggereer dat die aktiviste in die *WNC*, soos byvoorbeeld die voormalige *UDF*-vroue, die Vrouehandvesveldtog as ‘n geleentheid gesien het om vroue op te voed en veral te mobiliseer sodat die vrouestem gehoor word. Hierdie groep was skepties oor die effektiwiteit van wetlike veranderings. Daarteenoor het die minder radikale lede, veral die vroue wat in die buiteland in bannelingskap was, die Vrouehandves as skakel tussen vroue en die wetgewende proses gesien, en wou hulle dit dus op die korttermyn as deel van die tussentydse grondwet en uiteindelik as deel van die Handves van Menseregte van die nuwe regering, inkorporeer.[64]

Victor Southwell, ‘n navorser by die Departement Kriminele Regspleging by UNISA , maak die volgende stelling: “However the charter was never intendend to become a legal document.

---

[62] Ibid.

[63] 1.1 The constitution of the *WNC*, 6 February 1993.

[64] S.K. Abrams, *Fighting for women’s liberation during the liberation of South Africa: the Women’s National Coalition* (unp. M.A. thesis, Wadham College, Oxford, 2000), pp.10-11. Gebaseer op ‘n onderhoud met Debbie Budlender.

Instead, it is a political document articulating the coalition's agenda." Southwell was ook onder die indruk dat die Vrouehandves nooit deel van die grondwet sou wees nie![65]

Deeglike deelnemende navorsing is tydrowend. Die veldtog het heelwat probleme ondervind, byvoorbeeld metodologiese probleme en praktiese probleme soos om die vroue in afgeleë gebiede te bereik , sowel as die reedsgenoemde politieke probleme. Spanning en verskille het tot geskille en die bedanking van personeel gelei. Alles het daartoe bygedra dat die proses vertraag is. Ginwala het nog tot in Junie 1993 aangedring op 'n "credible document in a very short space of time in order to affect the negotiations."[66] Maar kort daarna, in Julie 1993, moes die *WNC* besef het dat die Vrouehandves nie deel van die tussentydse grondwet sou wees nie en dat dit nie meer onderhandelings sou beïnvloed nie.

Frene Ginwala het ook net daarna aangekondig dat sy vanaf die volgende Raadsvergadering nie meer die sameroeper sou wees nie. Het hierdie besluit dalk 'n rol gespeel? Waarom is die aanval op die *ANCWL* geloods? Daar is baie onbeantwoorde vrae. Op 10 Julie 1993 is deur die Bestuurskomitee genotuleer dat die "Discussion on the status of the Women's Charter was seen to be so important that a special council meeting was called for September 1993 to discuss this isssue. The debate is whether it should be an aspirational document only, or whether it should enjoy legal status."[67] Die fokus van die *WNC* het êrens verlore gegaan.

Op 19 September 1993 het die Legal Working Group met 'n ander plan vir die Vrouehandves na

---

[65] Victor Southwell, "The case of the invisible woman, essentialism, intersectionality and marginalisation in feminist discourse, *Comparative and international law journal of Southern Africa*, 1994, 27:3, p. 365.

[66] Shireen Hassim, " 'A conspiracy of women': the women's movement in South Africa's transition to democracy", *Social research*, vol. 69, no. 3 (fall 2002), pp. 710-711.

[67] MCH 100 4.1.2.6: Report, Steering Committee meeting, July 10-11 1993.

vore gekom, ‘n sogenaamde “multi-pronged”, veelvurkige plan. Daar is gewys op die nadele as die Vrouehandves by die Handves vir Fundamentele Menseregte ingesluit word. Dit sou eerstens deur té veel partye goedgekeur moes word en in die proses sou dit afgewater word. Tweedens sou dit dan nie verander kon word nie en sou dan te rigied en nie meer dinamies wees nie. Vroue sou dan uiteindelik hul hoop op die howe moes vestig om hul wense te implementeer. Die vergadering het eenparig besluit op die volgende baie vae en dubbelsinnige plan, naamlik, “Status of the Charter”:

i. “A multi-pronged approach to the whole question of the Status of the Charter.
ii. There should be clauses covering broad issues on women’s legal status in the Bill of Rights.
iii. There should be guidelines visible in the preamble to the Constitution.
iv. There should be thought towards formulating a Commission of Social Justice.
v. Mechanisms should be worked out to ensure easier access to courts and to make everything in the constitution justiciable.”[68]

Soos reeds gesê was dit nie ‘n baie praktiese plaasvervanger nie. Wat verder vreemd was, was dat nadat bogenoemde “plan” in September eenparig deur die Nasionale Raad aanvaar is, die Bestuurskomitee op 3 Desember besluit het dat ‘n “Lawyers Workshop” in Januarie gehou sou word om voorstelle oor die status van die Vrouehandves voor te lê.[69] Hierdie voorstelle van die regsadviseurs was dieselfde as wat in September deur die raad aanvaar is. Daar is ook beklemtoon dat slegs die Wetgewende Vergadering (Parlement) die mag het om ‘n Vrouehandves wetlik afdwingbaar te maak, wat kennis is wat al die regslui tog van die begin af gehad het. Daar moes dus ‘n keuse gemaak word tussen: geen Vrouehandves; ‘n “politiese” Vrouehandves en/of ‘n beregbare (“justiciable”) Vrouehandves. Weer eens is daar nie ‘n besluit geneem nie – die beslissing sou tydens die Nasionale Konferensie in Februarie 1994 geneem word.[70]

---

[68] MCH 100 3.1.7: Minutes, National Council meeting, 17-18 September 1993.

[69] MCH 100 4.1.2.11: Reports, National Steering Committee meeting, 3 December 1993.

[70] MCH 100 3.1.8: Minutes, National Council meeting, 15-16 January 1994;
MCH 100 3.1.9: Report, Legal Working Group, 14 January 1994.

Die *Demokratiese Party* het in hierdie periode ‘n insiggewende dokument, wat waarskynlik onder die leiding van Dene Smuts saamgestel is, aan hul kongres voorgelê. Die volgende punte word uitgelig: eerstens is daar aanvaar dat die beregbare regte op gelykheid op daardie stadium in die tussentydse grondwet vervat is en dat die *WNC* reeds ‘n bydrae tot daardie dokument gemaak het; tweedens is geredeneer dat die navorsing wat deur die *WNC* gedoen is nie konstitusionele keuses bevat het nie en dit is dus onmoontlik was om ‘n formele konstitusionele dokument op te stel en voor te gee dat dit die gesigspunte van vroue is, en derdens word voorgestel dat aangesien die aard van die navorsing ondersoekend en bewusmakend was, die Vrouehandves ‘n waardevolle politieke instrument (“tool”) sou wees vir vroue en organisasies om politieke partye se programme vóór en ná die verkiesing te meet. Die *Demokratiese Party* het ook vierdens met ‘n heeltemal radikale voorstel na vore gekom, naamlik dat aangesien CEDAW op daardie stadium nog net onderteken is en nie bekragtig is nie, dit wel bekragtig word en dit volgens die beginsels van die tussentydse grondwet die status van ‘n wet sou hê. Daar is redeneer dat CEDAW boonop die ingeboude status van internasionale monitering sou hê. Boonop is CEDAW deur baie organisasies, insluitend die *Demokratiese Party* as beleid aanvaar, wat die probleem om verskillende menings te rekonsilieer, uitskakel. Laastens is voorgestel dat die *WNC* dit kan oordink om ‘n veldtog te loods om CEDAW by die “nuwe” grondwet aan te heg, wat die dokument se status uit die aard van die saak nog meer sou verhoog.[71]

In hierdie standpunt van die *Demokratiese Party* is dit duidelik dat die Vrouehandves te laat was om by die tussentydse grondwet ingesluit te word. Die uiteindelike voorstel dat die Handves heeltemal van die tafel gevee moes word en deur CEDAW vervang word, is egter verrassend. Aangesien dit ‘n baie praktiese voorstel was, ontstaan die vraag waarom dit nie reeds vroeër

[71] “Democratic party position paper on: *WNC* campaign and the status of the charter / other document”, no date.

oorweeg is nie? Die WNC se fokus kon dan eerder die opvoeding van vroue gewees het. Daar is egter geen bewyse gevind dat so ‘n voorstel ooit oorweeg is nie.

Op 25 tot 27 Februarie 1994 het die *WNC* se nasionale konferensie oor die Vrouehandves plaasgevind. Afgevaardigdes het in groepe verdeel om oor die status en die inhoud van die Vrouehandves te besluit. Daar was voorstelle uit ‘n paar groepe dat dit as ‘n politieke dokument gebruik word en dat ‘n spesiale komitee dit in ‘n wetlike (legal) dokument kon verander, indien nodig.[72] Dit het nooit gebeur nie. Daar is geen formele besluit oor die Vrouehandves geneem nie. Dit is werklik vreemd dat die Vrouehandves se grondwetlike doelwit, wat een van die twee hoofoogmerke van die *WNC* was, opsy geskuif is. Wat die rede hiervoor was, is onduidelik. Dit kan dalk wees dat daar so min tyd oor was om die finale onderhandelings te finaliseer dat die posisie van ‘n Vrouehandves nie ‘n rol gespeel het nie. ‘n Moontlike rede kan wees dat die *WNC* sy fokus en momentum verloor het na die aanwys van politieke kandidate en dat laasgenoemde vroue en ander rolspelers belangstelling verloor het. Dit wil voorkom asof daar vroeg in 1994 die gevoel was dat die Vrouehandves bloot net afgehandel moes word. Dan kan daar ten minste aan die donateure iets tasbaars gewys word.

Dit is ook moontlik dat die aantyging dat die *WNC* net ’n politieke “rookskerm” is, waar is en dat die belangrikste taak van die *WNC* eintlik was om agt miljoen nuwe kiesers op te voed , kiesersopleiding te gee en hul stem te werf. Alhoewel alle partye natuurlik die opvoedingstaak tot hul eie voordeel kon gebruik, was daar meer aantygings dat die *ANC* dit wel gedoen het.

[72] Abrams, *Fighting for women’s liberation during the liberation of South Africa*, pp. 96-97.

5.6 Die finale fase van onderhandeling

Terwyl die onderhandelaars in Kemptonpark probeer het om hul fokus en toegewydheid te behou, het spanning buite die onderhandelingsforum gegroei. Die spanning en vyandigheid tussen die twee leiers was by verskeie geleenthede opgemerklik. Mandela het byvoorbeeld tydens ‘n besoek in Julie 1993 aan Amerika, om die Philadelphia Liberty Toekenning saam met De Klerk te ontvang, ‘n fotosessie saam met president Bill Clinton en De Klerk gekanselleer. Ook toe albei in Desember 1993 na Skandinawië moes reis om die Nobelvredesprys in Oslo te ontvang, was die verhouding tussen die twee gekenmerk deur “venyn en agterdog.”[73]

Met die bevestiging van die verkiesingsdatum in Julie 1993, het vyf politieke partye, die *Konserwatiewe Party*, die *Inkatha Vryheidsparty* en verteenwoordigers van die Ciskei-, Bophutatswana- en KwaZulu-regerings hulle van die onderhandelings onttrek, omdat hulle nie met die keuse van die verkiesingsdatum saamgestem het nie. Die regering het besef dat ‘n verkiesing sonder die *Inkatha Vryheidsparty* en die konserwatiewe Afrikaners nie net onverteenwoordigend sou wees nie, maar ook gevaarlik. Baie tyd is spandeer om hierdie groepe na die onderhandelingsproses terug te lok, maar aan die begin van Oktober het bogenoemde groepe asook die *Afrikaner Volksfront*, wat ‘n koalisie van 27 konserwatiewe Afrikanergroepe was, ‘n nuwe onderhandelingsalliansie gestig wat hulle die *Vryheidsalliansie* genoem het. Hul vernaamste doelwit was om die reg tot selfbeskikking vir verskillende groepe in Suid-Afrika te verseker en om ‘n nuwe grondwet vóór die verkiesing op te stel. Nie een van hierdie groepe wou deel van die nuwe Suid-Afrika wees nie. Die regering se onvermoë om op te tree teenoor die regse vleuel, wat gedurig van oorlog gepraat het; om *Inkatha Vryheidsparty* te konfronteer oor sy bydrae tot geweld, asook teenoor die *African Peoples Liberation Association (APLA)* wat op daardie stadium steeds wit burgerlikes aangeval het, het die spanning verhoog en verhoudings

[73] De Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, pp. 315-319.

versuur.[74] In die laaste helfte van 1993 het die verskrikking van geweld toegeneem. Die St. Jameskerk-moorde op 25 Julie 1993, aanvalle in Tembisa, Wadeville en Umtata, is net ‘n paar gevalle wat bygedra het dat altesaam 3 706 mense in 1993 in politieke geweld gesterf het. Die *PAC,* die *Suid-Afrikaanse Weermag, Inkatha Vryheidsparty,* en die *ANC* is onder andere vir die geweld blameer.[75]

Vir die doel van hierdie navorsing is hierdie politieke gebeure belangrik, want dit het op die verhoudinge en gebeure in die *WNC* reflekteer. Die geweld het die voorblaaie van koerante gehaal en is elke aand op televisieskerms gebeeldsend. Veral in wit huise het nie net die onsekerheid van ‘n toekomstige swart regering spanning gebring nie, maar ook die vrees dat die magsoorname met geweld gepaard sou gaan. Mense was bang om langtermyn planne te maak en daar was daaglikse praatjies van bewapening, kosvoorrade aanvul, “laer trek”, swartes wat wit huise gaan uitsoek en betrek. Die toenemende geweld het baie vrae oor die moontlikheid van ‘n vrye en geldige verkiesing laat onstaan. Soos reeds bespreek was hierdie onsekerheid ook in die *WNC* aanwesig en het dit baie spanning veroorsaak.

Ten spyte van al die spanning, onsekerheid en geweld het die Uitvoerende Oorgangsraad hulle eerste sitting op 7 Desember 1993 gehad. Op 22 Desember 1993 is die tussentydse grondwet deur die parlement geloods. Die probleme in die land was egter nie op ‘n einde nie. Die ongelukkige voorval in Bophutatswana waar magte van die Vryheidsalliansie ingeroep is om die Bophuthatswana-weermag te help om agitasie in die land te beheer, het lelik skeefgeloop toe die *AWB* besluit het om ook tussenbeide te tree. Plundery en uiteindelik die doodskiet van twee gewonde *AWB*-lede was die ‘n keerpunt. Kort daarna het die regering van Lucas Mangope in

[74] Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement,* pp. 209-213.

[75] De Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin,* pp. 315-319.

Bophutatswana tot ‘n val gekom, gevolg deur die regerings van Venda en die Ciskei. Generaal Viljoen het daarna besluit om ‘n nuwe party, die *Vryheidsfront*, wat aan die grondwetlike proses sou deelneem, te vorm. Hierdie stap het die kanse dat die regse vleuel die verkiesing sou ontwrig, aansienlik verminder. Kort daarna het die Goldstone-kommissie se onthullings aangaande die ondermynende bedrywighede van die Vlakplaas-eenheid gevolg. Maar ten einde laaste het alles tog tot ‘n punt gekom. Die *Inkatha Vryheidsparty* het op 19 April 1994, net ‘n week voor die verkiesing, besluit om deel te neem nadat daar ‘n ooreenkoms rakende die status van die Zoeloe-monargie bereik is.[76]

5.7 Die verhouding tussen die *ANC* en die *Nasionale Party* bereik breekpunt

Volgens Estelle Jordaan het die Afrikanervroue hoofsaaklik na die *Nasionale Party* vir leiding gekyk. Hierdie leiding was egter baie tentatief, want die gespanne verhouding tussen die *Nasionale Party* en die *ANC* om die onderhandelingstafel het ook na die *WNC* oorgespoel. Elke keer as die die *Nasionale Party Vroueaksie* aangetoon het dat hulle gaan onttrek van die *WNC*, “…dan was daar ‘n warrelwind van gerugte en het die Afrikanervroueorganisasies se besluitnemers te vinnig ook op die wa van ‘vat jou goed en trek Ferreira geklim.’ ”[77] Aangesien die Afrikanervroue so ontuis was in die *WNC*, was hulle maar net té gereed om te loop.

Teen die middel van 1993 het Anne Routier, die *Nasionale Party* se verteenwoordiger, uit die *WNC* bedank. Aangesien die dokumentasie geen redes verskaf nie, kan daar net hieroor spekuleer word. Vermoedelik met die onderhandelings op dreef en die verkiesingsdatum vasgestel, het die

[76] Rantete, *The African National Congress and the negotiated settlement*, pp. 214-224;
De Klerk, *Die laaste trek – ‘n nuwe begin*, pp. 332-334, 345.

[77] Estelle Jordaan, e-pos, 30 Maart 2001.

partypolitieke spanninge in die *WNC* opgebou. Die Bestuurskomitee het Routier klaarblyklik oorreed om haar bedanking terug te trek, want sy het daarna weer die vergaderings bygewoon.[78]

Maar op 15 Februarie 1994 het die bottel as't ware gebars. Die *Nasionale Party* het uit die *WNC* bedank met die beskuldiging dat die *WNC* as 'n "front" vir die *ANC* optree. Die volgende redes is in 'n brief (verkort) deur Anne Routier aan Frene Ginwala gestuur:

1 "The manner in which the *WNC* conducted the launch of the Interim Research Report on the Campaign for Effective Equality at the Kempton Park Town Hall and the World Trade Centre. At these events the coalition appeared for all intents and purposes as an *ANC* front organisation. For instance:

1.1 *ANC* T-shirts were sold in the foyer of the Kempton Park Town Hall.

1.2 T-Shirts saying 'Mandela for President' were worn by large numbers of women at Kempton Park and this too was condoned or ignored by the coalition officials and organisers.

1.3 The coalition officials determined that only four women should be designated as media representatives at the above-mentioned events and all four were *ANC* representatives.

2 *National Party* members of the *WNC* in Pietersburg were gravely offended when a *WNC* meeting was held in the *ANC* Pietersburg office where posters of our State President were displayed saying 'WANTED … CRIMINAL FOR POLITICAL OFFENCES'

3 In certain areas voter education programmes are being undertaken in the name of the *WNC* by *ANC* candidates e.g. in the Natal Midlands. When challenged about the political slant of certain voter education in the Northern Transvaal our representative was told 'the *ANC* is giving us our car, our petrol and our money. We will not change a word.'

4 Far less research was undertaken than was originally planned by the coalition because of delays caused by the in-fighting between researchers and the executive of the coalition. As a result the report has been handed over nine months late, but is certainly not as comprehensive as it should have been.

In view of the fact that a sub-council on the status of women has been established as part of the TEC we are of the view that the activities and objectives of the coalition will be catered for. The *National Party* has a representative on the sub-council and we feel that we would prefer to direct our efforts on women's issues through the sub-council and subsequently through our women in Parliament and within the *National Party*.

The *National Party* is the political opponent of the *ANC*. Both parties are involved in an election campaign. As the coalition appears to act as a front for the *ANC*, it is clearly impossible for the *National Party* to be involved any longer in the activities of the Women's Coalition.

It is a great shame for the women of South Africa that the coalition has lost the impartial image it fought so hard to establish, however the *National Party* remains committed to total equality for

[78] MCH 100 4.1.1.9: Minutes, Steering Committee, 19/20 June 1993.

women in all fields to endeavour and will work to remove all vestiges of discrimination against women in the new South Africa."[79]

Hierdie stap van die *Nasionale Party* moet natuurlik teen die agtergrond van die naderende verkiesing gesien word. Die geweldige intense politieke aktiwiteit het sy tol geeïs. Die voorbeelde wat die *Nasionale Party* genoem het om hul aanklag dat die *WNC* verpolitiseer is te illustreer, was geldig en is ook nie later deur die *WNC* ontken nie. Die *WNC* het wel probeer om die situasie te verduidelik. Dit sou vreemd gewees het as die *Nasionale Party* nie reageer het nie, veral nie teenoor die opruiende onderskrif wat by die foto van De Klerk verskyn het nie.

Die aanklag is ook gemaak dat kiesersopleiding in die naam van *ANC*-kandidate in die Natal-Middellande en Noord-Transvaal gedoen is en vroue dus gevolglik pro-*ANC* beïnvloed is. Die belangrikste aanklag was egter dat die navorsing wat onder vroue gedoen is om die Vrouehandves op te stel, nege maande later as wat aanvanklik beplan is, ingedien is en boonop minder omvattend was as die oorspronklike plan. As rede word die struwelinge tussen die navorsers en die uitvoerende beamptes genoem.

.

Die *WNC* het dadelik vir die *Nasionale Party* gevra om hul bedanking terug te trek. Die *WNC* het die aantygings op die volgende wyse beantwoord:

> "We rejected the suggestion that the Coalition has become a front for the *ANC* or any other party, and having examined the content of your letter wish to clarify the situation.
> 1 The *WNC* has never prevented organisations from distributing their promotional material at events. We were told today, that some regional coalitions encourage this while others prohibit it. At the Kempton Park meeting *ANC* women protested at the presence of the South African Communications Services stall. The Deputy Secretary-General did in fact ask that both stalls be closed and this was done. In the light of the misunderstandings that have arisen over the presence of stalls, the Steering Committee will be considering our policy further.

[79] MCH 100 3.3.1.32: National Council, correspondence, Anne Routier - Frene Ginwala, 15 February 1994; *Beeld*, 16 Februarie 1994.

2 We do not believe it is possible to prescribe appropriate wearing apparel to those attending our functions. However, we do recognise the need to sensitize our members on the necessity of promoting the non-party political image of the Coalition.

3 Regarding the designation of four *ANC* women as "experts" on one section of the research report, this did appear in the media pack that was prepared by our PR agency. However, as soon as this was noticed by the officials, we took active steps to correct it. This included getting the names erased from any further packs distributed, and making an announcement asking media present not to contact those named in the packs directly, but to contact the office staff who would arrange persons to be interviewed.

4 The *WNC* took a decision early last year that it would not undertake any voter education. We have neither raised money for this purpose, nor allocated any. As has been reported at Steering Committee meetings, various regions (who are outonomous) have included voter education in their programmes, but they do so out of their own resources.
Natal Midlands has this morning informed us that following the allegations they had to suspend their program as those involved in it were afraid to continue as they would be seen as an *ANC* front. The regions is asking that the situation be clarified and are writing to us asking us to take the matter up further with the *National Party* and the IEC.

5 We are conducting an investigation regarding the alleged events in the Northern Transvaal, and would ask that the *National Party* provide us with further information on this matter. We should say however, that following earlier problems in this region, we did ask the persons involved to be more sensitive to the need to respect the attempts to do so, especially in the way they arranged their regional conference last weekend, at which a wide range of organisations were present.

6 We differ from your interpretation of the reasons for the delay of the research report, but this is a matter that can be discussed further.

We sincerely hope that the *National Party* will consider the above clarification, and once again join us, so that we can all work collectively in promoting the interests of women. The matter of the future of the Coalition, and the role of the TEC sub-Council will be discussed at our national convention."[80]

Die *WNC* het hoofsaaklik die voorvalle aan die onafhanklikheid van die streekskoalisies toegeskryf. Hulle het beklemtoon dat die hoofkantoor nog nooit voorskriftelik teenoor die streke opgetree het nie, maar tog versoek het dat hulle konsidererend en sensitief moes wees om die nie-party politieke beeld van die *WNC* te handhaaf. Die feit dat die streke outonomitieit gehad het, het in hierdie geval voordele en nadele vir die *WNC* ingehou, want hulle kon nou die streke blameer en die nasionale bestuur van alle blaam onthef. Die gebeure het egter ook baie swak op die *WNC* gereflekteer.[81] Die aanklag oor die redes vir die vertraging van die navorsingsverslag is heftig

[80] MCH 100 4.1.3.2: Correspondence, Steering Committee - Anne Routier, no date.

[81] Sien p. 226 vir 'n bespreking oor die aanklag van stemwerwing.

ontken.[82] Die *WNC* het egter verkies om nie te reageer op die aanklag dat die navorsing onvolledig was nie. Dit was ‘n ernstige aantyging wat nie net die geloofwaardigheid van die hele Vrouehandvesveldtog in twyfel sou trek nie, maar ook deur die donateurs bevraagteken sou word.

Na ontvangs van hierdie verduideliking en nadat ‘n afvaardiging die *Nasionale Party* gaan spreek het, het die *Nasionale Party*, volgens Anne Routier, “versekeringe deur die koalisie deeglik oorweeg en besluit om sy bedanking op te skort tot ná die naweek se vrouekonferensie…”[83] Ten spyte van hierdie besluit het die *Nasionale Party* egter ‘n paar weke later finaal uit die *WNC* bedank. Dit is wel gemeld dat dit as gevolg van ‘n besluit van die *Nasionale Party* se Federale Raad was.[84] Dit was nou enkele weke voor die verkiesing en die spanning tussen die onderskeie partye het klaarblyklik ‘n rol gespeel.

Na die verkiesing en nadat al die stof gaan lê het, het die *Nasionale Party* weer by die *WNC* aangesluit. Die *Nasionale Party* het ‘n uitnodiging aan die *WNC* gerig dat die Vrouehandves aan adjunk-president De Klerk, as leier vn die *Nasionale Party*, op ‘n spesiale funksie wat deur die *Nasionale Party*-vroue georganiseer is, op 6 Oktober 1994 in Pretoria oorhandig moes word. As noodsaaklik taktiese stap het die *Nasionale Party*, die dag voor die oorhandiging weer amptelik by die *WNC* aangesluit. Marike de Klerk, leier van die *Nasionale Party Vroue-aksie*, het die party se heraansluiting verduidelik. Sy het gesê dat die party vroeër in die jaar van die *WNC* onttrek het, omdat die koalisie gepolitiseer is en “Sedert die verkiesing is die koalisie tot ‘n groot mate gedepolitiseer.” Sy het vervolg: “Die *Nasionale Party* se vroue vereenselwig hulle met die Vrouekoalisie se Handves ... en wil saam met al die vroueorganisasies werk om dit te bereik.”

---

[82] Die redes vir vertraging is gedokumenteer. Sien p. 253.

[83] *Beeld*, 25 Februarie 1994;
Sunday Tribune, 6 March 1994.

[84] MCH 100 4.1.1.23: Minutes, Steering Committee meeting, 21 March 1994.

Jean Ngubane, die sameroeper van die *WNC* het die Handves oorhandig. Estelle Jordaan, Annemarie Nutt en Francis Bosman was Afrikanervroue onder die groep wat die *WNC* op die geleentheid verteenwoordig het.[85]

Dit is baie interessant dat die *Nasionale Party* op daardie stadium weer by die *WNC* aangesluit het, aangesien dit wil voorkom asof die *ANCWL* hulle juis op daardie tydstip, ná Junie 1994, van die *WNC* begin distansieer het. In Junie 1994 is op ‘n konferensie besluit dat die *WNC* sou voortbestaan as organisasie om te veg vir doetreffende gelykheid van alle Suid-Afrikaanse vroue. Hierdie besluit het nie die goedkeuring van die *ANCWL* weggedra nie aangesien hulle geglo het dat die *WNC* sy mandaat vervul het. Baie *ANCWL* lede, veral buite Gauteng, het nie saamgestem met die hoofbestuur se besluit nie en het nog steeds aktief gebly, sommige as lede van geaffilieerde organisasies. *ANCWL*-hoofbestuur het dit as ongedissiplineerde en dislojale gedrag beskou. Jean Ngubane het in ‘n brief aan Cyril Ramaphosa gepleit dat vroue in Suid-Afrika nou meer as ooit te vore bymekaar moes staan. Sy was baie ontsteld oor die feit dat die *ANCWL* probeer het om *WNC* vergaderings te ontwrig en het beklemtoon dat die grondwet voorsiening maak vir vryheid van assosiasie, dus het niemand die reg om ‘n ander te verhoed om ‘n vergadering by te woon nie.[86]

Amanda Botha was deel van die afvaardiging wat Cyril Ramaphosa gaan sien het en was nou betrokke by bogenoemde onderhandelinge tussen die *ANCWL* en die *WNC*. Haar interpretasie was dat Winnie Mandela en die ander leiersfigure van die *ANCWL* se rol in die *WNC* te laag was en dat hulle “wou kom skop daarteen.” Volgens haar het die *WNC* hulle “in die bek geruk” en laat

---

[85] MCH 100 5.1.3: Minutes, National Committee meeting, 24 and 25 September 1994;
Beeld, 7 Oktober 1994.

[86] MCH 100 5.3.2.9: National Committee, correspondence, Jean Ngubane to Cyril Ramaphosa, 24 August 1994;

verstaan dat hulle maar net een van 93 organisasies was. Botha sê dat die *ANCWL* se betrokkenheid tydelik vir ses maande opgehef is sodat "hulle hul kan gedra en in pas kom met die res."[87]

Aangesien die *ANCWL* se leiersfigure via die *WNC*, na die Parlement toe is, en die *ANCWL* hulle só negatief uitgelaat het teenoor die *WNC*, bevestig dit net dat die organisasie die *WNC* as politieke instrument gebruik het. Daar kan dus geredelik aanvaar word dat die *WNC* vir politieke doeleindes geskep is. Amanda Botha se interpretasie dat die *ANCWL* beheer wou uitoefen, gee egter weer 'n ander perspektief. Dit kan dan ook wees dat Winnie Mandela, wat op daardie stadium president van die *ANCWL* was, na die oorhandiging van die Vrouehandves 'n hernude poging aangewend het om beheer oor te neem en sodoende haar eie beeld in die *ANCWL* te poets. Loïs Geldenhuys, wat vir Winnie Madikizela-Mandela op een van hierdie "probleemvergaderings" ontmoet het, het opgemerk dat sy geweet het hoe om haar "eie mense" te hanteer. Daar was egter 'n groep sterk vroue wat nie meer vasgevang was onder haar mag en invloed nie.[88] Op daardie stadium was Winnie Mandela gereeld in die nuus as gevolg van die Stompie Sepei-insident.

5.8 Samevatting

Daar is in hierdie hoofstuk aangetoon dat die politieke gebeure in die land 'n direkte invloed op die *WNC* gehad het. Die nie-partypolitieke beeld van die *WNC* het ernstig gewankel omdat die *WNC* nie in 'n vakuum plaasgevind het nie, want die gebeure by *KODESA* I en II en die Veelparty-onderhandelings het ook die werksaamhede van die *WNC* beïnvloed. Daar is

---

Hassim, "A conspiracy of women", pp. 726-727.

[87] Amanda Botha, onderhoud, 18 Maart en November 1996.

[88] Loïs Geldenhuys, vraelys, 17 Mei 2001.

voldoende bewyse dat die aanklagte dat die *WNC* in opdrag van die *ANC* geskep is om stemme te werf, met erns beskou moet word.

"Diversity is both our weakness and our strength."[89] Hierdie uitspraak van Frene Ginwala was onteenseglik waar. Politieke knelpunte was volop in die *WNC* en dit kon nie opsy geskuif word nie. Ann Letsebe se opdrag aan die lede van die *WNC*, "there also has to be a conspiracy of women", was nie moontlik nie, want die diversiteit van die vroue, in hierdie geval die verskille in hul politieke ideologie, het dit nie moontlik gemaak nie.

Een van die twee hoofdoelwitte van die *WNC*, naamlik om 'n Vrouehandves as deel van die grondwet te inkorporeer, het in die proses skipbreuk gelei. Verskeie redes is gesuggereer, maar die oorheersende gevoel is dat dit weens politieke redes was. Politieke spanninge, asook rolspelers op die kandidatelys van veral die *ANCWL* wat hul fokus verloor het, het daartoe gelei dat die onderhandelingsproses vinniger as die Vrouehandvesveldtog geloop het. Op die ou einde is die finale samestelling binne 48 uur deur 'n hoofsaaklike wit span, afgehandel.[90] Die Handves moes net voltooi word, agter die rug kom, want die *WNC* se doel was uitgedien, hulle het die politieke posisies gekry waarna hulle gesoek het.

[89] MCH 100 3.2.2: National Council, reports, General Secretary on Council meeting, July 10-11, 1993.

[90] Hassim, "A conspiracy of women", pp. 711 and 726.

Gevolgtrekking

> "Show me one white woman who was forced to live in apartheid-created dormitory township far away from her place of work. Show me one white woman who was forced to go to an apartheid-created school where the words "gutter education" could not even begin to explain the putrid quality of education. Show me one white woman who was forced to go into the back entrance of a shop because only white people could go in by the front entrance. Show me one white woman who was forced to leave a God-created beach, because only white people were allowed to use that beach. Blacks and dogs were not allowed. Show me one and I will show you a liar."[1]

Hierdie beskuldiging is meer as tien jaar ná die stigting van die *Women's National Coalition* in 1991 in 'n irrelevante bron gemaak. Wat opgeval het, is dat vir die skrywer die herinneringe aan die ontreg van apartheid nog helder in die geheue was. Was dit moontlik vir Afrikanervroue om in 1991, so kort na die aftakeling van apartheid, aan te pas in die *WNC*? Was dit moontlik dat hulle met swart vroue sou kon saamwerk? Was dit moontlik vir swart vroue om Afrikanervroue te aanvaar?

Afrikanervroue was in 'n onbenydenswaardige posisie. Afrikanervroueorganisasies het om verskillende redes by die *WNC* betrokke geraak, maar min het dit op eie inisiatief gedoen. Daar is aangedui dat Afrikanerleiers, hetsy kultureel, polities of akademies, vroue gevra het om 'n meer aktiewe rol in die politieke proses te speel. Die *WNC* het ook, meestal deur netwerkorganisasies soos *Vroue vir Suid-Afrika*, 'n ope uitnodiging uitgestuur. Sommige organisasies het dadelik aangesluit terwyl ander eers moes besin en heelwat later betrokke geraak het. Alhoewel die *Nasionale Party* nie self aangesluit het nie, is hulle terwille van politieke verteenwoordiging gevra om aan te sluit. Daar was ook Afrikanervroue wat vir hul spesiale kundigheid genader is.

Daar is bevind dat die Afrikanervrou aan die begin van die 1990's polities onbetrokke was. Van die belangrikste redes wat daartoe aanleiding gegee het, was die Afrikaner se godsdienssin en die

[1] Ryland Fisher, "White women and empowerment", *Moneyweb*, 28 May 2003.

patriargale ideologie wat eerder vroue in ‘n ondergeskikte posisie verkies het. Afrikanervroue was ook polities onverantwoordelik en is veral na 1940 beïnvloed om eerder die rol van moeder en huisvrou te vertolk en hul politieke mag deur mans te laat uitleef. Die gevolg was dat die meeste Afrikanervroue nie voorbereid was op dit wat op hulle sou wag in dié politieke koalisie nie.

Daar is geargumenteer dat die Afrikanervrou in die vroeë 1990’s in ‘n identiteitskrisis gewikkel was. Met die aftakeling en diskreditering van apartheid, selfs deur die Afrikanerkerke, die gevolglike betwyfeling van geloofswaardes en die vooruitsig aan ‘n swart regering, was daar min tradisionele ankers oor.

Dit is dus ironies dat Frene Ginwala in 1989 die volgende beroep op Afrikanervroue gemaak het: “From what we know of the history of our country, there is more to your culture than an exclusive inward focus and a rejection of the rest of South Africa… Retrieve the best of Afrikaans culture – it is rich and the common heritage of all South Africans, you fought against injustice, colonialism and imperialism.”[2] Hierdie woorde was dalk politieke retoriek, maar was ‘n versoenende gebaar teenoor Afrikanervroue. Maar ten spyte van Ginwala se positiewe siening van die Afrikanerkultuur was die Afrikanervrou self nie bereid om dit te verdedig nie. Op ‘n vraag waarom Afrikanervroue nie gekla het oor die vyandigheid wat hulle in die *WNC* ervaar het nie, was die antwoord, dat hulle “skaam” was.[3] Hulle was skaam, want daar is gereeld na die “apartheids regime” verwys. Afrikanervroue se skuld oor die verlede het hulle onbemagtig, want hulle het nie die selfvertoue gehad om op gelyke behandeling in die *WNC* aan te dring nie. Dit was juis ten opsigte van die erkenning van kultuurgroepe in die toekomstige Suid-Afrika waar Afrikanervroue in die *WNC*, ‘n bydrae kon lewer. Afrikanervroue het ook ‘n gulde geleentheid

[2] Ronel Scheffer, “Women take up the challenge”, *Democracy in action*, April 1989, p. 11.

[3] Rhoda Kadalie, onderhoud, 11 Junie 2004.

gehad om respek en vertroue vir die Afrikaner en sy kultuur terug te koop, maar hulle het die kans laat verbygaan. Die stigma wat aan die Afrikaner gekleef het, tesame met die onsekerheid oor wie sy eintlik is, het die Afrikanervrou verhinder om die *WNC* as podium te gebruik.

Baie van die Afrikanervroue wat na die *WNC* gegaan het, was vervul met onsekerheid, nie net oor die toekoms van wittes in Suid-Afrika nie, of oor hulle eie identiteit nie, maar veral oor die ontvangs wat hulle binne die *WNC* te wagte kon wees. Met die groot oormag swart vroue kon negatiwiteit te wagte gewees het. In ‘n studie oor onverdraagsaamheid in Suid-Afrika is gevind dat naas die *Afrikaner Weerstandsbeweging* en die *Inkatha Vryheidsparty*, die Afrikaner die mees gehate groep in Suid-Afrika was. Hierdie meningspeiling is 1996 gedoen en vermoedelik was die gevoel nog meer intens in 1991. In dieselfde studie word genoem dat “a lingering ‘apartheid memory’ continues to restrict the development of trust and allegiance.”[4] Hierdie wantroue was natuurlik by beide die swart vrou en die Afrikanervrou teenwoordig.

Na verwagting het die Afrikanervrou in die *WNC* vyandigheid ervaar. Rhoda Kadalie, voormalige aktivis en lid van die *WNC*, het gesê dat swart vroue se gedrag teenoor die Afrikanervrou swak (“rude”) was. Reeds tydens die vergaderings wat in die buiteland gehou is, het die *ANC*-vroue die houding gehad dat hulle die morele voordeel bo die Afrikanervroue, wat die onderdrukkers was, gehad het. Onskuldige vrae deur Afrikanervroue, is met ‘n houding van “shut them up”, hanteer. Die gevolg was dat hulle eerder stil gebly het. Dit was ook die situasie in die *WNC*. Volgens Kadalie was die *ANC* se styl dominerend en in vergaderings het hulle outoritêr en manipulerend opgetree. Op ‘n vraag waarom die sameroepers nie gesorg het dat almal akkommodeer word nie,

[4] James L. Gibson and Amanda Gouws, *Overcoming intolerance in South Africa* (Cambridge, Cambridge University Press, 2003), pp. 43, 50 en 53. Volgens Gouws is die bevindinge gebaseer op ‘n proefgroep van oor die 3 000, wat uit al vier die rassegroepe en tien etniese groepe bestaan het. Die metodologie was dat respondente moes aandui van watter groepe hulle die minste hou (“least like” methodology).

was haar mening dat Frene Ginwala niks sou doen wat die *ANC* se posisie sou verswak nie.[5] Dit was egter swak vergaderingdissipline en het daartoe gelei dat ‘n groep, die Afrikanervroue, gevoel het hulle word ignoreer. Hierdie optrede reflekteer negatief op ‘n organisasie soos die *WNC* wat juis vir die gelykberegtiging van vroue gepleit het, maar dit nie in eie geledere toegepas het nie. Leiers in die *WNC* moes erkenning gegee het aan diversiteit, maar moes nie toegelaat het dat een groep domineer nie en ook nie dat groepe uitgesluit gevoel het nie.

Die Afrikanervrou se belewenis van die *WNC* is volledig in hoofstuk vier bespreek. Behalwe vir verskeie praktiese faktore en bogenoemde vyandigheid, was daar oppervlakkige irritasies wat as onverdraagsaamheid van die Afrikanervrou gesien kan word, wat daartoe bygedra het dat sy moeilik aangepas het. Daar was dus onverdraagsaamheid aan beide kante: vir die swart vrou was die onderdrukking nog te vars in die geheue en vir die Afrikanervrou het veral die onvriendelike behandeling wat sy ontvang het, veroorsaak dat hulle op verskille en irritasies gefokus het.

Was daar moontlike raakpunte tussen die Afrikanervrou en die swart vrou? Mamphela Ramphele het in 1990 gesê dat dit baie makliker is vir ‘n Afrikaan om met ‘n Afrikaner interaksie te hê as met ‘n Engelssprekende blanke. Sy het gesê dat Engelssprekendes meer “proper” is en in ‘n eie klas, wat as ‘n beskermende kokon gedien het, vasgevang was.[6] Alhoewel daar nie ‘n studie oor die aanpassing van Engelssprekende vroue in die *WNC* gedoen is nie, is Ramphele se aanname oor die Afrikanervrou en die Afrikaan in die *WNC* verkeerd bewys. In die polities-gelaaide atmosfeer was eerder die teenoorgestelde waar. Kadalie glo dat raakpunte tog moontlik was, veral rondom samebindende faktore soos: vroue as moeders, patriargie en godsdiens.

---

[5] Rhoda Kadalie, onderhoud, 11 Junie 2004.

[6] Mamphela Ramphele, “As Afrikaner- en Afrika-vroue saamkom …”, *Die Suid-Afrikaan*, November 1990, pp. 36-37.

Daar was egter baie struikelblokke wat ‘n moedersentriese gemeenskaplikheid verhinder het. In Harare, vroeg in Maart 1989, het Gertrude Shope aan die wit vroue gesê dat: “We may differ on some points, but we are all mothers of that country and it is our duty to salvage it from its problems.”[7] Shope het hier na vroue as “volksmoeders” verwys, maar dit is twyfelagtig of Afrikanervroue gereed was om saam met die swart vrou ‘n gedeelde visie oor Suid-Afrika te hê.

Ten tye van die noodtoestand het Albertina Sisulu teenoor wit moeders gepleit: “Our children are dying in the townships, killed by your children. You are mothers. Why do you allow your children to go to train for the army?” Swart moeders het aanvaar dat hulle deur wit moeders verraai is. Vir wit moeders was die veiligheid van hul seuns die belangrikste en hulle het feitlik nie die regering, wat verpligte diensplig ingestel het, bevraagteken nie.[8] Dit is te betwyfel of swart vroue besef het dat dit selfs vir wit Afrikaners feitlik onmoontlik was om die burokrasie teen te staan.

Tydens ‘n *ANC*-kongres in Luanda, Angola, in 1981 het Oliver Tambo sy siening van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) se magte in die suide van Angola, as volg verwoord:

> “Which one represents man as having travelled the least possible distance from the mediaeval ape, which killed and murdered with unsatiabale relish? Is it those in Luanda who are discussing the role of women in the development of human society and the upbringing of children, or is it those in southern Angola who are savagely bombing women and children, destroying houses, towns, bridges?”

Hy het vervolg,

> “Far from the racist regime being subjected to a so-called communist onslaught, it is the peace-seeking nations of southern Africa who are the targets of a total onslaught by a minority who came to Africa as foreigners…these racists … are murdering, pillaging and plundering their way northward still.”[9]

---

[7] Scheffer, “Women take up the challenge”, pp. 1 en 10.

[8] Fidela Fouche, “Overcoming the sisterhood myth”, *Transformation* (1994), no. 23, p. 81.

[9] O.R. Tambo, “Speech at the concluding of the conference of the Women’s Section of the *ANC*, Luanda, Angola, 14 September 1981”, http://www.org.za/ancdocs/history/or/or81-16.html, pp. 2-3.

Hierdie siening van die weermag as moordenaars en plunderaars is deur *ANC* vroue in die buiteland gehoor en is daagliks deur swart vroue in Suid-Afrika ervaar. Afrikanervroue kon dalk in 1991 verduidelik het dat dit vir hulle baie moeilik was om hul seuns oorlog toe te stuur, maar dit is egter te betwyfel of die Afrikanervrou gereed was om dieselfde seun as terroris te eien.

Julia Wells argumenteer dat moederskap vroue van minder en meer ekonomies bevoorregte gemeenskappe bymekaar kan bring. In haar woorde: "Motherist appeals have proven successful in drawing white women, churches, donor agencies … and high-profile political leaders into community struggles." Sy glo dat moederskap politieke en ekonomiese vyandighede kan oor kom. Wells Sy beweer dat moederskap as die eerste fase van politieke ontwikkeling gesien moet word. Die vereiste is dat organisasies met sterk moedersentriese waardes gemobiliseer moet word.[10] Die *WNC* se fokus was polities, en nie moedersentries nie. Die *ANC*-leiers wat in 1989 op moederskap as verenigende faktor aangedring het, was nou in die wedloop om politieke aanstellings.

Kon swart vroue en Afrikanervroue nie gemeenskaplikheid rondom patriargie vind nie? In die woorde van Albie Sachs, "one of the few non-racial institutions in South Africa is patriarchy … it rears itself with special and equal vigour in all societies."[11] In die openingstoespraak van die *WNC* het Frene Ginwala gesê: "We are all part of a very patriarchal society."[12] Die verskil is egter dat, soos in die eerste twee hoofstukke aangedui is, dat patriargie Afrikanervroue onbemagtig gelaat het en tog sommige swart vroue binne patriargale strukture bemagtig het. Deborah Posel het redeneer dat swart vroue patriargie herdefinieer het. Deur verstedeliking, mans

[10] Wells, "The rise and fall of motherism", pp. 28-30.

[11] Albie Sachs, *Protecting human rights in a new South Africa* (Cape Town, Oxford University Press, 1990), p. 53.

[12] Speech by Frene Ginwala, National Workshop, April 25-26 1992.

se lae lone, werkloosheid en arrestasies is swart vroue forseer om al meer verpligtinge te aanvaar. Toenemend het swart vroue nou die man as hoof van die huishouding vervang, maar al haar pligte of take om die die familie bymekaar te hou, is uitgebeeld en verdedig as ‘n uitbreiding van haar rol as moeder. Dit het met ander woorde nog steeds binne die diskoers van patriargie geval, maar die sosiale kontrak van patriargie is heronderhandel.[13] Soos aangedui het patriargie in die hande van die “Protective Paternalistic Gentleman” die Afrikanervrou afhanklik, gemaklik en onseker gelaat. Die gedagte het ontstaan of die Afrikanervrou nie werklik is soos beskryf is deur die Indiese aktivis, Sarojini Naidu, gedurende die 1920’s nie: “Baie van die sogenaamde onderdrukking is bloot verbeelding aan die vrou se kant. Sy kan so vry wees as wat sy wil wees! Ek bind my hond met ‘n stukkie wol vas en hy kyk my aan en sit en tjank, want hy is mos vas.”[14] Die skynbare gelate aanvaardiging deur die Afrikanervrou van haar rol hang saam met ‘n gebrek aan feministiese oortuigings. Amanda Gouws beklemtoon dat dit moeilik is vir vroue om uitgesproke rondom geslagskwessies te wees, veral nie in die huis nie, want “Geen vrou wil daagliks veg teen die mense wat sy liefhet nie.”[15] Patriargie was dus ook nie ‘n raakpunt nie, want die aard van patriargie tussen wit en swart het radikaal verskil.

Godsdiens is ook genoem as ‘n moontlike raakpunt tussen Afrikaner- en swart vroue. Omdat statistiek bewys het dat ongeveer 70% van vroue in Suid-Afrika Christene is, was dit ‘n moontlikheid. Maar behalwe vir die keer toe Estelle Jordaan daarop aangedring het dat vergaderings met gebed geopen word, is dit skynbaar nooit as faktor aangespreek nie. Of die Afrikanervrou se godsdiensbelewenis meer privaat is, is ‘n moontlikheid. By die *WNC* self was daar egter verskillende denominasies teenwoordig. Daar was ook die *ANC* se alliansie met die

[13] Deborah Posel, “Women’s powers, men’s authority: rethinking patriarchy”, Conference on women and gender in Southern Africa (1991, University of Natal, Durban), pp. 22-23.

[14] Soos aangehaal in M. E. Rothman, *My beskeie deel*, p. 260.

[15] *Die Burger*, 12 September 2002.

Kommunistiese Party. Rhoda Kadalie glo dat swart vroue die Kommunistiese ideologie selektief nagevolg het, want al het hulle kommunisme "gepreek" was hulle baie godsdienstig en was om daardie rede sterk teen aborsie gekant.[16]

Daar is dus nie veel tekens van die gesuggereerde raakpunte nie. Wat sou die Afrikanervrou se belewenis van die *WNC*, ten spyte van haar onbenydenswaardige posisie en die gebrek aan gemeenskaplikheid met die swart vrou, positief gemaak het? Daar moes eerstens 'n motief teenwoordig gewees het om betrokke te raak en te bly. Kon dit feminisme gewees het? Daar is geen aanduidings dat die Afrikanervrou sterk feministies was nie, maar sy was eerder apaties en het die stryd vir vroueregte in mans se hande oorgelaat. In die inleiding is aangedui dat die *WNC* as organisasie as liberaal-feministies gesien kan word.[17] Die *WNC* was as organisasie nie feministies enersdenkend nie. Hierdie stelling word verklaar deur die feit dat die doelwit van die *WNC*, dat vroueregte deur middel van die Vrouehandves in die grondwet verskans moet word, langs die pad skipbreuk gelei het. Die redes vir hierdie verandering van plan is onder andere op die verskille binne die *WNC* blameer, wat verskillende denkwyses oor die werklike doel van die Vrouehandves was, ingesluit het. Die meer radikale groep binne die *WNC* wou die Vrouehandves gebruik om die vrouestem te mobiliseer; daarteenoor wou die meer gematigdes die Vrouehandves deel van die wetgewende proses maak.[18] Uiteindelik sou die liberaal feministiese ideaal van die *WNC* nie realiseer word. Binne die *WNC* was feminisme dus nie 'n verenigende faktor nie. Die voorbeelde van die vyandigheid wat Afrikanervroue deur diegene wat as swart feministe bestempel kan word, ontvang het, is legio. Hierdie swart vroue wat sekerlik die benadeling van swartes op die wit heersersklas kon blameer, het nie geskroom om die Afrikanervroue oor die ideologie van apartheid te kritiseer nie en het ook in die proses die Afrikaanse taal openlik

[16] Rhoda Kadalie, onderhoud, 11 Junie 2004.

[17] Sien p. xvi.

[18] Sien p. 254.

afgekeur. Die kans dat Afrikanervroue ‘n gedeelde feministiese visie net swart vroue te midde van soveel vyandigheid sou vorm, was skraal. Daarteenoor het Gertrude Fester vir ‘n inheemse Suid-Afrikaanse feminisme wat elemente van al die feministiese denkskole sou bevat terwyl dit die diversiteit van vroue aanvaar, bepleit.[19] Was ‘n gedeelde feminisme in ‘n kapitalistiese bestel, waar daar so ‘n groot swart oormag was, moontlik? Was dit moontlik dat so ‘n diverse groep ‘n gedeelde visie kon gehad het? Die swart vrou wou seker maak dat regte, wat sy in baie gevalle nog nooit gehad het nie, haar deel word in die toekomstige Suid-Afrika. Daarteenoor was die Afrikanervrou in ‘n situasie dat die moontlikheid bestaan het dat sy in die toekoms meer sou verloor as wat sy sou wen; haar bevoorregte posisie in Suid-Afrika het in gedrang gekom. Sou die Afrikanervrou haar in die posisie van die swart vrou plaas en so gesamentlik teen diskriminasie veg? Afrikanervroue het dikwels van hulself gegee terwille van die welsyn van ander, maar dit was anders, want dit was op hulle voorwaardes. Dit is te betwyfel of die Afrikanervrou genoegsaam aangevuur was om te veg vir politieke regte vir haar nuutgevonde “swart” suster. André Brink sê dat die “ravages of apartheid”, gelei het tot “subtle distortions of the mind”, wat dit baie moeilik, indien nie onmoontlik, gemaak het vir wittes om ‘n situasie van uit ‘n swart perspektief te sien, en dit het gevolglik gelei tot ‘n gebrek aan empatie en veral meegevoel.[20] In 1991 was die meeste Afrikanervroue nie gereed vir ‘n gemeenskaplike feministiese visie nie.

Sou ‘n tweede moontlikheid vir positiewe betrokkenheid van die Afrikanervrou die bestaan van ‘n “sisterhood” tussen die vroue van die *WNC* kon wees? Volgens Louise Vincent word die

[19] Rhoda Kadalie, “Feminism and the role of black women movements”, *Die Suid-Afrikaan*, nr. 50, Oktober 1994, pp. 25-26.

[20] André Brink, “Dakar: *ANC* and Afrikaners in dialogue”, *Democracy in action*, October 1987, pp. 5-6.

gedagte van ‘n verenigde “sisterhood” deesdae grootliks gediskrediteer, juis as gevolg van die diversiteit van vroue.[21] Frene Ginwala noem in haar *WNC*-openingstoespraak dat “a notion of sisterhood” dalk ‘n motief kon wees vir die teenwoordigheid van vroue by die *WNC*. Die aanspreekvorm “sister” is ‘n voorbeeld daarvan en is deur verskeie wit vroue gebruik. Shireem Hassim beweer dat politieke verskille ‘n gemeenskaplike diskoers oor feminisme verhoed het en dus die gedagte van “sisterhood” uitgesluit het. Daar was nie ‘n gedeelde visie nie, ten beste kon solidariteit in die bereik van die doelwitte verwag word.[22] Dit kom ooreen met Fidela Fouche se siening dat vroue nie as “sisters” of selfs “vroue” kan verenig nie, maar dat daar pogings tot samewerking kan wees ten opsigte van kwessies wat alle vroue raak.[23] Volgens Desiree Hanson is feminisme nie net ‘n sosiale teorie nie, maar ook ‘n politieke praktyk. As vroue nie gemeenskaplike politieke, ekonomiese en sosiale belange het nie en as hul visies van bevryding bepaal word deur hul spesifieke posisie in sosiale strukture, word vrouebevryding verskillende sake vir verskillende vroue. Geslagsonderdrukking is nie dieselfde vir alle vroue in Suid-Afrika nie.[24] Die diversiteit van die *WNC* het dus beide ‘n gemeenskaplike feminisme en die ontwikkeling van ‘n “sisterhood” verhoed. Die verskille het eerder, in die woorde van Dene Smuts, ‘n “Women’s National Collision” as ‘n “Coalition”, met ander woorde eerder botsing as samewerking, tot gevolg gehad.[25]

Derdens kon daar vir ‘n positiewe belewenis op die doelwitte van die *WNC* gefokus geword. Hilary Wainwright het argumenteer dat ‘n suksesvolle vrouebeweging die vermoë het om in

---

[21] Louise Vincent, “A question of interest: women as opposition”, Roger Southall (ed.), *Opposition and democracy in South Africa* (London, Frank Cass, 2001), p. 78.

[22] Shireem Hassim, “ ’A conspiracy of women’: the women’s movement in South Africa’s transition to democracy”, *Social Research*, vol 69, no. 3 (Fall 2002), pp. 704-705.

[23] Fouche, “Overcoming the sisterhood myth”, p. 79.

[24] Desiree Hanson, “Bridging the divides”, *Agenda*, 1992, 13, p. 35

[25] *Sunday Times*, 8 August 2004.

belangrike sake te verenig en terselfdertyd die politieke verskille van ander te respekteer, maar ook om te kan besluit om te verskil sonder om die beweging te benadeel.[26] In die *WNC* sou hierdie benadering verhoed het dat daar ‘n amper-paranoïese fokus op irritasies geval het. Daar is wel organisasies soos *ATKV-Dames* en *Kontak,* en individue wat op die doelwitte kon fokus. In realiteit was die werklike doelwitte van die *WNC* pal verdag, want met aanklagte dat dit ‘n politieke instrument was wat deur die *ANC* ingespan is, en die gepaardgaande politieke knoeiery en onderstrominge, het dit nie veel daartoe bygedra om lede gefokus te hou nie. Die *WNC* het wel uiteindelik sy mandaat uitgevoer en ‘n Vrouehandves daargestel, maar die twyfelagtige voltooiing van die Vrouehandvesveldtog het ook die eindresultaat onder verdenking geplaas.

Daar is voorheen aangedui dat die vyandigheid wat Afrikanervroue ontvang het, ‘n rol gespeel het om hulle onverdraagsaam te maak. Daar kan argumenteer word dat die Afrikanervrou haar ook as ‘n “slagoffer” van swart vroue se onverdraagsaamheid gesien het.[27] Dié slagofferbewussyn kon veroorsaak het dat daar eerder op negatiewe faktore en nie op die doelwitte gefokus is nie. In die geval van die *WNC* sou dié bewussyn die Afrikanervrou kon immobiliseer, want as slagoffer is sy onthef van verantwoordelikhede, soos byvoorbeeld om betrokke te wees. As slagoffer was die Afrikanervrou dus tegelykertyd onbemagtig en bevry.

Vierdens sou dit gehelp het as die Afrikanervroue as ‘n verenigde groep saamgestaan het. Omdat Afrikanervroue in die minderheid was, sou solidariteit hulle letterlik en figuurlik bemagtig het. Daar is egter aangetoon dat dit nie gebeur het nie en dat elke organisasie en elke politieke party sy eie agenda nagevolg het.

---

[26] Hilary Wainwright, “Beyond leadership”, Janet Siltanen & Michelle Stanworth (eds), *Women and the public sphere, a critique of sociology and politics* (London, Hutchinson, 1984), p. 182.

[27] In die eerste hoofstuk is daar melding gemaak van die slagoffer-bewussyn van vroue. Sien p. 62.

Vyfdens was politieke vernuf nodig. Rhoda Kadalie het gesê dat Afrikanervroue altyd ten spyte van die beste bedoelings in die oë van die swart vroue die verkeerde ding gesê het, of dit op die verkeerde wyse gestel het, vermoedelik omdat hulle nie die nodige politieke vaardighede gehad het nie. Hiermee saam hang die gebrek aan politieke bewustheid van die Afrikanervrou wat haar nie selfgeldend teenoor die polities-ervare swart vrou laat optree het.

Was die Afrikanervroue werklik deel van die *WNC*? Dit was twyfelagtig. Hulle was deurgaans onbetrokke, "from the outside looking in". Dit was opvallend dat indien die Afrikanervroue na die *WNC* verwys het, is daar na "hulle" verwys. Wat egter ook 'n faktor was, was die sosiale geïsoleerdheid van die Afrikanervrou. Daar is aangedui dat die Afrikaner begin uitbeweeg het uit die kulturele kokon, maar die Afrikanervrou se onvermoë om aan te pas was 'n aanduiding dat die proses nog nie voltrek was nie. Vir Max du Preez, joernalis, is die toets of die Afrikanervrou kon uitstyg bo die eie-bekende. Kon sy uitstyg bo Boerepolitiek en die land help vorder op die pad na 'n oop verdraagsame bestel? Kon hulle wesenlike bydraes maak om apartheid af te takel en was hulle werklik met menseregte gemoeid?[28] Die antwoord was in die meeste gevalle, nee.

In werklikheid het die Afrikanervroue nie by die *WNC* aangepas nie. Die *WNC* het te gou na die politieke veranderinge gekom, en die Afrikanervrou was nog nie gereed daarvoor nie, want al kon sy verandering as onvermydelik aanvaar, was die verandering nog nie in haar gesindheid gemaak nie. Die Afrikanervrou was in 'n situasie vasgevang waar sy met die verlede, die bekende realiteit, moes breek, maar sy kon nog nie die nuwe realiteit bemeester nie. Die residu van apartheid en 'n "gebroke" kultuur was bagasie wat die Afrikanervrou met haar saamgedra het en haar aanpassing bemoeilik het. Politieke onvermoë het 'n groot rol gespeel en het veroorsaak dat daar op verskille en probleme en nie op gemeenskaplikhede gefokus is. Sy was dalk in sommige

[28] *Die Burger*, 3 Februarie 2003.

gevalle doodeenvoudig net “nie lus nie” om betrokke te raak by ‘n organisasie wat buite haar belangstellingsveld gelê het.

Die vraag ontstaan egter, as die Afrikanervrou by die WNC meer politieke vernuf aan die dag gelê het, meer selfgeldend was, meer betrokke was, met oorgawe aan takke terugrapporteer het - sou dit ‘n verskil gemaak het? Met ander woorde, sou die Afrikanervrou met haar apartheidsbagasie toegelaat gewees het om ‘n groter bydrae te maak?

Hierdie proefskrif het tot die gevolgtrekking gekom dat die begrip “Afrikanervrou” genuanseerd is, daar kan nie net een etiket aan haar gehang word nie. Die oorwegende gevoel is dat die Afrikanervrou moeilik by die *WNC* aangepas het, terselfdertyd was daar ook vroue wat reeds voor die koalisie buite die politieke terrein beweeg het, en baie maklik ingepas het. Daar was ook talle vroue wat verby politieke aanklagte en vyandigheid gekyk het en op die doelwitte kon fokus. In skrille kontras hiermee is die vroue wat nie wou saamwerk nie, wat haar teenwoordigheid by die *WNC* negeer het – dit histories blanko wou laat.

Die *WNC*-belewenis het skynbaar nie as inspirasie vir Afrikanervroue gedien om meer polities betrokke te raak nie. In 2004 het ‘n soektog na vroueorganisasies met bemagtiging as doel, 900 Suid-Afrikaanse organisasies opgelewer. Onder hulle was nie een Afrikaanse organisasie nie.[29] Sommige kultuurorganisasies soos *Jong Dames Dinamiek* het langs die pad gesneuwel en die doel van *Vroue vir Suid-Afrika* was uitgedien. Het Afrikanervroue ander organisasies gevorm, of het sy haar teruggetrek in haar kokon? Vermoedelik sal die refrein “ek stel nie eintlik in politiek belang nie”, deel bly van die wit vrou wat Afrikaans tuis praat.

[29] *Die Burger*, 6 Maart 2004

Addendum A

Lidorganisasies van die WNC[1]

African Christian Democratic Party
African Council of Hawkers & Informal Business
African Women's Organisation (PAC)
Afro Hairdressing and Beauty
ANC Emancipation Department
ANC Women's League
Anglican Women's Fellowship
ATKV Dames
AZAPO Women's Organlsation
Black Association of Travel Agents of South Africa
Black Housewives League
Black Lawyers Association
Black Management Forum
Black Sash
Bophelo Impilo Community Association
Catholic Women's League
Central Islamic Trust
COSATU
Dames Aktueel
Democratic Party
Development Bank
Disabled People of South Africa
Executive Women's Club
Foundation for African Business
Consumer of Service
Friendship Forum
Girl Guides Association of South Africa
Grail Women's Leadership Training
IDASA

[1] *Breaking the silence*, an introduction to the Women's Charter for effective equality (Women's National Coalition, no date). Onderstreep deur skrywer.

lkageng Women's Club

Inkatha Freedom Party

Institute of Contextual Theology

Interdenominational Prayer Women's League

Jong Dames Dinamiek

KONTAK

Leadership institute

Methodist Women's Manyano

Methodist Women's Network

Municipal Educ. State Health and Allied Union

National Assembly of Women

National Association of Women Business Owners

National Congress of Trade Unions

National Council for the Physically Disabled

National Council for the Blind

National Council of Women of South Africa

National Party

National Spiritual Assembly of Bahai

National Stokvel Association of South Africa

National Union of Metalworkers

National Union of Mineworkers

National Youth Development Coordinating Committee

Ntataise

Pan African Congress

People Opposing Women Abuse

Planned Parenthood Association

Prowaldo

Rural Women's Movement

SA Agricultural Union

SA Association Independent Schools

SA Association of Early Childhood

Educare

SA Association of Occupational Therapists

SA Association of University Women

SA Black Business and Professional Women's Network

SA Black Social Workers' Association

SA Black Taxi Association

SA Catholic Bishop's Conference

SA Communist Party

SA Council of Churches

SA Democratic Teachers Union

SA Domestic Workers Union

SA Fashion Designers Association

SA Federation of Business & Professional Women

SA Police Service

SA Society of Physiotherapy

SA Student Congress

SA Catholic Bishops Conference

SA Association of Early Childhood Education

Suid-Afrikaanse Vrouefederasie

Soroptimists International SA

The Grail

The Women's Lobby

TRAC

Transvaalse Landbou-unie

UDUSA

Union of Jewish Women of South Africa

Vroue Diens

Women's Leadership Institute

Women's Legal Status Committee

Women for Peace

Women for South Africa

Women's Bureau of South Africa

Women's Development Banking

World Vision

Young Women's Network

YWCA

Addendum B

WOMEN'S NATIONAL COALITION

Ek is tans besig met 'n doktorale studie oor die *Women's National Coalition (WNC)*. Ek is van plan om onder andere op Afrikanervroue en -organisasies se betrokkenheid by die *WNC* te fokus. Die Afrikanervrou was skynbaar afwesig by die *WNC* en ek is op soek na die redes daarvoor, maar terselfdertyd wil ek ook skryf oor die wat wel daar was en 'n bydrae gemaak het. Ek wil graag die meer persoonlike en menslike ervarings opteken. Die *WNC* het om verskeie redes vir vroueregte 'n belangrike rol gespeel. Dit het egter ook elke individu wat betrokke was, beïnvloed. Dit is dié geskiedenis wat ek wil naspoor.

Aangesien die *WNC* se dokumente by die Mayibuye Instituut by die Universiteit van Wes-Kaap min verwysings na die Afrikanervroue en -organisasies het en ontbloot is van persoonlike ervarings, is ek afhanklik van betrokkenes se insette.

Ek is oortuig dat my studie nodig is en lig sal werp op 'n belangrike gebeurtenis tydens die proses van transformasie en 'n belangrike tydvak in Suid-Afrika se geskiedenis.

Ek sal dit geweldig waardeer as u die vrae kan beantwoord. Indien verkies sal ek u anonimiteit respekteer. Daar is nie ruimte op die vraelys vir antwoorde gelaat nie, want ek wil nie die lengte van die antwoorde beperk nie! U kan die antwoorde op die dokument intik as dit per e-pos ontvang is, of dit op enige ander wyse beantwoord en aan my faks of pos.

NB. Al die vrae sal nie op u van toepassing wees nie.

****

NAAM EN VAN:
ADRES:

TEL NO:
FAX.NO:
SEL NO:
E-POS-ADRES:

1 Is u Afrikaanssprekend?

2 Organisasie/Party verteenwoordig
Ja/Nee
Naam van organisasie/party:

Dui aan op watter vlak, bv. nasionaal, streek, ens.:
In watter hoedanigheid:

3 In watter hoedanigheid was u by die *WNC* betrokke? (bv. komitee, fokusgroepleier, ens.)

4 Tydperk wat u betrokke was:

5 Noem Afrikaanssprekende organisasies wat betrokke was.

6 Rede(s) waarom u organisasie by die *WNC* betrokke geraak het.

7 Het u organisasie dalk notules van die periode?

8 Is die geskiedenis van u organisasie al opgeteken? Indien wel, verskaf meer inligting asb.

9 Het u gevoel dat u persoonlik, of/en die organisasie wat u verteenwoordig het, ‘n bydrae gemaak het? Verduidelik asb. volledig.

10 Watter Afrikanervroueorganisasies was nie by die *WNC* betrokke nie? Waarom nie?

11 Sal u sê dat Afrikanervroue oor die algemeen swak verteenwoordig was by die *WNC*? Verskaf asb. redes.

12 Is u oorwegende gevoel oor die tydperk negatief of positief? Verduidelik asb. U kan dalk hier van die frustrasies, opgewondenheid, teleurstelling, maar ook aangename herinneringe, ens. vertel.

13 Dink u dat Afrikanervroue in die *WNC* werklik ‘n bydrae gemaak het? Verduidelik asb.

14 Watter Afrikanervroue dink u het ‘n belangrike rol gespeel? Verduidelik asb. Name en kontaknommers asb.

15 Wat is vir u die belangrikste nalatenskap van die *WNC*?

16 Watter blywende waarde, indien enige, het die WNC vir u en/of u organisasie, gehad?

17 Het die *WNC* aan u persoonlike verwagtinge voldoen, bv. bevordering van ‘n politieke loopbaan, werklike kontak met ander rassegroepe, opvoedkundige doelwitte, ens.?

18 Dink u dat die *WNC* sy doelwitte bereik het? Verduidelik.

Enige opmerkings, inligting, ens. word verwelkom. U kan my enige tyd by onderstaande nommers kontak.

Baie dankie by voorbaat

Loraine Maritz

Addendum C

The Convention on the Elimination of all Forms of Discrimination Against Women

The International Women's Rights Convention as condensed by the International Women's Rights Action Watch.

Article 1

Definition of Discrimination

- Any distinction, exclusion or restriction made on the basis of sex, which has the purpose or effect of denying equal exercise of human rights and fundamental freedoms in all fields of human endeavour.

Article 2

Policy Measures to be undertaken to Eliminate Discrimination

- embody the principle of equality in national constitutions, codes or other laws, and ensure its practical realisation
- establish institutions to protect against discrimination
- ensure that public authorities and institutions refrain from discrimination
- abolish all existing laws, customs and regulations that discriminate against women.

Article 3

Guarantees Basic Human Rights and Fundamental Freedoms on an Equal Basis with Men

Article 4

Temporary Special Measures to Achieve Equality

- temporary special measures may be adopted and must be discontinued when equality is achieved
- special measures to protect maternity are not considered discriminatory
- practices based on the inferiority or superiority of either sex shall be eliminated
- ensure that family education teaches that both men and women share a common role in raising children.

Article 5

Sex Roles and Stereotyping

- social and cultural patterns must be modified to eliminate sex-role stereotypes and notions of the inferiority or superiority of either sex
- family education shall teach that men and women share a common responsibility in the raising of children.

Article 6

Prostitution

- measures shall be taken to suppress all forms of traffic in women and exploitation of prostitution.

Article 7

Political and Public Life

- the right to vote in all elections and be eligible for election to all elected bodies to participate in formulation of government policy and hold office at all levels of government and to participate in non-governmental organisations.

Article 8

Participation at the International Level

- the opportunity to represent their country at the international level and to participate in international organisations.

Article 9

Nationality

- equal rights to acquire, change or retain their nationality
- equal rights to the nationality of their children.

Article 10

Equal Rights in Education

- equal access to education and vocational guidance
- the same curricula, examinations, standards for teaching and equipment
- equal opportunity to scholarships and grants
- equal access to continuing education, including literacy programmes
- the elimination of stereotyping in education and textbooks
- measures for reduction of female dropout rates
- equal participation in sports and physical education
- equal access to health and family planning information.

Article 11

Employment

- the same employment rights as men
- free choice of profession, employment and training
- equal remuneration, and benefits, including equal treatment as to work of equal value
- social security
- occupational health and safety protection

- prohibition of dismissal on the basis of pregnancy or marital status
- maternity leave
- provision of social services, including child care
- special protection against harmful work during pregnancy.

Article 12

Health Care and Family Planning

- equal access to appropriate pregnancy services.

Article 13

Economic and Social Benefits

- equal access to family benefits, loans and credit
- equal right to participate in recreational activities, sports and cultural life.

Article 14

Rural Women

- recognition of the particular problems of rural women, the special roles they play in the economic survival of families and of their unpaid work
- ensure their equal participation in development
- the right to participate in development planning and implementation
- access to health care and family planning services
- the right to benefit directly from social security
- the right to training and education
- the right to organise self-help groups and cooperatives
- the right to participate in all community activities
- the right to access to credit, loans, marketing facilities, appropriate technology and equal treatment in land and agrarian reform and resettlement
- the right to adequate living conditions - housing, sanitation, electricity, water, transport and communications.

Article 15

Equality before the Law

- guarantee of same legal capacity as men to contract, administer property, appear in court or before tribunals

- freedom of movement
- the right to choose residence and domicile
- contractual and other private restrictions on legal capacity of women shall be declared null and void.

Article 16

Marriage and Family Law

- equal rights and responsibilities with men in marriage and family relations
- the right to freely enter into marriage and choose a spouse
- equality during marriage and at its dissolution
- the right to choose freely the number and spacing of children
- access to information, education, and means to make that choice
- equal rights to guardianship and adoption of children
- the same personal rights as husband, including the right to choose family name, profession or occupation
- equal rights and responsibilities regarding ownership, management and disposition of property
- a minimum age and registration of marriage.

Articles 17-22

Detail the Establishment and Function of the Committee on the Elimination of Discrimination against Women (CEDAW)

Articles 23-30

Detail the Administration of the Convention

Addendum D Nie elektronies beskikbaar nie

Addendum E Nie elektronies beskikbaar nie

Addendum F Nie elektronies beskikbaar nie

Addendum G Nie elektronies beskikbaar nie

Addendum H Nie elektronies beskikbaar nie

Bronnelys

1 Boeke

ANC policy guidelines for a democratic South Africa, as adopted at National Conference, 29-31 May 1992.

Atkinson, Sylvia, *Organisasies aan die Werk* (Johannesburg, Perskor, 1981).

Barrett, Jane (e.a.), *South African women on the move* (London, Zed Books, 1985).

Bazilli, Susan (ed.), *Putting women on the agenda* (Johannesburg, Ravan Press, 1991).

Beinart, W., *Twentieth Century South Africa* (Oxford, Oxford University Press,1994).

Berger, Iris, *Threads of solidarity: women in South African industry, 1900-1980* (Bloomington, Indiana Press, 1992).

Bernstein, Hilda, *For their triumps and for their tears: conditions and resistance of women in apartheid South Africa* (London, International defence and aid fund for Southern Africa, 1975).

Boezak, Sonja, *Redefining politics, South African women and democracy* (Johannesburg, Commission for Gender Equality, 1999).

Botha, M. Elaine, *Die vrou moet haar plek ken.*…(Instituut vir bevordering van Calvinisme, Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1975).

Botha, Martina, "Uitdaging vir die vrou", in Malan, *Die vrou en die politiek*, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsddrukkery, 1975).

Bouwer, Alba, "Waarom so min vroue in die politiek?" in Malan, *Die vrou en die politiek*, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsddrukkery, 1975).

Bozzoli, Belinda, *Class, community and conflict. South African perspectives* (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Bradford, Helen, "Gentlemen and boers. Afrikaner nationalism, gender and colonial warfare in the South African war", Greg Cuthbertson, etc. (eds), *Writing a wider war, rethinking, gender, race and identity in the South African war, 1899-1902* (Claremont, David Philip, 2002).

Breaking the silence, an introduction to the Women's Charter for Effective Equality (Women's National Coalition, no date).

Breytenbach, W.J., *The ANC: future prognosis*, (US, Institute for Futures Research, 1989).

Brink, Elsabé, " 'Maar 'n klomp "factory" meide': Afrikaner family and community on the Witwatersrand during the 1920's", Belinda Bozzoli (red.), *Class, community and conflict* (Johannesburg, Ravan Press, 1987).

Brink, Elsabé, "Man-made women: "Gender, class and the ideology of the Volksmoeder", Cherryl Walker (Ed.): *Women and Gender in Southern Africa to 1945*.

Cronje, G., "Die patriargale familie in die Afrikaanse kultuurontwikkeling", P. de V. Pienaar (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968).

De Klerk, F.W., *Die laaste trek – 'n nuwe begin* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1998).

Diederichs, N., "Rol van die vrou in diens van die nasie", in Malan, *Die vrou en die politiek*, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsddrukkery, 1975).

Die vroue-optog, 22 Junie 1940, opgestel deur die reëlingskomitee (Johannesburg, Afrikaanse Pers, ongedateer).

Dubow, Saul, *The African National Congress* (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 2000).

Du Toit, Marie, *Vrou en feminis, of iets van die vrouevraagstuk* (Bloemfontein, De Nasionale Pers, Beperkt, 1921).

Esterhuyse, W., en Nel, P., (reds.), *Die ANC* (Kaapstad, Tafelberg Uitgewers, 1990).

Ferguson, Marjorie, *Forever feminine: women's magazines and the cult of femininity* (Aldershot, Gower Publishing Company Limited, 1983).

First, Ruth and Scott, Ann, *Olive Schreiner* (London, Andre Deutsch Ltd., 1980).

Gaitskell, Deborah, "Devout domesticity? A century of African women's Christianity in South Africa", *Women and Gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Philip, 1990).

Gaitskell, Deborah, "Power in prayer and service: women's Christian organizations", Richard Elphick e.a. (eds), *Christianity in South Africa: a political, social, and cultural history* (Berkeley, University of California Press, 1997).

Gaitskell, Deborah and Unterhalter, Elaine, "Mothers of the nation: a comparative analysis of nation, race and motherhood in Afrikaner nationalism and the African National Congress", Yuval-Davis, Nira en Anthias, Floya (eds.) *Woman-Nation-State* (London, Macmillan, 1989).

Gershater, Darryl, *Sisterhood of a sort: the Women's National Coalition and the role of gender identity in South African civil society*, Research report no. 82, social policy series (Centre for Policy Studies, Johannesburg, 2001).

Gibson, James L. and Gouws, Amanda, *Overcoming intolerance in South Africa* (Cambridge, Cambridge University Press, 2003).

Giliomee, Hermann, *The Afrikaners, biography of a people* (Cape Town, Tafelberg, 2003).

Giliomee, Hermann en Adam, Heribert, *Afrikanermag, opkoms en toekoms* (Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars, Stellenbosch, 1981).

Grosskopf, J.F.W., "Plattelandsverarming en plaasverlating", *Die Armblanke-vraagstuk in Suid-Afrika, verslag van die Carnegie-kommissie* (Stellenbosch, Pro Ecclesia Drukkery, 1932).

Grundlingh, Albert, "The National Women's Monument: the making and mutation of meaning in Afrikaner memory of the South African war", Greg Cuthbertson, etc. (eds), *Writing a wider war, rethinking, gender, race and identity in the South African war, 1899-1902* (Claremont, David Philip, 2002).

Guy, Jeffrey, "Gender oppression in southern Africa's pre-capitalist societies", Cherryl Walker (ed.), *Women and Gender in Southern Africa to 1945*.

Haffajee, Ferial, *Redefining politics* (Johannesburg, Commission on Gender Equality, 1999).

Hansson, Desiree and Hofmeyr, Beatie, *Women's rights: towards a non-sexist South Africa* (Cape Town, Institute of Criminology: University of Cape Town, 1992).

Jacobs, Aletta H., *Reisbrieven uit Afrika en Azië benevens eenige brieven uit Zweden en Noorwegen* (Almelo, W. Hilarius WZN., 1913).

Jayawardena, Kumari, *Feminism and nationalism in the Third World* (London, Zed Books, 1986).

Kotzé, D.J., *Nasionalisme: Geskiedenis en pan-nasionalistiese bewegings*, Nasionalisme as historiese faktor, deel 2 (Kaapstad, Tafelberg-uitgewers, 1970).

Lambrechts, H.C., Theron, Erika, *Vrouevolksdiens: die werk van die Afrikaanse Christelike vrouevereniging* (Kaapstad, HAUM, 1959).

Landman, Christina, *Digging up our foremothers, stories of women in Africa* (Pretoria, University of South Africa, 1996).

Landman, Christina, *The piety of Afrikaans women, diaries of guilt* (Pretoria, University of South Africa, 1994).

Lowe-Morna, C., "Overview", *Redefining Politics, South African Women and Democracy* (Commission on Gender Equality, Johannesburg, 1999).

Marcus, T., "The women's question and national liberation in South Africa", M. van Diepen (ed.), *The national question in South Africa* (London, Zed,1988).

Malan, Kintie, *Die vrou en die politiek*, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsddrukkery, 1975).

Marvick, Arthur, *The Nature of History* (London, Macmillan, 1985).

Menell, K. and Jobson, M., *Women's rights in South Africa, a guide to national organisations with a gender focus* (Pretoria, HSRG Uitgewers, 1995).

Moodie, Dunbar T., *The rise of Afrikanerdom. Power, apartheid and the Afrikaner civil religion* (Berkeley, University of California Press, 1975).

Mulder, C.P., "Die vrou in toekomstige politieke bedeling", in Malan, *Die vrou en die politiek*, 'n simposium gehou op 23-26 September 1974 in Kaapstad deur die Nasionale Vroueklub van die Parlement (Elsiesrivier, Nasionale Handelsddrukkery, 1975).

Norval, Aletta J., *Deconstructing apartheid discourse* (London, Verso, 1996).

Open the doors we're coming through, priorities for women's rights, Black Sash Southern Transvaal Region women's group (Johannesburg, Black Sash, 1992).

Pienaar, P. de V. (red.), *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner* (Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1968).

Pienaar, T.C., *Op die voorpos, Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, 1904-1974: dienende liefde* (Plek onvermeld, Koöperasiepers, 1974).

Prekel, Truida, "South African women – meeting the challenges of the 1990's", Margaret Lessing (ed.), *South African women today* (Cape Town, Maskew Miller Longman, 1994).

Prekel, Truida, "Women's role in building bridges and seeking solutions", Gideon Jacobs, *South Africa – the road ahead* (Johannesburg, Jonathan Ball, 1986).

Raath, J.M., "Die vrou en die verenigingslewe", C. P. van der Merwe & C. F. Albertyn (reds.), *Die vrou*, deel 5 (Stellenbosch, C. F. Albertyn Eiendoms Beperk, 1972).

Rantete, J.M., *The African National Congress and the negotiated settlement in South Africa* (Pretoria, Van Schaik, 1998).

Rothman, M.E., *My beskeie deel, 'n outobiografiese vertelling*, (Kaapstad, Tafelberg, 1972).

Sachs, Albie, *Protecting human rights in a new South Africa* (Cape Town, Oxford University Press, 1990).

Sachs, E.S., *The choice before South Africa* (London, Turnstile Press, 1952).

Siltanen, Janet and Stanworth, Michelle (eds.), *Women and the public sphere, a critique of sociology and politics* (London, Hutchinson, 1984).

SAVLU 1931-2000: Jubileumalbum, 2000.

The ANC Women's League: Contributing to a democratic, non-racist and non-sexist South Africa (Johannesburg, *ANCWL*, 1993).

The women's directory (Femina, 1994).

The origins, history and process of the Women's National Coalition, research report on the Women's National Coalition, summary report, and research report, volumes one and two, (Johannesburg, Women's National Coalition, Johannesburg, 1994).

Truter, Elbie, *Tibbie, Rachel Isabella Steyn, 1865-1955: haar lewe was haar boodskap* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1997).

Van der Horst, Eleanor (e.a.), *Towards a non-sexist constitution, women's perspectives* (IDASA, 1997).

Van der Walt, A.J.H., e.a. (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2de uitg. verwerk deur D.W. Krüger (Kaapstad, Nasou, datum onvermeld).

Van Rensburgh, A.P., *Moeders van ons volk*, (Johannesburg, Afrikaanse Pers-Boekhandel, 1966).

Van Rooyen, Jan, "Vroue in die politiek", C.P. Van der Merwe & C.F. Albertyn (reds.), *Die vrou*, deel 5 (Stellenbosch, C.F. Albertyn Eiendoms Beperk, 1972).

Van Vuuren, Nancy, *Women against apartheid: the fight for freedom in South Africa, 1920-1975* (1979, Palo Alto, R & E Research Associates).

Vincent, Louise, "A question of interest: women as opposition", Roger Southall (ed.), *Opposition and democracy in South Africa* (London, Frank Cass, 2001).

Violence against women in South Africa (New York, Human Rights Watch, c1995).

Wainwright, Hilary, "Beyond leadership", Siltanen, Janet and Stanworth, Michelle (eds.), *Women* and the public sphere, a critique of sociology and politics (London, Hutchinson, 1984).

Walker, Cherryl, (ed.): *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, David Philip, 1990).

Walker, Cherryl, *Women and resistance in South Africa*, second edition (Cape Town, David Philip, 1991).

White, Caroline, Gender on the agenda: will women gain equality in the new South Africa? *Issues and actors*, vol. 8, no. 7, August 1995, Centre for policy studies.

Yuval-Davis, Nira en Anthias, Floya (eds.), *Woman-Nation-State* (London, Macmillan, 1989).

Yuval-Davis, Nira, *Gender and nation* (London, Sage Publications, 1997).

2 Tydskrifartikels

Adams, F., "Women's Coalition - PWV", *Agenda*, 1992, 13.

Baker, Carolyn, "Charting the future", *Agenda*, 1994, 21.

Brink, André, "Dakar: ANC and Afrikaners in dialogue", *Democracy in action*, October 1987.

Cloete, E., “Afrikaner identity: culture, tradition and gender”, *Agenda*, 13, 1992.

Daniels, Glenda, “Frene on feminism”, *Work in progress*, June 1992.

Du Plessis, Tim, “Wat maak hulle by Kodesa?”, *Sarie*, 27 Mei 1992.

Du Toit, Marijke en Krog, Antjie, “Op pad na ‘n inheemse feminisme” *Die Suid-Afrikaan*, no. 50, Oktober 1994.

Du Toit, Marijke, “‘Die bewustheid van armoed’; the *ACVV* and the construction of Afrikaner identity, 1904 – 1928”, *Social dynamics*, 18(2), 1992.

Erlank, Natasha, “Gender and masculinity in African nationalist discourse, 1912-1950”, *Feminist studies* 29, no. 3 (fall 2003).

Fester, G., “The Women’s Alliance in the Western Cape”, *Agenda*, 1992, 13.

Fouche, Fidela, “Sisterhood?”, *Sash*, January 1994.

Fouche, Fidela, “Overcoming the sisterhood myth, *Transformation* 23, 1994.

Fox-Genovese, Elizabeth, “Placing women’s history in history”, *New left review*, 133 (May-June 1982).

Funk-Bridgman, M., “Breaking the culture of silence”, *Sash*, 1994, 36:3.

Gaitskell, Deborah, “Housewives, maids or mothers: some contradictions of domesticity for Christian women in Johannesburg, 1903-1939”, *Journal of African history*, 24, 2 (1983).

Giliomee, Hermann, “Surrender without defeat: Afrikaners and the South African ‘miracle’”, *Spotlight*, number 2/97, October 1997 (South African Institute of Race Relations, Braamfontein).

Govender, Pregs, “Breaking the silence, Women’s National Coalition”, *Agenda*, 1993, 16.

Great Expectations, women’s rights and the 1994 election, bylae by *Work in progress*, 1994, 96.

Hanson, Desiree, “Bridging the divides”, *Agenda*, 1992, 13.

Hassim, Shireen, “ ’A conspiracy of women’: the women’s movement in South Africa’s transition to democracy”, *Social research*, vol. 69, no. 3 (fall 2002).

Horn, Pat, “A gender agenda, the new *Women’s Coalition*”, *Indicator South Africa*, 1992, 9:3.

Horn, Pat, “Whither the *WNC*?”, *Agenda*, 1994, 23.

Horn, Pat, “Sisters are doing it for themselves”, *Indicator South Africa*, 1994, 11:2.

Kadalie, Rhoda, “Feminism and the role of black women movements”, *Die Suid-Afrikaan*, nr. 50, Oktober 1994,

Lemon, Jennifer, “Is there a woman’s movement in South Africa?”, *Siren news*, 2000, vol. 8, no.1.

Meintjes, Sheila, “Dilemmas in Difference”, *Work in progress*, April 1992, 81.

Moolman, Elretha, “Koes manne, die vroue neem oor!”, *Huisgenoot*, 31 Mei 1984.

Oelofse, M. en Du Bruyn, D, “The importance of oral history in a transforming South Africa”, *Joernaal vir eietydse geskiedenis*, vol. 29, no.1, Junie 2004.

Ramphele, Mamphela, “As Afrikaner- en Afrika-vroue saamkom …”, *Die Suid-Afrikaan*, November 1990.

Roberts, Bea. “A ‘minor’ process where people – not power – count”, *Democracy in action*, 15 June 1992.

Sadie, Y. and Van Aardt, M. “Women’s issues in South Africa, 1990-1994”, *Africa insight*, 1995, 25:2.

Scheffer, Ronel, “Women take up the challenge”, *Democracy in action*, April 1989.

Southwell, Victor, “The case of the invisible woman, essentialism, intersectionality and marginalisation in feminist discourse, *Comparative and international law journal of Southern Africa*, 1994, 27:3.

Speed, Steyn, “A charter for all women”, *Mayibuye*, August 1993.

Streak, Diana, “Win some, lose some”, *Fair Lady*, 9 August 1995.

Swanepoel, Martie, “Dit wil ons nou hê…”, *Sarie*, 24 Junie 1992.

Twala, Chief, “*Women’s Coalition* charters the way forward”, *Mayibuye*, May/June 1994.

Van Wyk, A., “Women’s rights: a starting-point”, *RSA-policy review*, no. 6, July 1993.

Vincent, Louise, “A cake of Soap: the ‘volksmoeder’ ideology and Afrikaner women’s campaign for the vote”, *The international journal of African historical studies*, vol. 32, I (1999).

Vincent, Louise, “Bread and honour: white working class women and Afrikaner nationalism in the 1930's”, *Journal of Southern African studies*, vol. 26, no. 1, March 2000.

Welsh, David, “Urbanisation and the solidarity of Afrikaner nationalism”, *The journal of modern African studies*, 7, 2 (1969).

Wessels, Carlien, “Word nog teen ons gediskrimineer?”, *Sarie*, 22 Julie 1992.

Wessels, Carlien, “Dis wat ons wil hê”, *Sarie*, 14 April 1993.

3 Ongepubliseerde verhandelinge

Abrams, S. Kristine, *Fighting for women's liberation during the liberation of South Africa: the Women's National Coalition* (unp. M.A. thesis, Wadham College, Oxford, 2000).

Du Toit, Marijke, *Women, welfare and the nurturing of Afrikaner nationalism: a social history of the Afrikaanse Christelike Vroue Vereniging, c. 1870 - 1939* (unp. D.Phil. thesis, University of Cape Town, 1960).

Heymans, S.H., *Die vrou en die politiek, konseptuele evaluasie* (ongep. M.A.-tesis, US, 1992).

Kruger, Lou-Marie, *Gender, community and identity: women and Afrikaner nationalism in the volksmoeder discourse of Die Boerevrou, 1919-1931* (unp. M.A. thesis, University of Cape Town, 1991).

Lombard, Carol Elizabeth, *Feminist Anthropology: a new model for a changing society*? (unp. M.A. dissertation, US, 1992).

McKinnon, June, *Women's Christian Temperance Union: aspects of early feminism in the Cape, 1889 to 1930* (unp. M.A. thesis, UNISA, 1995).

Petersen, Angela, *Die uitbeelding van die vroulike rol in advertensies in Suid-Afrikaanse vrouetydskrifte* (ongep. M.A.-tesis, Randse Afrikaanse Universiteit, 1988).

Phillips, Merran Willis, *The end conscription campaign 1883-1988: a study of white extra-parliamentary opposition to apartheid* (unp. M.A. dissertation, UNISA, 2002).

Rabe, Lizette, *Die ontstaan en ontwikkeling van Sarie Marais as 'n massatydskrif vir die Afrikaanse vrou* (ongep. M.A.-tesis, US, 1985).

Stockenström, E., *Geskiedenis van die vrouebeweging en die vrouestemreg in Suid-Afrika tot 1930* (ongep. D. Phil-verhandeling, US, 1944).

TerreBlanche, Helen, *Ideologies affecting upper and middle class Afrikaner women in Johannesburg, 1948, 1949 and 1958* (unp. M.A. thesis, UNISA, 1997).

Van der Vyver, Marita, *Die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers met spesifieke verwysing na Die Burger en die Nasionale Pers* (ongep. M.A.-tesis, US, 1987).

Vincent, Louise, *Mothers of invention: gender, class and ideology of the "volksmoeder" in the making of Afrikaner nationalism, 1918-1939* (unp. D.Phil. thesis, Oxford, 1997).

Walker, Cherryl, *The Woman's Suffrage Movement in South Africa,* Communications no. 2, Centre for African Studies (unp. B.A. Hons. essay, University of Cape Town, 1979).

4 Ongepubliseerde referate

Gaitskell, Deborah e.a., "Historiography in the 1970's: a feminist perspective" (unp. paper, Conference on Southern African studies, retrospect and perspective, University of Edinburgh, 1983).

Andrienetta Kritzinger, "The status of feminism and feminist theory" (ongep. referaat, Universiteit van Stellenbosch, 2004).

Posel, Deborah, "Women's power, men's authority; rethinking patriarchy" (unp. paper, Conference on women and gender in Southern Africa, University of Natal, 1991).

Wells, Julia C., "The rise and fall of motherism as a force in black women's resistance movements" (unp. paper, Conference on women and gender in Southern Africa, University of Natal, 1991).

5 Internet-bronne

"Amy moes aanvallers alleen trotseer", 27 Augustus 1993, http://www.mwebMedia24.

"ANC Women's League, 50 years of struggle", http://www.anc.org.za/wl/docs/50years.html.

"Apartheid and religion", http://www/geocities.com/~anntothill//demo/religion.htm.

"A women's rights agenda for the 90's", *Women, law & development international*, http://www.wld.org/klconclusion.html.

"Boipatong massacre, still no real answers", 6 October 2000, http://www.mwebMedia24.

Brink, Elsabé, "Kappies, kopdoeke en kommuniste – Afrikaanse vroue van toeka tot nou", http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp.

"Class & colour in South Africa, 1850-1950", http://www.liberation.org.za/docs/books/ccsa22.php.

Dixon, Norm, "Oliver Tambo, 1917-1993", http://www.greenleft.org.au/back/1993/98/98p17.htm.

Fisher, Ryland, "White women and empowerment", *Moneyweb*, 28 May 2003, http://m1.mny.co.za/mncl.nsf.

Giliomee, Hermann, "Democratization in South Africa", http://www.mugu.com/cgi-bin/Upstream/giliomee-democracy.

Giliomee, Hermann, "Perspektief en toekoms", http://www.fak.org.za/Giliomee.htm.

Giliomee, Hermann "The rise and fall of Afrikaner women", 2 Augustus 2003, http://www.litnet.co.za/seminarroom/afwomen.asp.

Ginwala, Frene, “Women in South Africa shape democratic change”, http://library.fes.de/fulltext/iez/00060003.htm.

Jansen, Carolize, “Apartheid and religion”, http://www.postfun.com/pfp/features/98/may/cjansen.html.

Landman, Christina, “Tussen ‘n breinaald en ‘n koeksister”, *Insig*, Desember 2003, http://www.boekwurm.co.za.

Lourens, Amanda, “Afwesig uit die kanon: die prosageskrifte van die Klerewerkers”, http://www.sun.ac.za/afrndl/tna/972/Lourens.html.

Page, Lucia, “Women: the handymen of South Africa”, http://www.idrc.ca/books/reports/rep232.html.

“Programme of action” (Amsterdam, Malibongwe Conference, 1990), http://www.anc.org.za/ancdocs/history/women.

Tambo, O.R., “Speech at the concluding of the conference of the Women’s Section of the *ANC*, Luanda, Angola, September 14, 1981”, http://www.org.za/ancdocs/history/or/or81-16.html.

“The role of women in the struggle against apartheid, 1980” (Extracts from paper prepared by the Secretariat for the World Conference of the United Nations Decade for Women, Copenhagen, July 1980), http://www.anc.org.za/un/womenrole.html.

“Vermoorde Amy was dol op SA, vertel haar diep geskokte ouers”, 25 November 1993, http://www.mwebMedia24.

“Victory or violence: the story of the *AWB*”, http://www4.stormfront.org/whitehistory/awb/chap17.htm.

“Vroue sê hul sê”, 26 Oktober 1994, http://www.mwebMedia24.

“Women and apartheid”, http://country-guide-study/south-africa/south-africa73.html.

“Women’s struggles”, (indeks), http://www.anc.org.za/ancdocs/history/women/.

http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1993/news0128.

http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1993/news9304.01.

http://www.anc.org.za/anc/newsbrief/1995/news1025.

http://www.atkv.org.za/dames.

http://www.boer.co.za/avk/avk.htm.

http://www.fak.org.za/FAKMain9.htm.

http://www.*Nasionale Party*.org.za/Afrkns/vrae/vstaat1.htm;

http://www.news24, 26 Oktober 1994 en 19 Mei 2003.

http://www.puk.ac.za/bbdwww/hop/rdpiopl.htm.

http://www.und.ac.za/und/ccms/publications/articles/voortrek.htm.

http://www.uovs.ac.za.

6 Koerante

Beeld, 16 en 24 April 1992; 26 Februarie 1993; 16, 25 Februarie 1994; 7 Oktober 1994.

Cape Times, 5 December 2001.

Die Burger, 9 September 1986; 24 Oktober 1986; 18 Maart 1988; 20 September 1988; 27 Junie 1989; 29 Augustus 1989; 9 September 1989; 27 Februarie 1990; 9, 21, 23 Maart 1990; 24 November 1990; 7 Desember 1990; 22 Maart 1991; 1, 22 Junie 1991; 12 Augustus 1991; 24 April 1992; 21 Julie 1992; 2 Februarie 1993; 24 Junie 1993; 23 Augustus 1993; 8 September 1993; 26 Oktober 1994; 1 Julie 1998; 12 September 2002; 3 Februarie 2003; 6 Maart 2004.

Die Volksblad, 26 Februarie 1990.

New Nation, 10-16 August 1990.

Pretoria News, 4 February 1993.

Sunday Times, 21 November 1999; 8 August 2004.

Sunday Tribune, 6 March 1994.

Tempo en Monitor, 8 April 1993, 15 April 1993.

The Argus, 11 October 1991.

The Natal Mercury, 28 September 1990.

The Star, 8 February 1993; 3 May 1993; 20 December 2001.

Tyger-Burger, 12 Februarie 1992; 17 Maart 1993.

7 Korrespondensie: briewe, vraelyste (insluitend e-pos)

Boshoff, Anna, inligting per e-pos: 16 Februarie 2002, 7 Augustus 2002, 13 November 2003.

Büchner, Elsje, vraelys per e-pos: 23 Januarie 2001; inligting per e-pos: 18, 19 Februarie 2003.

Geldenhuys, Loïs, vraelys: 17 Mei 2001.

Ginwala, Frene, brief per e-pos, 13 September 2004.

Herholdt, Christi, brief/ inligting per e-pos: 17 Mei 2001.

Herholdt, Marié, vraelys, ongedateerd.

Hunter, Joan, vraelys, ongeveer Maart 2001.

Jordaan, Estelle (née Stoop), vraelys per e-pos: 30 Maart 2001, inligting per e-pos: 24 Julie 2001, 22 Januarie 2003 en 10 April 2003.

Kemp, Marieta, inligting per e-pos: 31 Julie 2002.

Keun, Bessie, brief per e-pos: 15 April 2001.

Malan, Jenny, brief/ inligting 25 April 2001.

Murray, Christina, vraelys per e-pos: 29 Julie 2002.

Neilson, Elmarie, vraelys, ongedateerd; inligting per e-pos: 30 Augustus 2002, 26 Augustus 2002.

Nutt, Annemarie, vraelys, ongedateerd.

Prinsloo, Dioné, inligting per e-pos: o.a. 2 April 2001; vraelys per e-pos: 11 Desember 2002.

Smuts, Dene, brief per e-pos: 5 November 2001; vraelys per e-pos: 4 September 2002.

Greeff (later Zaaiman), Marietjie, vraelys, ongedateerd.

8 Mondelinge bronne (Onderhoude en gesprekke: persoonlik en telefonies)

Adams, Freda, telefoon, 20 Maart 2001.

Botha, Amanda, onderhoude: 18 Maart 1996, November 1996 en 15 Augustus 2001.

Cameron, Wina, telefoon, 18 April 2001.

Cilliers, Erra, telefoon, 15 Augustus 2001.

Geldenhuys, Loïs, telefoon, 22 Augustus 2002.

Groenewoud, Christiana, gesprek, 15 Augustus 2001.

Kadalie, Rhoda, onderhoud, 11 Junie 2004.

Malan, Jenny, onderhoud, 5 Maart 2002.

Marais, Susann, telefoon, 21 Oktober 2003.

Nutt, Annemarie, telefoon, 22 Maart 2001.

Paneelbespreking, Woordfees, Stellenbosch, 2004.

Prekel, Truida, telefoon 18 Augustus 2001, onderhoud, 25 Augustus 2001.

Prinsloo, Dioné, onderhoude: 6 Maart 1999 en November 2002.

9 Argivale bronne

Mayibuye-sentrum, Universiteit van Wes-Kaapland
Katalogus, no. 22; The papers of the Women's National Coalition (MCH100)

MCH100 1 Constitution
1.1 The constitution of the *WNC*, 6 February 1993.
1.3 Profile of the *WNC*, no date.

MCH 100 2 Interim Committee
2.1.1 Minutes of plenary meeting, 12 December 1991.

MCH 100 3 National Council
3.1 Minutes
3.1.1 Minutes of the National Women's Coalition, 16 October 1991.
3.1.2 Minutes of first Council meeting, 6 February 1993.
3.1.5 Minutes of second Council meeting, 11 July 1993.
3.1.7 Minutes of the Council meeting, 17-18 September 1993.
3.1.8 Minutes of the Council meeting, 15-16 January 1994.
3.1.9 Report Legal Working Group, 14 January 1994.
3.1.12 New brief of the WNC, 17-19 June 1994.
3.1.18 Meeting of *WNC* representatives of the RDP office, 3 May 1995.

3.2 Reports
3.2.1 Council meeting Report, 6 February 1993;
3.2.2 General Secretary's report to Council meeting, July 10-11, 1993.

3.3 Correspondence
3.3.1 Incoming
3.3.1.32 From Anne Routier to Frene Ginwala, 15 February 1994;

3.3.2 Outgoing
3.3.2.9 Frene Ginwala to Minister of Justice, 25 February 1993.
3.3.2.20 Modiegi Dlamini-Khumalo to President-Elect, 7 May 1995.

MCH 100 4 Steering Committee
4.1 National Steering Committee
4.1.1 Minutes
4.1.1.9 Minutes of Steering Committee, 19/20 June 1993.

4.1.1.13 Minutes of Steering Committee meeting, 14 August 1993
4.1.1.22 Minutes of Steering Committee meeting, 3 March 1994
4.1.1.23 Minutes of Steering Committee meeting, 21 March 1994.

4.1.2 Reports
4.1.2.4 Report Steering Committee meeting, 19 and 20 June 1993.
4.1.2.6 Report Steering Committee meeting, July 10-11 1993.
4.1.2.11 Steering Committee meeting, 3 December 1993.

4.1.3 Correspondence
4.1.3.1 Incoming
4.1.3.1.2 Jennifer Thomson to the Steering Committee, 21 October 1992.
4.1.3.2 Outgoing
4.1.3.2.5 From the Steering Committee to Anne Routier, no date.

4.1.4 Memoranda
4.1.4.12 List of Steering Commitee members.

MCH 100 5 National Committee
5.1 Minutes
5.1.3 Minutes of the National Committee meeting, 24 and 25 September 1994.

5.3 Correspondence
5.3.2.9 Jean Ngubane to Cyril Ramaphosa, 24 August 1994.

MCH 100 6 National Working Committee
6.2 Reports
6.2.2 Addendum to reports, February 1993

MCH 100 8 Research Supervisory Committee
8.3 Correspondence
8.3.1 Incoming
8.3.1.13 From Dioné Prinsloo to Debbie Budlender, 26 January 1993.

8.3.2 Outgoing
8.3.2.10 Elmarie Neilson to Debbie Budlender, 16 December 1992.

9 Dokumente in skrywer se besit

The convention on the elimination of all forms of discrimination against women (*CEDAW),* adopted by the United Nations in 1979.

Verklaring van Verantwoordelikhede, Maart 1992, opgestel deur *Vroue vir Suid-Afrika*.

Vroue-Manifes, 1990, opgestel deur *Vroue vir Suid-Afrika*.

Waar kom *Die Dameskring* vandaan? 1967-1998. Uit Marthella Pretorius se verslag: "*Die Dameskring* vanaf 1967 tot 1984", verkort en saamgestel deur Dioné Prinsloo, opgedateer deur Riette van der Merwe, Junie 1998.

WNC-dokumente (chronologies):

Minutes of meeting called by ANCWL to discuss campaign for a Women's Charter, 27 September 1991.

Statement by Frene Ginwala at the Women's Consultation, 27 September 1991.

Speech by Frene Ginwala, National Workshop, 25-26 April 1992 (sent to Anne Routier).

Kate Birch to Steering Committee Members, *Women's Alliance Western Cape*, 6 August 1993.

Vrouehandves vir effektiewe gelykheid, soos deur die Nasionale Koalisie op 25-27 Februarie 1994 aanvaar.

Shirley Walters/Gertrude Fester to members, *Women's Alliance Western Cape*, 2 June 1994.

Rhoda Kadalie se *Women's Alliance* and *WNC*-dokumente, 1991-1994, op bruikleen.